The research was initiated in 1988 with an empirical study at the Onderwyskollege Pretoria, this college being the largest in the country. In 1995 a follow-up survey was conducted at the same college to determine whether the utilisation of the library had improved or had deteriorated any further.

This research comprises a theoretical and an empirical study. The theoretical part examines factors that could influence the utilisation of college libraries, such as the changes in the country and in education, rationalisation and the amalgamation of and closing down of certain colleges of education. Note is taken of the situation in foreign countries and of user studies conducted there. The historical development of Transvaal colleges of education and their libraries, the role of college libraries in the initial training of teachers; the services rendered by college libraries and methods of retrieval and utilisation of library collections are examined inter alia, as well as the use of curricular media.

The empirical part of the research reports the results obtained from questionnaire responses by lecturers and students during the surveys conducted in 1988 and 1995 respectively. The results of these surveys are compared and more detailed analyses are made of results obtained from lecturers in different departments and from students in various year groups and doing different courses, so as to reflect a wide variety of opinion.

The results obtained show favourable utilisation of the college library at the Onderwyskollege Pretoria, especially in respect of use by students doing the Junior Primary course and, to a lesser degree, by students doing the Senior Primary and Technical courses. The follow-up survey of 1995 also indicates a marked improvement in library utilisation by both lecturers and students. Since 1990 subject integration has become part of the training policy at this college and has resulted in largely improved utilisation of curricular media.

In the course of this research one distinct problem that hampers library use has emerged and requires urgent attention, namely the insufficiency of the library collection of the Onderwyskollege Pretoria.

Three aspects in this regard were identified, viz.

- a) the collection is inadequate in certain respects;
- b) there are specific deficiencies in the available media;
- c) the collection is not readily available.

It is recommended that

- a) a College Library Committee, as a committee of the College Board, be established;
- b) a co-operation agreement be entered into with nearby tertiary libraries to share collections;
- c) further research be undertaken in respect of the computerisation of the library as well as the utilisation of electronic information sources.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN AGTERGRONDINLIGTING

### 1.1 INLEIDING

Die laat twintigste eeu kan beskryf word as 'n era waar verandering aan die orde van die dag is. Heraclitus (soos aangehaal deur Rossouw 1983:9)\* het reeds eeue gelede gesê: "There is nothing permanent except change". Briers (1991:6) stel die hedendaagse situasie soos volg:

Die vroeë negentigerjare van die 20ste eeu sal in die geskiedenis van Suid-Afrika waarskynlik altyd onthou word as 'n tydperk van verandering. Dit is 'n era waarin die veranderings op politieke gebied 'n invloed uitgeoefen het op feitlik elke lewensterrein en in hul reaksie daarop ook op die lewe van haas elke landsburger.

Verandering in die onderwys vind daaglik plaas en het noodwendig 'n invloed op onderwysopleiding wat by onderwyskolleges plaasvind, asook op die onderwyskolleges as instansies. Die benutting van onderwyskollegebiblioteke in Suid-Afrika sal gevolglik ook deur hierdie veranderings geraak word. De Lange (1986:20) het reeds in 1986 die skrif aan die muur raakgesien, toe hy soos volg oor dalende inskrywings by skole en die effek daarvan op onderwyskolleges berig het:

Dalende skoolinskrywings moet noodwendig die vraag na onderwysers laat afneem. Blanke onderwyserskolleges moet reeds gesluit word terwyl die fasiliteite by bestaande kolleges nie optimaal benut kan word nie. ... Die gebruiksfrekwensie van fasiliteite soos ... biblioteke ... is gevolglik baie laag. In Suid-Afrika het verskillende faktore op ekonomiese, politieke en maatskaplike terreine 'n herbesinning van onderwysvoorsiening in die algemeen en fasiliteitsbenutting in die besonder, gebiedend noodsaaklik gemaak.

Hierdie probleem wat De Lange in 1986 reeds te berde gebring het, het ongelukkig in die jare daarna slegs intenser geword, want sedert 1992 het rasionalisering by blanke skole en onderwyskolleges in Suid-Afrika op groot skaal plaasgevind. Dit het meegebring dat talle professionele onderwysers en dosente en gevolglik ook kollegebibliotekaris voortydig uit die diens getree het. Daarmee saam het die sluiting van sommige onderwyskolleges gekom en amalgamering van dienste, toerusting en administrasie van die bestaande onderwyskolleges het gevolg.

Die redaksie van die amptelike kommunikasieblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging, *Mondstuk*, het die rasionalisering soos volg beskryf:

\* Die bibliografiese styl van die Departement Inligtingkunde van UNISA is gevolg.

In Transvaal word, behalwe die Onderwyskollege Potchefstroom, al die ander onderwyskolleges onder die jurisdiksie van die Departement Onderwys en Kultuur (Volksraad) deur die rasionaliseringsprogram geraak. Die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding in Pretoria sal voortaan die enigste afstandsonderrigkollege van die Departement wees en sal afstandsonderrigopleiding verskaf aan studente oor die hele land.

Die Pretoria College of Education (PCE) en die Johannesburg College of Education (JCE) sal op die JCE-kampus amalgameer. Die Onderwyskollege Goudstad en die Onderwyskollege Pretoria sal op die kampus van laasgenoemde onderwyskollege amalgameer (Rasionalisering van ... 1991:1-7).

**Rasionalisering** het nie net in Transvaal nie, maar ook op nasionale vlak plaasgevind en het verrykende gevolge vir onderwysopleiding, onderwyskolleges en kollegebiblioteke ingehou. Volgens die redaksie van *Mondstuk*, het die nasionale rasionaliseringsprogram soos volg daaruit gesien:

- Die Tegniese Kollege Joubertpark word op 'n geskikte kampus ... hervestig;
- Denneoord in Kaapland sluit en sy fasiliteite word vanaf 1 Januarie 1992 oorgedra aan die Tegniese Kollege van Stellenbosch;
- Cape Town College of Education en Barkly House amalgameer op die kampus van Barkly House;
- Die Onderwyskollege Port Elizabeth faseer uit en geen eerstejaarstudente word van 1992 af geregistreer nie;
- Die Onderwyskollege Boland wat reeds as deel van die Departement se rasionaliseringsprogram tot stand gekom het, bly in sy huidige vorm voortbestaan;
- Die Durbanse Onderwyskollege word met ingang van 1 Januarie 1992 'n parallelmediumkollege;
- Edgewood College of Education bly voortbestaan;
- Natal College of Education lewer tans diens aan KwaZulu en die Raad van Verteenwoordigers. Dié diens word voortgesit mits die behoefte daarvoor bestaan;
- Die Bloemfonteinse Onderwyskollege bly voortbestaan as die enigste onderwyskollege in die Oranje-Vrystaat (Rasionalisering van ... 1991:7).

Hierdie amalgameering en sluiting van sommige onderwyskolleges het natuurlik ingrypende gevolge vir die kollegebiblioteke van daardie kolleges ingehou.

Afgesien van die feit dat sommige van die professionele biblioteekpersoneel by sommige kolleges, feitlik almal gelyktydig pakkette geneem het (in sommige gevalle is al die bestuurspersoneel gelyktydig vervang) en nuwe personeel indiens geneem moes word, is die biblioteekversamelings van dié kolleges wat gesluit het, oorgeplaas na die ander bestaande kollegebiblioteke, wat uiteraard 'n enorme arbeidsintensiewe taak vir daardie biblioteekpersoneel meegebring het.

Rasionalisering het 'n groot impak op die onderwys as 'n geheel gehad, soos dit duidelik uit die volgende woorde blyk:

Deur die implementering van 'n nuwe personeelvoorsieningskaal vanaf 1 Augustus 1992 is ongeveer 2000 onderwysers in Transvaal se dienste vanaf dié datum beëindig. ... Die verlies van hierdie hooggekwalfiseerde mannekrag sal die onderwysberoep beslis amper maak. Die sluiting van twee onderwyskolleges in Transvaal laat die betrokke gemeenskappe beslis amper omdat die ontbering van 'n opvoedkundige inrigting ook die verlies van 'n gemeenskaps- en kultuursentrum impliseer (Rasionalisering het ... 1992:1).

Alles is in die stryd gewerp om die rasionaliseringsproses so pynloos as moontlik te laat verloop. Die volgende motivering of redes word vir die implementering van die proses gegee:

Die noodsaaklikheid dat staatsbesteding in die komende jare op alle terreine besnoei moet word, het onvemydelik meegebring dat die toekenning vir onderwys ook verminder moes word. Daar moes dus 'n plan bedink word vir 'n bekostigbare oplossing wat voortgesette gehalte onderwys deur die Departement moontlik sou maak. ...

Die ministers het dit beklemtoon dat die Regering deeglik bewus is daarvan dat enige rasionaliseringsprogram, veral wanneer dit uitdiensstelling van personeel behels, spanning en selfs ontwigting kan inhou (n Nuwe ... 1992:2-7).

Met die pyn van rasionalisasie nog vars in die geheue, het die jaar 1994 nuwe spanning gebring op politieke gebied. Die verkiesing en die oorgang na 'n nuwe Regering moes noodwendig ook sy merk op die onderwysprofessie maak. Die heropbou en ontwikkelingsprogram (HOP) van die ANC vorm deel van die amptelike beleid van die Regering van Nasionale Eenheid. Die program raak bykans elke faset van die Suid-Afrikaanse samelewing en 'n breë beleidsraamwerk wat handel oor basiese behoeftes, die ontwikkeling van menslike hulpbronne, die opbou van die ekonomie en die demokratisering van die staat en gemeenskapsinstellings het reeds wye aandag geniet (Die Heropbou ... 1994:3). Die onderwys moes noodwendig 'n integrale deel van dié program (HOP) word:

Dit is duidelik dat elke aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing in sy wortel geraak sal word en die onderwys wat 'n sleutelrol moet vervul in die ontwikkeling van die land se menslike hulpbronne, geniet pertinente aandag in die HOP (Die Heropbou ... 1994:3).

Die nuwe bedeling gaan egter weer eens nie sonder pyn en spanning gepaard nie en gee aanleiding tot groot beroepsonsekerheid onder die gelede van die onderwysprofessie, soos dit ook duidelik uit die volgende woorde blyk:

Die implementering van 'n nuwe staatkundige bedeling sedert 27 April 1994 het daartoe gelei dat onderwyspersoneel groot beroepsonsekerheid ervaar na aanleiding van verskeie onverantwoordelike uitsprake vanaf politieke verhoë aangaande die herstrukturering van die onderwys en die gevolglike hantering van onderwyspersoneel (Die Heropbou ... 1994:3).

Dit is duidelik dat al hierdie veranderinge 'n baie sterk invloed op die onderwys as 'n geheel gehad het en nog steeds het. Gesien in die lig van bogenoemde uiteensetting as agtergrond, is dit begryplik dat onderwyskolleges en hulle biblioteke die afgelope dekade ook 'n baie moeilike tyd beleef het, soos baie ander sektore van die samelewing dit ook ervaar het. Kok (1989:99) sien onderwysersopleiding in die volgende konteks:

Onderwysopleiding kan net sinvol aangebied word binne die onderwysparadigma van 'n tydsgewrig. Verder is onderwysersopleiding aan dieselfde kragte, beperkinge, werklikhede, moontlikhede en frustrasies onderworpe as wat dit met die res van die onderwys die geval is. Onderwysopleiers sal dus die konteks waarin hulle hulle funksie verrig moet verstaan en hulle programme in hierdie verband moet kan verantwoord.

Sedert die begin van die tagtigerjare (toe landstoestande nog meer stabiel was) het veranderinge toé ook 'n rol gespeel by die ontwikkeling van kollegebiblioteke, maar egter in 'n innoverende sin. Kollegebiblioteke was gedurende die sewentigerjare nog nederige biblioteke wat bloot boekerye gehuisves het. Kollegebiblioteke is dan ook op ander maniere benut as wat dit gedurende die tagtigerjare die geval was. Lyle (1974:106) het 'n raak beskrywing van kollegebiblioteke in die buiteland gedurende daardie tyd gegee:

... there is the college library that serves largely as a central study hall for students reading their own textbooks. The library is used as a central study hall mainly because the teaching program consists of lectures, textbook assignments, drills, and frequent tests.

Kollegebiblioteke in Suid-Afrika het sedert die begin tagtigerjare die karakter van mediasentrums aangeneem en het voorwaar 'n bloeitydperk beleef. Die kollegebiblioteke in Transvaal veral, het gegroei van middelmatige kollegebiblioteke, met boekerye wat taamlik onderbenut was gedurende die sestiger- en sewentigerjare (White 1966:109), tot goed ontwikkelde kollegebiblioteke wat toegerus is met die nuutste programmatuur en apparatuur. Van Wyk (1978:265) het dit soos volg beskryf:

Die beskikbaarheid en gebruik van oudiovisuele media vir onderrig en leer het die biblioteek genoodsaak om sy deure oop te maak vir multimedia, om oudiovisuele dienste te verskaf en fasiliteite vir die produksie van basiese programmatuur te voorsien.

Kollegebiblioteke se dienste is dan ook sodanig uitgebrei, met onder andere vakbibliotekariërsdienste en mediadienste, dat kollegebiblioteke 'n unieke karakter begin kry het wat hulle van ander akademiese biblioteke onderskei, in dié sin dat hulle meer praktykgerig is.

Daar kan dus gesê word dat kollegebiblioteke vandag praktykgerigte, volwaardige tersiêre, studiebiblioteke is, wat 'n integrale deel van onderwysersopleiding vorm.

Volgens jaarverslae van kollegebiblioteke (Onderwyskolleges Pretoria, Potchefstroom en Johannesburg College of Education. Jaarverslae 1991) het die benutting van kollegebiblioteke gedurende die begin tagtigerjare toegeneem. Volgens uitleenstatistiek van bogenoemde kollegebiblioteke gedurende daardie jare, was daar 'n styging in die biblioteekgebruik van hierdie kollegebiblioteke te bespeur. Daar was verskeie redes vir dié verskynsel: die stygende studentegetalle gedurende daardie jare; die koms van oudiovisuele media in die onderwys; asook die uitbreiding van die poste van professionele kollegebiblioteekpersoneel gedurende 1984.

Sedert 1984, is die professionele poste van kollegebibliotekariërs by blanke onderwyskolleges in Transvaal in lyn met die posvlakke van dosente gebring (Transvaal. Provinsie 1984:7). Uitbreiding van personeel het plaasgevind en gevolglik kon baie beter en meer professionele dienste aan gebruikers gelewer word.

Dit het baie goed met die kollegebiblioteke in Transvaal gegaan tot die middel-tagtigerjare. Aan die einde van die jaar 1986 en die jare wat daarna gevolg het, is 'n **afname** in die uitleenstatistiek van sommige onderwyskollegebiblioteke in Transvaal bespeur. (Onderwyskolleges Pretoria, Potchefstroom en Johannesburg College of Education. Jaarverslae 1991.)

Daarmee saam het rasionalisasie meegebring dat daar sedert 1988 elke jaar professionele poste van kollegebiblioteke weggeneem is.

By sommige kollegebiblioteke is die professionele personeel gedurende die jaar 1989 met 50% verminder (Onderwyskollege Pretoria. Jaarverslag 1990:13). Laasgenoemde feit kon 'n invloed op die biblioteekgebruik gehad het, aangesien die bestaande personeel nog dieselfde dienste aan hulle gebruikers moes lewer. Die feit dat daar by van die grootste onderwyskolleges in die land 'n afname in biblioteekgebruik te bespeur was, was uiters kommerwekkend aangesien daar reeds kommer oor fasiliteitsbenutting as gevolg van rasionalisasie bestaan het (De Lange 1986:20).

Aangesien hierdie verskynsel veral by die grootste onderwyskollegebiblioteek in die land, te wete die Onderwyskollege Pretoria, voorgekom het, is daar besluit om navorsing te doen oor hierdie probleem. Daar is besluit om spesifiek te kyk na die kollegebiblioteke in Transvaal, sodat hierdie biblioteke as rolmodelle kan dien vir ander kollegebiblioteke in Suid-Afrika.

Die Rektroraat en die Raad van Departementshoofde, van die Onderwyskollege Pretoria was besorg oor die afname in biblioteekgebruik sedert 1986. Die verskynsel het hulle bekommer, aangesien dié

Kollegebiblioteek oor 'n uitgebreide versameling beskik het. Dié Kollegebiblioteek het ook oor 'n volledig toegeruste oudiovisuele afdeling beskik, 'n suksesvolle vakbibliotekarisstelsel was in werking en die Kollegebiblioteek, was en is nog steeds ten volle met die onderwysopleiding geïntegreer. Dié Onderwyskollege het aan die begin van 1988 na 'n nuwe kampus verhuis en kon die gebruikers van 'n nuwe kollegebiblioteek gebruik maak. Die Kollegebiblioteek is dan ook een van die mees modern en funksioneel toegeruste kollegebiblioteke in die land.

Dit is dus te verstane dat daar kommer geheers het by die Rektorat van die Onderwyskollege Pretoria, aangesien daar 'n groot kapitale belegging deur die onderwysowerhede gemaak is in hierdie Kollegebiblioteek, sover dit fisiese fasiliteite en toerusting betref. Die Kollegebiblioteek beskik oor die vermoë om optimaal benut te kan word, maar statistiek het getoon dat dit nie die geval is nie. Die Rektorat van die Onderwyskollege Pretoria het toe aan die Kollege se Navorsings- en Publikasiekomitee opdrag gegee om hierdie saak te ondersoek. Navorsing oor die benutting van kollegebiblioteke het toe in 1988 in alle erns begin.

Dieselfde tendens het ook by die ander onderwyskollegebiblioteke in Transvaal voorgekom, maar in 'n mindere mate. (Onderwyskolleges Potchefstroom en die Johannesburgse College of Education. Jaarverslae 1991.) Die Navorsingskomitee van die Onderwyskollege Pretoria het besluit om 'n empiriese ondersoek op die kampus van die Onderwyskollege Pretoria uit te voer, aangesien dié Onderwyskollege die grootste onderwyskollege in die land is en as rolmodel vir ander kollegebiblioteke in die land kan dien. Bogenoemde feite het dus aanleiding gegee dat daar in 1988 begin is met die empiriese ondersoek na die benutting van die Kollegebiblioteek van die Onderwyskollege Pretoria.

Die Navorsingskomitee was van mening dat die inligting wat uit dié ondersoek na vore sou kom ook vir die ander kolleges van waarde sou wees, aangesien kollegebiblioteke se probleme gewoonlik gemeenskaplik is.

Met die oog op hierdie navorsing, is dit wenslik dat daar eerstens gekyk word na soortgelyke studies of navorsing in Suid-Afrika en die buiteland. Mays (1986:51) sê die volgende oor gebruikerstudies wat die afgelope veertig jaar in die buiteland uitgevoer is:

While some user studies were conducted in academic libraries early in this century, the emergence of such studies is largely a comparatively recent phenomenon ...

One unpalatable conclusion that has been suggested by these user studies is that the changes in library practise may be rather cosmetic when measured against usage patterns. The attitudes of librarians may have changed, but the attitudes of their student clientele have not. Undergraduate students still do not use libraries very much because they still don't have to.

Dit wil dus voorkom of die probleem van onderbenutting van akademiese- of kollegebiblioteke universeel is. 'n Uitgebreide literatuurondersoek het aan die lig gebring dat daar wél baie navorsing gedoen is oor

biblioteekgebruik by universiteite en kolleges in die buiteland. Sogenaamde gebruikerstudies is reeds aan die begin van hierdie eeu in Amerika uitgevoer by akademiese biblioteke (Mays 1986:52).

'n Gebruikerstudie is in 1940 deur Harvie Branscomb in Chicago gedoen en van sy bevindinge is later deur ander navorsers in Amerika bevestig. Branscomb (1940:52) was van mening dat die biblioteek dikwels nie as 'n noodsaaklike instrument van onderrig beskou word nie, maar eerder as 'n opsionele alternatief. Branscomb (1940:52) het die volgende stelling duidelik gestel:

The facts seem to give one explanation and probably the primary explanation of why students use the library so little. They do not have to; they can do quite acceptable work, in some cases possibly better work, without doing so ... From the use made of them in undergraduate teaching the case can be made that many colleges have better libraries than they need.

In die veertig jaar wat na hierdie navorsing van Branscomb gevolg het, is hierdie siening deur ander navorsers in Amerika bevestig. Studies deur Barkey (1965:115), Lane (1966:280) en Lubans (1970:131) bevestig dat ongeveer twee derdes van die eerstejaarstudente geen boeke uitgeneem het oor 'n tydperk van 'n semester nie.

Cammack en Mann (1967:131) het ook bevind dat 90% van die eerstejaarstudente oor 'n tydperk van vier maande geen boeke uitgeneem het nie.

Musavi (1977:50) het dieselfde as Lubans gevind, naamlik dat 74% van die eerstejaarstudente oor 'n tydperk van 'n jaar byna geen gebruik van die biblioteek gemaak het nie.

In Australië is dieselfde tendens in 'n studie deur Mays (1986:51-62) by die Deakin Universiteit gevind. Meer as 'n derde van die eerstejaarstudente het minder as een boek per maand geleen en minder as 'n derde is verantwoordelik vir driekwart van die items wat deur eerstejaarstudente uitgeneem is. Mays (1986:58) vra die volgende belangrike vraag:

Is it possible to pursue an academic course of study without using the institution's own library? At Deakin 11.6% of first year undergraduates found it to be so, and 45% visited the Library and left with a borrowed book no oftener than once in every four weeks.

Mays het ook in sy studie aangetoon dat verskillende vakgebiede nie ewe veel aangewys is op die biblioteek nie. Hy het onder andere aangetoon dat die Ingenieurs- en Argitektuurfakulteit baie meer van die biblioteek gebruik gemaak het as Opvoedkunde en die Geestes- en Sosiale wetenskappe (Mays 1986:53-54).

Mays (1986:54) het ook 'n interessante korrelasie tussen geslag en gebruikspatrone getref. In fakulteite waar daar 'n redelike balans was tussen manlike en vroulike studente, het die dames meer van die biblioteek gebruik gemaak as mans.

'n Verdere bevinding deur Mays (1986:57-58) was dat voorgraadse studente nie gemotiveer word om die biblioteek te gebruik nie. Die rede hiervoor is omdat hulle geen krediet kry vir hulle biblioteekgebruik as dit by punttoekenning kom nie. Mays (1986:57-58) stel dit soos volg:

The implication here is that libraries should be justified by use, and furthermore, that their use should be able to be demonstrated to serve the student's academic programme in terms of their grading.

Mays (1986:61) se navorsing het (soos ander soortgelyke gebruikerstudies se bevindinge ook aangetoon het) getoon dat studente nie die biblioteek optimaal benut nie. Hy kom tot die volgende konklusie:

This study confirms the findings of many previous studies in saying that, under many of the existing teaching practices, the needs of the undergraduates for library provision (as indicated by use and by the correlation of use with academic achievement) are not great.

Ander noemenswaardige navorsing was dié van Rzasa en Moriarty (1970:403-409). Hulle het die belangrikheid van die biblioteek as 'n fisiese fasiliteit beklemtoon, waar daar baie ander aktiwiteite plaasvind as bloot die benutting van die biblioteekversameling. 'n Lees- of studiesaal was vir hierdie studente van die grootste belang. Mays (1986:59) het in sy studie dieselfde gevind:

The library, in the eyes of its students, is more than an organized collection of literature: it is a physical study environment for the educational institution. Any efforts to improve library service should give due weight to this aspect of the library's mission as it is seen by its student's users. The present study has confirmed this in the case of Deakin with at least two thirds of the student's time in the library being spent in activities not related to the Library collection.

Navorsing waarna ook verwys kan word, is onder andere dié van Nwafor (1979:5-15) in Nigerië, wat gehandel het oor die rol en status van die Nigeriëse bibliotekaris; asook dié van Adebimpe Ike (1979:16-26) van Nigerië, wat aangetoon het dat studente nie die biblioteek na behore benut nie en dat die hulp van bibliotekaris van groot waarde is veral omdat hulle studente met werkopdragte behulpzaam is. Aboyade (1967:9-15) van Nigerië het reeds in 1967 in haar studie 'n pleidooi gelewer dat studente meer bewus gemaak moet word van die waardevolle inligting wat in die biblioteek beskikbaar is vir hulle werkopdragte.

Linda Koh (1978:22-23) het 'n studie onder kollegestudente in Suid-Oos Asië gedoen en aangetoon dat studente totaal onbevoeg is om inligting op hulle eie te soek. Kennedy (1970:1450) het dieselfde in sy navorsing gevind en het onder andere gewaarsku dat " ... unless the students learn to use the library well, the validity of the other functions of librarians is largely vitiated."

Jerold Nelson (1973:183-191) het 'n uitgebreide ondersoek gedoen by ses kolleges om te bepaal in watter mate die kollegebiblioteke in die behoeftes van die verskillende fakulteite voorsien, veral ten opsigte van die gebruik van naslaanwerke. Hy het gevind dat die gebruikers nie van die helfte van die dienste wat

deur die kollegebiblioteke gelewer word, bewus was nie. Die gebruikers was ook nie op die hoogte van wat in die versameling beskikbaar was nie.

'n Ander interessante ondersoek was gedoen by die New York College van die Staats Universiteit by Brockport (Butler & Gratch 1982:321-330). Hierdie ondersoek het ook die gebrek aan kennis oor die biblioteek se dienste uitgewys. Verstommend was die feit dat studente by daardie Universiteit, die funksie van die onderwerpskatalogus geheel en al geïgnoreer het.

Navorsing wat gedoen is (Emdad 1979:448-455) by die Pahlavi Universiteit in Iran, het aangetoon dat studente deur hulle universiteitstudies beweeg het sonder om die biblioteek te gebruik. Emdad (1979:448) het dit soos volg verwoord:

When asked why they did not use the library, the Iranian students revealed that they were not familiar with the library, and had not been directed to use it.

Line (1971:261) het 'n studie oor gebruikers gedoen by die Bath Universiteit in Engeland en het veral na die belangrikheid van gebruikersleiding verwys (Azubuike & Greaves 1989:339).

Orr het in 1973 biblioteekdienste geëvalueer teen bestaande biblioteekbenutting. Hy was van mening dat wanneer gebruikers 'n goeie idee van die biblioteek se funksies en versameling het, hulle meer geneë sal wees om hulle behoeftes aan die bibliotekarisse bekend te maak (Azubuike & Greaves 1989:340).

By die Universiteit van Ibadan in Nigerië, is 'n ondersoek gedoen waar vraelyste aan 225 studente gegee was om te bepaal in watter mate die graadstudente bewus was van die verskillende dienste wat die biblioteek lewer en in watter mate die biblioteek benut word. Hierdie studie het onder andere aan die lig gebring dat slegs 3% van die respondente bewus was van ál die dienste wat die biblioteek lewer. Oor die algemeen is studente aan dié universiteit van minder as die helfte (46.4%) van die dienste wat die biblioteek bied, bewus (Azubuike & Greaves 1989:341).

Ander betekenisvolle navorsing is by die biblioteek van die Rivers Staats Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie by Port Harcourt, in Nigerië uitgevoer. Hierdie biblioteek het 3352 studente as gebruikers. Decor (1989:374) se uitgangspunt in sy ondersoek was die volgende:

If we want to know how people feel: what they experience and what they remember, what their emotions and motives are like, and the reasons for acting as they do, why not ask them?

Gevolgtrek is 1680 vraelyste uitgestuur aan die voorgraadse- en diplomastudente gedurende Februarie 1988. Hierdie ondersoek het onder andere aan die lig gebring dat studente oor swak of geen biblioteekervaring beskik as hulle by die universiteit aangekom het nie. 'n Sterk pleidooi is gelewer vir die instelling van 'n suksesvolle gebruikersleidingprogram (Decor 1989:378). Soos in die geval van ander gebruikerstudies, het hierdie ondersoek ook getoon dat 73,2% van die respondente die biblioteek

grotendeels vir ander redes as vir die benutting van die versameling gebruik het. Die biblioteek is vir die meeste studente 'n baie geskikte studieruimte of leesplek.

Sellen en Jirouch (1984:259-267) het 'n ondersoek met vraelyste uitgevoer by die Behrend College van die Pennsylvanië Staats Universiteit - 'n kollege met 2000 studente. Twee tipes vraelyste was onderskeidelik gebruik vir die studente en die fakulteite. Hulle wou vasstel in watter mate die verwagtinge wat die fakulteite (dosente) van studente koester rakende hulle biblioteekgebruik, verskil van die werklike biblioteekgebruik van studente, asook die persepsies wat studente het van hulle eie biblioteekgebruik. Resultate het getoon dat daar wel verskil in die persepsies aangaande biblioteekgebruik tussen die fakulteite (dosente) en die studente bestaan het. Sellen en Jirouch (1984:264) stel dit soos volg:

The differences indicated that students were either not perceiving and/or acting upon faculty expectations or that faculty were not communicating their expectations for library use to the students.

Volgens hierdie studie bestaan daar 'n duidelike kommunikasiegaping tussen die studente en hulle dosente oor wat eintlik van hulle verwag word ten opsigte van biblioteekgebruik. Studente beskik ook nie oor die nodige biblioteekvaardighede om die biblioteek doeltreffend te kan gebruik nie. Sellen en Jirouch (1984:267) som dit soos volg op:

It appeared from the results of this study that if students were to be expected to successfully use sophisticated library resources for the enhancement of course material and for specific research endeavors, they needed to have knowledge of and the appropriate skills to use these resources. It was just as apparent that students neither acquired such knowledge or skill on their own nor did they seem to be inclined to utilize library resources without some external direction and motivation. Thus expectations for adequate and successful use of library materials must be translated into a combination of overt faculty direction and some type of organized graduated library instruction.

'n Ander ondersoek is deur Neal en Smith (1983:276-280) by dieselfde universiteit uitgevoer. Die Pennsylvanië Staats Universiteit bestaan uit 'n multi-kampus met 22 tak-kampusse. Dié ondersoek was gedoen om die beskikbaarheid van titels (wat dikwels deur die verskillende fakulteite gebruik word vir navorsing) op die verskillende kampusse te bepaal. Neal en Smith (1983:279) het onder andere die volgende in verband met hulle studie gesê:

This study provides guidance for future efforts and supports activities already underway to improve the ability of the University's branch campus faculty to use the University Libraries' collections.

Navorsing waarna ook kortliks verwys kan word, is die ondersoek wat gedoen is by die Kalifornië Staats Universiteit, Long Beach (Thomas & Ensor 1984:431-437). Vraelyste was aan al die doserende personeel gestuur, om hulle menings ten opsigte van die opleidingsprogram wat deur bibliotekarisse aangebied was,

te bepaal. Die biblioteekdienste was terselfdertyd ook geëvalueer. Hoewel die meerderheid dosente beïndruk was met die biblioteek se opleiding en dienste en van mening was dat soortgelyke opleiding aan studente behoort gegee te word, het 29% van die respondente gevoel dat sodanige opleiding en dienste glad nie vir studente nodig was nie en gevolglik het hulle ook nie hulle studente aangemoedig om die biblioteek te gebruik nie.

Boekkeuring by kollegebiblioteke word dikwels nie net deur die kollegebibliotekarisse gedoen nie, maar die hulp van die vakdosente word gewoonlik ook ingeroep. Hierdie praktyk word suksesvol in die buiteland toegepas, soos dit blyk uit navorsing wat in hierdie verband gedoen is deur Millson-Martula (1985:504-510) by 'n kollegebiblioteek in Chicago, asook deur Larry Hardesty (1981:261-282). Dieselfde praktyk word ook suksesvol by kollegebiblioteke in Suid-Afrika toegepas.

Daar kan ook verwys word na navorsing in Denemarke deur Morrill (1986: 169-174). Uit hierdie navorsing is dit duidelik dat kollegebiblioteke in Denemarke nog 'n stryd om bestaan voer en veral in sterk kompetisie met openbare biblioteke is. Morrill (1986:172) rapporteer die volgende:

A composite picture of the contemporary Danish education library, gained from questionnaire responses and interviews in early 1985, reveals a central library combined with 15 to 20 smaller classroom collections comprising together 10 to 20 thousand books and 100 to 200 current periodical subscriptions and serving 40 to 50 teacher educators and 200 to 500 teacher trainees.

Uit bogenoemde uiteensetting van navorsing en ondersoeke wat in die **buiteland** gedoen is, is dit duidelik dat onderbenutting van tersiêre biblioteke deur studente, eintlik 'n universele probleem is.

'n Uitgebreide literatuurondersoek het verder aan die lig gebring dat dié probleem nog nie in **Suid-Afrika** die gewenste aandag ontvang het nie. Bestaande literatuur, navorsing, of ondersoeke wat wél in Suid-Afrika uitgevoer was, sny sake aan wat slegs op die rand van hierdie studieterrein lê.

Navorsing oor die **onderwysbiblioteekdienste** in Suid-Afrika, is deur Overduin (1964) uitgevoer. Overduin (1964:108) het die onderwysbiblioteekdienste in enkele Europese lande asook in Transvaal met mekaar vergelyk en hy het tot die volgende slotsom gekom:

Wanneer ons die skoolbiblioteke van die genoemde Wes-Europese lande, t.w. Groot-Brittanje, Noorweë, Swede, Denemarke en Nederland vergelyk met dié in Transvaal, val dit onmiddellik op dat in 'n kort termyn van nog geen twintig jaar die agterstand wat by laasgenoemde bestaan het in so 'n mate ingehaal is dat die Transvaalse skoolbiblioteke vandag gunstig vergelyk met dié van Wes-Europa.

Kruger (1977) het met sy navorsing oor die ontwikkeling van onderwysbiblioteekdienste in Suid-Afrika, 'n belangrike leemte gevul in die bestaande literatuur oor dié onderwerp. Naas Overduin se navorsing, is daar nie veel oor hierdie onderwerp gepubliseer nie.

Oor die **skoolbiblioteekwese** in Suid-Afrika, was daar enkele ondersoeke en navorsing wat gedoen is. In hierdie verband kan daar verwys word na Overduin (1967) met 'n proefskrif wat handel oor die plek van die skoolbiblioteek in die middelbare onderwysstelsel in die RSA; 'n proefskrif deur Engelbrecht (1973) getiteld " 'n Fundamentele pedagogiekbegrip oor die betekenis van die skoolbiblioteek in die opvoeding van die begaafde kind "; Matthews (1980) met 'n skripsie wat handel oor die opleiding van skoolmediasentrum= personeel met spesiale verwysing na die RSA; White (1983) met 'n verhandeling oor enkele gronduitsprake rakende die onderwysfunksie van die mediasentrum; Overduin en De Wit (1986) met 'n uitgebreide verslag oor die Suid-Afrikaanse skoolbiblioteeksituasie in sekondêre skole in die eerste helfte van die tagtigerjare; 'n verslag van Terblanche (1986) oor die benutting van skoolmediasentrums, nadat vraelyste aan eerste- en vierdejaarstudente gegee was om die benutting van skoolmediasentrums en hulle houding daarteenoor vas te stel; Olën (1993) met 'n uitgebreide ondersoek in die vorm van 'n proefskrif oor die rol van die skoolmediasentrum en die ontwikkeling van inligtinggeletterdheid in die kurnikula van inisiële onderwysersopleiding.

In Suid-Afrika is daar baie min navorsing oor **kollegebiblioteke** gedoen. Betekenisvolle navorsing oor die ontwikkeling van die onderwyskollegebiblioteek en die gebruik wat studente van die kollegebiblioteek maak, is deur White (1986) uitgevoer. Hierdie navorsing word as waardevol beskou, omdat dit bykans die enigste navorsing is wat bestaan oor kollegebiblioteke van die vroegste tye af, tot en met die sestigerjare.

Grobler (1985) het die ontwikkeling van kollegebiblioteke en die verandering daarvan in moderne mediasentrums tot en met die helfte van die tagtigerjare nagevors, asook die benutting van mediasentrumspersoneel verbonde aan onderwyskolleges in Transvaal.

Lotter (1989) het navorsing gedoen oor 'n onderwerpsontsluitingsmetode vir 'n onderwyskollegebiblioteek, wat waardevolle inligting oor die gebruikers van onderwyskollegebiblioteke en hulle spesifieke inligtingsbehoefte na vore gebring het.

Dit wil voorkom of daar baie meer publikasies oor "college libraries" in die buiteland gepubliseer word as in Suid-Afrika, maar in der waarheid is baie van daardie kolleges nie tersiêre inrigtings nie. Kollegebiblioteke in Suid-Afrika is almal **tersiêre** biblioteke en kan egter nie met daardie biblioteke in die buiteland vergelyk of gelykgestel word nie. Daar kan nietermin kennis geneem word van daardie kolleges se biblioteekgebruik.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat navorsing oor kollegebiblioteke nog grootliks braak lê. Uit 'n literatuursoektog blyk dit dat daar **baie min** oor **kollegebiblioteke** in Suid-Afrika geskryf en nagevors is.

Wanneer die probleem van die benutting van kollegebiblioteke geanaliseer word, is daar bykomende faktore wat in ag geneem moet word. Die probleem van die benutting van kollegebiblioteke kan nie alleen na gekyk word, sonder om ook na die rol van **mediasentrums** in primêre en sekondêre onderwys te verwys nie. Aangesien die empiriese ondersoeke van hierdie navorsing by die grootste Onderwyskollege in **Transvaal** uitgevoer was, sou dit van pas wees as daar ook na die mediasentrums van primêre en sekondêre skole in **Transvaal** verwys word.

Daar word algemeen aanvaar dat die aanbieding van **mediagebruikersleiding** in primêre en sekondêre skole in Transvaal, die gevolg sou hê dat leerlinge reeds oor die nodige inligtingvaardighede beskik wanneer hulle as studente die kollegebiblioteek moet gebruik. Daar sou verwag kon word dat hulle reeds ywerige biblioteekgebruikers moes wees, nadat al die nodige vaardighede reeds op skool by hulle ingeskerp is. Olën (1993:2) se navorsing het veral aan hierdie probleem aandag gegee. Sy noem die volgende:

It has been realised that teaching book education, media user education or information user education in a vacuum is not very effective. Pupils will still arrive at universities and colleges unable to effectively use the libraries in these institutions.

Die hoofdoel van die skoolmediasentrum is sinvolle inskakeling van die mediasentrum by vakonderwys. Die optimale benutting van die skoolmediasentrum hang grootliks van die ingesteldheid van die vakonderwysers af. Indien die vakonderwysers self nie positief ingestel is ten opsigte van kurrikulêre mediagebruik nie, sal daar nie sprake kan wees van die optimale benutting van die skoolmediasentrum nie.

Overduin en De Wit (1986:1) het in hulle navorsing bevind dat kurrikulêre mediagebruik in sekondêre skole in Suid-Afrika nog veel te wense oorlaat. Overduin en De Wit (1986:172) identifiseer ongemotiveerdheid en onkunde by sommige skoolhoofde, departementshoofde en vakonderwysers ten opsigte van kurrikulêre mediagebruik.

Volgens Kruger (1990:46) kan onbevredigende kurrikulêre mediagebruik en ongemotiveerdheid van vakonderwysers by die **inisiële opleiding** van die vakonderwyser reggestel word indien die opleier 'n navolgenswaardige voorbeeld aan sy studente stel deur sêlf kurrikulêre vakmediagebruik in sy doseermetodes toe te pas.

Kruger (1990:46) dui verdere faktore aan wat 'n rol kan speel by die onderbenutting van skoolmediasentrums en wys op negatiewe persepsies waarmee eerstejaarstudente by onderwyskolleges aankom ten opsigte van die skoolmediasentrum:

Bepaalde negatiewe persepsies met betrekking tot die skoolmediasentrum is by die onderwysstudent aanwesig. Die taalmedium van die inligtingsbronne in die skoolmediasentrum, die gesindheid van die media-onderwyser en vakonderwysers en die aandag wat daar aan sport teenoor kulturele aktiwiteite op skool gegee word, is faktore wat waarskynlik kan bydra tot 'n negatiewe persepsie. Die optimale benutting van die skoolmediasentrum vereis dat vakonderwysers positief ingestel sal wees teenoor kurrikulêre mediagebruik.

Uiteraard kan hierdie negatiewe persepsies wat by sommige studente teenwoordig is, ook die gebruik van die kollegebiblioteek beïnvloed.

Olën (1993:5), Jones (1989:9), Stewart (1990:9) en Kruger (1990:46) is dit almal eens dat biblioteekgebruik en inligtingvaardighede reeds by die inisiële opleiding van onderwysstudente pertinent aandag moet geniet. Jones (1989:9) stel dit soos volg:

It is clear that until the use of library resources and an understanding of the role of the educational librarian become part of initial teacher training, the full potential of both library and librarian will not be realised in secondary education.

Stewart (1990:9) voel so sterk daaroor dat hy die volgende voorstel:

If we are to continue using teacher librarians for the foreseeable future, then we need to rethink their training while they are at Teacher Training College.

Once they are in schools, they have neither the time nor the interest to learn the job properly, but we ought to be working with the TTC's so that every interested teacher should have the opportunity of a year's course in school librarianship.

Indien laasgenoemde in die praktyk moontlik sou wees, sou dit klaarblyklik moontlike oplossings kon bied vir die onderbenutting van skoolmediasentrums en kollegebiblioteke.

Daar is reeds kortliks verwys na die ontwikkeling van kollegebiblioteke in Suid-Afrika. In 'n latere hoofstuk sal meer breedvoerig hierop ingegaan word. Daar sal ook in die hoofstukke wat volg, meer aandag gegee word aan die rol wat kollegebiblioteke speel by die inisiële opleiding van studente.

Vervolgens kan kortliks verwys word na die **primêre doel van kollegebiblioteke**. Kollegebiblioteke is daar om inligting te berg, te versamel, te ontsluit en beskikbaar te stel aan hulle onderskeie gebruikersgroepe. Benewens die voorsiening van inligting en 'n gespesialiseerde biblioteekdiens, het kollegebiblioteke ten doel om die doelstellings van die onderwyskollege en dié van die onderwys en opvoeding te verwesenlik. Kollegebiblioteke het dus ook 'n opvoedkundige doelstelling, naamlik om voortdurend informele gebruikersleiding aan sy gebruikers te gee en om inligtingvaardighede by hulle in te skerp. Die Transvaalse Onderwysdepartement (1960:2) het so ver terug as 1960, reeds die doelstellings en beleid van 'n kollegebiblioteek soos volg geformuleer:

Om aan al die doserende personeel en studente biblioteekfasiliteite en 'n dinamiese, doeltreffende biblioteekdiens ooreenkomstig departementele beleid te verskaf sodat op so 'n wyse aan die vereistes van die kumikulum en die algemene leesbehoefes voldoen word, dat die kollegebiblioteek 'n sentrale kern vir die program in die opleiding van onderwysers vorm.

Hoewel dit reeds beleid was gedurende die sestigerjare, dat kollegebiblioteke die middelpunt van onderwysersopleiding behoort te wees, het dit nie oral in die praktyk gerealiseer nie. Kollegebiblioteke het egter stelselmatig gegroei na volwaardige tersiêre studiebiblioteke.

Die onderwysowerhede het groot kapitale beleggings gemaak ten opsigte van die voorsiening van ten volle toegeruste kollegebiblioteke, moderne geboue, funksionele meubels en toerusting, lopende uitgawes ten opsigte van biblioteekpersoneel en biblioteektoewysings vir die uitbreiding van versamelings. Dit is dus baie belangrik dat dié fasiliteite benut sal word.

Die onderwys, onderwyskolleges en hulle kollegebiblioteke, beleef daaglik moeilike ekonomiese tye, waar politieke onrus in die land, aan die orde van die dag is. Maree (1989:23) het reeds in 1989, die volgende onrusbarende woorde gesê:

Minder geld word in reële terme vir die instandhouding van onderwysdienste beskikbaar gestel, en die aandrang op rasionalisering verstewig sy wurggreep. Onderwysersopleiding kan nie hierdie werklikheid ontsnap nie. ... Onderwys kos geld en is 'n diens waarvan die koste sodanig eskaleer het, dat dit vandag 'n erkende wêreldverskynsel is dat onderwysvoorsiening haas onbekostigbaar is.

Hoewel onontbeerlik vir enige land, het die onderwysdiens hom vanweë verskeie redes self uit die mark geprys en ekonomies met 'n negatiewe of baie lae positiewe groeikoers, het doodeenvoudig nie die dravermoë om die steeds stygende las wat onderwysvoorsiening op hom lê, deur middel van die staatskas te finansier nie.

Ekonomies gesproke, is dit dus van die grootste belang dat kollegebiblioteke ten volle benut sal word. De Lange (1986:20) sê die volgende met betrekking tot fasiliteitsbenutting in die onderwys:

Ekonomies gesproke, kan geen land die tradisioneel-formele onderwysstelsel veral met fasiliteitverskaffing bekostig nie. In die Republiek word die onderwys in 'n groot mate departementeel beheer met die gevolg dat duplisering van fasiliteite plaasvind. Onderlinge skakeling met betrekking tot die benutting van fasiliteite vind weinig plaas.

Laasgenoemde feit het reeds die tragiese gevolge gehad dat sekere onderwyskolleges moes sluit. Sekere kollegebiblioteke onder andere die pragtige Kollegebiblioteek van die gewese Goudstadse Onderwyskollege, met sy ingeboude houtboekrakke, moes sluit. Dit is só jammer dat 'n biblioteek met soveel karakter en wat die owerhede baie geld gekos het, nie kon voortbestaan nie. In die lig hiervan, is dit juis te meer noodsaaklik, dat die biblioteke van die oorblywende onderwyskolleges optimaal benut sal word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat navorsing oor die benutting van onderwyskollegebiblioteke in Suid-Afrika noodsaaklik geword het. Die groot onderwyskollegebiblioteke in Transvaal, kan as model vir hierdie navorsing dien.

In die inleiding het dit duidelik geblyk dat hierdie kollegebiblioteke oor die potensiaal beskik om baie goed benut te kan word deur al hulle gebruikers op grond van: die onderwysgerigte versamelings waaroor hulle beskik; die toegeruste oudiovisuele afdelings wat tot die beskikking van die gebruikers van dié kollegebiblioteke gestel word; die verskillende biblioteekdienste, soos funksionele vakbibliotekarisstelsels, interbiblioteeklenings en reprografiese dienste; die onderrigstelsel wat op kurrikulêre mediagebruik gerig is.

Die vraag is: waarom word die kollegebiblioteke, met besondere verwysing na die Kollegebiblioteek van die Onderwyskollege Pretoria, **nie na wense benut nie**, ten spyte van ál bogenoemde faktore wat genoem is?

Die vraag kan verder geanaliseer word deur die volgende **sub-vrae** te stel:

- waarom is daar 'n afname in die uitleenstatistiek van hierdie kollegebiblioteke sedert 1986 te bespeur?
- word kurrikulêre mediagebruik werklik in die praktyk toegepas?
- is daar leermtes in die versamelings van dié kollegebiblioteke wat doeltreffende benutting strem?
- is die versamelings van die kollegebiblioteke doeltreffend ontsluit?
- is die dienste van vakbibliotekarisse funksioneel en is die optrede van biblioteekpersoneel gebruikersvriendelik?
- beskik studente en dosente oor die nodige motivering en inligtingvaardighede om die kollegebiblioteke selfstandig te kan benut?

### 1.3 NAVORSINGSHIPOTESSES

Die volgende hipoteses kan gestel word:

Die afname in biblioteekgebruik by onderwyskollegebiblioteke sedert 1986, word veroorsaak deurdat:

- die onderrigstelsel dit nie altyd vir studente essensieel maak om die kollegebiblioteek te gebruik nie;
- sommige vakdepartemente vakintegreering en kurrikulêre mediagebruik nie doelgerig bevorder nie;
- die versameling van die kollegebiblioteek nie in alle opsigte toereikend is nie;
- die optredes van biblioteekpersoneel nie altyd gebruikersvriendelik is nie.

### 1.4 AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

In hierdie navorsing sal die blanke onderwyskolleges in **Transvaal** geneem word as rolmodelle. Die rede waarom hierdie kollegebiblioteke juis gekies word is daarin geleë dat hierdie biblioteke in die eerste plek die grootste kollegebiblioteke in die land is.

In die tweede plek is hierdie biblioteke se **infrastruktuur** meer geskik vir 'n ondersoek van hierdie aard, aangesien dié kollegebiblioteke oor die nodige personeel, asook oor die nodige versamelings beskik. Die afgelope twee tot drie dekades was hierdie kollegebiblioteke die **toonaangewende** kollegebiblioteke in die land. Dit was hierdie kollegebiblioteke wat eerste hul versamelings uitgebrei het om ook oudiovisuele media in te sluit, wat vakbibliotekarisdienste ingestel het en wat uiteraard groter toewysings van die Departement ontvang het. Gevolglik was hierdie kollegebiblioteke in staat om die nuutste boeke en media te bekom. Dié kollegebiblioteke beskik dan ook oor die heel nuutste en moderne fasiliteite, programmatuur en apparatuur. Dit is dan ook juis by hierdie kollegebiblioteke waar die uitleenstatistiek 'n daling in biblioteekgebruik getoon het en navorsing van hierdie aard noodsaaklik geword het.

Daar is verder besluit dat 'n **empiriese ondersoek** in 1988 uitgevoer sal word op **die kampus van die Onderwyskollege Pretoria**. Hierdie ondersoek is in 1995 opgevolg met 'n tweede empiriese ondersoek. Die rede hiervoor is dat hierdie Onderwyskollege die grootste onderwyskollege in die land is en as model kan dien vir die ander onderwyskolleges. Dit is ook by hierdie Onderwyskollege waar die navorsing aanvanklik geïnisieer en in opdrag van die Rectoraat van stapel gestuur is.

Hoewel daar ses verskillende **gebruikersgroepe** van 'n kollegebiblioteek geïdentifiseer kan word, is daar besluit om slegs die twee hoofgroepe as respondente te selekteer naamlik, die **studente** en die **dosente**. Die ander gebruikersgroepe, te wete die Rectoraat, die biblioteekpersoneel, die nie-doserende, professionele personeel en die administratiewepersoneel, is klein groepe wie se biblioteekgebruik onbeduidend is.

## 1.5 DOEL MET DIE NAVORSING

Hierdie navorsing se primêre doel is om vas te stel waarom daar 'n **afname in biblioteekgebruik** by kollegebiblioteke in Transvaal sedert 1986 voorkom. Die navorsing bestaan uit twee komponente, naamlik 'n teoretiese studie en 'n ondersoek in die praktyk.

Die **teoretiese studie** het ten doel om te dien as agtergrond vir die navorsing en bestaan uit vier hoofstukke soos in paragraaf 1.8 uiteengesit word. Hierdie hoofstukke rig die empiriese navorsing wat na die teoretiese deel volg.

Die doel met die **empiriese navorsing** is om 'n werklike ondersoek in die praktyk uit te voer. Die data wat uit die 1988 en 1995 ondersoeke na vore kom, word met mekaar vergelyk. Sodoende kan bepaal word of daar 'n verbetering of 'n verswakking in die biblioteekgebruik van dié Kollegebiblioteek ingetree het en in watter mate die Kollegebiblioteek wél benut word.

## 1.6 NAVORSINGSMETODES

Daar word van 'n verskeidenheid navorsingsmetodes gebruik gemaak.

Ten eerste word 'n **literatuuronderzoek** uitgevoer op plaaslike en oorsese literatuur. Soortgelyke gebruikerstudies wat by tersiêre instansies en biblioteke in die buiteland uitgevoer is, word bestudeer. Daar word ook aandag geskenk aan plaaslike literatuur wat handel oor onderwys in die algemeen, oor onderwyskolleges en onderwysersopleiding, kollegebiblioteke, universiteitsbiblioteke en biblioteke van ander tersiêre instansies. Navorsing en ondersoeke wat hier plaaslik uitgevoer is, se inligting word ook benut.

Ten tweede word twee afsonderlike **empiriese ondersoeke** met behulp van gestruktureerde vraelyste in 1988 en 1995 uitgevoer. Die data van die twee ondersoeke word geanaliseer en met mekaar vergelyk. Afsonderlike vraelyste word aan studente en dosente gegee.

Ten derde word **persoonlike** onderhoude met geselekteerde persone op 'n informele wyse gevoer, sonder die hulp van 'n gestruktureerde vraelys, ten einde resultate en gegewens uit die ondersoeke te kontroleer en te verifieer.

Ten vierde word van **waarneming** as metode gebruik gemaak. Waarneming van biblioteekgebruik, van die verskillende dienste van kollegebiblioteke, optredes van personeel word in die praktyk gedoen en dié inligting word ook as kontrolemaatreël aangewend.

## 1.7 BEGRIPSANALISE

In die studie word sekere terminologie gebruik wat vooraf gedefinieer moet word.

### 1.7.1 Kollegebiblioteke teenoor mediasentrums

In die literatuur word baie geredeneer oor die mees funksionele terminologie en daar bestaan nog steeds meningsverskille by sommige skrywers oor watter term die mees geskikte is. Dit wissel ook van provinsie tot provinsie. Matthews (1980:7-15) wy 'n hoofstuk in sy studie aan die bespreking van terminologie. Grobler (1985:45-48) gee ook 'n bespreking van beide bogenoemde terme. Clifford Waite, soos aangehaal deur Matthews (1980:10), sê die volgende:

The idea is to re-define **library** for use either on its own or in newer descriptive phrases in such a way that we cover its fuller meaning and newer overtones. In the contents the concept under the newer terms such as **resource centre**, **instructional materials centre**, **learning resources** and so on are explored, but that the phrase **library resource centre or area** seems to cover most if not all the possible variants.

Hierdie bogenoemde terminologie en nog ander word in Brittanje gebruik. In Amerika is die spelling daarvan effens anders, naamlik **learning center**, **resource center**, **instructional materials center**, **knowledge resource center** en **media center**, en word deur skrywers soos J. L. Trump en C. Eatough voorgestaan (Matthews 1980:13).

In Suid-Afrika bestaan ook meningsverskille oor bogenoemde terme. Gedurende die tagtigerjare het die Transvaalse skole die term **mediasentrum** aanvaar, terwyl die Natalse skole voorkeur gegee het aan die term **bronnensentrum**. Voorstaanders van die benaming **mediasentrum** is onder andere Van Wyk (1978:264), Sauer (1981:52), Marais, Calitz en Van Wyk (1983:119) en White (1983:23). Die rede waarom hulle dié benaming verkies blyk duidelik uit die volgende woorde:

Tradisioneel het die biblioteek se voorraad hoofsaaklik uit 'n versameling van boeke bestaan en het die klem sterk op die bewaarfunksie geval. Oudio-visuele programmatuur is egter geleidelik in die skoolbiblioteek opgeneem maar geen dienste is in dié verband gelewer nie. Die skoolbiblioteek was dus primêr nog biblioteek. Die groter beskikbaarheid en gebruik van media vir onderrig en leer het egter die biblioteek genoodsaak om sy deure oop te maak vir 'n meer multimediabenedering en ook dienste en fasiliteite te verskaf vir die produksie van basiese programmatuur (Marais, Calitz & Van Wyk 1983:119).

Albei terme is dus van toepassing op die kollegebiblioteke en albei word inderdaad in die praktyk gebruik. Skrywers wat die term **biblioteek** nog steeds aanhang, is die volgende: Ellsworth en Freiser, soos deur Matthews (1980:13) aangehaal. Matthews (1980:9) self stem saam met ander skrywers dat daar geen behoefte bestaan om die woord biblioteek mee te vervang nie en voer aan " ... dat die biblioteek 'n besonder betekenisvolle instelling met 'n lang en waardige tradisie en met 'n groot toekoms is." Van Wyk (1978:246) het ook per geleentheid gesê:

Afhangende van die aard en omvang van die voorraad en dienste wat verskaf word, sal dit dikwels beslis nodig wees om die benaming **biblioteek** te behou ...

Vir die doeleindes van hierdie navorsing, word die term **kollegebiblioteek** gebruik. Die rede hiervoor is gewoonlik 'n kwessie van smaak. Daar word met bogenoemde skrywers saamgestem dat kollegebiblioteek die mees geskikte term is, aangesien die kollegebiblioteek ook soos 'n universiteitsbiblioteek, 'n tersiêre instansie is en die term nog hier en oorsee gebruik word. Die kollegebiblioteek lewer onder andere ook

mediadienste, maar dit is nie nodig om die tradisionele term biblioteek as gevolg hiervan, met iets anders te vervang nie.

### 1.7.2 Mediadienste

'n Kollegebiblioteek beskik oor 'n afdeling waar oudiovisuele media geberg en ontsluit word. Die nodige apparatuur wat nodig is om die programmatuur te gebruik, word in hierdie afdeling in 'n kollegebiblioteek gehuisves. Selfs apparatuur wat sekere produksies doen, word ook tot die gebruikers se beskikking gestel, byvoorbeeld 'n transparantmaker, 'n lamineermasjien wat prente lamineer, videomasjiene en hoëtroustelle, waarop duplisering van video- of klankkassette (vir studiedoeleindes) gedoen kan word, ensovoorts. Daarom word daar gepraat van **mediadienste**, aangesien personeel in hierdie afdeling, dan in der waarheid mediadienste lewer. Marais (1982:306) definieer media soos volg:

Dit is 'n wydsnydende begrip en sluit letterlik alle vorme van kommunikasie in. Die woord media omskryf veel meer as slegs apparatuur en programmatuur wat vir onderig en leer aangewend word. Dit sluit ook die wedersydse persoonlike betrokkenheid in die vorm van verbale en nie-verbale interaktiewe handeling in.

### 1.7.3 Programmatuur en apparatuur

Daar word vir die doeleindes van die navorsing volstaan met Badenhorst (1980:20) se definisies van bogenoemde begrippe, aangesien dit alles in 'n neutedop saamvat:

**Programmatuur** is oudio-visuele media wat inligting bevat en 'n onderig- en leersfunksie vervul. Hiervolgens kan klankopnames, videobande, skyfiereekse, transparante, foto's, illustrasies, films ens. wat oor 'n bepaalde onderwerp handel en vir 'n spesifieke doel opgestel word, as programmatuur beskou word.

**Apparatuur** is al die apparaat wat benodig word om programmatuur te gebruik in die didaktiese situasie. Apparatuur vervul 'n tweeledige funksie, te wete die produksie van programmatuur (bv. die maak van 'n transparant met 'n transparantmaker) en die aanbieding daarvan.

### 1.7.4 Inisiële onderwysersopleiding

Bogenoemde begrip sal in die navorsing gebruik word en word ten beste deur Olën (1993:14) gedefinieer:

Thus initial teachers' training is the period during which a student enrolls for training at a tertiary institution in order to acquire the professional knowledge and training required before being appointed to a teaching post in a school. In South Africa this training is given in a college of education, or in a faculty of education at a university or in a school of education at a technikon.

### 1.7.5 Vakbibliotekaris en vakreferente

By kollegebiblioteke in Transvaal, word daar 'n bepaalde betekenis gegee aan die benaming **vakreferente**. Die term **vakreferente** het ontstaan toe van die doserende personeel gevra is om die kollegebibliotekaris se behulpsaam te wees met boekkeuring in hulle spesifieke vakgebiede. Hierdie praktyk het 'n baie suksesvolle praktyk geword, aangesien dosente ten nouste gemoeid is met die aankope van nuwe media en dus hierdeur self op die hoogte bly van die nuutste publikasies in hulle eie vakgebiede. Dié dosente word **vakreferente** genoem en besoek die kollegebiblioteek op 'n weeklikse basis. Bibliotekaris se wat vakbibliotekariswerk verrig en met ander woorde gemoeid is met vakversamelings en inligtingwerk binne die vakbibliotekarisafdeling, word dan **vakbibliotekaris** genoem.

By ander tersiêre instansies en universiteitsbiblioteke, word die term **vakreferente** gebruik vir bibliotekaris se wat vakbibliotekariswerk doen en spesifiek 'n inligtingsdiens aan gebruikers lewer, in 'n spesifieke vakgebied. By universiteite beteken bogenoemde twee begrippe dus presies dieselfde.

### 1.7.6 Kurrikulêre media

In die navorsing word dikwels na bogenoemde term verwys. Hierdie term verwys na alle draers van inligting wat in 'n spesifieke vakgebied voorkom. Hierdie inligting is spesifiek gerig op die leerplanne van studente- of leerlinge in die verskillende vakgebiede waarmee hulle besig is.

### 1.7.7 Mediagebruikersleiding en opleiding in biblioteekgebruik

**Mediagebruikersleiding** is in Transvaalse skole tot 1994 aangebied om sodoende leerlinge inligtingvaardighede aan te leer. Engelbrecht (1985:45) definieer dit soos volg:

Mediagebruikersleiding is 'n eiesoortige skoolvak met sy eie vakdidaktiek. Die leerdoel van Mediagebruikersleiding is geïntegreerde mediasentrumgebruik. Om hierdie doel te bereik is die lesdoelwitte altyd gerig op bepaalde gebruikersvaardighede en in elke les word bepaalde komponente ingebou soos vakintegreering, vakkorrelering, leesleiding, praktiese toepassing en konsolidasie van leerinhoud.

By onderwyskolleges in Transvaal word ook opleiding aan studente gegee ten opsigte van biblioteekgebruik. By sommige kolleges word dit **Inleiding tot biblioteekgebruik** genoem (Onderwyskolleges Pretoria en Potchefstroom, Jaarverslae 1991:2). Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal van die begrip **opleiding in biblioteekgebruik** gebruik gemaak word. Olën (1993:17-18) stel dit soos volg:

In tertiary institutions, such as colleges of education and universities, this orientation to the library facilities, resources and services is usually referred to as user education and is presented to students by librarians. Traditionally user education has included some instruction on library skills or those skills which are necessary to use a library.

### 1.7.8 Transvaal

Na die verkiesing in 1994, is die geografiese gebied wat altyd bekend was as **Transvaal**, verdeel in vier provinsies, naamlik Gauteng, Mpumalanga, Noordelike Provinsie en Noordwes ('n Jaar ... 1995:8). In hierdie studie word steeds na **Transvaal** verwys as die geografiese gebied wat vanaf 1910 tot aan die begin van 1994 bekend was as Transvaal.

## 1.8 NAVORSINGSPROGRAM

Die navorsingsprogram sien soos volg daar uit:

Die ontwikkeling van onderwyskolleges in Transvaal word in **hoofstuk 2** uiteengesit. Die doelstellings, beleid en funksies van 'n onderwyskollege word ook in hierdie hoofstuk behandel. Aandag word gegee aan die opleidingsprogram van 'n onderwyskollege, asook die historiese ontwikkeling van onderwyskolleges in Transvaal.

In **hoofstuk 3** word die rol van die kollegebiblioteek tydens die inisiële opleiding van onderwysers, breedvoerig bespreek. Daar word onder andere aandag gegee aan die historiese ontwikkeling van kollegebiblioteke plaaslik, asook in die buiteland. Die doelstellings, beleid, funksies en dienste van kollegebiblioteke word bespreek. Die ontsluiting en paraatheid van die versameling van 'n kollegebiblioteek, geniet ook aandag.

Vervolgens word **hoofstuk 4** gewy aan 'n bespreking wat handel oor die benutting van 'n kollegebiblioteek. Die gebruik van kurrikulêre media word onder andere in hierdie hoofstuk aangespreek. Die waarde van opleiding in inligtingvaardighede tydens die tersiêre fase, asook die benutting van die versameling, geniet in hierdie hoofstuk aandag.

In **hoofstuk 5** word die navorsingsmetode volledig beskryf. Die algemene verloop van die 1988 en 1995 empiriese ondersoeke word volledig uiteengesit. Daar word ook verslag gedoen van die resultate van die vraelyste aan die dosente, van altwee ondersoeke. Dié resultate word ook geanaliseer in departementele analyses en word met mekaar vergelyk.

In **hoofstuk 6** word daar verslag gedoen van die resultate van die studentevraelyste. Die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke word verder geanaliseer in analyses van al die studierigtings en jaargroepe van studente en word ook met mekaar vergelyk.

In hoofstuk 7 word die bevindinge van die navorsing uiteengesit. Die resultate van die twee empiriese ondersoeke in 1988 en 1995, word saamgevat. Enkele aanbevelings word gemaak.

## 1.9 SLOT

Dit is duidelik dat navorsing oor onbevredigende benutting van kollegebiblioteke in Transvaal, noodsaaklik geword het. In hierdie hoofstuk het dit geblyk dat daar groot kapitale beleggings deur die onderwysowerhede gemaak is in kollegebiblioteke en dat dit dus van die grootste belang is, dat die duur biblioteekfasiliteite deur dosente en studente benut sal word. Die Kollegebiblioteek van die Onderwyskollege Pretoria beskik oor die vermoë om optimaal benut te kan word, maar statistiek van dié Kollegebiblioteek het getoon dat daar 'n afname in biblioteekgebruik sedert 1986 was.

Daarmee saam het nog meer faktore bygekom wat negatief op die biblioteekgebruik van die Kollegebiblioteek kon ingewerk het, naamlik politieke veranderinge in die land en gevolglik ook in die onderwys, rasionalisasie sedert 1988 en die almalgamering en sluiting van sommige onderwyskolleges sedert 1991.

Na aanleiding van talle gebruikerstudies wat in die buiteland gedoen is, blyk dit dat die verskynsel van onderbenutting van tersiêre biblioteke, eintlik 'n universele probleem is, aangesien baie tersiêre biblioteke in die buiteland dieselfde probleem ervaar, naamlik dat hulle gebruikers nie die biblioteek optimaal benut nie.

## HOOFTUK 2

# ONDERWYSKOLLEGES EN DIE ONTWIKKELING DAARVAN IN TRANSVAAL

## 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is die nodige agtergrond tot die probleem van hierdie navorsing geskets. Broodryk (1990:13) som die problematiek wat by onderwyskolleges ervaar word, soos volg op:

Soos so dikwels in die verlede val die soeklig in die RSA tans weer skerp op die onderwyskollege as tersiêre inrigting. Onderwyskolleges vir blankes is tans in 'n uiters moeilike aanpassingsfase, wat teweeggebring is deur dalende studente-getalle. ... Met die oog op die bevordering van koste-effektiwiteit het die owerheid oorgegaan tot 'n proses van rasionalisering van blanke onderwyskolleges. In die praktyk was die woord **rasionalisering** niks anders nie as 'n eufemisme vir **sluiting** ... Dat hierdie stappe vir studente, oud-studente en dosente van onderwyskolleges traumatiese ervarings meegebring het, is voor-die-hand-liggend. Ook het dit die vraag laat ontstaan of die onderwyskollege as tersiêre instelling nog 'n plek in die RSA van vandag het.

Hierdie vraag is vandag net so van toepassing soos toe Broodryk (1990:13-19) sy artikel in 1990 geskryf het. In hoofstuk 1 is daar kortliks verwys na die sluiting van onderwyskolleges en die effek wat dit op die onderwys as geheel en ook op onderwysersopleiding gehad het. In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om onder andere 'n antwoord te gee op die belangrike vraag wat Broodryk in 1990 gestel het.

Die Departement van Nasionale Opvoeding (1992:61) skets die problematiek van die onderwys as 'n geheel en voorspel die volgende:

Die huidige en verwagte groei in die getal leerlinge dui daarop dat die formele onderwysstelsel ... nie in die vraag na skoolinskrywing sal kan voorsien nie. Nie alleen is die onderwysfasiliteite onvoldoende nie, maar die Staat sal oor die lang termyn nie genoeg fondse hê om gratis onderwys tot op voldoende hoë onderwysvlakke te voorsien nie.

Verder is daar 'n toenemende vraag na die indiensopleiding van leerlinge wat die skool verlaat, asook 'n pleidooi om goedgeorganiseerde geletterdheids- en syfergeletterdheidsprogramme vir volwassenes op 'n nasionale basis. Indiensopleiding en geletterdheids- en syfergeletterdheidsprogramme kan nie as deel van formele onderwysprogramme beskou word nie en dus is die befondsing van sulke programme nie die Staat se verantwoordelikheid nie. Die privaatsektor en die breë gemeenskap het reeds in 'n mate die inisiatief geneem met die organisering en befondsing van sulke programme, maar daar bestaan 'n wesenlike behoefte om hierdie werksaamhede uit te brei. Bestaande geriewe soos skole, kolleges, kerk- en gemeenskapsale, asook opleidingsentra binne die privaatsektor, kan vir dié nie-formele onderwysprogramme benut word.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die onderwys van vandag groot en nuwe uitdagings in die gesig staar. Dit blyk dat die formele onderwys nie in die aanvraag kan voorsien nie, dat bestaande onderwysfasiliteite nie voldoende is nie en dat 'n tekort aan fondse 'n wesenlike probleem is. Daar kan dus met reg gevra word waar die onderwyskollege in hierdie opset inpas, of soos Broodryk (1990:13) reeds die vraag in 1990 gestel het: **of die onderwyskollege as tersiêre instansie hoegenaamd 'n plek in die nuwe Suid-Afrika het?**

Om die rol en plek van 'n onderwyskollege beter te verstaan, sal daar eerstens na die doelstellings van die onderwys en tweedens na die doelstellings, beleid en funksies van 'n onderwyskollege gekyk moet word.

## 2.2 DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERWYS

Wanneer daar van die doelstellings en beleid van 'n onderwyskollege gepraat word, dan word daar uiteraard ook gepraat van die doelstellings en die beleid van die onderwys en opvoeding, aangesien dit één met mekaar verweef is. Daarom word daar kortliks stilgestaan by die **doelstellings van die onderwys en opvoeding**.

Die omvattende **doel** van die **opvoeding en onderwys** is die opvoeding en onderrig van die mens in sy totaliteit, dit wil sê die verstandelike, kulturele, fisiese, morele, sosiale en ander aspekte van die mens, word as 'n integrale geheel opgevoed (TOD 1961:25). Kruger (1977:31-32) differensieer tussen die begrippe **opvoeding en onderwys**:

**Opvoeding** kan beskryf word as die doelbewuste en opsetlike handeling deur die volwassene om die onvolwassenes te lei tot volwassenheid om hom sodoende bekwaam te maak om sy lewenstaak selfstandig te kan volbring. In hierdie proses word daar dan veral nadruk of klem gelê op die algemene vorming van die mens: sy sedelike, sosiale, verstandelike en godsdienstige opvoeding.

**Onderwys** kan beskryf word as die proses van mededeling en verduideliking van feite deur die onderwyser aan die leerling. Langs hierdie weg veruim die leerling sy kennis en ontwikkel hy in die proses ook bepaalde vaardighede. Die oordra van kennis deur die onderwyser is nie die enigste metode waarlangs die leerling sy kennis veruim nie. Dit is die taak van die onderwyser om die leerling te leer om sy lewe lank student te bly, om hom te leer waar en hoe hy vir homself kennis kan versamel.

Volgens Crouse (1988:2) bestaan daar meningsverskille oor wat **onderrigdoelwitte** behoort te wees. Hy definieer **onderrigdoelwit** soos volg:

Daar sal egter heelwat gemeenskaplike elemente wees en waarskynlik, in breë terme, sal meeste met die volgende saamstem: Die stelselmatige ontwikkeling van vermoëns wat eventueel toerusting bied vir

- lewenslange selfstudie; en
- verbeekdingryke toepassing van kennis op 'n hoë intellektuele en wetenskaplike vlak.

Die **doelstellings van die onderwys** word deur Steyn (1991:1-3) soos volg omskryf:

Obviously, the ultimate aim of teaching is to educate the child, but within the parameters of time, available subject matter, pupil abilities and teaching skills, the teacher should be aware of more immediate aims. These immediate aims or goals of education are determined by the community, the education authorities, predetermined curricula, the school itself or the teacher's immediate superiors.

Die doelstellings van die onderwys en opvoeding sal altyd primêr dieselfde wees, maar daar sal altyd ruimte moet wees vir veranderende omstandighede en die doelstellings van die onderwys en opvoeding sal noodwendig daarby moet aanpas. Naudé (1983:19) stel dit soos volg:

Die doelstellings van opvoeding en onderwys, sal seker primêr nog altyd die vorming van die onvolwassene wees tot volwassenheid, maar die vloeibaarheid van veranderinge vandag het tot gevolg dat nie slegs nuwe tegnieke benodig word in die opvoeding nie, dog nuwe doelstellings het 'n noodsaaklikheid geword sodat die individu gelei word tot 'n openheid jeens veranderinge sodat hy plooibaar kan wees en homself oriënteer.

## 2.3 DEFINISIE VAN 'N ONDERWYSKOLLEGE

Om die plek en rol van die onderwyskollege as tersiêre inrigting te bepaal is dit nodig om die **aard en wese** van die onderwyskollege te verstaan en te ontleed.

In die literatuur word daar talle definisies van 'n onderwyskollege gevind. Volgens Platt (1972:5) is 'n onderwyskollege 'n opleidingskollege wat aan elke student die geleentheid bied om opleiding te ontvang in die vakgebiede wat hy persoonlik verkies asook terselfdertyd professionele opleiding te ontvang om 'n volwaardige onderwyser te word. 'n Studie van die onderwyspraktyk impliseer dus beide 'n persoonlike én professionele opleiding.

Spoelstra (1976:19) definieer die benaming "onderwyskollege" soos volg:

Onder die benaming "Onderwyskolleges" word hier verstaan daardie inrigtings vir tersiêre onderrig wat deur die Provinsiale owerhede in die Republiek tot stand gebring is en in stand gehou word met die uitsluitlike doel om onderwysers en onderwyseresse op te lei om in die provinsiale skole onderwys te gee.

'n Onderwyskollege onderskei hom van ander kolleges deur sy unieke karakter, waar die onderwys en opvoeding as primêre doelstelling geld en die onderwysstudent vir 'n beroep naamlik dié van onderwyser voorberei en opgelei word. Behalwe dat die student as onderwyser opgelei word, moet hy ook as mens opgevoed word. Volgens Spoelstra (1976:19) vereis dit in hoofsaak drie aspekte: 'n deeglike algemene vorming, akademiese kennis van een of meer skoolvakke en intelligente en praktiese insig in die onderwys as loopbaan.

Broodryk (1990:14) beskryf 'n onderwyskollege as:

... 'n opvoedkundige inrigting vir die opleiding van persone as onderwysers en wat deur die Departement ... in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, uitgesonderd 'n teknikon en 'n universiteit.

In resente terme kan 'n onderwyskollege dan beskryf word as 'n inrigting wat deur 'n Departement van Onderwys en Kultuur in stand gehou word met die uitsluitlike doel om leerkragte vir preprimêre en primêre skole op te lei.

Hierdie definisie vat sowel die wese as die funksie en missie van die onderwyskollege saam. Dit is nie-outonome inrigtings wat deur 'n onderwysdepartement in stand gehou en beheer word met betrekking tot befondsing, personeelvoorsiening, kursussamestelling, ens. As sodanig is dit **hoogs homogene inrigtings, kultuurgebonde met 'n eie identiteit en 'n besondere etos.**

Sedert Broodryk (1990:13-19) hierdie artikel geskryf het, het die onderwysstruktuur en stelsels baie verander. Onderwyskolleges het feitlik heeltemal outonome organisasies geword. Personeelvoorsiening en besoldiging was tot 1995, deur die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente gedoen (soos ook die geval met die model C skole was). Die res van 'n onderwyskollege se begroting was grotendeels deur elke onderwyskollege self behartig. Onderwyskolleges het 'n per capita-toewysing van hulle

Departemente ontvang, maar die fondse was sodanig afgeskaal, dat elke kollege uit sy eie begroting vir addisionele fondse voorsiening moes maak.

Sedert die begin van 1996, het die provinsiale onderwysdepartemente verval en ressorteer alle onderwysaangeleenthede onder een nasionale onderwysdepartement.

## 2.4 DOELSTELLINGS VAN 'N ONDERWYSKOLLEGE

In die literatuur word algemeen verwys na die **doelstellings** of die **missie** van 'n onderwyskollege. Die HAT -woordeboek verklaar die woord "missie" as 'n "belangrike opdrag". Daar kan dus gevra word wat die **opdrag** van 'n onderwyskollege dan werklik is?

Die Departement van Nasionale Opvoeding (1992:23-24) het in 'n verslag die **missie**, of opdrag van onderwyskolleges soos volg omskryf:

Die missie van onderwyskolleges is om onderwysers op te lei deur middel van drie- of vierjarige diploma-aanbiedinge vir aanvanklike kwalifikasies vir die primêre of sekondêre skool. Kolleges kan egter ook universiteite bystaan deur sekere kursusse vir die primêre en sekondêre skoolfase aan te bied.

'n Aantal kolleges het ooreenkomste met universiteite aangegaan wat 'n gesamentlike endossering van sertifikate van onderwysers moontlik maak. Gevolglik kan studente krediete vir 'n universiteitsgraad verwerf ten opsigte van kursusse wat in hulle Onderwysdiploma ingesluit is.

Broodryk (1990:15) gebruik ook die term "**missie**" van 'n onderwyskollege:

In teenstelling met die universiteit het die onderwyskollege 'n veel enger missie, te wete die praktykgerigte opleiding van onderwysers vir die preprimêre en primêre skool.

Vir Kotzé (1991:183) is die doel met onderwysersopleiding die lewering van persone wat die onderwysprofessie so doelmatig moontlik kan betree en uiteindelik kan bestryk. By onderwysersopleiding gaan dit om die opleiding vir 'n praktyk en nie om die skoling van wetenskaplikes nie, hoewel die student oor wetenskaplik-teoretiese kennis wat ten grondslag aan praktykvaardighede lê, moet beskik (Bondesio 1981:241).

Volgens Garbers (1978:118) gaan dit nie volgens 'n resematige opleiding nie, maar om die fundamentele vorming van onderwysers wat die nodige opvoedkundige oordeel en soepelheid sal besit om hulle opvoeding en onderwys op snel veranderende en nuwe omstandighede af te stem.

Die onderwys dien die gemeenskap. 'n Onderwyskollege strewe daarna om sy studente volgens die behoeftes van daardie gemeenskap op te lei. Van der Walt (1983:32) stel dit soos volg:

Die doel van die onderwyskollege is dus om opvoeding, kundigheid en onderwys te verskaf aan karaktervolle persone wat beskik oor verantwoordelikheid en leierskap en wat toegerus sal wees om 'n bepaalde onderwysrigting in 'n bepaalde gemeenskap te gaan aanbied.

Volgens die TOD (1988:5.1) is die doelstellings van onderwyskolleges, dat die jong student opgelei word op 'n verantwoordbare wyse sodat hulle as goed toegeruste onderwysers en onderwyseresse na die praktyk sal gaan, wat op hoogte sal wees met die teorie van opvoeding en wat ook die nodige kennis en vaardighede sal besit ten opsigte van die verskillende vakmetodieke en wat hulle verantwoordelike taak as toekomstige leiers met volle verantwoordelikheid in die skole sal aanvaar.

Die doel van die onderwyskollege is nie alleen om die leerinhoude by studente in te skerp nie, maar ook om die student in sy geheel te vorm, soos TOD (1988:5.2) dit stel:

Onderwyskolleges is daarop gemik om studente in die lesinglokale, oral op die kampus, in die koshuise, selfs op die terreine van die verenigingslewe en sport, te vorm en te lei. Onderwyskolleges is verantwoordelik vir die professionele, akademiese, godsdienstige, kulturele, liggaamlike en geestelike vorming van studente.

## 2.5 BELEID VAN 'N ONDERWYSKOLLEGE

Die doelstellings en beleid van 'n onderwyskollege is één met mekaar verweef en is baie moeilik skeibaar, trouens in die literatuur word dit as 'n eenheid behandel.

Uiteraard word die doelstellings van 'n onderwyskollege ook die beleid van dit wat in die doelstellings nagestreef word. Bekker (1970:14-15) verduidelik dit soos volg:

Die belangrikheid van beleidmaking is geleë in sy uitwerking op die daaruit voortspruitende gedrag in die organisasie en moet daarom versigtig beplan word. Beleid word op alle vlakke beplan, vanaf die Parlement tot by die kleinste skooltjie ...

So vind ons dan sekere beleidmaking in die onderwys, eerstens op nasionale vlak. Dit geld gewoonlik vir bepaalde kemsake, soos die tien beleidspunte van Wet No. 39 van 1967.

Kom ons nou by die provinsiale vlak, vind ons die gedetailleerde beplanning waarby die kembeleid van die Parlement geïntegreer moet wees. Hier word nou met die hele spektrum van die onderwysadministrasie gehandel, met al die fasette en op al die vlakke.

Op hierdie stadium tree toesig baie sterk na vore om te kontroleer of die beleidmaking uitgevoer en of daar aan die gestelde standarde voldoen word.

Van hier vertak dit na die klein lewegewende selle, elkeen 'n mikrokosmos in die onderwyswêreld. Weer eens sal ons beleidmaking hê, nou vir die doeltreffende plaaslike uitvoering van die beleid. Hier word sake nou op 'n spits gedryf. Hier word kennis geneem van 'n breër beleid wat ontvang is, maar die aktiewe beplanning is nouer afgegrens en die klem val nou op koördinerende, uitvoering en toesig. ... En laat ons maar nugter wees: hoe deeglik en indrukwekkend die beleidmaking, organisasie, rigting, koördinerende, toesig en beoordeling ook al mag wees, dit alles bly in teorie hang as daar nie uitvoering is nie, en dit is die **doeltreffendheid van die uitvoering** wat die sukses of mislukking van 'n onderneming bepaal.

Die beleid van 'n onderwyskollege word dus van Parlementsvlak afgewentel na provinsiale vlak, en vandaar weer verder afgewentel na die plaaslike vlak, naamlik die onderwyskolleges self. Elke onderwyskollege se Kollegeraad en die Raad van Departementshoofde, tesame met die Dagbestuur (wat bestaan uit die Rektor en Vise-Rektore) bepaal dan die besondere kollege se beleid en die uitvoering daarvan. TOD (1988:6.8) bekryf dit soos volg:

Die Kollegeraad bestaan uit die Rektor as voorsitter, die Vise-Rektore en Departementshoofde met die Registrateur as sekretaris. Dit is die gesaghebbendste liggaam aan die onderwyskollege en **bepaal die opleidingsbeleid**, asook die organisering en koördinerende van alle aktiwiteite.

Beleidmaking by onderwyskolleges is die spil waarom alles draai. Bekker (1970:16) sê die volgende oor beleidmaking by onderwysersopleiding:

Besondere beleidmaking is by onderwysersopleiding nodig. Morrison en McIntyre onderstreep ook die dinge wat ek hier as 'n belangrike onderdeel van beleidmaking bepleit deur te sê: "Jeffreys expresses a widely held view when he says that we think it is more important in training teachers to produce well-educated people than to produce technically competent practitioners".

In perspektieweitsopvoeding probeer ons dan om die knap geleerde en wetenskaplike denker te vorm wat kan byhou met, en bydra tot moderne ontwikkelinge. Dit integreer ons met die lewensbeskouwlike en persoonsvorming so positief wyd moontlik. Beleidmakers op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak moet dan beleidspatrone formuleer - reg, suiwer en in perspektief en nie skroom om drastiese aksentverskuiwing te bepaal indien nodig nie.

In sy verslag na onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, meld die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1981:183) dat 'n kurrikulum vir onderwysersopleiding behoort te bestaan uit drie opleidingskomponente, naamlik:

- die akademiese of vakstudie;
- die professionele of pedagogiekstudie, en
- die prakties-beroepsgerigte of onderwyskundestudie.

Bogenoemde is in 'n breëre sin die kernbeleid wat as uitgangspunt kan dien by formulering van verdere beleid. Kotzé (1991:183) noem dit 'n onderwysopleidingspakket. Hy verduidelik dit soos volg:

Ten einde sy taak in die onderwys so effektief moontlik te kan bestryk, moet die aspirant-onderwyser by die voltooiing van sy opleiding oor 'n bepaalde toerusting of pakket beskik wat breedweg in die volgende fasette uiteenval:

### **1. Akademiese kennis en insigte**

Die onderwysstudent moet uiteindelik iets gaan onderrig. Dit het betrekking op die vakinhoudelike kennis of inhoude waaroor hy moet beskik, met ander woorde dié wat hy in sy onderrig aan sy leerlinge gaan teenwoordig stel. Hierdie kennis doen hy op grond van die akademiese aspekte van sy opleiding.

### **2. Professionele kennis en vaardighede**

Inhoude word op 'n verskeidenheid van wyses onderrig, gevolglik moet kennis gedra en vaardighede verwerf word oor die hoe van die onderrig, 'n aspek waar veral die didaktiese en vakdidaktiese opleiding geld.

### **3. Pedagogiese kennis en insigte**

Garbers (1978:118) beweer dat die hoofterrein waarop die opvoedkunde in ons land figureer, juis binne die konteks van onderwysersopleiding plaasvind. ... Onderwysersopleiding impliseer ook gedragsverandering en vorming by die kandidaat-onderwyser en dit word aanvaar dat die genoemde kennisgebiede hom as persoon nie ongedeerd laat nie.

## **2.6 DIE FUNKSIES VAN 'N ONDERWYSKOLLEGE**

Die funksies van 'n onderwyskollege hang weer eens ten nouste saam met die doelstellings en beleid van dié inrigtings. Trouens, die funksies van 'n onderwyskollege is in der waarheid die uitvoering van die doelstellings en beleid wat geformuleer is.

Die hoofopdrag en funksie van 'n onderwyskollege is uiteraard die opleiding van onderwysers. Broodryk (1990:15) haal Le Roux in hierdie verband aan:

The college of education has a utilitarian, practical function: students must be trained to be practical classroom teachers with all the necessary skills and competencies.

Vir Du Toit (1986:2) is die taak van 'n onderwyskollege " ... om primêreskoolonderwysers op te lei wat op professionele en verantwoordelike wyse opvoedende onderrig in die skool kan aanbied."

Die onderrigfunksie is sentraal. Dit is egter nie die enigste funksie wat 'n onderwyskollege uitvoer nie. Broodryk (1990:14) het in 'n ondersoek vasgestel dat benewens die tradisionele take van onderrig, navorsing en dienslewering, alle tersiêre inrigtings vandag ook die funksies van beroepsopleiding en beroepsvoorbereiding, opvoeding en vorming, voortgesette- of indiensopleiding het.

Broodryk (1990:15) beskryf die ander funksies van 'n onderwyskollege soos volg:

Tog word die ander funksies van 'n tersiêre inrigting ook uitgevoer, hoewel in 'n bepaalde konteks en met eiesoortige aksente. So word die werksaamhede by 'n onderwyskollege getipeer deur die toepassing van kennis eerder as die versameling en die blootlegging daarvan.

Dit gaan om beroepsopleiding: studente word onderrig in die aanwending en toepassing van kennis en word opgelei om die nodige tegnieke en vaardighede te bemeester. As inrigtings spesialiseer hulle in die opleiding van persone vir 'n bepaalde professie (teoreties en prakties); dit staan in diens van 'n bepaalde sektor van die staatshuishouding en verskaf die basiese professionele opleiding wat dié sektor benodig.

Onderwyskolleges het nie 'n formele navorsingsfunksie nie, maar daar word tans meer klem gelê op dié funksie (Broodryk 1990:15). Navorsing oor die primêre onderwys kan nie op 'n beter plek plaasvind as juis by 'n onderwyskollege nie.

Onderwyskolleges maak in hulle opvoedkundige opleidingsprogram voorsiening dat studente soveel hulp en leiding ontvang dat hulle kan afstudeer as volwaardige volwassenes wat tot sedelike, selfstandige en verantwoordelike opvoeders gevorm is (TOD 1988:5.1).

TOD (1988:5.1-5.13) het benewens die opleidingsfunksie van 'n onderwyskollege 'n hele hoofstuk gewy aan die "vorming en versorging van studente". Opsommenderwys kan die sake wat in hierdie hoofstuk aangesny word, ook in der waarheid as die funksies van 'n onderwyskollege gesien word:

Dit gaan by 'n onderwyskollege om:

- Akademiese vorming;
- Professionele vorming;
- Kulturele vorming;
- Liggaamlike vorming;
- Geesteshigiëne en terapie;
- Godsdienstige vorming;

- Uitbouing na buite (dien die gemeenskap);
- Opleiding tot leierskap;
- Indiens- en verdere opleiding.

Broodryk (1990:15), Van der Walt (1983:32) en TOD (1988:5.10) beklemtoon almal die funksie of diens van 'n onderwyskollege aan die gemeenskap. Van der Walt (1983:32) stel dit soos volg:

Omdat die onderwys sy gemeenskap dien, spreek dit vanself dat norme en standaarde deur die gemeenskap wat bedien word, vasgestel word. 'n Kollege sal dus sy studente oplei na die behoeftes van die gemeenskap waarin sy studente eendag onderwys gaan gee.

Dit is die taak van die onderwyskollege om aan die studente alle vormingsgeleenthede beskikbaar te stel wat hulle nodig het om hulle beroep in die praktyk effektief te beoefen en waardeur hulle ook op 'n volwaardige wyse as lede van die gemeenskap hulle deel sal bydra. Die onderwys is, soos elke ander professie, steeds besig met professionalisering. Dit is dus 'n kollege se omvattende taak om sy studente professioneel te vorm, met ander woorde, die beoefening van 'n geleerde (aangeleerde) kuns in die gees van gemeenskapsdiens (Van der Walt 1983:31).

Vir Broodryk (1990:15) gaan dit ook om die opvoeding van die geheelmens en 'n diens wat onderwyskolleges aan die breër gemeenskap lewer:

Uiteraard het onderwyskolleges 'n taak om diens aan die onderwysgemeenskap en die breër gemeenskap te lewer. ... Dit spreek eintlik vanself dat die opvoedings- en vormingstaak - die opvoeding van die kwekeling-onderwyser as volledige mens - eintlik 'n groter prioriteit by onderwyskolleges geniet as by ander tersiêre inrigtings.

'n Onderwyskollege word gekenmerk as 'n tersiêre inrigting wat sy taak in 'n bepaalde atmosfeer verrig en wat student-sentries georiënteerd is. Broodryk (1990:15) haal Le Roux in hierdie verband aan om die spesiale milieu waarin die onderwyskollege fungeer, te illustreer:

Teaching is at a moderate tempo, class-groups are small, methods are sometimes remedial and therapeutic- the whole approach is directed towards exploiting the potential of the students. Because of this student-centric approach, colleges of education are able- over a three or four year period- to raise their students to an acceptable academic level and to a very proficient professional level. The intention is to attain the academic and professional goal in a personalised, individualised manner.

Du Toit (1986:54) stel drie belangrike vereistes aan 'n model vir onderwysersopleiding:

- dat onderwysersopleiding gesien word as 'n kontinuum van professionele groei, wat begin by die onderwyser se voordiensopleiding en aanhou tot aan die einde van sy loopbaan;

- dat daar buigsame opvattinge moet wees oor daardie vaardighede wat as evalueringsbakens sal dien wanneer die professionele groei van elke individuele onderwyser gemeet word, en
- dat daar 'n doelgerigte begeleidingsplan ontwerp moet word om die student deur die verkillende ontwikkelingsfases te lei totdat hy gevestig is as 'n ervare en bekwaame onderwyser.

Hierdie vereistes (soos deur Du Toit gestel) vir 'n model vir onderwysersopleiding kan in die praktyk realiseer, indien die beleid van 'n onderwyskollege sodanig beplan en geformuleer word en gevolglik dan ook ten uitvoer gebring word. Daar kan dus gesê word dat bogenoemde vereistes ook ten einde as funksies van 'n onderwyskollege ten uitvoer gebring kan word.

## **2.7 DIE OPLEIDINGSPROGRAM VAN 'N ONDERWYSKOLLEGE**

Die opleidingsprogramme van onderwyskolleges in Transvaal, is min of meer by al die onderwyskolleges dieselfde, met hier en daar klein verskille.

### **2.7.1 Minimum toelatingsvereistes**

Toelatingsvereistes word duidelik in die Witskrif (1983:par.7.17.2(c):47) uiteengesit:

Alle onderwysdepartemente vereis reeds dat studente wat hulle vir opleiding as onderwysers aanmeld, minstens oor 'n standaard 10-sertifikaat moet beskik. Wat die duur van onderwysersopleidingskursusse betref, is die minimum tydskuur van alle kursusse vir die aanvanklike opleiding van onderwysers deur alle onderwysdepartemente reeds drie jaar.

Elke onderwyskollege bepaal sy eie kursusse wat aangebied word en dienooreenkomstig dan ook die toelatingsvereistes. Hoewel die kolleges nie veel van mekaar verskil nie, is daar tog geringe verskille. Dit is dus raadsaam om die inligtingbrosjures van die verskillende kolleges te bekom indien inligting benodig word in hierdie verband.

### **2.7.2 Kursusse wat aan 'n onderwyskollege aangebied word**

Die opleiding wat by onderwyskolleges in Transvaal aangebied word, is hoofsaaklik toegespits op die voorbereiding van onderwysers om onderrig te kan gee in die **Pre- en Junior Primêre-skoolfasies**, asook die **Senior Primêre-skoolfase**, met ander woorde om hoofsaaklik onderrig te kan gee in die laerskool. Gekeurde studente word egter ook spesifiek opgelei om sekere tegniese of praktiese vakke te kan onderrig in die **Junior Sekondêre-skoolfase** in die hoërskool.

### 2.7.3 Kursusse wat gerig is op die primêre skool

Die onderwyskolleges in Transvaal, naamlik die Onderwyskolleges Pretoria (NKP) en Potchefstroom (POK), asook die Johannesburg College of Education (JCE), maak voorsiening vir die opleiding van onderwysers, om ten einde in 'n primêre skool te kan onderrig.

- *Pre- en Junior Primêre-kursus*

POK en JCE bied albei 'n Preprimêre-kursus aan vir 'n klompie gekeurde studente om spesifiek onderrig te kan gee in die preprimêre skole. Die eerste twee jaar van die studierigting, is die kursus dieselfde as die Junior Primêre-studente, daarna volg hulle vir die oorblywende twee jare 'n gespesialiseerde kursus in Preprimêr. NKP het vir baie jare dit ook so gedoen, maar dit het sedert 1993 verander na 'n gekombineerde kursus, naamlik die Pre- en Junior Primêre-kursus.

Beide POK en JCE bied dan ook nog 'n kursus in Junior Primêr aan, wat studente in staat stel om slegs in die laerskool te kan onderrig.

By NKP word die gekombineerde kursus gevolg (Pre- en Junior Primêre-kursus) en is die afstuderende studente later bevoeg om beide in 'n pre- of primêre skool (en wel dan in die Junior Primêre-skoolfase) onderrig te kan gee.

- *Senior Primêre-kursus*

Hierdie kursus word by NKP, POK en JCE aangebied, en strek oor vier jaar.

### 2.7.4 Kursusse wat gerig is op die sekondêre skool

- *Technika-Kursus*

Die Technika-kursus is 'n vierjaar professionele kursus wat deur studente gevolg kan word om die Hoër Onderwysdiploma (Technika) te verwerf wat hulle bekwaam om in die sekondêre skool onderwys te gee. Hierdie kursus word deur NKP, POK en JCE aangebied.

- *HOD Natuurwetenskap-kursus*

Hierdie kursus word slegs by NKP aangebied, en strek oor vier jaar (Onderwyskollege Pretoria 1993:8).

By JCE word soortgelyke kursusse, maar in Wiskunde en Wetenskap, Tik en Handel, Liggaamlike Opvoeding, Huishoudkunde, in samewerking met die Universiteit van die Witwatersrand aangebied. Afstuderende studente kan dan by 'n hoërskool onderig gee in die Junior Sekondêre-fase.

### 2.7.5 Graadkursusse

By NKP, POK en JCE word daar ook in samewerking met die plaaslike universiteite **graadkursusse** aangebied, wat oor vier jaar strek:

- *B Prim Ed (Preprimêr)*

Hierdie kursus word nie by JCE aangebied nie, maar word wel as 'n gekombineerde kursus naamlik 'n Pre- en Junior Primêre Kursus aangebied. Die kursus word wel by NKP en POK vanaf 1995 af, aangebied.

- *B Prim Ed (Junior Primêr)*, en die
- *B Prim Ed (Senior Primêr)*

Albei hierdie graadkursusse word deur aldie die onderwyskolleges in samewerking met 'n nabygeleë universiteit aangebied.

Die rektore van onderwyskolleges het die bevoegdheid om die leerinhoud van enige vakgebied, te laat aanbied aan die spesifieke onderwyskollege, soos dit die mees funksionele of prakties uitvoerbare metode blyk te wees, vir daardie onderwyskollege.

Die aanbieding van die verskillende vaardigheidsvakke verskil veral van kollege tot kollege.

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die onderwyskolleges onderwysers grootliks oplei vir die pre- en primêre skole sedert 1972. In die meeste gevalle word hoërskoolonderwysers by universiteite opgelei, behalwe in die gevalle waar die onderwyskolleges en universiteite saamwerk, soos ook hierbo uiteengesit is. Volgens Nienaber (1972:17) bepaal die wet die volgende:

Kragtens artikel 2 van die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 73 van 1969) kan die opleiding van blanke persone as onderwysers vir sekondêre skole slegs aan 'n universiteit verskaf word.

Bogenoemde geld wel vir die Senior Sekondêre-skoolfase, dat onderwysers wat vir hierdie skoolfase wil onderig gee, slegs 'n kwalifikasie by 'n universiteit kan verwerf. Na die verkiesing in 1994, is dit egter nie meer net " blankes " persone wat hierdie kwalifikasie aan 'n universiteit kan verwerf nie. Aangesien die

fokus van hierdie navorsing op die onderwyskolleges van Transvaal gerig is, sal daar vervolgens gekyk word na die historiese ontwikkeling van onderwyskolleges in Transvaal.

## 2.8 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN ONDERWYSKOLLEGES

Volgens Kruger (1977:52) is die eerste skool vir blankes in Suid-Afrika in die jaar 1863 in die Kaap gestig, hoewel daar geen amptelike onderwysdepartement bestaan het nie. Die eerste onderwysdepartement het eers in 1839 tot stand gekom en weliswaar ook in die Kaapkolonie (Kruger 1977:53).

Jooste (1976:3) beskryf die tydperk van 1881-1894 sover dit Transvaal betref, soos volg:

After the War of Independence of 1881, the Rev. S.J. du Toit, a noted protagonist of Afrikaans, was appointed to the post of Superintendent-General. Du Toit's viewpoint was that education was the responsibility of the parents and the church, a principle which is reflected in the Education Act of 1882. During his term of office schools increased in number from 9 in 1882 to 179 in 1888 and pupil enrolment from 206 to 4375.

The last head of education in the ZAR was Dr. N. Mansvelt (1891-1900). His first task was the drafting of a new Education act which took cognisance of the socio-economic changes resulting from the discovery of gold. Although education remained the responsibility of the parents, the Volksraad was beginning to recognise its financial obligations, and government schools were established on the gold-fields. Instruction in these schools was given in the mother tongue and the official Dutch language was gradually introduced. Higher education also received attention, as did the matter of libraries.

Dit is opmerklik dat Jooste pertinent na biblioteke verwys. Hoër onderwys en biblioteke het dus so vroeg as 1892 reeds aandag geniet. Daar is dan ook oor die opleiding van onderwysers op tersiêre vlak, in die "Staats Courant" van 1 Junie 1892, onder "Wet No. 8 van 1892" soos volg melding gemaak:

Behalwe vir laer- en middelbare skole maak die Zuid-Afrikaansche Republiek se onderwyswet van 1892 ook voorsiening vir 'n inrigting vir hoër onderwys wat later tot 'n universiteit sou uitgroeï (TOD 1968:1.1).

In die Suid-Afrikaanse Republiek is daar tot 1899 aan twee middelbare skole in Pretoria vir die opleiding van onderwysers vir die 02- en 03-sertifikaat voorsiening gemaak. Volgens die TOD (1968:1.1) was die standaard van opleiding gedurende daardie tyd redelik goed. TOD (1968:1.1) haal onder andere in dié verband vir A.K. Bot aan:

As far as the standards and methods of instruction are concerned, the Gymnasium in Pretoria was both in organisation and staff probably unequalled in South Africa.

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het egter 'n skielike einde aan hierdie onderneming gemaak.

Mnr. E.B. Sargant, wat in 1900 Direkteur van Onderwys vir die twee gewese Boererepublieke (Transvaal en die Oranje Vrystaat) geword het, het in die konsentrasiekampe onderwys vir 17,000 kinders in Transvaal en 12,000 in die OVS, georganiseer. Ongeveer 300 leerkragte was uit Engeland hiervoor ingevoer. Na die vredesluiting belê die Direkteur van Onderwys 'n onderwyskonferensie, van 1-10 Julie 1902 in Johannesburg (TOD 1968:1.1). Hierdie konferensie wat deur sowat 1,000 onderwysers bygewoon is, het tot die oprigting van normaalskole vir onderwysersopleiding gelei (Oberholzer 1952:17).

## **2.8.1 Onderwyskollege Pretoria (1902-1995)**

### **a) Ontstaan**

In Goewermentskennisgewing no. 396 van 1902, gedateer 13 Augustus 1902 word voorwaardes vir die oprigting van "Normal Schools in Transvaal" gepubliseer. Daarna word agt erwe in Sunnyside, Pretoria vir die doel aangekoop (TOD 1968:1.2).

Die Onderwyskollege Pretoria het amptelik op 2 September 1902 tot stand gekom toe die eerste student, mej. M.E. Bosman, haarself by mnr. H.S. Scott ingeskryf het. Hy was die eerste waarnemende hoof van die inrigting. Oberholzer (1952:27) haal J.E. Adamson se woorde aan soos hy dit in sy eerste rapport geskryf het:

The Pretoria Normal School may be said to date from the 2nd September 1902, when the first student - a Dutch girl named Bosman it is significant to note - came into residence.

Aan die einde van die stigtingsjaar was daar negentien dames wat hulle aan hierdie inrigting ingeskryf het (TOD 1968:1.7).

### **b) Groei en ontwikkeling**

'n Gebeurtenis wat 'n invloed op die destydse Normaalkollege gehad het, was die sluiting van die Johannesburgse Onderwyskollege wat Oktober 1902 geopen het en weer Maart 1903 weens omstandighede gesluit het. TOD (1968:1.7) beskryf die gebeure soos volg:

... in Maart 1903 is die 36 dames en vier mans wat daar studeer het, na Pretoria oorgeplaas. Weens gebrek aan woongeriewe op die kollege terrein is die dames in die teenswoordige Hamiltonskool in Visagiestraat gehuisves ... Die inrigting was sedert 9 Maart 1903 as Die Transvaalse Normaalkollege bekend.

Dit is interessant dat die geskiedenis homself negentig jaar later in 1992 herhaal het toe die Goudstadse Onderwyskollege in Johannesburg met die Onderwyskollege Pretoria geamalgameer het en studente ook na Pretoria oorgeplaas is soos in 1902 die geval was.

Mnr. J.E. Adamson was die eerste permanente hoof van hierdie inrigting en het baanbrekerswerk in die beginjare gedoen. In 1905 word mnr. Adamson bevorder tot Direkteur van Onderwys. Oberholzer (1952:49) beskryf hierdie tyd as 'n pioniersfase:

Ons noem dit nadruklik 'n pioniersfase, nie alleen in verband met hulle wat opleiding en onderrig verskaf het nie, maar ook en veral in verband met hulle wat hulle in die beginjare vir opleiding aangemeld het. Deurgaans moet in gedagte gehou word dat die inrigting in die naweë van 'n verpletterende en so goed as alles vernietigende oorlog begin is.

Mnr. Adamson was deur mnr. E. Gamett opgevolg en was vir die daarop volgende sestiën jaar hoof van die Kollege gewees.

Sedert 1906 word die opleiding van onderwysers oor twee jaar versprei en reeds vanaf 1910 word daar aan praktiese onderwys aandag gegee:

Deeglike aandag is aan proefonderwys en onderwystegniese geskenk. So is daar in 1910 ses weke skoolpraktyk ingestel en in 1911 is demonstrasielesse ingevoer waarvoor laerskoolleerlinge twee dae per week na die inrigting gebring is (TOD 1968:1.8).

Sedert 1912 het studente 'n keuse van taalmedium gehad en geleidelik het die klem na Afrikaans verskuif, sodat Afrikaans van 1920 af as mede-amptelike taal aan die inrigting gebruik is (TOD 1968:1.9).

Vanaf 1920 was die gekombineerde Graadonderwysers-tweedeklassertifikaat ingestel, en vir die Derdeklas-sertifikaat was 'n jaar verblyf aan die Universiteit vereis (Oberholzer 1952:86).

Mnr. Gamett word in 1921 opgevolg deur dr. N.M. Hoogenhout wat tot 1928 hoof van die inrigting was. Hy word in 1928 opgevolg deur mnr. A.J. Louw. Hoewel dit depressiejare was, het die inrigting gedurende hierdie tydperk tog vooruit gegaan.

In 1933 word die Pretoriase Normaalkollege 'n suiwer Afrikaanse en Christelike inrigting. In 1934 word prof. J.S. van Heerden hoof van die Pretoriase Normaalkollege. Onder prof. van Heerden het die Kollege sy eie sportkleure en Kollegelied gekry (TOD 1968:1.10).

In 1937 is 'n vierjarige, gekombineerde Universiteits- en Diplomakursus ingestel. Die driejarige kursus is egter gehandhaaf, naamlik een jaar aan die Universiteit en twee jaar aan die Onderwyskollege (Oberholzer 1952:105).

Die A.H. du Preez van Wyk-biblioteek is in die jaar 1954 in gebruik geneem (TOD 1968:1.10).

Vir die volgende vyf dekades (1940-1990) het die Onderwyskollege Pretoria van krag tot krag gegroei. Duisende onderwysers is by hierdie instansie professioneel opgelei en gevorm op akademiese, godsdienstige, sport- en kultuurgebiede.

Gedurende die tagtigerjare het hierdie Kollege 'n bloeitydperk beleef. Die studentetal het gedurende hierdie jare gegroei tot 2066 studente gedurende 1985 (Onderwyskollege Pretoria. Biblioteek 1986:3). Na 1985 het die studentetal begin afneem en het die invloed van rasionalisasie duidelik sigbaar geword. Die studentetal het elke jaar verminder tot daar 1073 studente in 1991 was (Onderwyskollege Pretoria. Biblioteek 1991:15).

Na die amalgamerings met Goudstadse Onderwyskollege het die studentetal weer effens gestyg tot 1393 studente in 1992. Rasionalisasie en die algemene beroepsonsekerheid het egter die studentetal steeds laat daal tot 1243 studente in 1993 (Onderwyskollege Pretoria. Biblioteek 1993:13) en slegs 1117 studente in 1994 (Onderwyskollege Pretoria. Studenterekords 1995).

## **2.8.2 Heidelbergse Onderwyskollege (1909-1967)**

### **a) Ontstaan**

Aan die einde van 1902 is "Die Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelyk Nasionale Onderwys" in die lewe geroep wat 'n belangrike rol gespeel het by die ontstaan van 'n Normaalkollege (Rademeyer 1964:10). Rademeyer (1964:10) beskryf die verloop van sake soos volg:

In 1903 is dan begin met die "Vrye Christelyk Nasionale Skole" waarvan die vernaamste doelstelling was om sonder die inmenging van die Britse owerheid 'n eie nasionale stempel op die onderwys af te druk. Die CNO- privaatskool sou vir die Afrikaner die rigting moet aanwys, hom bewaar van ontstamming en die tradisies, kultuurgoodere en godsdiens van die volk in ere hou.

Die getal CNO-skole het so uitgebrei, dat daar 'n tekort aan onderwysers was. Sedert 1903 word daar te Heidelberg gepoog om in hierdie tekort te voorsien. Die skoolkommissie van die Heidelbergse Volkskool besluit in 1904 om vir hierdie doel aan die skool 'n normaalklas te verbind. Die CNO-leergang was elementêr, maar baie prakties en is daar uitstekende volksbehoudende werk gedoen (TOD 1968:1.12). TOD (1968:1.12) skets die gebeure soos volg:

Toe die Smutswet van 1907 in werking tree, het die CNO-skole met die staatstelsel saamgesmelt. As proefneming is voortgegaan met opleiding van onderwysers aan die Heidelbergse Volkskool volgens die kwekelingstelsel.

Op 31 Augustus 1908 word die Onderwysdepartement deur die skoolkommissie versoek om die normaalklas aan die Volksskool oor te neem. Op 12 Maart 1909 kry Heidelberg 'n erkende Kollege vir onderwysersopleiding, en open met 67 studente, met mnr. T.A.H. Dönges as eerste hoof (TOD 1968:1.12).

## b) Groei en ontwikkeling

Die eerste student het reeds op 8 Maart 1909 geregistreer. Hy was mnr. J.A. Oberholzer van Zoutpansdrift, Brits. Rademeyer (1964:25) skryf die volgende aangaande die taalmedium wat gebesig was:

Kragtens die Onderwyswet van 1907 moes twee vakke, benewens "Bybelgeskiedenis", deur medium Hollands doseer word, nl. Geskiedenis en 'n gedeelte van Aardrykskunde. Alle ander vakke, behalwe Hollands, is deur medium Engels doseer.

In 1910 kry die Kollege sy Kollegewapen en sy Kollegelied (Rademeyer 1964:34-35). Eers in Mei 1914 kon die Normaalkollege na sy eie terrein verhuis. Daar was 'n aantal lesinglokale, 'n saal, 'n wetenskapslokaal en 'n biblioteek. Koshuise kon nie opgerig word nie as gevolg van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Tydens die griep-epidemie van 1918 is die koshuise omskep in hospitale waar personeel en studente waardevolle verpleegdiens gedoen het (TOD 1968:1.13).

Gedurende die tydperk van dr. G.J. Jordaan is 'n graadkursus in samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika ingestel (TOD 1968:1.14).

Die Heidelbergse Onderwyskollege het 'n bloeitydperk beleef toe daar skielik aangekondig word dat die kollege moet sluit. TOD (1968:1.15) het dit soos volg verwoord:

Die berig is tydens Oktober 1967 ontvang dat die Heidelbergse Onderwyskollege aan die einde van die jaar sou sluit en dat sy terrein deur die weermag oorgeneem sou word. Die laaste amptelike funksie van die Kollege was die promosieplegtigheid op 2 Desember 1967 waarby 267 diplomas uitgereik is deur die Direkteur van Onderwys, Mnr. A.J. Koen.

## 2.8.3 Johannesburg College of Education (1909-1995)

### a) Ontstaan

Soos reeds vermeld is in paragraaf 2.8.1, is die eerste Johannesburgse Onderwyskollege gestig in Oktober 1902. Ses en dertig dames en vier mans het aan hierdie inrigting studeer. Die Kollege moes ongelukkig na 'n jaar weer sluit gedurende Maart 1903 en is dié studente na Pretoria oorgeplaas, waar die Kollege as "Die Transvaalse Normaalkollege" bekendgestaan het (TOD 1968:1.7). Die Johannesburg

College of Education se ontstaan volg in die jaar 1909, toe die instansie met 66 studente en vier dosente begin het. Die Kollege was eers in tydelike geboue gehuisves tot Augustus 1915 toe die Kollege in Braamfontein nuwe geboue betrek het (TOD 1968:1.15).

#### a) Groei en ontwikkeling

Die Kollege het stadig ontwikkel, maar het tog vooruit gegaan. Die TOD (1968:1.15) beskryf die gebeure soos volg:

In 1917 close co-operation with the School of Mines, the precursor of the present University of the Witwatersrand, was established. The principal of the College, Reith MacGreggor became Professor of Education and Psychology, and students of the College attended lectures in the arts and sciences.

In die jare wat gevolg het, het die Kollege stadig maar seker gegroei van 225 studente in 1916, na 369 in 1940. Daar moet in gedagte gehou word dat die Tweede Wêreldoorlog ook 'n remskoen was in die uitbreiding van die studentetal. Teen 1957 was daar 861 studente en tien jaar later het die studentetal uitgebrei na 1715 (TOD 1968:1.16).

Sedert 1955 word 'n vierjarige kursus aangebied. TOD (1968:1.16) beskryf die samewerking met die plaaslike universiteit soos volg:

One of the first measures of the Regional Committee was to review the relations between the University and the Teachers' Training College, as it was then known. The consequence was the introduction of a four-year course consisting of academic training at the University leading to a degree followed by a year of professional training at the College itself. Relationships between the College and University were strengthened.

Die TOD (1968:1.17) som die oogmerke van die Kollege soos volg op:

This institution was at first called The Normal College, but in later years the name was changed to the Teachers' Training College. Today it is the College of Education, but the aim of the College has never varied- to give the best training possible, academically, culturally and physically to English speaking recruits to the teaching profession in the Transvaal.

## **2.8.4 Ermelose Onderwyskollege (1919-1924)**

### **a) Ontstaan**

As gevolg van 'n tekort aan onderwysers het die Uitvoerende Komitee in 1918 besluit om ook in Ermelo 'n onderwyskollege te stig. Hierdie Kollege het in 1919 die lig gesien toe mnr. F.S. Malan die Kollege met 75 studente geopen het.

### **b) Groei en ontwikkeling**

Hierdie Kollege kon nie regtig groei en ontwikkel nie, aangesien die studentetal afgeneem het in plaas van om te groei. TOD (1968:1.18) omskryf dit soos volg:

Die inskrywing vir 1924 was 51 studente vir die tweede jaar van O.3, 29 vir die eerste jaar van O.3 en 46 kandidate in die voorbereidingskollege. Die inskrywing van die studente het met ander woorde 'n daling getoon. Die Uitvoerende Komitee het om die rede besluit om die Ermelose Kollege aan die einde van 1924 te sluit.

## **2.8.5 Potchefstroomse Onderwyskollege (1919-1995)**

### **a) Ontstaan**

Pistorius (1969:31) skets die agtergrondsgeskiedenis soos volg:

Potchefstroom, die oudste dorp noord van die Vaalrivier, was nog altyd 'n onderwyssentrum. Van die eerste drie Hollandse onderwysers wat in 1851 deur bemiddeling van J.A. Smellekamp na Transvaal gekom het om in die nood van die pioniers te help voorsien, het een, H. van der Linden, na Potchefstroom gekom en hier die eerste wetlike reglement vir die reëling van die onderwys in Transvaal opgestel. Die eerste skoolkommissie in Transvaal het eweneens in hierdie dorp in werking getree ...

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is die eerste konsentrasiekampskool in Transvaal te Klerksdorp opgerig, wat destyds 'n klein plekkie was en administratief onder Potchefstroom ressorteer het. In Potchefstroom self is ook 'n kampskool opgerig. Dit is dus begryplik dat dit 'n logiese ontwikkeling sou wees om een van die nuwe Normaalskole wat nodig geword het, hier te vestig.

Die skoolraad van Potchefstroom het in Mei 1918 'n opname van alle studente in Wes-Transvaal gedoen, wat aan die verskillende Normaalskole gestudeer het. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n Normaalkollege noodsaaklik was (TOD 1968:1.19).

Die amptelike opening van die Potchefstroomse Onderwyskollege het plaasgevind op 23 April 1919, om half-vier die middag, toe die destydse Direkteur van Onderwys, dr. (later Sir) John Adamson, die nuwe inrigting vir die opleiding van onderwysers in Wes-Transvaal geopen het (Pistorius 1969:35). Die eerste student wat aangemeld het, was mnr. M.C. Stoffberg (Pistorius 1969:31).

## b) Groei en ontwikkeling

Die terrein van die Kollege was geleë op die hoek van Stasie- en Lombardstrate, op die terrein van die Potchefstroom College High School for Boys. Die eerste hoof was mnr. J.S. van Heerden (later professor).

Met die verloop van jare het die oorspronklike sinkbarakke waarin die Kollege gehuisves was die een na die ander verdwyn en is sierlike steengeboue opgerig (TOD 1968:1.21).

Reeds van 1921 af werk die Kollege saam met die PU vir CHO. Sedert 1921 kon studente vir 'n BA-O.2-kursus inskryf, wat in samewerking met die universiteit aangebied is (Pistorius 1969:45).

In 1921 was die studentetal maar 24 (Pistorius 1969:46). Gedurende die eerste 30 jaar het die studentetal aangegroei tot 400, en sedert 1963 is die studentetal bo 1200 (TOD 1968:1.21).

In die geskiedenis van die POK was 1923 'n donker jaar. Pistorius (1969:47) beskryf dié kritieke tyd soos volg:

Die Departement van Binnelandse Sake besluit om die gewese militêrekamp in Witrand te gebruik vir 'n inrigting vir swaksinniges. Verskillende faktore en omstandighede bring die Kollege se voortbestaan in gevaar. ... Daar is 'n oorskot aan onderwysers en as deel van die besuinigingsmaatreëls word die opleidingsinrigting te Ermelo gesluit. Potchefstroom is ook in gedrang.

Hoewel daar aanvanklik besluit was dat POK ook daardie tyd moes sluit (Pistorius 1969:47), het die Kollege nogtans dié krisis oorleef, soos dit ook in 1992 die geval was toe die geskiedenis homself weer eens herhaal het. (POK, JCE en NKP was die enigste kolleges in Transvaal wat die onlangse rasionalisasie oorleef het).

## 2.8.6 Goudstadse Onderwyskollege (1961-1991)

### a) Ontstaan

'n Nuwe onderwyskollege met Afrikaans as voertaal, het op aandrang van die Afrikanergemeenskap van die Witwatersrand, aan die begin van 1961 in die gebou van die eertydse Con Cowan High School, Cottesloe geopen.

Sy Edele mnr. F.H. Odendaal, die destydse Administrateur, benoem op 21 April 1960 die lede van die eerste streekkomitee en op 7 November 1960 aanvaar prof. A.W. Müller diens as die eerste Rektor.

Daar word besluit op die naam **Goudstadse Onderwyskollege**, tydens 'n vergadering van die streekkomitee, op 1 Desember 1960 (TOD 1968:1.22).

Op 6 Februarie 1961 kon die eerste amptelike lesings vir na-uurse diplomastudente en die ongekontroleerde praktiese onderwys vir die voltydse studente - almal eerstejaars - 'n aanvang neem.

Op 27 Februarie 1961 het die eerste lesings vir die voltydse studente begin. Dieselfde aand het die amptelike totstandkoming en opening van die Kollege deur die destydse Administrateur, sy Edele F.H. Odendaal ... en die destydse Direkteur van Onderwys van Transvaal, dr. A.H. du P. van Wyk, plaasgevind (GOK 1970:13).

### b) Groei en ontwikkeling

Die groei en ontwikkeling van hierdie Kollege was op feitlik elke gebied in meer as een opsig uniek en fenomenaal (GOK 1970:13).

Die eerste permanente lesinggeboue, is reeds in September 1964 in gebruik geneem (GOK 1970:17). Aan die einde van 1967 is begin met die oprigting van die nuwe administratiewe gebou, laboratoria, lesinggeboue en die kollegebiblioteek (TOD 1968:1.23).

Met die Kollege se kwart eeufeesvieringe, word die volgende woorde deur die eertydse Rektor, prof. A.W. Müller in die Kollege se gedenkboek geskryf:

Na 'n beskeie begin op 21 Februarie 1961, het die Onderwyskollege Goudstad oor die jare heen gegroei tot 'n tersiêre inrigting wat met reg trots is op sy pretasies en tradisies (GOK 1987:4).

Een van die spesifieke mikpunte wat GOK vir homself gestel het in sy eerste vyf en twintig jaar, was om as volwaardige tersiêre inrigting plek in te neem naas ander tersiêre inrigtings. Dit het GOK dan ook reg gekry deur hoë akademiese standaarde te handhaaf.

Die Goudstadse Onderwyskollege het die opkoms van die Afrikaanse student op die Witwatersrand gesimboliseer en het dan ook die basis gevorm vir die tot standkoming van die Randse Afrikaanse Universiteit (GOK 1970:7).

In 1979 word die Kollegesenaat ingevolge die ooreenkoms tussen die Administrateur en die RAU ingestel, en die vestiging van akademiese outonomie word 'n werklikheid. Die Kollege se eie senaat word die hoogste akademiese gesagsliggaam. Die senaat kon van 1979 af self reëlings tref met betrekking tot sake soos sillabusse, eksaminering, modurering en diplomering (GOK 1987:36).

Die studentetal het gegroei van 155 studente in 1961, na 1220 in 1970 (GOK 1970:13). Gedurende die sewentigerjare was daar nie noemenswaardige groei in die studentetal nie, want in 1978 was die studentetal maar 1223 (GOK Jaarverslag ... 1978:7). In 1980 was daar 1168 studente (GOK Jaarverslag ... 1980:7). Die jaar 1985 was 'n rekordjaar met 1438 studente, voor rasionalisasie (soos ook by die ander kolleges die geval was) die studentetal laat daal het (GOK Jaarverslag ... 1985:6). Aan die einde van 1989 was daar net 1196 studente (GOK Jaarverslag ... 1989:10).

Die nuus dat hierdie Kollege gaan sluit het vir almal onverwags gekom, aangesien hierdie Kollege slegs vooruitgegaan het en wonderlike opleidingswerk verrig het. Die aankondiging van die Onderwysdepartement gedurende Junie 1991 het vir sommige as 'n skok gekom (Rasionalisering ... 1991:7):

Die Onderwyskollege Goudstad en die Onderwyskollege Pretoria sal op die kampus van laasgenoemde onderwyskollege amalgameer. 'n Nuwe raad vir die geamalgameerde kollege sal oor aangeleenthede soos die aanstelling van 'n rektor en personeel en 'n toepaslike naam vir die kollege besluit. Die amalgameeringsproses sal teen 31 Desember 1993 afgehandel wees en die Onderwyskollege Goudstad sal reeds vanaf 1992 nie meer eerstejaarstudente inneem nie. Die opleiding van bestaande studente op hierdie kampus faseer uit ooreenkomsig 'n program bepaal deur die Transvaalse Onderwysdepartement in oorleg met die twee bestaande kolleges.

Uiteraard het die sluiting van hierdie Kollege ook ingrypende gevolge vir die Onderwyskollege Pretoria ingehou. Die oorplasing van studente was nie 'n maklike saak nie, soos dit ook in die *Citizen* (1991:10) van daardie jaar gepubliseer was. Daar was van 39 dosente, aan die einde van 1991 afskeid geneem. Sommige het pakkette geneem en enkeles is na NKP oorgeplaas. Daar was ook 500 studente wat na NKP oorgeplaas moes word.

Die oorplasing van Goudstadse Onderwyskollege se administrasie, voorraad en veral die oorplasing van die Kollegebiblioteek se hele versameling en biblioteekmeubels was 'n enorme taak en het die hele jaar

(1992) geneem voordat alles afgehandel was. Gelukkig kan gesê word dat alles, hoewel dit ingrypend was, goed afgeloop het.

## **2.8.7 Onderwyskollege van Suid-Afrika (1968-1995)**

### **a) Ontstaan**

Die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding (OKVO) het sy oorsprong te danke in Omsendbrief Nr. 128 van 1967, waarin bekendgemaak is dat vanaf Januarie 1968, aan onderwysers in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement, geleentheid gegee sou word om hulle kwalifikasies te verbeter (Posthuma 1992:1).

Daar het 'n behoefte by onderwysers van die sestigerjare bestaan om hulle kwalifikasies te verbeter deur middel van korrespondensiekursusse, veral ten opsigte van die sogenaamde "skaars vakke", te wete Wiskunde, Fisika, Chemie, Engels, Afrikaans, Plant- en Dierkunde en Rekeningkunde.

NKP, asook POK en GOK was aanvanklik verantwoordelik vir korrespondensielesings. NKP het van hulle geboue vir hierdie doel beskikbaar gestel.

'n Komitee onder voorsitterskap van prof. J.H. Jooste, het op 12 Februarie 1968 die beplanning begin doen ten opsigte van die administrasie en die tot standkoming van 'n selfstandige onderwyskollege (OKVO) (Posthuma 1992:1). Dit het dan ook op 22 Februarie 1974 'n werklikheid geword, soos die TOD (1976:88) dit in sy Eeufeespublikasie stel:

In 1974 word die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding geopen en sedertdien behartig hierdie Kollege, in samewerking met UNISA, die verdere opleiding van Onderwysers.

Dr. H.C. Boshoff, voormalige Rektor van die Heidelbergse Onderwyskollege, word in Januarie 1974 aangestel as die eerste Rektor van die OKVO - 'n pos wat hy tot Junie 1982 beklee het.

Onderwysers kon hulle kwalifikasies verbeter deur middel van afstandsonderrig, die wat in besit was van 'n tweejarige diploma (O2) kon 'n driejarige diploma verwerf en 'n onderwyser met 'n driejarige diploma kon 'n vierde jaar byvoeg.

Onderwysers kon hulle ook deur middel van afstandsonderrig in sekere vakke verder bekwaam, wat die behoefte aan skaars vakke help verlig het (Posthuma 1992:2).

'n Samewerkingsooreenkoms is tussen die TOD en die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) aangegaan in 1973. Posthuma (1992:2) verduidelik die ooreenkoms soos volg:

Ingevolge dié ooreenkoms sou 'n outonome onderwyskollege, wat deur ordonnansie tot stand sou kom, vanaf Januarie 1974 in samewerking met UNISA voorsien die verdere opleiding van onderwysers op permanente en gesentraliseerde basis. Ten grondslag van hierdie besluit het die uitgangspunt van die TOD, dat verdere opleiding voortaan 'n logiese voortsetting van basiese opleiding sou wees, gelê.

Die klem het verskuif van skaarsvak-opleiding na verdere opleiding waaronder verstaan word onderwys- en opleidingsgeleenthede waardeur die onderwyser verdere of hoër kwalifikasies behaal met die oog daarop om hom/haar beter vir sy/haar huidige of 'n moontlike of toekomstige bevorderingspos te bekwaam.

Gedurende 1974 het die OKVO geboue in Rissikstraat, Pretoria betrek en 31 dosente het daardie jaar diens aanvaar. Posthuma (1992:3) verskaf die volgende inligting:

'n Getal van 695 studente het in daardie jaar vir vier diplomas ingeskryf, naamlik 'n Onderwysdiploma (OD), 'n Hoër Onderwysdiploma (HOD), 'n Verdere Diploma in Onderwys (VDO) en 'n VDO (Minimale Breindisfunksie).

Gedurende Julie 1974 is die eerste vakansiekursusse aangebied wat sedertdien 'n integrale deel van die verdere opleidingsprogram geword het.

Sedert 1975 erken UNISA die vakke wat deur OKVO aangebied word vir verdere graadstudie by UNISA of 'n ander universiteit. 'n Kursus wat hieruit voortgespruit het was die VDO (Skoolvakke). Sommige studente het inderdaad na die behaling van die VDO (Skoolvakke), hulle studies by UNISA voortgesit, waarvan sommige intussen tot op doktorale vlak gevorder het (Posthuma 1992:3).

## b) Groei en ontwikkeling

Die OKVO het dinamies gegroei. In April 1980 is begin met die onderrig van Afrikatale, in 1981 word Onderwyskunde as vak ingevoer, in 1982 Onderwysbestuur en in 1983 Onderwysmediakunde en die VDO (Begaafdekindonderwys), asook 'n rekenaarsentrum word in gebruik geneem. In 1984 word die VDO (Tegniese vakke) ingestel en in 1990 die VDO (Opvoedkundige leiding).

Posthuma (1992:4) beskryf die verdere groei van die Kollege soos volg:

In 1988 het 2995 studente registreer - die grootste getal sedert die totstandkoming van die Kollege. Teen 1992 het die OKVO kursusse in 25 studierigtings, wat 29 diplomas verteenwoordig, aangebied.

'n Verdere ontwikkeling het in hierdie jaar plaasgevind toe begin is met die onderrig aan studente oor die hele Suidelike Afrika - ongeag tot watter bevolkingsgroep sodanige student behoort. Dit het uiteraard die kliëntebasis van die OKVO verbreed en teen April was 3278 studente geregistreer.

Die OKVO betrek 18 jaar na die amptelike opening van die Kollege, 'n gebou wat spesiaal vir verdere opleiding ontwerp is, naamlik 'n gebou op die nuwe NKP-kampus.

Sedert die Kollege oopgestel is vir die verdere opleiding van **alle** onderwysers in Suid-Afrika en OKVO die enigste instansie vir die verdere opleiding van onderwysers in Suid-Afrika is, is daar besluit om die instansie se naam te verander na die Onderwyskollege van Suid-Afrika (OKSA), (Posthuma 1992:5).

Vanaf 1 Januarie 1992 staan die instansie dus as OKSA bekend. Met die nuwe missie van OKSA om onderwysers van alle bevolkingsgroepe op te lei, het meegebring dat daar 'n groot opleidingstaak op OKSA wag.

Ten Julie 1993 was daar 6600 studente aan hierdie Kollege geregistreer en gedurende Februarie 1995 is 'n rekordgetal van 11800 studente reeds aan OKSA geregistreer (Onderwyskollege van Suid-Afrika 1995). Posthuma (1992:6) sê die volgende oor die fenomenale groei van die Kollege:

Dit blyk duidelik dat OKSA se groei sedert 1974 dinamies was. Gegewe dat onderwys in die toekoms 'n regeeringsprioriteit sal wees, behoort OKSA in die jaar 2000 steeds as voorloper betreffende verdere opleiding, binne te gaan.

## **2.8.8 Pretoria College of Education (1980-1992)**

### **a) Ontstaan**

'n Aankondiging word tydens 'n diplomaplegtigheid van NKP gemaak deur die voormalige Direkteur van Onderwys, prof. J.H. Jooste, op 30 November 1978, dat 'n nuwe Engelse onderwyskollege in Pretoria geopen gaan word.

Dr. K.R. Paine word as die eerste Rektor benoem en hy begin sy werksaamhede in die ou Hillview High School op die hoek van Boom- en Du Toit strate gedurende April 1979. Die Pretoria College of Education (PCE) word amptelik op 15 Januarie 1980 geopen met 104 studente en 11 dosente (Pretoria College of Education 1980:9).

Kursusse wat by PCE aangebied is, was die Hoër onderwysdiploma (HDE) in Junior Primêr en Senior Primêr, asook 'n B Prim Ed in Senior Primêr wat in samewerking met UNISA aangebied was.

## b) Groei en ontwikkeling

Die Kollege het vinnig gegroei en ontwikkel. In die gedenkboek wat met die Kollege se tiende verjaarsdag uitgegee is, word die volgende gesê:

During the period 1982 to 1984 the College saw growth which was not only rapid, but which also tended to outstrip the pace at which the necessary provision of facilities and infrastructure could be made. From an enrolment of some 126 students at the end of 1981, the student body grew to a total of some 530 by the end of 1984 (Pretoria College of Education 1980:6).

Dr. E.H. Davies was Rektor van 1982-1984 en prof. R.M. Yule het hom in 1985 opgevolg. Gedurende 1985 was daar 480 studente by PCE geregistreer met 50 dosente wat hulle onderrig het.

Gedurende Maart 1988 verhuis die Kollege na 'n nuwe kampus, naamlik na die ou kampus van NKP. Die Kollege kon egter vir net nog vier jaar op hierdie kampus voortbestaan tot 1992, toe rasionalisasie veroorsaak het dat ook hierdie Kollege moes sluit.

Daar kan gesê word dat hierdie Kollege suksesvol in sy missie was en dat goeie professionele opleiding aan studente gegee was. Prof. R.M. Yule het die volgende per geleentheid gesê:

The Pretoria College of Education prides itself on being a highly personal institution, where each student is known by name to members of staff ...

The student body of the staff is of the highest calibre, and is a happy community because of the close co-operation which exists between all members of the College, staff and students alike.

We welcome all who wish to make a contribution to the life of the College and, ultimately, to the lives of countless schoolchildren across the length and breadth of the province! (Pretoria College of Education 1980:3).

Die Pretoria College of Education het einde Oktober 1992 sy heel laaste saalopening gehou.

## 2.9 DIE ONDERWYSKOLLEGE VAN DIE TOEKOMS

Op 23 November 1983 het die eerste *Witskrif oor onderwysvoorsiening in die RSA* die lig gesien, waarin die beginsels vir onderwysvoorsiening wat deur die RGN destyds voorgestel is, aanvaar is (Witskrif 1983:par.3.1 p.3).

Daar word volgens Van der Stoep (1983:4) voorgestel dat die begrip "basisonderwys" en nie "primêre onderwys" nie, gebruik sal word. Hierdie aanbeveling beteken dat 'n belangrike klemverskuiwing

plaasvind ten aansien van wat as "primêre onderrig" bekend staan. Volgens Van der Stoep (1983:4) het dit geblyk dat die onderontwikkelde lande teen die einde van die sewentigerjare die "ideaal" van "primêre onderwys" net nie kon bereik nie en is die konsep "basiese onderwys" as 'n parallel ontwikkel in veral die nie-formele sektor, dit wil sê buite skoolverband. Die bedoeling was om op grond daarvan te kompenseer en 'n vorm van aanvangsonderwys te verskaf vir die mense wat hoegenaamd nie die geleentheid kon kry om formeel skool te kon gaan nie. Die rede vir die keuse van die konsep "basisonderwys" was dat dit vir alle bevolkingsgroepe 'n minimum vaardigheid vereis het, naamlik funksionele geletterdheid en syferkundigheid.

Dit het dus die moontlikheid geskep om ander soorte opleiding by die skoolstelsel te integreer, of dit kon ook as 'n verlengstuk aan basisonderwys gekoppel word, ten einde voortgesette onderwys moontlik te kon maak.

Nog 'n begrip wat deur die RGN voorgestel was, was die van "loopbaanonderwys". Volgens Van der Stoep (1983:7) sal daar moontlik in die jare 2000 die probleem ervaar word, dat die land nie meer al die matrikulante wat jaarliks afstudeer, sal kan huisves in die huidige infra-struktuur van die volkshuishouding nie. Daar sal dus vroegtydig besin moet word oor die wyse waarop hierdie probleme in die toekoms die hoof gebied gaan word. Daarom die aanbeveling van die verslag dat hulle in 'n diverse voorsiening van loopbaanonderwys opgeneem moet word.

Van der Stoep (1983:8) het reeds in 1983 voorgestel dat die tradisionele kurrikula van onderwyskolleges sal moet verander om by die snel veranderende samelewing aan te pas:

Hierdie klemverskuiwing dwing dus 'n nuwe rasionaal by onderwysersopleiding na die oppervlakte waarvan ons sal moet kennis neem. 'n Beginsel wat in die afgelope tyd oral in die wêreld uitkristaliseer, is dat 'n ander "soort" kurrikulum naas die sogenaamde tradisionele kurrikulum beteken is vir die hedendaagse samelewing.

Dit gaan hier om 'n funksionele kurrikulum waarin die doelwit van die onderrig nie net alleen bestaan om die lerende persoon in sy vak in te lei nie, maar om hom funksioneel te onderrig ten opsigte van wat hy moet kan doen as hy die samelewing van volwassenes betree (Van der Stoep 1983:9).

Die klem verskuif na die praktyk. Die vakdidaktieke van die onderwyskolleges sal noodwendig moet verander. Daar sal sprake wees van "formele onderwys" wat insluit: "basisonderwys" wat oorgaan in "akademiese onderwys" met die uiteindelijke eindpunt "tersiêre onderwys", óf "basisonderwys" wat oorgaan in loopbaangerigte onderwys, wat beroepsgeoriënteerde onderwys en werkgeoriënteerde onderwys insluit. Dan is daar ook die nie-formele onderwys en informele onderwys (dit wil sê onderwys sonder 'n kurrikulum) wat as 'n verlengstuk van basisonderwys gesien moet word.

In 1991 het die Departement van Nasionale Opvoeding (1991:1-11) 'n besprekingsdokument uitgegee, naamlik *'n Kurrikulummodel vir Onderwys in Suid-Afrika*, wat Van der Stoep se voorspellings oor die

onderwys van die toekoms opgevolg het. In hierdie dokument (Departement van Nasionale Opvoeding 1991:3-4) word melding gemaak van "Pretersiêre Beroepsonderwys" en "beroepsgerigte vakke", wat in lyn is met wat Van der Stoep in 1983 reeds geantisipeer het.

Nog verdere dokumente het gevolg, naamlik *Onderwysvernuwingstrategie: Besprekingsdokument (1991)*; en *Onderwysvernuwingstrategie: Bestuursoplossings vir Onderwys in Suid-Afrika (1992)*, waaroor Kruger (1993:14) die volgende kritiek uitspreek:

In *Onderwysvernuwingstrategie (1991:79)* "word geen onderskeid gemaak tussen primêre en sekondêre onderwys nie of tussen verpligte en vrywillige onderwys nie.

Die Minister van Nasionale Opvoeding het aan die einde van Januarie 1993 'n verdere dokument, *Onderwysvernuwingstrategie: Bestuursoplossings vir Onderwys in Suid-Afrika (1992)*, vrygestel. Hierdie dokument is die resultaat van kommentaar, vervat in meer as 200 voorleggings, wat op die vorige besprekingsdokument ... ontvang en verwerk is. Anders as die vorige dokument, bevat hierdie dokument geen aanbevelings nie, alleen maar standpuntstellings. Dit is duidelik dat hierdie nuwe dokument die regering se standpunt oor die onderwys in 'n nuwe staatkundige bedeling weerspieël. Uiteraard moet dit nog op die onderhandelingsstafel gelê word vir bespreking met die ander betrokkenes by die staatkundige onderhandelingsproses.

'n Verdere dokument *Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding* van die Minister van Onderwys het op 7 Oktober 1994 verskyn. Die volgende word gesê aangaande die *Konsepwitskrif*.

Weliswaar was dit die ANC wat die vorige regering verhoed het om die aanbevelings wat in die *Onderwysvernuwingstrategie* ondersoek na vore gekom het, te implementeer. Die *Konsepwitskrif* vertoon nie soveel anders as die *Onderwysvernuwingstrategiedokument* nie en die geskiedenis mag dalk nog tot die gevolgtrekking kom dat die vertraging wat om politieke redes bewerkstellig is, 'n groot ondiens aan die onderwys bewys het.

Die *Konsepwitskrif* het as besprekingsdokument uitnemend daarin geslaag om opnuut die breë gemeenskap se aandag sterk op die onderwys te fokus. Dit vorm tans die basis vir vrugbare debatvoering en uiteenlopende belangegroep binne die Suid-Afrikaanse samelewing is tans besig om kommentaar voor te berei. Meer as 30 instansies met insluiting van die Federale Onderwysers raad, die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika en die Unie van Onderwysersverenigings in Suid-Afrika het ook mondelinge getuienis gelewer voor die betrokke gekose komitees van die Parlement (Witskrif ... 1994:2).

Dit wil dus voorkom of alles tans in die lug bly hang. Nie een van bogenoemde besprekingsdokumente wat verskyn het, kon nog geïmplementeer word nie. Van die voorstelle wat in die laasgenoemde dokument gemaak word, word opsommenderwys in Witskrif ... (1994:2) gepubliseer. Hierdie inligting

vind mooi aansluiting by die voorspellings wat Van der Stoep (1983:9) gemaak het en gee ook verdere perspektief op die onderwys van die toekoms:

Verpligte gratis onderwys en die insluiting van 'n voorskoolse jaar by die formele onderwysvoorsiening, plaas onmiddellik 'n aansienlike bykomende las op die onderwysbegroting.

Saam met die rasionalisering van personeelvoorsieningskale sal na alle waarskynlikheid ook ingrypende veranderinge in die skoolkumkulum geleidelik ingevoer word. Nie net vakinhoud nie, maar ook vakmetodieke waarin die klem sterk op die fasiliteringsrol van die onderwyser geplaas word, word in vooruitsig gestel. Hoewel klem gelê word op die feit dat die stelsel nie gedestabiliseer moet word nie, is dit duidelik dat groter klasgroepe, die heterogene samestelling van klasgroepe uit die verskillende bevolkingsgroepe, nuwe sillabusinhoud en metodieke en 'n nuwe kultuur van skoolbeheer sy merktekens op die totale stelsel gaan laat. ...

Weinig voorbeelde kan gevind word van gunstige verwysings na die bestaande bedeling en dit wil voorkom asof goed funksionerende deelstrukture of substelsels van die bestaande onderwysstelsel totaal oor die hoof gesien word.

Die *Konseptwitskrif* is nie sonder meriete nie en kan 'n magtige bydrae lewer tot versoening en heropbou in Suid-Afrika. Hy loop egter gevaar om so in politieke hande te val dat hy die instrument kan word van magmisbruik en vergelding.

Elke belanghebbende en rolspeler in die onderwys het 'n dure verantwoordelikheid om nou deel te neem aan die debat wat met die *Konseptwitskrif* geopen is en om so op te tree dat Suid-Afrika en sy mense, en in besonder sy jeug, 'n toekoms het.

Die onderwyskollege van die toekoms sal dus noodwendig nog baie moet verander om te kan aanpas by die veranderende omstandighede. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die blanke onderwyskolleges inderdaad 'n stryd om oorlewing voer, en dat befondsing van die onderwys as 'n geheel 'n al groter probleem word.

Volgens Conacher (1988:43) sal daar met die eeuwending in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel 'n oorskot van bykans 20,000 blanke onderwysers, maar 'n tekort van meer as 55,000 swart onderwysers wees.

Broodryk (1990:16) skryf onder andere die volgende betreffende die probleem:

Ten spyte van die feit dat blanke onderwyskolleges hul missie en funksie vir meer as 'n halfeeu lank suksesvol nagekom het, vind hierdie inrigtings dit al hoe moeiliker om hulself te handhaaf en lyk die toekoms vir hulle bra somber.

Broodryk (1990:16) stel dan ook die volgende drie moontlike oplossings voor:

1. Die desegregering van kolleges deur die instelling van 'n "oop" toelatingsbeleid waarvolgens kolleges self kan besluit oor die toelating van studente van ander rasse.
2. Die uitbreiding van die tradisionele funksie van die onderwyskolleges om ook ander tipes onderwysers op te lei, byvoorbeeld tegniese onderwysers vir die nie-formele onderwys.
3. Die diversifisering van die missie van onderwyskolleges om ook ander opdragte as slegs die opleiding van onderwysers in te sluit.

Bogenoemde oplossings is onder andere ook indirek deur Van der Stoep (1983:8) voorgestel. By sommige kolleges is punt 1 (soos hierbo aangedui) reeds geïmplementeer, byvoorbeeld by JCE is dit reeds praktyk.

Die feit bly egter staan dat blanke onderwyskolleges in die toekoms baie gaan verander. Die De Lange-kommissie (RGN 1981:124) het in 1981 gewaarsku dat

... indien die regverdiging van die bestaan van institusies slegs op basis van 'n te regiede funksiebepaling en toelatingsvereiste geskoei word, dan kan dit beswaarlik lei tot die volle benutting van bestaande infrastrukture en mannekrag van hoër onderwys.

Volgens Broodryk (1990:18) wil dit voorkom asof daar veel breër gekyk moet word. Waarskynlik lê die oplossing in die totale herwaardering van die missie van die onderwyskollege, die eliminerings van sy swakhede en die uitbouing van sy kragpunte. Broodryk (1990:18) omskryf dit so:

Indien blanke onderwyskolleges 'n bestaansreg in die RSA wil hê, sal hulle 'n breër en meer omvattende missie binne die volgende paar jaar moet vestig. Sodoende sal die tipe inrigting sy grootste swaakte, te wete dat hy slegs enkellynige, beroepspesifieke opleiding ondemeem, uitskakel.

Die onderwyskolleges in Transvaal beskik oor ervare, goed opgeleide en gemotiveerde dosentekorpe, wat oor talle kundighede beskik, sowel as oor die nodige infrastrukture. Dit is dus binne die bereik van elke onderwyskollege om van enige nuwe stelsel 'n sukses te maak. Broodryk (1990:18) stel dit so:

Al wat nodig is, is innoverende denke, die wil om aan te pas en die staatkundige raamwerk wat die nodige beweegruimte bied, in ooreenstemming met die verslag van die De Lange-kommissie wat " 'n herdefiniëring van funksies, vlakke en grade waarop gefunksioneer mag word " in die tersiêre sektor bepleit het.

Na die verkiesing in 1994, het die nuwe ANC-Regering feitlik alles verander. Daagliks word besin oor nuwe onderwysbeleid en -stelsels. Rasionalisasie is nog lank nie verby nie en moontlike sluiting van nog onderwyskolleges word verwag (Kolleges dalk toe ... 1995:1).

Daar heers 'n totale onsekerheid oor die toekoms van die onderwys en onderwyskolleges. Daar is selfs die voorstel by die Kommissie vir Hoër Onderwys gemaak dat onderwyskolleges by plaaslike universiteite ingelyf moet word (Dié plan vir ... 1996:4).

Tog het die rol van die onderwyskollege deur die jare bewys dat dié inrigting 'n definitiewe rol te speel het in die tersiêre sektor. Onderwyskolleges het onmisbaar geword by die opleiding van onderwysers vir die Pre- en Junior Primêre skoolfasies. Die onderwyskollege van die toekoms sal nog 'n groter rol moet speel, miskien die bediening van die nie-formele onderwys, of die opleiding van opleiers vir die privaat sektor, maar primêr sal die funksie van 'n onderwyskollege altyd die opleiding van onderwysers wees.

## **2.10 SLOT**

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die doelstellings, beleid en funksies van 'n onderwyskollege, die tipe opleiding wat by onderwyskolleges aangebied word en na die historiese ontwikkeling van die onderwyskolleges in Transvaal. Daar is ook gekyk na die stand van sake in die onderwys.

Uit hierdie hoofstuk het dit duidelik geblyk dat onderwyskolleges 'n integrale en noodsaaklike deel van die tersiêre sektor in die RSA uitmaak en noodsaaklik is vir die inisiële opleiding van veral laerskool onderwysers.

Vervolgens sal daar in hoofstuk 3 gekyk word na die rol van 'n onderwyskollegebiblioteek by die inisiële opleiding van onderwysstudente by onderwyskolleges.

## HOOFSTUK 3

# DIE ROL VAN DIE KOLLEGEbiblioteek IN DIE INISIËLE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

### 3.1 INLEIDING

Die agtergrondinligting aangaande die probleem van die benutting van onderwyskollegebiblioteke in Transvaal, is in hoofstukke 1 en 2 uiteengesit. Daar is reeds gekyk na rasionalisering wat by onderwyskolleges plaasvind en na die stand van sake in die onderwys. Daar is ook na die historiese ontwikkeling van onderwyskolleges in Transvaal gekyk en daar is besin oor hoe die onderwyskollege van die toekoms moontlik gaan lyk.

In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gekyk na die rol wat die kollegebiblioteek speel tydens die inisiële opleiding van onderwysers. Prof. D.S. Kothari, soos aangehaal deur Trehan (1985:9) beskryf die rol van die kollegebiblioteek kortliks soos volg:

The library should provide library facilities and services necessary for success of all formal programmes of instruction, open the door to the wide world of books that lies beyond the boundaries of one's own field of qualification and bring books, students and scholars together under conditions which encourage reading for pleasure, self-discovery, personal growth and the sharpening of intellectual curiosity.

The staff should be able to convert the library into an intellectual workshop and should along with teachers be in a position to teach with books.

Bogenoemde woorde is waarskynlik by alle kollegebiblioteke 'n ideaal, of 'n doelwit wat nagestreef word. Dit is egter eers gedurende die eerste drie dekades van die twintigste eeu dat kollegebiblioteke (veral in die VSA) meer prominent begin word het, soos Lyle (1974:2) dit stel:

In the first three decades of the twentieth century the use of the college library for reading and study increased greatly. ...

The base of the growth was the college library's relationship to the curriculum and newer teaching methods.

Die gebruik van kollegebiblioteke hang ten nouste saam met die ontwikkeling van die onderwys. In die vorige hoofstukke het dit geblyk dat die onderwys, soos dit groei en ontwikkel, nog altyd 'n impak op die kollegebiblioteek gehad het.

Die kollegebiblioteek van die twintigste eeu word wêreldwyd gekonfronteer met snel veranderende tendense, veral onder andere vernuwing in die onderwys, soos Jefferson (1978:9) dit stel:

Change, and the rapid rate of change, characterise twentieth century civilisation, and the pattern of educational development in this century has been both a cause of and a response to the consequences that change has brought to society. In every country, despite differences in political philosophy and economic structure, a common concern has been the creation of institutions to provide the education appropriate for a society in which social, industrial and commercial infrastructures have undergone the turmoil of political and technological innovation.

Although evident in all sectors of education, the most visible developments have taken place at the tertiary level.

Om die rol van die kollegebiblioteek in perspektief te plaas, gaan eerstens kortliks gekyk word na die historiese ontwikkeling van kollegebiblioteke.

## 3.2 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN KOLLEGEBIBLIOTEKE

### 3.2.1 Ontwikkeling van kollegebiblioteke in die buiteland

Die eerste institusionele biblioteek word in die VSA opgerig, naamlik die biblioteek van die Harvard College, toe John Harvard sy versameling van 260 volumes aan die nuwe kollege in Cambridge in 1638 bemaak het (Hostrop 1973:13).

Tersiêre biblioteke, of akademiese biblioteke, bestaan reeds van die vroegste tye af, soos byvoorbeeld die biblioteek van die Universiteit van Berlyn in Duitsland, wat reeds sedert 1659 bestaan (Hostrop 1973:14), asook die Gottingen Universiteitsbiblioteek in Duitsland, wat ook sedert die agtiende eeu bestaan (Hostrop 1973:13).

Uit die literatuur blyk dit dat kollegebiblioteke eers in die tweede helfte van die twintigste eeu werklik op dreef gekom het. Wat die ontwikkeling van kollegebiblioteke betref, het die VSA en Brittanje die voortou geneem.

Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu, het daar groot dispariteit tussen die kollegebiblioteke van die VSA en kollegebiblioteke in ander lande geheers, aangesien die VSA ander lande ongeveer dertig jaar vooruit was, wat die ontwikkeling van kollegebiblioteke betref (Smith-Burnett 1978:54).

Smith-Burnett (1978:55) skets 'n kort samevatting van die ontwikkeling van kollegebiblioteke in die VSA, Brittanje en Australië soos volg:

Awareness of the need for good libraries in colleges, and consequent expansion of college libraries, was general in the USA by the 1930's. In Britain the awakening began in the mid-1950's and reached a peak with the new polytechnics of 1969-1973. Libraries in Australian tertiary education were given a great boost, after the creation from 1965 of colleges of advanced education, by the injection of additional funds from central government specifically for improvement of library collections - although not as much was achieved by this as might have been hoped.

### **3.2.1.1 Engeland en Wallis**

In 'n ondersoek wat in 1937 deur die "L A of libraries" uitgevoer is by 86 onderwyskolleges, is die tipiese biblioteek in Engeland en Wallis van daardie tyd soos volg beskryf:

... the typical library, serving a college of only two hundred students, had under five thousand volumes and was run by a lecturer as part-time librarian (Smith-Burnett 1978:30).

Persone belas met die kollegebiblioteek het in daardie tyd gewoonlik 'n doseeropdrag gehad met die kollegebiblioteek as addisionele taak.

Kollegebiblioteke in Engeland en Wallis het eers werklik van 1954 af op dreef gekom, byvoorbeeld die biblioteke van Hertfordshire Technical College en Hatfield Technical College (Smith-Burnett 1978:21).

Die kollegebiblioteke van die sogenaamde "polytechnics" het tussen 1969-1973 sterk in Engeland en Wallis figureer.

These are either single colleges of education with a broader range of courses, or pairs of groups of colleges of education, or colleges of education in association with art, commercial or technical colleges (Smith-Burnett 1978:34).

### **3.2.1.2 Skotland**

In Skotland het kollegebiblioteke in 1957 op die voorgrond getree. In die *Aslib Directory* was daar in 1957 dertien kollegebiblioteke gelys (Smith-Burnett 1987:35).

Kollegebiblioteke in Skotland het dramaties gegroei tussen 1945 en 1973. Van die belangrikste ontwikkelings in Skotland, was die opening van die Jordanhill College of Education se biblioteek:

The most important developments took place in 1973, when Jordanhill opened a new library for 450 readers and 125,000 volumes served by twenty-three staff (including thirteen professionals), to which was later added an audio-visual centre incorporating an audio-visual library; and in 1975, when the most advanced learning resources centre of all was opened at Dundee (Smith-Burnett 1978:38).

### **3.2.1.3 Nieu Seeland**

Hoewel kollegebiblioteke in Nieu Seeland reeds sedert 1960 aandag geniet het, kon hierdie biblioteke aanvanklik nie ten volle ontwikkel nie, as gevolg van ontoereikende fondse. Teen 1976 het dit beter begin gaan, soos Smith-Burnett (1978:46) dit stel ... "Improvements have been slow but steady".

### **3.2.1.4 Australië**

Hoewel daar reeds in 1935 kollegebiblioteke in Australië was, het hulle geen noemenswaardige rol gespeel nie. Kollegebiblioteke begin eers teen 1965 in Australië ontwikkel. Dit was egter eers teen 1973 dat dit werklik goed begin gaan het, nadat kollegebiblioteke deur die staat gesubsidieer was (Smith-Burnett 1978:39).

### **3.2.1.5 VSA**

Smith-Burnett (1978:47) skets die kollegebiblioteek van die negentiende eeu in die VSA soos volg:

During the nineteenth century librarians in colleges of all kinds were usually members of the teaching faculty. Their duties were largely custodial, their collections mostly under five thousand volumes, and opening hours of libraries were limited.

Tussen 1929 en 1950 het kollegebiblioteke vinnig ontwikkel, nadat finansiële bydraes van verskillende verenigings en organisasies ontvang is. Gedurende die sestigerjare het geldelike bystand ook van die regering se kant af gekom en kon kollegebiblioteke ten volle ontwikkel word:

In the next decade college libraries expanded at a remarkable rate, most nearly doubling their collections and all developing the variety of learning materials in stock, while staff numbers more than doubled and total expenditure increased four times. Over 150 new library buildings in four-year colleges were constructed between 1966 and 1969 (Smith-Burnett 1978:49).

### **3.2.1.6 Kanada**

Kollegebiblioteke in Kanada het ook soos by die meeste ander lande, eers teen 1950 werklik op dreef gekom. Die ontwikkeling was maar stadig en biblioteke het soos volg daaruit gesien:

Only one college in three employed a professional librarian, and about half had bookstocks of less than 12,000 volumes (Smith-Burnett 1978:52).

Kollegebiblioteke het egter gegroei en het veral gedurende 1960-1975 baie vooruit gegaan, byvoorbeeld die Nova Scotia biblioteek in Halifax en die Trois-Rivières College-biblioteek in Québec, om maar twee te noem.

### **3.2.1.7 Indië**

Ten die helfte van die twintigste eeu, was collegebiblioteke in Indië reeds op dreef, maar ten spyte van die feit dat finansiële steun aan collegebiblioteke gegee was, was hierdie biblioteke geensins suksesvol in hulle missie nie. Trehan (1985:5) beskryf die situasie soos volg:

Our libraries are very poor. In fact, as many of us would know, the situation in terms of the books that are actually necessary for student's work and for his research as compared to the books that are actually accessible is worse today than it was say ten or twenty years ago. This suggests that the state of our college libraries is discouraging.

### **3.2.1.8 Denemarke**

In Denemarke het collegebiblioteke eers in die tagtigerjare ontstaan. Kollegebiblioteke voer egter nog 'n stryd om te bestaan aangesien die openbare biblioteke in Denemarke voorkeur geniet. Morill (1986:173) beskryf die probleem soos volg:

Clearly, the collections of the Danish education libraries are not sufficient in and of themselves. Indeed, it might be prohibitively expensive to stock adequately a library which serves future teachers, a group with interests and needs almost as diverse as those of the public library clientele. Why, then, in a country where the public libraries are model institutions, establish and maintain separate education libraries ?

Ten spyte van hierdie persepsie, gaan collegebiblioteke voort om diens te lewer, meeste van dié biblioteke is maar slegs 20 ure per week oop vir dienslewering (Morill 1986:173).

## **3.2.2 Ontwikkeling van collegebiblioteke in Transvaal**

Biblioteke van die onderwyskolleges in Transvaal kom feitlik saam met die stigtingsjaar van elke onderwyskollege tot stand.

Van die vroegste bestaansjare van die kollegebiblioteke was die biblioteek gesien en gebruik as opvoedkundige hulpmiddel van die onderwyskollege. Gedurende 1939 beveel die Provinsiale Onderwyskommissie die volgende aan:

Wat betref die biblioteke en biblioteekwese moet die Normaalkolleges in 'n afsonderlike klas staan. Hulle is in werklikheid instellings van universitêre rang en moet vir biblioteekdoeleindes as sodanig behandel word. Ons beveel aan:

- a) Dat elkeen van die Normaalkolleges aangemoedig en gehelp moet word om 'n eersterangse biblioteek op te rig;
- b) Dat voorsiening gemaak word vir die toereikende beheer oor die Normaalkollegebiblioteek, met die ideaal voor oë dat elkeen onder die toesig van 'n deeglik opgeleide bibliotekaris moet staan;
- c) Dat 'n kort kursus in die biblioteekwese jaarliks by elke Normaalkollege verskaf word en dat alle studente dit moet volg (Kruger 1977:119).

In Transvaal het die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) volle verantwoordelikheid vir die biblioteke by onderwyskolleges in Transvaal aanvaar. Sommige kollegebiblioteke het van addisionele kollegefondse gebruik gemaak om hulle versamelings aan te vul.

Aanvanklik was kollegebiblioteke gesentraliseerde biblioteke gewees, wat gedurende die dertigerjare gedesentraliseer was om klaskamerversamelings te vorm. Nadat daar eers in 1946 vir die eerste keer voltydse bibliotekarisse by die onderwyskolleges aangestel is, is die boekerye weer in gesentraliseerde versamelings omskep (White 1966:62).

Voor 1946 was kollegebiblioteke geadministreer en beheer deur die doserende personeel. Hulp van studente was ook dikwels ingeroep. By die Heidelbergse Onderwyskollege was die biblioteek selfs die verantwoordelikheid van die registrateur gewees (White 1966:63).

Na 1937 is 'n opdraende stryd gevoer om opgeleide bibliotekarisse aangestel te kry. Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (SABV) en die Interdepartementale Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika (1937), het geen moeite ontsien om voltydse kollegebibliotekarisse aangestel te kry nie (White 1966:67).

Die SABV en die Interdepartementale Komitee het hulle verder ook beywer om 'n kursus in skoolbiblioteekkunde by onderwyskolleges ingestel te kry (White 1966:67). Na 'n jarelange stryd word daarin geslaag dat 'n kursus in skoolbiblioteekkunde aangebied word by die Johannesburgse Onderwyskollege in samewerking met die Johannesburgse Openbare Biblioteek vanaf 1941 (White 1966:73).

White (1966:76) beskryf die aanstelling van bibliotekarisse en die gebeure in 1946 soos volg:

Die eerste voltydse gekwalifiseerde bibliotekaris is in 1946 benoem as gevolg van die volgehoue vertoë vir die benoeming van bibliotekarisse deur die hoofde van die onderwyskolleges. Een van die eerste take van die bibliotekaris was om die klaskamerversamelings by elke kollege te sentraliseer en die biblioteke volgens biblioteekbeginsels te organiseer en administreer. Kursusse in Skoolbiblioteekkunde kon ook na die benoeming van hierdie bibliotekarisse by al die kolleges aangebied word.

Nadat 'n Opsienster vir Skool- en Normaalkollege-biblioteke die kollegebiblioteke in 1947 besoek het, is riglyne opgestel waarvolgens hierdie biblioteke ontwikkel moes word. Volgens dié riglyne moes 'n kollegebiblioteek voorsiening maak vir studiedoeleindes, praktiese onderwys en ontspanning. In 1948 rapporteer inspekteurs van onderwys soos volg oor die onderwyskollegebiblioteke:

By al vier innigtings is goed ingerigte boekerye waar studente en dosente hulp in al die vertakkinge van die vakke wat bestudeer word, kan vind (White 1966:78).

Kollegebiblioteke het in die volgende twee dekades (1950-1970) dinamies gegroei en uitgebrei. Soos dit ook in die buiteland die geval was, het kollegebiblioteke in Suid-Afrika dus eers werklik in die tweede helfte van die twintigste eeu dinamies gegroei en uitgebrei. Addisionele biblioteekpersoneel is aangestel en gevolglik kon kollegebiblioteke langer oop bly vir dienslewering (White 1966:79).

Soos die onderwyskolleges gegroei en ontwikkel het, het die kollegebiblioteke ook gegroei en uitgebrei. Die studente- en dosentetalle het die uitbreiding van biblioteekpersoneel direk beïnvloed en gevolglik ook die dienste wat gelewer was.

'n Direkte gevolg van hierdie groei wat by onderwyskolleges en hulle biblioteke plaasgevind het, was die aanstelling van "dosente-bibliotekarisse" in 1960. In dieselfde jaar word by elkeen van die onderwyskolleges 'n departement vir "Skool- en Kollegebiblioteekwese" ingestel met 'n departementshoof wat in beheer was (White 1966:80).

Kollegebiblioteke het egter mettertyd al meer selfstandig geword. Aanvanklik het kollegebiblioteke jaarliks aan TOD verslag gedoen van elke aktiwiteit en bedrywigheid. Na 1960 is daar egter al hoe minder professionele leiding aan kollegebiblioteke gegee (Kruger 1977:150).

Gedurende die tagtigerjare het kollegebiblioteke grootliks outonoom geword. Die TOD was slegs verantwoordelik vir personeelvoorsiening en besoldiging asook vir die boeketoewysing aan kollegebiblioteke.

Eers vanaf 1984 het die biblioteekpersoneel van kollegebiblioteke professionele status gekry - bibliotekarisse is toe vir die eerste keer aangestel en besoldig op dosentvlak. By sommige kolleges het bibliotekarisse bo en behalwe hulle biblioteektake begin doseer. Deel van hulle taak was onder andere om

studente te oriënteer ten opsigte van biblioteekgebruik. Dit was gedurende hierdie tyd dat kollegebiblioteke indrukwekkend gegroei het.

Sedert die begin van die tagtigerjare, het kollegebiblioteke geleidelik verander in mediasentrums. Die nodige programmatuur en apparatuur is aangeskaf en daar is begin om nuwe dienste te lewer ten opsigte van die benutting van oudiovisuele media.

Sedert die begin van die negentigerjare, wou kollegebiblioteke in Transvaal, graag rekenariseer. Rekenarisering van biblioteekaktiwiteite hou egter 'n groot koste-implikasie in. Dit was die enigste rede waarom kollegebiblioteke nog nie tot dusver gerekenariseer het nie.

Sommige kollegebiblioteke het wel sekere afdelings in hulle biblioteke gerekenariseer en is besig met navorsing in verband met verdere rekenarisering.

### **3.2.2.1 Onderwyskollege Pretoria**

Die biblioteek van die Onderwyskollege Pretoria gaan sover terug as 1902, toe die Onderwyskollege Pretoria tot stand gekom het. Die beginjare van hierdie biblioteek word deur Oberholzer (1952:111) soos volg beskryf:

En soos die wetenskap van die Opvoedkunde in al sy vertakkinge gevorder het, moes die boekery aangevul word. In 1935 is van die ouere en minder gebruikte boeke aan die Departement terugbesorg, terwyl die oorblywendes op nuut geklassifiseer en onder toesig van die personeel in die klaskamers geplaas is. Gedurende die depressiejare moes die inrigting sonder departementele steun klaarkom en het die boeke-aanwas feitlik 'n stilstand bereik. Vanaf 1935 kon die staat weer steun verleen, die koshuis het uit sy eie fondse iets bygedra, terwyl uit private Kollegefondse verder bygelas is. In 1946 is die boekery uit die lesingkamers na die teenswoordige biblioteeksaal verskuive waar tans meer as 14,000 bande en 22 tydskrifafleweringe vir raadpleging op die rakke staan. Waar die personeel vroeër die biblioteekbedrywighede moes kontroleer, word hierdie hoogsbelangrike werk tans deur 'n voltydse bibliotekaresse met 'n assistent behartig.

Bogenoemde uiteensetting van Oberholzer in 1952, kan gesien word as die werklike begin van hierdie Kollegebiblioteek.

Die volgende vier dekades het dié Kollegebiblioteek dinamies gegroei en is uitgebou tot 'n volledige en funksionele biblioteek- en mediasentrum met meer as 100,000 boeke, 46,600 items programmatuur, 4600 ingebinde tydskrifvolumes en is die biblioteek ingeteken op ongeveer 300 tydskriftitels (Onderwyskollege Pretoria. Biblioteek 1993:12).

### **3.2.2.2 Heidelbergse Onderwyskollege**

Die biblioteek van die Heidelbergse Onderwyskollege kom in 1909 tot stand toe die Kollege geopen het. Rademeyer (1964:88) beskryf die beginjare van hierdie Kollegebiblioteek soos volg:

Vir die jaar 1909 is reeds die totale bedrag van £40 aan boeke bestee! Die biblioteek het baie stadig uitgebrei, en die boekvoorraad was gering.

Aanvanklik was die registrateur verantwoordelik vir die Kollegebiblioteek. Die eerste opgeleide bibliotekaris is in 1960 aangestel en die totale versameling in 1964 was 30,260 volumes.

### **3.2.2.3 Johannesburg College of Education**

Die Kollegebiblioteek van JCE dateer sedert die stigtingsjaar van die Kollege in 1909. Turner (1976:11) skets dié Kollegebiblioteek in sy beginjare soos volg:

My first memories of the College Library in my student days in the early thirties, are of a dark, rather poky room on the first floor. ... There appeared to be no chairs, and there was certainly no study area. I have no idea who was in charge of the library, where the stock came from, or even whether the books could be borrowed or were merely for reference within the library.

Hierdie Kollegebiblioteek het ook dinamies gegroei en veertig jaar later is die Harold Holmes Library in 1976 op die nuwe kampus van JCE geopen (Turner 1976:11). In 1991 was die totale boekversameling ongeveer 134,000 (Johannesburg College of Education 1991).

### **3.2.2.4 Ermelose Onderwyskollege**

Daar is nie inligting oor die Kollegebiblioteek van die Ermelose Onderwyskollege beskikbaar nie, waarskynlik omdat hierdie Kollege net vyf jaar bestaan het. Daar kan egter aangeneem word dat daar ook 'n Kollegebiblioteek saam met die Kollege tot stand gekom het in 1919. Aangesien dit moeilike jare was, kan aanvaar word dat die Kollegebiblioteek nie kon groei en ontwikkel nie. Moontlik was daar beperkte of klein gedesentraliseerde versamelings in die klaskamers van dosente beskikbaar.

### **3.2.2.5 Onderwyskollege Potchefstroom**

Die Onderwyskollege Potchefstroom het in 1919 tot stand gekom en vermoedelik het die Kollegebiblioteek ook met die stigtingsjaar van die Kollege saamgeval. Volgens White (1966:61) ontvang die Kollegebiblioteek sy eerste biblioteektoelaag van die TOD in 1925. Volgens Pistorius (1969:97) word die eerste biblioteekgebou in 1952 opgerig.

Die Kollegebiblioteek het saam met die Kollege gegroei en het dit in 1991 ook in 'n volledige biblioteek- en mediasentrum ontwikkel met amper 100 000 volumes boeke, 49 166 items oudiovisuele media en word daar op ongeveer 277 tydskrifte ingeteken (Onderwyskollege Potchefstroom 1991:1-4).

### **3.2.2.6 Goudstadse Onderwyskollege**

Die Goudstadse Onderwyskollege se Kollegebiblioteek het saam met die Kollege in 1961 tot stand gekom. Aanvanklik was die Kollegebiblioteek in 'n tydelike gebou gehuisves en het in 1970 reeds 60,000 boeke in die Kollegebiblioteek gehuisves (GOK 1970:17).

In 1971 is na die nuwe Kollegebiblioteekgebou getrek waar die biblioteek gegroei en ontwikkel het tot 'n volledige biblioteek- en mediasentrum. In 1992 is die versameling oorgeplaas na NKP se biblioteek, toe die twee kolleges geamalgameer het.

### **3.2.2.7 Onderwyskollege van Suid-Afrika**

OKSA het nie 'n Kollegebiblioteek nie, omdat hulle afstandsonderig gee en heel ander behoeftes het. Die Transvaalse Onderwysbiblioteek- en Mediadiens (TOD Mediadiens) het altyd verantwoordelikheid vir die inligtingsbehoefte van die dosente en studente van die Kollege aanvaar. Die TOD Mediadiens het tot 1996 oor die nodige infrastruktuur en fasiliteite beskik om inligtingsnavrae telefonies of per pos aan gebruikers te kon verskaf. Daar was altyd 'n nuwe samewerking tussen die dosente van dié Kollege en die TOD Mediadiens. Sedert die begin van 1996 het die nuwe onderwysdepartement die TOD Mediadiens in Pretoria gesluit.

### **3.2.2.8 Pretoria College of Education**

Die Sir John Adamson Kollegebiblioteek van PCE kom in 1980 tot stand toe die Kollege geopen het. In die tienjarige gedenkuitgawe (PCE 1989:22) word die Kollegebiblioteek se beginjaar soos volg beskryf:

The Media centre became operational in January 1980. It was an auspicious beginning, mainly because the books ordered were still unpacked ...

Looking at the Media Centre today, it is difficult to visualise that in January 1980 the first ninety students to enrol at the College were confronted with rows of empty shelves. Now in its tenth year of existence, the Media Centre has a stock of 23,000 books and numerous audio-visual aids, e.g. 3,900 pictures. It is well used by students and lecturers as indicated by the circulation statistics, i.e. 13,702 books and 1,161 audio-visual aids were issued during 1988.

Die versameling is in 1992 na JCE se Kollegebiblioteek oorgeplaas toe die twee kolleges geamalgameer het.

### 3.3 DEFINISIE VAN 'N KOLLEGEbiblioteek

Die onderwyskollegebiblioteek het sy eie unieke karakter en is in wese 'n akademiese, tersiêre biblioteek. Die kollegebiblioteek is relatief klein in vergelyking met die universiteitsbiblioteek, maar vanweë die sterk akademiese inslag daarvan toon dit sterk verwantskap met die universiteitsbiblioteek (Grobler 1985:28).

Volgens Engelbrecht (1977:1) is 'n kollegebiblioteek 'n "studiebiblioteek" wat diens lewer aan die onderwyskollege as instansie en wat 'n duidelik afgebakende gebruikersgroep bedien, naamlik die dosente en studente en ander personeel verbonde aan die onderwyskollege.

Die kollegebiblioteek bestaan nie ter wille van homself nie, maar vorm een van die belangrikste komponente waardeur die opvoedkundige program van die onderwyskollege ten uitvoer gebring kan word. Lyle (1974:10) stel dit soos volg:

To the extent that the college makes use of its library as an integral part of its curricular program, the library becomes a teaching instrument in itself.

Die kollegebiblioteek vorm 'n integrale eenheid met die onderwyskollege en dien as opvoedkundige instrument vir alle vakdepartemente verbonde aan die onderwyskollege in die beoefening van doseer- en studietake, asook in 'n geringer mate, navorsing wat deur enkele dosente of vakdepartemente ondemeem word (Grobler 1985:28).

White (1983:23) verkies die term mediasentrum en volgens haar funksioneer die kollegemediasentrum as 'n ruimte waar boeke, tydskrifte en ander onderwysmedia gehuisves, georden en toeganklik gemaak word. Dit is veral die plek waar diens gelewer word aan die gebruikers, 'n plek waar studie en navorsing gedoen word.

### 3.4 DOELSTELLINGS VAN 'N KOLLEGEbiblioteek

'n Onderwyskollegebiblioteek funksioneer as onderdeel van 'n groter geheel, naamlik die onderwyskollege en die doelstellings van die kollegebiblioteek is altyd sinoniem met die doelstellings van die onderwyskollege, dit wil sê ook die doelstellings van die onderwys en die opvoeding. Dit is dus die taak van die kollegebiblioteek om behulpsaam te wees met die verwesenliking van die doelstellings van die onderwys en opvoeding (Grobler 1985:30).

Vir Fokkett (1962:7) is die doelstellings van 'n spesiale biblioteek (wat in hierdie geval die kollegebiblioteek is) soos volg:

It is in special libraries that we see most clearly the place of the active information service in the progress of knowledge, the library playing its part alongside the other members of the organisation, to promote the welfare of the organisation by implementing its policy through books.

Volgens Kruger (1977:34) is onderwysbiblioteekdienste en dus ook onderwyskollegebiblioteke, gespesialiseerde sisteme of subsisteme:

Juis daarom is die bestaan van hierdie biblioteke en die dienste wat dit lewer, geen doel op sig self nie. Hulle is slegs 'n middel tot 'n doel wat die vervulling is van die doelstellings van die inrigting waaraan dit verbonde is.

Die doelstellings van 'n kollegebiblioteek is universeel. In die buiteland word dit soms net anders bewoord, maar die kern van die saak bly steeds dieselfde, naamlik dat die doelstellings wat 'n onderwyskollege nastreef, ook deur die kollegebiblioteek wat daardie instansie bedien, nagestreef sal word.

In Amerika by die Jamestown College, North Dakota, word die term "Library-College" byvoorbeeld gebruik:

... "library" and "college" are hyphenated: "Library-College." This deliberate hyphenation is to emphasize that the library is the college and the college is the library; they are one (Hostrop 1973:141).

The purpose of the Library-College is to increase the college effectiveness of student learning, particularly through the use of library-centered, independent study with a bibliographically expert faculty (Hostrop 1973:149).

Mary L. Wurster (1970:1) (op daardie stadium presidente van die New York Library Association) formuleer doelstellings van kollegebiblioteke soos volg:

It is the aim of all college and university librarians to provide library service and materials for the academic community commensurate with the curricula being offered. The development and implementation of the academic programs must necessarily be understood and supported by the library staff. This can be achieved only through inter-communication, cooperation, and coordination of objectives and ideas.

Wurster (1970:3) voer die saak nog verder deur die volgende te sê:

Librarians have too often concerned themselves with supplying the necessary materials and services to support the curricula. They have not been attuned to the reasons why a percentage of the college community did not avail themselves of these services nor have they consciously assessed the needs of these non-users.

Bogenoemde probleem is universeel en onder andere ook die rede waarom hierdie navorsing gedoen word. Daar is altyd 'n persentasie gebruikers wat nie die kollegebiblioteek gebruik nie - baie min kollegebiblioteke stel dit ten doel om vas te stel waarom sekere potensiële gebruikers nie van die kollegebiblioteek gebruik maak nie.

Die New York Library Association het wel dié probleem probeer aanspreek tydens 'n konferensie wat gehou is te Jefferson Community College, Watertown (*Use, Mis-Use ... 1970*). 'n Student, Lynne A. Burgess (*Use, Mis-Use ... 1970:27*) het tydens hierdie konferensie die volgende gesê:

I have done some quick research asking one specific question of fellow students, that is: "Why don't you use the library?" The overwhelming response is, "because I've never had to."

Met ander woorde, daar word nie altyd van studente verwag om die kollegebiblioteek te gebruik nie, of die kurrikulum wat gevolg word, word glad nie met die kollegebiblioteek geïntegreer nie.

Dit is dus van wesentlike belang dat die doelstellings wat deur die kollege nagestreef word, onder andere ook die gedagte dat die kollegebiblioteek met die kurrikulum sal integreer, as deel van die opleidingsproses, as doelwit nagestreef sal word en dan ook in die vorm van beleid geformuleer sal word.

Trehan (1985:35-36) het uit sy ervaring van Indiese onderwyskollegebiblioteke die volgende doelstellings vir 'n kollegebiblioteek geformuleer:

A college library must fulfil the following basic needs to support the teaching, research and study requirements of the college community, if it is to be an intellectual workshop:

- 1) A clearly formulated code of policy or governance in an official document;
- 2) A clear statement which governs the relationship of the librarian and the other components of the college, like the faculty community, and provides appropriately shared responsibility and activity among them;
- 3) Recognition of library as an academic department of the college imparting library-centred education to students as well as an academic information centre with academic activities including library-based teaching;
- 4) According academic status to library personnel in accordance with their work;
- 5) Prescription of minimum qualifications for each category of library staff;
- 6) Composition of the library committees and their functions;
- 7) Doing away with the tradition of having a member of the teaching staff incharge of the library;
- 8) Provision of adequate funds;
- 9) Recognition of the librarian and his deputies as members of the teaching staff and their obligation to impart library use instruction to students in the library in the library class;

- 10) Setting norms and standards for library building and furniture, library forms and stationery, staff strength, book budget, book collection, technical processing and library services;
- 11) Introduction of inter-library loan system.

To fulfil the above objectives of a college library system, there is need for educating the administrator and the principal of the college and making them aware of the academic functions of a college library. To achieve the objective of a good college library system, specially qualified and trained librarians and college teachers should join hands to help improve the conditions of our college libraries ...

Hierdie doelstellings wat Trehan geformuleer het, kan op enige kollegebiblioteek van toepassing gemaak word en is net so van toepassing op kollegebiblioteke in Suid-Afrika en in Transvaal.

### 3.5 BELEID VAN 'N KOLLEGEBIBLIOTEEK

Soos reeds in hoofstuk 1 uiteengesit is gaan doelstellings en beleid hand aan hand, trouens dit word as 'n eenheid beskou en in die meeste literatuur as 'n eenheid behandel.

Die beleid van 'n kollegebiblioteek word gewoonlik geformuleer deur die bestuur van die kollegebiblioteek, naamlik die hoofbibliotekaris, die senior bibliotekaris en die professionele bibliotekpersoneel. Die hoofbibliotekaris is ook in sommige gevalle die departementshoof, wat dan ook op die Raad van Departementshoofde dien. Uiteraard moet alle beleid deur die Raad van Departementshoofde goedgekeur word.

In Transvaal was beleid aan kollegebiblioteke voorgeskryf deur die Transvaalse Onderwysdepartement met die totstandkoming van die "Departemente skool- en kollegebiblioteekwese". Beleid was vervat in die "Handleiding vir die Departemente van skool- en kollegebiblioteekwese aan Onderwyskolleges" - uitgegee gedurende 1960. Hierdie "Handleiding" was nooit hersien in die 24 jaar wat dit van krag was nie! Sekere dele van die beleid daarin vervat, kan nog steeds van toepassing gemaak word, aangesien dit altyd die primêre doelstelling en beleid van 'n kollegebiblioteek sal bly:

Om aan al die doserende personeel en studente bibliotekfasiliteite en 'n dinamiese, doeltreffende bibliotekdiens ooreenkomstig departementele beleid te verskaf sodat op so 'n wyse aan die vereistes van die kurikulum en die algemene leesbehoefte voldoen word, dat die kollegebiblioteek 'n sentrale kern vir die program in die opleiding van onderwysers vorm (TOD 1960:2).

Vanaf 1984 het onderwyskolleges in Transvaal geleidelik outonoom geword en het elke kollegebiblioteek in samewerking met elke kollege se Raad van Departementshoofde, self sy eie beleid geformuleer.

Nadat kollegebiblioteekpersoneel in Transvaal gelyke, professionele status, in lyn met die doserende personeel van die kolleges in 1984 gekry het, word die hoofbibliotekaris by sommige kollegebiblioteke ook die departementshoofde, die senior bibliotekaris, ook die mede-departementshoofde en word die bibliotekaris onder andere ook dosente genoem.

In die buiteland is kollegebiblioteke dikwels 'n filiaal van die plaaslike universiteit en moet die owerhede van die universiteit dan die beleid goedkeur wat deur die kollegebiblioteek se bestuur geformuleer is. Goeie voorbeelde hiervan is die Universiteit van Delhi en die Panjab Universiteit in Indië. Die Universiteit van Delhi het byvoorbeeld 65 geaffilieerde kolleges, elke kollege het sy eie kollegebiblioteek (Trehan 1985:37).

In Brittanje het die Library Association riglyne vir kollegebiblioteke geformuleer in hulle publikasie *College Libraries: Guidelines for Professional Service and Resource Provision* (1982:13). Die hele publikasie is eintlik 'n stel reëls vir kollegebiblioteke en kan baie nuttig vir bibliotekarisse wees by die formulering van beleid. Die volgende kan uit dié publikasie aangehaal word ten opsigte van die formulering van beleid:

Any consideration of library activity and library resource provision in colleges must be based on the following fundamental principles:

- 1) The library must provide full support to all members of the college, students and staff, to group and individual learning needs, to curriculum development, and to research;
- 2) The library plays a central role in the institution's educational programme. To permit the library to fulfil this role, the chief librarian must be a member of the academic board, and professional librarians must be fully and effectively drawn into the academic structure and decision-making of the institution. In this way, the library is given the potential and opportunity to develop and exploit its collections and services;
- 3) The library is one of the college's largest and most expensive educational resources. It is a complex network of sophisticated systems. All students must be taught how to use the library, and the literature of their parent disciplines, effectively;
- 4) The library and its professional staff must form a flexible teaching instrument, fully integrated into the college's academic activity (*College ...* 1982:13).

Bogenoemde kan net so van toepassing gemaak word op enige kollegebiblioteek in die buiteland of in Suid-Afrika, of meer spesifiek, Transvaal.

Daar is slegs een verskil tussen die kollegebiblioteke in die buiteland en dié in Suid-Afrika, naamlik die feit dat kollegebiblioteke in Suid-Afrika nog nie ten volle gerekenariseer het nie (soos hierbo onder andere genoem word "It is a complex network of sophisticated systems") - nietemin is kollegebiblioteke in Transvaal vinnig besig met navorsing op dié gebied en kan rekenarisering binnekort ook by hierdie kollegebiblioteke 'n werklikheid word.

### 3.6 FUNKSIES VAN 'N KOLLEGEbiblioteek

Volgens TOD (1960:7-10) is die funksies van 'n kollegebiblioteek die volgende:

Doeltrekkende funksionering van die kollegebiblioteek sluit die volgende in:

- 1) die daarstelling van 'n oordeelkundige uitgesoekte en diensbare versameling wat insluit parate naslaanwerke, handboeke, studieboeke, pamflette, tydskrifte, ontspanningsleesstof, illustrasies, strookfilms en plate;
- 2) oordeelkundige besteding van die fondse sodat elke vak en aktiwiteit sy regmatige aandeel kry;
- 3) die ordening en instandhouding van hierdie materiaal volgens professionele metodes (klassifikasie en katalogisering). Dit sluit onder meer in: die opbou van 'n sistematiese katalogus. Dit sluit verder ook in: afskrywing van boeke, die herbind van boeke;
- 4) doeltrekkende beskikbaarstelling van materiaal;
- 5) aktiewe hulpverskaffing aan dosente en studente met enige inligtingsnavrae, soek gebruikersleiding: praktiese leiding in biblioteekgebruik.

Hierdie funksies is 35 jaar gelede deur die TOD uitgespel en kan nog steeds by 'n kollegebiblioteek van toepassing wees, met slegs twee veranderinge wat aan bogenoemde uiteensetting aangebring kan word, naamlik:

Aangesien kollegebiblioteke intussen onder andere ook mediasentrums geword het, kan "pamflette, illustrasies, strookfilms en plate" by punt een vervang word met die alomvattende term "audiovisuele media" wat dan alle audiovisuele media insluit. "Gebruikersleiding" by punt vyf kan vervang word met die woord "inligtingvaardighede".

Die kollegebiblioteek verrig in der waarheid twee belangrike funksies, naamlik 'n opvoedkundige funksie en aktiewe dienslewering aan die kollegebiblioteekgebruikers.

#### 3.6.1 Die opvoedkundige funksie van die kollegebiblioteek

Die kollegebiblioteek is geïntegreer met die opvoedkundige program, of kurrikulum van die onderwysstudent. Die kollegebiblioteek is met ander woorde 'n hulpmiddel by die onderrig, 'n instrument van die dosent om die studente op te lei, op te voed, te vorm om 'n volwaardige onderwyser te word wat meester van sy vakgebied(e) sal wees, die leerinhoud daarvan te ken, en die metodiek en aanbieding van die leerinhoud te kan bemeester.

Die kollegebiblioteek is ook daar om lesings van dosente aan te vul, om 'n agtergrond te gee vir die kurrikulum wat gevolg word, om 'n lesing "te vervang" in die vorm van selfstudie oor 'n onderwerp. Die

kollegebiblioteek is ook daar vir persoonlike belangstellings, vir kulturele kollegeaktiwiteite, vir blote ontspanningslees. Die kollegebiblioteek het dus 'n vormingsfunksie. Die wyse waarop dosente doseer, gaan bepaal in watter mate die biblioteek gebruik gaan word.

### **3.6.2 Aktiewe dienslewering aan die kollegebiblioteekgebruikers**

Die primêre funksie van die kollegebiblioteek is om studiemateriaal en ontspanningsleesstof aan die studente en personeel wat aan die onderwyskollege verbonde is, te voorsien.

Hierdie materiaal moet aangekoop, gekeur, aangewins, geprosesseer en doeltreffend ontsluit word sodat dit vir biblioteekgebruikers toeganklik sal wees. Personeel moet beskikbaar wees om studente te lei en inligting te help vind. Die dienste moet aan gebruikers bekendgestel word deurdat inligtingvaardighede aan studente onderrig word, sodat tersiêre biblioteekgebruik vir die student tydens sy studies, asook in die toekoms van waarde sal bly (Grobler 1985:37).

Vir Platt (1972:9) is die **belangrikste** van die funksies van 'n kollegebiblioteek die volgende:

The library occupies a place of central importance in a college of education; it touches the academic and professional work of students and staff at every point.

Platt (1972:9-11) som die funksies van 'n kollegebiblioteek soos volg op na aanleiding van standarde wat deur die Library Association neergelê is:

- 1) To supply books, periodicals and other materials needed by students in all the subjects of study which they pursue, to the necessary level;
- 2) To provide support for the teaching and research of members of the staff, in these same subjects, with due regard for facilities available in other libraries;
- 3) To provide for a wide range of background reading in books and periodicals both in subjects close to those of the curriculum, and in more general cultural fields;
- 4) To meet specialized needs of a college which arise naturally out of its specialities and interests by building up appropriate collections to satisfy the intensive demands made by students in their special studies on library stocks, and to provide bibliographical guidance by library staffs;
- 5) To help students to become familiar with modern children's books, a representative collection of textbooks and audio-visual materials, and to suggest to them the potentialities of school libraries;
- 6) To help with the day-to-day needs of users by supplying them with ready reference information, such as statistics or addresses, and with information and special material about the locality and the environments in which teaching practice takes place;

- 7) To act as a link with the world of books and libraries outside, being ready to draw upon the special resources of many other institutions and to make its own contribution to the various co-operative schemes;
- 8) To provide the bibliographical training in the use of books and libraries necessary to help students to find their way about the literature of their subjects, and in addition to enable them to become practised in the use of books and other materials in their teaching and contact with children;
- 9) To produce guides, lists of additions, reading lists and other publications, and to hold displays and exhibitions of library materials inside and outside the college library in order to reinforce the teaching of the college staff and illustrate the library's resources.

Bogenoemde funksies van 'n kollegebiblioteek is die ideaal wat nagestreef word, maar dit realiseer nie in alle opsigte by alle kollegebiblioteke nie, byvoorbeeld in Indië realiseer nie alle funksies soos dit hierbo uiteengesit word nie:

Little effort has been made in colleges in India to involve college libraries in activities of the academic world. As a matter of fact, very few librarians have involved themselves in the academic community, to become active partners with faculty in the educational process (Trehan 1985:55).

Volgens Taylor (1970:8-9) is:

The major function of the library, within my context, is to raise the probability that a person will find messages, both factual and fanciful, of concern to his expressed and unexpressed needs.

Die funksies van 'n kollegebiblioteek kan opsommend soos volg uiteengesit word:

- 1) Die primêre funksie van die kollegebiblioteek is om 'n **gespesialiseerde** biblioteek- en mediadiens te lewer aan personeel en studente van die onderwyskollege, met vakbibliotekarisse, wat goed onderlê is in hulle onderskeie vakgebiede en wat die goedgeorganiseerde versameling vir gebruikers meer toeganklik maak;
- 2) 'n Verdere funksie van die kollegebiblioteek is om in die proses van dienslewering die verwesenliking van die doelstellings van die onderwys na te kom. Volgens Kesting (1974:81) is die vormingsfunksie van 'n biblioteek soos volg: Dit kom neer "... op die vermoë om die mens te lei tot die drumpel van sy eie vermoë om homself te leer dink. ... so het die biblioteekwese en die onderwys die opvoeding van die geheelmens in gemeen";
- 3) Nog 'n funksie van die kollegebiblioteek is om 'n biblioteek- en mediadiens te lewer wat 'n bydrae sal lewer tot doeltreffende onderrig- en leergebeure en wat 'n integrale deel uitmaak van die kollegekurrikulum;

- 4) 'n Verdere funksie van die kollegebiblioteek is dat die kollegebiblioteek as aanvulling sal dien vir die buite-kurrikulêre bedrywighede van die kollege of om bloot in ontspanningsbehoefte of belangstellings van gebruikers te voorsien;
- 5) Dit is ook die funksie van 'n kollegebiblioteek om die kurrikulum van al die skoolfasies in die kollegebiblioteek se versameling te verteenwoordig om 'n **praktykgerigte diens** te kan lewer;
- 6) Die produksie van oudiovisuele materiaal, asook die beplanning van opvoedkundige programme in samewerking met die dosente, is nog 'n funksie van die kollegebiblioteek om sodoende 'n funksionele leersentrum van die kollegebiblioteek te maak;
- 7) Laastens is dit ook die funksie van die kollegebiblioteek om die gebruikers te oriënteer ten opsigte van biblioteekgebruik en inligtingvaardighede, sodat hulle "... lewenslank op produktiewe en bevredigende wyse van multimedia, biblioteke, museums en inligtingsdienste gebruik kan maak" (Marais *et al.* 1983:121).

### 3.7 DIE ROL VAN DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK MET BETREKKING TOT DIE OPLEIDINGSPROGRAM

Die gehalte van die onderwysopleidingsprogram wat aangebied word, gaan afhang van die ondersteunende fasiliteite en dienste wat die dosente en studente tot hulle beskikking het en in watter mate hulle dit gaan benut. Boudreau (1983:379) stel dit soos volg: "... the strength of a teacher education program is determined in part by its supporting facilities, equipment, and materials of instruction".

Combs (1974:134-135) sien die kollegebiblioteek as sentrale uitgangspunt by onderwysersopleiding:

What is needed is not courses in methods, but curriculum laboratories - places where curriculum materials are available in abundance and where students can explore and try out all kinds of equipment, supplies, and materials.

... As the needs of users change, the curriculum materials centre must also change, re-defining its role in the teacher education program, and expanding its services. Its collection and services must be continually evaluated, appraised and updated.

Kollegebiblioteke speel wêreldwyd 'n onmisbare rol by onderwyskolleges tydens die opleidingsproses van onderwysers. By sommige kolleges is die kollegebiblioteke nog nie ten volle met die kurrikulum geïntegreer nie, soos byvoorbeeld die kollegebiblioteke in Indië (Trehan 1985:55).

Die oorgrote meerderheid kollegebiblioteke, vorm egter die middelpunt van die studente se opleiding en die meeste kollegebiblioteke is ten volle geïntegreerd met die kurrikulum. Boudreau (1983:380) stel dit soos volg:

One vital objective common to all curriculum materials centres is their primary role as essential service units for teacher education. Their purpose is to make curriculum materials accessible to students and faculty ...

### 3.7.1 Die dienste wat 'n kollegebiblioteek lewer

Hierdie onderwerp dek 'n wye spektrum en regverdig amper 'n hoofstuk op sy eie.

Inligting oor die dienste van 'n kollegebiblioteek word egter baie volledig in literatuur uiteengesit (onder andere Grobler 1985:68-95; College ... 1982:17-19; Trehan 1985:77-82) daarom sal hier slegs in hooftrekke gekyk word na die verskillende dienste wat 'n kollegebiblioteek lewer en die rol wat die kollegebiblioteek speel tydens die opleidingsproses.

'n Kollegebiblioteek bestaan uit verskillende afdelings wat verskillende dienste lewer. Volgens Oeschger (1973:22) word 'n biblioteek gedepartementaliseer volgens funksies. Die aard of gelyksoortigheid van die handeling dien as kriterium vir die onderverdeling van arbeid.

Volgens die biblioteekkundige organisasieteorieë van Viljoen (1967:33) is die basis waarop werksaamhede in 'n biblioteek (in hierdie geval die kollegebiblioteek) tot departemente verbesonder word, **differensiasie**. Differensiasie van arbeid vind volgens funksie plaas. Wanneer ons die kollegebiblioteek wil tipeer en van toepassing maak op Viljoen (1967:33) se biblioteekkundige organisasieteorieë, wil dit voorkom of die kollegebiblioteek 'n kompromiterende weg tussen differensiasie en spesialisasie volg (Grobler 1985:69).

Volgens Oeschger (1973:41) is **differensiasie** die gebruik van die aard of gelyksoortigheid van 'n handeling as kriterium vir die onderverdeling van arbeid. Afdelings word dus volgens funksie gedepartementaliseer. **Spesialisasie** is die byeenbring van aktiwiteite op grond daarvan dat hulle verband hou met 'n bepaalde produk of diens aan bepaalde kliënte.

Viljoen (1967:25) noem drie verbesonderingswyses met spesialisasie as grondslag, wat soos volg op die kollegebiblioteek van toepassing gemaak kan word:

#### 3.7.1.1 Die groepering van dienste

##### a) Groepering van werksaamhede volgens die tipe gebruiker

Die kollegebiblioteek lewer 'n spesiale diens aan studente, 'n ander tipe diens aan die doserende personeel, asook 'n diens aan die administratiewe personeel - elkeen van dié gebruikerstipes word op 'n ander manier deur die kollegebiblioteek hanteer.

## b) Groepering van dienste rondom kennis- of onderwerpsterreine

Sommige kollegebiblioteke het sedert die tagtigerjare begin met vakbibliotekardienste. Sommige kollegebiblioteke het ook begin met tipes vakversamelings. Vakversamelings is egter baie klein en beperk aangesien kollegebiblioteke gewoonlik kleiner is as byvoorbeeld universiteitsbiblioteke en gewoonlik nie meer as drie of vier vakbibliotekarisse het nie.

Vakbibliotekarisse bedien gewoonlik 'n wye spektrum van vakgebiede en is spesialisasie in 'n kollegebiblioteek nie vergelykbaar met 'n universiteitsbiblioteek nie. In Transvaal word daar by NKP, POK en JCE wel spesiale vakversamelings georganiseer, byvoorbeeld 'n versameling wat geskik is vir die Pre- en Junior Primêre skoolfases, word apart van die ander versamelings georganiseer, om weer 'n spesiale diens aan die Pre- en Junior Primêre studente te lewer.

## c) Groepering van dienste volgens die vorm van die materiaal

Kollegebiblioteke het gewoonlik 'n gesentraliseerde tydskrifversameling, 'n aparte versameling audiovisuele media, mikroforme en rekenaarprogrammatuur.

Oeschger (1973:40 en 47) maak verder onderskeid tussen die professionele en nie-professionele take, met spesialisasie as grondslag vir die verbesondering van professionele werksaamhede en differensiasie as grondslag vir die verbesondering van nie-professionele werksaamhede:

Die hoër gewaardeerde take is in die eerste plek die professionele take. Daardie aktiwiteite wat regstreeks bydra tot die lewering van diens aan die gebruiker, met ander woorde keuring, klassifikasie, saakkatalografie en dienslewering wat insluit: naslaanwerk, bibliografiese diens en lektuurberigdiens.

Daarteenoor word klerklike en ander roetinewerksaamhede soos besitkontrole, bestelaktiwiteite, naamkatalografie, fisiese voorbereidingsaktiwiteite, die hou van leenrekords en fisiese uitleen en terugontvangs van materiaal, beskou as nie-professionele take (Oeschger 1973:40).

Oeschger (1973:81) stel 'n modelorganisasiestruktuur voor, wat bestaan uit twee sub-strukture: naamlik professionele dienste en nie-professionele dienste. Die dienste van die kollegebiblioteek kan ook op hierdie beginsels van Oeschger toegepas word. Tabelle 3.1 en 3.2 dui hierdie dienste van 'n kollegebiblioteek skematies aan.

## d) Professionele dienste

Die professionele sub-struktuur van die organisasiestruktuur van die kollegebiblioteek, bestaan gewoonlik uit professionele gekwalifiseerde bibliotekpersoneel en word in tabel 3.1 uiteengesit.

**TABEL 3.1    PROFESSIONELE DIENSTE VAN 'N KOLLEGEbiblioteek**

| <b>PROFESSIONELE DIENSTE</b>                                                                                                                                                                      |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Afdelings wat professionele dienste lewer:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kollegebiblioteekbestuur</li> <li>• Vakbibliotekarisdienste</li> <li>• Ontsluitingsafdeling</li> </ul> |

Kollegebiblioteke in die buiteland kan ook presies soos dit hierbo uiteengesit is, funksioneer. Hoewel indelings wat van die biblioteekdienste van kollegebiblioteke in die buiteland gemaak is, effens anders lyk, kom dit tog ook op dieselfde neer.

#### **e) Nie-professionele dienste**

Die **nie-professionele** substruktuur van die organisasiestruktuur van die kollegebiblioteek, word opgebou uit personeel in die afdelings wat ondersteunende dienste lewer. Elke afdeling funksioneer op sy eie. Laasgenoemde word skematies in tabel 3.2 uiteengesit.

**TABEL 3.2    NIE-PROFESSIONELE DIENSTE VAN 'N KOLLEGEbiblioteek**

| <b>NIE-PROFESSIONELE DIENSTE</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Afdelings wat ondersteunende dienste lewer:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Administrasie afdeling</li> <li>• Aanskafafdeling</li> <li>• Voorbereiding en prosesseerafdeling</li> <li>• Produksie afdeling</li> <li>• Uitleendienste</li> <li>• Fotokopieerdiens</li> <li>• Tydskrifadministrasie</li> </ul> |

Orr (1968:380) kategoriseer biblioteekdienste soos volg:

- a) Dokument lewering (voorsiening van spesifieke dokumente en materiaal op aanvraag - interbiblioteeklenings);
- b) Lektuurberigdiens (inligtingherwinning, inligtingsoektogte oor spesifieke onderwerpe);
- c) Beantwoording van navrae (voorsiening van inligting of data in respons op gebruikers navrae);
- d) Voorsiening van 'n lees- en werksarea vir gebruikers (n plek waar gebruikers kan gaan sit en werk, asook die voorsiening van die nodige apparatuur);
- e) Opleiding- en konsultasiediens (opleiding van gebruikers in biblioteekgebruik en inligtingvaardighede);
- f) Hulpdiens (redigering, vertaaldiens, uitstallings).

In tabel 3.3 word die klassifikasie van dienste van 'n kollegebiblioteek uiteengesit, soos dit deur die Library Association in Brittanje (*College ... 1982:18*) voorgestel word:

**TABEL 3.3    KLASSIFIKASIE VAN DIENSTE VAN 'N KOLLEGEBIBLIOTEEK**

| <b>Essensiële dienste:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | <b>Opsionele dienste:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitleen van die versameling</li> <li>• Naslaandienste</li> <li>• Lees- en studieruimte</li> <li>• Professionele hulp</li> <li>• Inligtingherwinning</li> <li>• Opleiding van gebruikers in inligtingvaardighede</li> <li>• Interbiblioteeklenings</li> <li>• Fotokopieerdienste</li> <li>• Gidse of wegwysers na en in die biblioteek</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Versamelings wat vir 'n kort tydperk uitgeleen word</li> <li>• Lektuurberigdiens</li> <li>• Gekoppelde "on-line searching" soektogte</li> <li>• Mikroforme en lesers</li> <li>• Boeklyste</li> <li>• Adviesdiens rakende navorsing/ondersoekmetodes</li> <li>• Boekuitstallings</li> <li>• Vertaaldienste</li> <li>• Kollegepublikasies</li> <li>• Leerpakkette op eie pas</li> </ul> |

Trehan (1985:103) klassifiseer weer die dienste van kollegebiblioteke in Indië soos volg:

The library should generally be divided into the following service units:

- 1) Technical services section;
- 2) Lending service section;
- 3) Reference service section;
- 4) General and recreational reading hall;
- 5) Periodicals reading room;
- 6) Library classroom;
- 7) Stack area for ancillary material;
- 8) New books display area.

Klassifikasie van dienste in 'n kollegebiblioteek word gewoonlik in afdelings verdeel. In buitelandse literatuur, soos ook hierbo uiteengesit is, word leesruimtes, werksruimtes en klaskamers dikwels ook tussen die afdelings genoem, wat merendeels beteken dat in daardie spesifieke ruimtes personeel is wat spesifieke take verrig wat spesifiek in daardie ruimte uitgevoer word.

Die funksies of take van elke afdeling word nie in detail bespreek nie, maar daar sal kortliks na elke afdeling verwys word. Kollegebiblioteke verskil van mekaar. Dit is elke onderwyskollege se raad van departementshoofde en die bestuur van dié kollegebiblioteek se taak om saam beleid te formuleer en te bepaal **watter funksies** in die kollegebiblioteek nodig sal wees om die doelstellings van daardie kollege ten uitvoer te bring.

### **3.7.1.2 Verskillende afdelings in die kollegebiblioteek**

#### **a) Professionele dienste**

Professionele dienste van 'n kollegebiblioteek kan slegs deur opgeleide, goed gekwalifiseerde personeel gelewer word. Hierdie personeel moet "dubbeld" gekwalifiseerd wees. Hulle moet eerstens in die Biblioteek- en Inligtingkunde opgelei wees, daarbenewens moet hulle ook in besit wees van 'n professionele onderwyskwalifikasie. Beide kwalifikasies is noodsaaklik om in 'n onderwyskollegebiblioteek suksesvol te kan werk.

Professionele take is dié take wat bydra tot dienslewering aan die gebruiker en is spesifiek toegespits op die opleiding van studente as onderwysers. Volgens Oeschger (1973:40) is keuring van media, klassifikasie, indeksering, naslaanwerk, bibliografiese diens en lektuurberigdiens professionele take.

In die literatuur is daar heelwat dispuut oor **wie, watter take** moet doen. Vergelyk Willemse (1976:75) en Oeschger (1973:71-73) se sienswyses wat handel oor die kwessie of vakbibliotekarisse ontsluiting van media behoort te doen en of ontsluiting van media in 'n gesentraliseerde afdeling gedoen behoort te word.

Vergelyk ook inligting wat Grobler (1985:72-81) gee oor die rol van die vakbibliotekaris en die rol van die ontsluitingsafdeling. Hier kan slegs genoem word dat elke kollegebiblioteek **self** kan besluit **watter** personeel **waar** moet werk.

### *i) Ontsluitingsafdeling*

By die meerderheid kollegebiblioteke is dit praktyk dat die funksie van ontsluiting van media gesentraliseerd plaasvind, aangesien die vakbibliotekaris 'n wye spektrum van vakgebiede hanteer en die hele dag onderbreek word met navrae. Vakbibliotekaris kan egter die ontsluitingsafdeling van hulp wees met indeksering, aangesien hulle die navrae hanteer en weet watter terme ontsluit behoort te word. Daar behoort dus voortdurende kommunikasie tussen die vakbibliotekaris en die ontsluitingsafdeling te wees.

Die meeste kollegebiblioteke oorsien se katalogi is reeds op rekenaar. Die kollegebiblioteke van Transvaal behoort ook teen die einde van die negentigerjare ten volle gerekenariseer te wees. Dit behoort die skakeling tussen die vakbibliotekaris en die ontsluitingsafdeling nog makliker te maak.

Die navrae van die dosent en die student wat deur die vakbibliotekaris ontvang word, speel 'n belangrike rol by die ontsluitingsproses. Die klassifiseerder behoort presies te weet watter inligting om te indeksêr. Hierdie inligting kan van die vakbibliotekaris na die ontsluiter deurgegee word. Sillabusse van al die vakgebiede behoort ontleed te word sodat moontlike navrae geantisipeer word. Die wyse waarop die ontsluitingsafdeling met die vakbibliotekaris saamwerk en die gehalte van indeksêring, gaan bepaal of die gebruikers tevrede gaan wees met die inligting waarna hulle soek.

Sommige kollegebiblioteke indeksêr nie in diepte nie en beskou dit as die taak van die vakbibliotekaris om inligting vir die studente te help soek. Dit sal dus weer eens van die beleid van die kollegebiblioteek afhang, naamlik of studente inligting selfstandig moet soek en of die vakbibliotekaris 'n groter rol moet speel by die herwinning van inligting. Die neiging is egter oral dat die student selfstandig behoort te werk en daamatoe gelei behoort te word. Dale (1988:233) stel dit soos volg:

... students must learn how to discover information for themselves and must become self-reliant library users.

### *ii) Vakbibliotekarisdienste*

Kollegebiblioteke is gewoonlik klein in vergelyking met universiteitsbiblioteke en personeeltoewysing wissel na gelang van studentegetalle wat styg of daal. Gewoonlik is daar nie meer as vier vakbibliotekarisse in 'n kollegebiblioteek nie. Die rasionaliseringsproses in Suid-Afrika het egter meegebring dat die aantal vakbibliotekarisse in kollegebiblioteke in Suid-Afrika, van ongeveer vier vakbibliotekarisse (gedurende die

tagtigerjare) gedaal het na twee, of slegs een vakbibliotekaris per kollegebiblioteek (gedurende die negentigerjare).

Vakbibliotekarisse bedien 'n wye spektrum van vakgebiede en behartig die keuring, inligtingherwinning, naslaandiens en navrae van gebruikers. Hulle help onder andere ook met indeksering; reservering van media vir werkopdragte van studente; uitstallings van media; opstel van bibliografieë; hulle lewer ook 'n lektuurberigdiens. By sommige kollegebiblioteke help hulle ook met doseerwerk, gewoonlik die opleiding van studente wat in Inligtingvaardighede spesialiseer. Vakbibliotekarisse is gewoonlik ook gemoeid met die informele opleiding van studente in biblioteekgebruik.

### *iii) Afdeling vir oudiovisuele media*

Die vakbibliotekaris wat in die afdeling vir oudiovisuele media werk, moet kennis dra van al die programmatuur wat beskikbaar is en gebruikers help met die gebruik van die nodige apparatuur. Kollegebiblioteke in die buiteland maak voorsiening vir 'n area waar gebruikers met rekenars kan werk indien hulle dit sou verkies.

### *iv) Kollegebiblioteekbestuur*

'n Groot deel van die bestuur van die kollegebiblioteek se werk is administratief van aard, byvoorbeeld korrespondensie, begroting en bestuur van finansies, skakeling met departemente en boekhandelaars, ensovoorts.

Die professionele deel van die werk is gewoonlik formulering van beleid en die uitvoering daarvan. Die aanstelling, indiensopleiding, toesighouding, kontrole en evaluering van personeel, is 'n verdere taak van die kollegebiblioteekbestuur.

## **b) Nie-professionele dienste**

### *i) Afdeling: Administrasie*

Die kantoor van die departementshoof, of kollegebibliotekaris is gewoonlik gemoeid met administrasie, soos ook hierbo aangedui word. By hierdie afdeling kan sekretariële dienste genoem word. Dit sluit in die tiksters of klerke wat algemene tikwerk, of klerklike werk behartig, soos die beantwoording van die telefoon en liassering van dokumente.

### *ii) Aanskafafdeling*

Hierdie afdeling werk saam met die vakbibliotekarisse en ontvang boeke en oudiovisuele media op sig, wat dan aan dosente en vakbibliotekarisse voorgelê word vir keuring en bestelling. Kontrole van

bestellings teen die bestaande voorraad, die ontvangs van die bestellings en die nagaan van fakture kan alles in hierdie afdeling behartig word.

### *iii) Afdeling vir die prosessering van media*

Daar gaan heelwat fisiese voorbereiding in 'n boek of ander medium voordat dit vir gebruik beskikbaar is. Fisiese voorbereiding van media is gewoonlik 'n arbeidsintensiewe taak en sluit byvoorbeeld die volgende aktiwiteite in: stempel van boeke; inplak van lenersakkies of boekkaarte; die aanbring van strepieskodes deur dié biblioteke wat reeds gerekenariseer het; die aanbring van stafies of plaatjies deur dié biblioteke wat verklipperstelsels het; en die fisiese rugbeskrywing van media nadat dit geklassifiseer en gekatalogiseer is.

### *iv) Produksieafdeling*

Voor die koms van die rekenaar was kataloguskaarte op wasvelle getik en gedupliseer. Moderne woordverwerkmasjiene is reeds vanaf die tagtigerjare in gebruik by sommige kollegebiblioteke, en kon kataloguskaarte direk uit die masjien se geheue gedupliseer word. Die Jordanhill College of Education in Skotland was van die eerste biblioteke wat van hierdie masjiene gebruik gemaak het. Kollegebiblioteke in Transvaal maak nog steeds van soortgelyke masjiene gebruik, aangesien hulle katalogi nog nie op rekenaar is, soos die meeste kollegebiblioteke in die buiteland reeds is nie.

### *v) Uitleendienst*

Benewens die taak van uitreikings en terugbesorgings van media, behartig hierdie afdeling ook gewoonlik boekbesprekings, interbiblioteeklenings, gereserveerde media vir werkopdragte van studente, aanmanings, boetes, registrasie van leners en die byhou van sirkulasiestatistiek.

### *vi) Fotokopieerdiens*

Die meeste kollegebiblioteke lewer 'n fotokopieerdiens wat onder andere inligting kan vergroot of verklein.

### *vii) Afdeling vir tydskrifadministrasie*

Hierdie afdeling is gewoonlik verantwoordelik vir die bestelling en ontvangs van tydskrifte; die sirkulasie van tydskrifte by vakbibliotekarisse en dosente; aanmanings en eise van tydskrifte wat nie gelewer is nie; die ordening van tydskrifte op die rak. Waar kollegebiblioteke al in die omgewing van 300 tydskriftitels ontvang, is 'n sentrale agentskap wat tydskrifintekeninge hanteer, die maklikste uitweg om tydskrifadministrasie suksesvol te beheer en te administreer.

Uit bogenoemde bespreking van die dienste wat 'n kollegebiblioteek kan lewer, is dit duidelik dat elke afdeling van die kollegebiblioteek 'n rol speel, direk of indirek, by die opleiding van onderwysers. Sommige dienste is wel net ondersteunend, maar daarsonder is die geheelfunksie van dienslewering aan die gebruiker nie moontlik nie. Elke afdeling is 'n klein skakeltjie van die groot geheel wat almal saam 'n geheelfunksie lewer.

### **3.7.2 Ontsluiting van die versameling**

Bonn (1974:265) sê tereg:

Every library exists chiefly to serve the needs of its own community of users. It follows, then, that any overall evaluation of a library ought to be based chiefly on how well it does, in fact, serve those needs.

Daar sal slegs in die gebruikers se behoeftes voorsien kan word as die bestaande versamelings van kollegebiblioteke doeltreffend ontsluit is.

#### **3.7.2.1 Bibliografiese ontsluiting**

Volgens Lotter (1989:38) is bibliografiese ontsluiting die volgende:

Wanneer bronne gesistematiseer word op grond van uiterlike kenmerke soos outeur, titel, uitgewer, datum van uitgawe, ensovoorts word daarna verwys as bibliografiese ontsluiting. Bibliografiese ontsluiting is gerig op die opsporing van 'n inligtingsbron as fisiese entiteit.

Wêreldwyd word van die *Anglo American Cataloguing Rules* (AACR II) vir bibliografiese ontsluiting gebruik gemaak. Al die Amerikaanse kollegebiblioteke (Lyle 1974:59), die kollegebiblioteke in Brittanje (Bishop 1981:171), asook al die kollegebiblioteke in Suid-Afrika (Lotter 1989:9), maak almal van die AACR II vir bibliografiese ontsluiting gebruik.

Daar is egter nog kollegebiblioteke wat nie van die AACR II gebruik maak nie, soos Bavakutty (1986:20) in sy ondersoek in Indië gevind het:

Seventy-one per cent of college libraries do not maintain proper catalogues. The proportion of the libraries which have proper catalogues for the entire book collection is just 19 per cent. All these libraries use Ranganathan's Classified Catalogue Code for cataloguing books. Ten per cent of college libraries have partially catalogued the book collection.

Kollegebiblioteke in Suid-Afrika, word baie goed met kollegebiblioteke in Amerika en Brittanje vergelyk - wat eintlik die pas vir die res van die wêreld aangee.

Katalogisering in 'n kollegebiblioteek geskied nie so in diepte soos by 'n universiteitsbiblioteek nie, maar dit geskied minstens tot op AACR II vlak 1 en by sommige kollegebiblioteke tot by vlak 2 (Lotter 1989:10).

### 3.7.2.2 *Onderwerpsontsluiting*

Lotter (1989:38) definieer onderwerpsontsluiting soos volg:

Wanneer bronne gesistematiseer word op grond van inhoudskenmerke, word van inhoudsontsluiting, onderwerpsontsluiting of saakontsluiting gepraat. Onderwerpsontsluiting is dus gerig op die herwinning van die inligting vervat binne 'n inligtingsbron. ... Samevattend kan onderwerpsontsluiting dus gedefinieer word as die organisering en sistematisering van die inhoud van inligtingsbronne met die oog op die opsporing daarvan wanneer benodig.

Al die kollegebiblioteke in Transvaal gebruik die *Dewey Desimale Klassifikasiesistelsel* (DDK) vir onderwerpsontsluiting. In die TOD se "Handleiding vir die departement van skool- en kollegebiblioteekwese aan onderwyskolleges" word daar spesifiek verwys na die opbou van 'n sistematiese katalogus as deel van die kollegebiblioteek se funksies (TOD 1960:9).

Die DDK word ook in die buiteland in die meeste kollegebiblioteke gebruik, soos Lyle (1974:57) dit stel: "While by far the largest number of college libraries still use the *Dewey Desimal Classification*". Sommige kollegebiblioteke gebruik weer die *Library of Congress Classification* (Lyle 1974:57). Bishop (1981:170) gee die volgende statistiek:

Virtually all university libraries use Library of Congress call numbers, while thirty-eight out of eighty-two colleges polled in 1975 still used the Dewey Decimal System.

In Indië gebruik slegs vier biblioteke die DDK (Bavakutty 1986:20). Bavakutty (1986:20) gee ook die volgende inligting aangaande kollegebiblioteke in Indië:

It has been noted that, in a good number of colleges, the primitive method of arranging books according to accession numbers, or arranging them alphabetically by subject or author is still followed. Eighty-eight per cent of government and 59 per cent of private college libraries do not use any modern scheme of library classification for arranging books on the shelves. The proportion of libraries which have classified the entire book collection according to a modern scheme is just 8 per cent. ... The most popular scheme of classification, among the colleges is *Ranganathan's Colon Classification*, which is being used in 12 college libraries. Four libraries use the *Dewey Decimal Classification*.

Lotter (1989) se navorsing handel oor die problematiek van die huidige onderwerpsontsluitingsmetodes wat in kollegebiblioteke in Transvaal gevolg word. Aangesien hierdie inligting vir dié navorsing van waarde is, word die kern daarvan kortliks soos volg opgesom:

Lotter (1989:10) identifiseer die volgende probleme wat ondervind word by die ontsluitingsproses:

- a) 'n gebrek aan eenvormigheid in die ontsluiting van verskillende soorte biblioteekmateriaal;
- b) die sistematiese katalogus wat uit die gebruik van die DDK voortspruit;
- c) die inherente tekortkominge van die DDK vir onderwerpsontsluiting in 'n onderwyskollege= biblioteek; en
- d) gebreke in die ontsluitingstelsel as gevolg van toepassingsprobleme deur die jare .

Vervolgens kan kortliks iets oor elke aspek hierbo genoem word:

#### a) Gebrek aan eenvormigheid

'n Kollegebiblioteek beskik gewoonlik oor verskillende versamelings: 'n boekversameling; 'n tydskrifversameling; 'n oudiovisuele versameling; sommige kollegebiblioteke beskik ook oor 'n koerantknipselversameling en 'n argief. Die probleem is dat hierdie versamelings nie altyd eenvormig ontsluit word nie.

#### b) Die sistematiese katalogus

Lotter (1989:13) beskryf die probleem soos volg:

'n Groot beswaar wat teen die sistematiese katalogus ingebring kan word is die feit dat studentegebruikers die beginsels en werking daarvan, ten spyte van omvattende oriënteringskursusse, moeilik vind om te verstaan.

Die feit dat die sistematiese katalogus nie gebruikersvriendelik is nie plaas groot druk op die vakbibliotekaris wat voortdurend as tussengangers tot die stelsel moet optree.

#### c) Die Dewey Desimale Klassifikasiestelsel

Aanvanklik het die DDK doeltreffend in kollegebiblioteke gefunksioneer. Die lesing was feitlik die uitsluitlike metode van onderrig en onderwerpsnavrae was beperk. Die makrografiese ontsluiting van twee of drie onderwerpe per boek was voldoende gewees (Lotter 1989:17).

Die tagtigerjare het egter verandering gebring toe kollegebiblioteke in mediasentrums verander het. Lotter (1989:17) beskryf dit soos volg:

Verandering in die aanbiedingswyse van lesings, en verandering in die aard en inhoud van die kursusse wat aangebied is, het mettertyd veroorsaak dat, alhoewel die versameling nog algemeen van aard was, daar sterker beklemtoning in sekere skoolgerigte vakgebiede gevolg het. Groot hoeveelhede oudiovisuele materiaal is aangekoop om in die veranderende eise van die moderne onderwys, waarin individualisering en selfwerksaamheid sentraal staan, te voorsien, en daar is begin met die ontsluiting van tydskrifartikels. ...

Die DDK is 'n algemene klassifikasieskema wat in 1876 ontwikkel is, nie vir onderwerpsontsluiting nie, maar as 'n metode vir die rangskikking van die boeke van 'n spesifieke biblioteek. ... As sodanig openbaar dit verskeie tekortkominge vir die ontsluiting van die verskeidenheid bronne van 'n tipies twintigste-eeuse onderwyskollegebiblioteek (Lotter 1989:18).

#### d) Tekortkominge in die stelsel

Die DDK is vir die studentegebruikers moeilik om te verstaan, maar vir rangskikkingsdoeleindes sal die DDK altyd geskik bly. Ander verbale ontsluitingsmetodes behoort ook ondersoek te word, om saam met die DDK gebruik te word (Lotter 1989:34).

#### 3.7.2.3 Onderwerpshoofde

Lyle (1974:59) verwys na die volgende onderwerpslyste waarvan kollegebiblioteke in die buiteland, algemeen gebruik maak. Hierdie lyse word ook algemeen in kollegebiblioteke in Suid-Afrika gebruik:

*The Library of Congress Subject Headings* is the guide most commonly used by college libraries, although *Sears List of Subject Headings* is sometimes used for smaller libraries.

Lotter (1989:136) stel voor dat moontlike inskakeling van kollegebiblioteke in Suid-Afrika by die *Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk* (SABINET) verder ondersoek behoort te word. Inskakeling by SABINET hou egter ook probleme in. Lotter (1989:137-138) verduidelik die probleem soos volg:

Alhoewel skakeling met SABINET groot voordele vir die kollegebiblioteek kan inhou, veral ten opsigte van die bevrediging van dosente se navorsingsbehoefes, is dit te betwyfel of SABINET kostevoordele spesifiek ten opsigte van onderwerpsontsluiting vir die kollegebiblioteek inhou. Alhoewel SABINET individuele onderwerpsontsluitingsmetodes toelaat, ... word LC-saakhoofde tans as die standaard onderwerpsontsluitingsmetode van die rekords binne sy databasis aanvaar. Die verklaring hiervoor lê klaarblyklik in die feit dat die grote meerderheid van die rekords op SABINET se databasis oorgeneem is van die *Library of Congress*, die *British Library* en die *Washington Library Network* (WLN).

Talle Suid-Afrikaanse biblioteke val by hierdie metode van onderwerpsontsluiting in ter wille van die oorheersende netwerkfunksie, of ter wille van die kostevoordele van kopiekatalogisering. Dit bring mee dat die onderwerpsontsluitingsbehoefte van die individuele biblioteek, net soos in Amerika en die Verenigde Koninkryk, dikwels skade ly.

In Amerika hou gerekenariseerde onderwyskollegebiblioteke by LC-saakhoofde ter wille van die kostevoordele van inskakeling by netwerke soos WLN en OCLC (Ohio College Library Center), ten spyte van die feit dat dit nie in 'n onderwyskollege se besondere behoeftes voorsien nie. ... In die geval van SABINET sou die kollegebiblioteek dus óf by LC-saakhoofde moes hou, óf slegs die bibliografiese gegewens aanvaar en self onderwerpsontsluiting doen.

Lyle (1974:64) spreek hom ook uit oor die *Ohio College Library Center* (OCLC), wat 'n gekoppelde gesamentlike katalogiseringstelsel is. Drie-en-vyftig kollegebiblioteke in Columbus, Ohio, is lede van hierdie stelsel. Hierdie stelsel is volgens hom nie altyd funksioneel en koste-effektief nie.

Nietemin, stel kollegebiblioteke dit ten doel om hulle versamelings so doeltreffend moontlik vir gebruikers te ontsluit. Uit dié bespreking is dit duidelik dat veral die kollegebiblioteke in Transvaal werklik daarop ingestel is om hulle versamelings so doeltreffend moontlik vir studente en dosente te ontsluit.

Vir Swart (1990:169) gaan dit om die **kwaliteit** van ontsluiting:

Die effektiwiteit van 'n ontsluitingsstelsel is direk eweredig aan die kwaliteit van ontsluiting. Die kwaliteit van ontsluiting is afhanklik van die akkuraatheid en konsekwentheid waarmee deskriptore gevorm word, wat op hul beurt weer afhanklik is van die volgende drie faktore: Menslike faktore; Analiseprosedure; Semantiese faktore.

Ontsluiting is dus 'n hoogs professionele en tegniese proses en geen kollegebiblioteek kan doeltreffende diens lewer daarsonder nie.

### **3.7.3 Die paraatheid van die versameling**

Die versameling van 'n kollegebiblioteek is die spil waarom die opleiding van studente draai. Lyle (1974:170) stel dit soos volg:

To provide a plentiful supply of good and useful books in support of the college's curriculum is the college library's *raison d'être*. One cannot have a first-rate library without a systematic, enlightened program of book selection and acquisition. Library materials are the core around which sound teaching and learning take place in college.

Die primêre uitgangspunt van 'n kollegebiblioteek is om in sy gebruikers se behoeftes te voorsien. Chisholm en Ely (1976:51) beskryf dit so:

The raison d'être for any media center is to fulfill the needs of the user. If the needs of the user are not being met there is little or no justification for the existence of such a center. Therefore the fulfillment of the needs of the user becomes a fundamental concern.

'n Kollegebiblioteek versamel, orden, bewaar en stel beskikbaar om 'n gunstige klimaat te skep vir die oordrag van kennis. Jacobs (1975:98) stel dit soos volg:

Die oordrag van kennis is naamlik die belangrikste funksie van enige opvoedkundige inrigting en die belangrikste bron van kennis is die voorraad van die biblioteek wat in alle opsigte en te alle tye in die behoeftes van studente en dosente moet voorsien.

Kollegebiblioteke se versameling word gewoonlik in twee hoofgroepe ingedeel, naamlik die boekversameling en die nie-boekversameling.

### **3.7.3.1 Boekversameling**

Die boekversameling word gewoonlik weer onderverdeel in:

- a) Die hoofversameling: sluit gewoonlik vakliteratuur en verhale in;
- b) Vakversamelings: byvoorbeeld 'n versameling vir Junior Primêr;
- c) Naslaanversameling.

### **3.7.3.2 Nie-boekversameling**

Die nie-boekversameling sluit gewoonlik die volgende in:

- a) Tydskrifversameling;
- b) Pamfletversameling;
- c) Koerantknipselversameling;
- d) Oudiovisuele versameling:
  - i) Programmatuur:
 

Prente, strookfilms, skyfies, transparante, mikrofiche, plate/kompakskywe, bandopnames, kassette, klankskyfieprogramme, multi-media, video-opnames, rekenaarprogramme.
  - ii) Apparatuur:
 

Video-spelers, hoëtroustelle, platespelers, kompakskyfspelers, klankskyfieprojektors, kamerastelle, kassetspelers, mikrofichelesers, transparantmakers, truprojektors, natrektafels, oorfone en rekenars.

Lyle (1974:181) kategoriseer kollegebiblioteekversamelings soos volg:

- a) Subject collection,
- b) General books,
- c) Reference collection,
- d) Special collection,
- e) Recreation reading.

'n Tipiese voorbeeld van 'n kollegebiblioteek se verskillende versamelings is dié van die Jordanhill College of Education, Glasgow, Skotland. Die indeling van versamelings in dié biblioteek is soos volg:

- a) Main lending collection;
- b) Reserve book collection;
- c) School lending collection;
- d) Current periodicals collection;
- e) General reference collection;
- f) Education reference collection;
- g) School reference collection;
- h) Audio-Visual library (Jordanhill College of Education 1982:6-7).

Die bekikbaarheid of die paraatheid van die versamelings is dikwels een van die belangrikste probleme waarna kollegebiblioteekarisering moet kyk. Die beleid vir versamelingbou van 'n kollegebiblioteek, is baie belangrik. Vir Smit (1991:187) gaan dit om **versamelinganalise**:

Versamelinganalise is die aktiwiteit(e) wat daar op gemik is om die sterk en swak punte (leemtes) in 'n versameling te bepaal. Die eindresultaat kan die evaluering van die versameling wees volgens die behoeftes van die biblioteek/biblioteke se gebruikerskorps.

Smit (1991:187-193) gee belangrike inligting aan die hand rakende versamelinganalise en die metodes wat gevolg kan word om 'n versameling te evalueer. Dit kan deur enige kollegebiblioteek nagevolg word en behoort ook deel van elke kollegebiblioteek se beleid te wees om voortdurend die versamelings te evalueer.

Enige kollegebiblioteek het egter leemtes. Hierdie leemtes word deur die gebruikers aangedui. Navrae wat deur die vakbibliotekarisering gehanteer is en nie by bevredigende inligting uitgekorn is nie, behoort deur die vakbibliotekarisering aangeteken te word en kan die kollegebiblioteekarisering op hierdie leemtes konsentreer. Dieselfde inligting kan by die uitleentoonbank verkry word, indien gebruikers nie die media waarna hulle soek gevind het nie.

Steynberg (1989:372-375) gee waardevolle inligting oor die beskikbaarheid en toeganklikheid van inligting in akademiese biblioteke. Steynberg (1989:373) definieer die twee begrippe soos volg:

**Availability** is defined ... as a measure of the extent to which the needs of patrons for specific documents are promptly satisfied. ... Material can therefore be considered available when the library concerned has

- a) acquired an item;
- b) processed it; and
- c) the user finds it at the location indicated on the catalogued record.

... **accessibility** is the difficulties (usually measured in time delays) that patrons encounter in actually obtaining materials.

Kollegebiblioteke behoort feitlik almal aan 'n interbiblioteekleningskema wat die kollegebiblioteek in staat stel om enige inligting te bekom. Die paraatheid is egter die probleem omdat interbiblioteeklenings soms lank neem om by die gebruikers uit te kom.

Neal en Smith (1983:277-280) het soortgelyke probleme geïdentifiseer in 'n ondersoek wat hulle gedoen het by 'n onderwyskollege verbonde aan die Pennsylvanië Staats Universiteit. Neal en Smith (1983:279) beskryf die probleem soos volg:

The availability in the Libraries' collections of the materials needed for research by branch campus faculty is the most important factor explaining heavier reliance on PSU sources. Inconvenient access to other libraries and the effectiveness of intercampus lending services were also rated as critical factors.

... A fear of academic librarians is that when resources are not available researchers may give up or significantly modify their projects. Nearly one of five of these branch campus faculty indicated that they have experienced this problem at PSU. One method for reducing this number would be to encourage their participation in development of the central research collections.

Bavacutty (1986:24-28) het ook probleme met die bekikbaarheid van inligting in sy ondersoek by kollegebiblioteke in Indië, aangetref. Hy rapporteer soos volg:

Students of representative colleges were asked whether the book collections of their libraries were adequate to meet their requirements. In all, only 55 per cent of the students reported that the book collection of their libraries was adequate to their requirements. ...

Teachers of representative colleges were also asked to express their views on the adequacy of the book collection of the libraries to meet the requirements of teaching. ... Only 47 per cent of the teachers held the view that book collections were adequate to meet the requirements of teaching.

Probleme in kollegebiblioteke is dus universeel. Dit gaan van elke kollegebiblioteek se bestuur afhang in welke mate daar aan hierdie probleme aandag gegee word. Lyle (1974:175) is ook van mening dat interbiblioteeklenings 'n groot rol kan speel om hierdie probleem die hoof te bied:

Many colleges could improve, and many are improving the total resources of their libraries by contributing to a regional interlibrary center a portion of the funds which they would otherwise be using to duplicate expensive periodical sets, back files of newspapers on microfilm, and other major microform publications.

Dit is onder andere ook die doel van hierdie navorsing om die leerntes wat by sommige kollegebiblioteke in Transvaal ten opsigte van hulle versamelings ervaar word, uit te wys deur middel van die empiriese ondersoek wat gedoen is.

### **3.8 SLOT**

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die rol van die kollegebiblioteek tydens die inisiële opleiding van onderwysers. Daar is eerstens aandag gegee aan die ontstaan van kollegebiblioteke en die historiese ontwikkeling van kollegebiblioteke in die buiteland, asook in Transvaal.

Die kollegebiblioteek word gedefinieer en die doelstellings, beleid en funksies van 'n kollegebiblioteek word uiteengesit. Die rol van die kollegebiblioteek met betrekking tot die opleidingsprogram word in oënskou geneem. Daar word spesifiek gekyk na die dienste wat 'n kollegebiblioteek lewer, die ontsluiting van die versameling, asook na die paraatheid van die versameling van 'n kollegebiblioteek.

In hoofstuk 4 sal daar veral na die gebruik van kurikulêre media gekyk word, asook na die benutting van 'n kollegebiblioteek. Die gebruikers van 'n kollegebiblioteek en die tipe navrae wat van gebruikers ontvang word, word onder andere bespreek.

## HOOFSTUK 4

### DIE BENUTTING VAN 'N KOLLEGEbiblioteek

#### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is die rol van die kollegebiblioteek tydens die inisiële opleiding van onderwysers, breedvoerig bespreek. Daar is onder andere aandag gegee aan die historiese ontwikkeling van kollegebiblioteke plaaslik asook in die buiteland. Die doelstellings, beleid, funksies en dienste van kollegebiblioteke is ook ten volle bespreek. Die ontsluiting en paraatheid van die versameling van 'n kollegebiblioteek, het ook aandag geniet.

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die **benutting** van 'n kollegebiblioteek. Hoewel daar reeds in hoofstuk 1 kortliks verwys is na gebruikerstudies wat by tersiêre biblioteke plaaslik en in die buiteland gedoen is, sal daar in hierdie hoofstuk na verdere gebruikerstudies verwys word. Voordat die benutting van 'n kollegebiblioteek bespreek word, moet daar eers besin word oor belangrike aspekte wat benutting **direk beïnvloed**.

'n Faktor wat die benutting van 'n kollegebiblioteek beïnvloed, is die gebruik van **kurrikulêre media** deur die studente en dosente. Die waarde van opleiding in **inligtingvaardighede** tydens die tersiêre fase, behoort noodwendig ook 'n rol te speel by die benutting van 'n kollegebiblioteek. Die vraag word dikwels gevra wie se verantwoordelikheid dit is om studente inligtinggeletterd te maak? In die literatuur is heelwat dispuut daaroor, of dit die **bibliotekaris** en of dit die **dosent** se verantwoordelikheid moet wees. In hierdie hoofstuk sal hierdie probleem verdere aandag geniet. Dale (1988:235) stel dit soos volg:

The greatest benefit of an effective program of library instruction is that it can bring the library into its rightful position as an essential element in a college of education.

Olén (1993:144) beweer dat as die onderwys werklik leerlinge wil voorberei vir die wêreld daarbuite, dan behoort leerlinge gelei te word om inligtingvaardig te wees en behoort hulle volkome inligtinggeletterd te wees. 'n Voorvereiste om dít te kan bereik is dat die **onderwysers self** inligtinggeletterd behoort te wees. 'n Kennis van inligtingvaardighede en inligtinggeletterdheid is dus 'n noodsaaklike vereiste vir alle onderwysstudente en onderwysers.

Dale (1988:237) beklemtoon die waarde van opleiding in inligtingvaardighede in die volgende woorde:

... no introduction to a field of knowledge is complete without instruction in how to proceed beyond that introduction on one's own.

Wat studente vandag leer, kan nooit al wees wat hulle ooit nodig het om te weet nie. Vir die res van hulle lewens gaan daar geen dosent wees om aan hulle behoeftes te voldoen nie. Hulle behoort dus selfstandige biblioteekgebruikers te word wat inligtinggeletterd sal wees. Met die snel veranderende wêreld en die uitbreiding van kennis, is die beste opleiding wat 'n mens vandag vir studente kan gee, is om tred te hou met die vinnige verandering daar buite. Dit is een van die belangrikste dinge wat 'n student by 'n onderwyskollege kan leer - en net die kollegebiblioteek kan dit vir hulle bied (Dale 1988:237).

## **4.2 FAKTORE WAT BIBLIOTEEKBENUTTING BEINVLOED**

### **4.2.1 Gebruik van kurrikulêre media**

Om hul weg effektief deur die lewe te kan baan is dit noodsaaklik vir studente om inligting te kan vind, te kan hanteer, te beoordeel en te gebruik. Inligtingvaardighede het noodsaaklike lewenstoerusting geword en is deel van die opvoedingsprogram op tersiêre vlak (Departement Biblioteekwese, Onderwyskollege Pretoria 1991:18).

Op tersiêre vlak speel die kollegebiblioteek 'n groot rol tydens die integreringsproses, want die kollegebiblioteek is die primêre bron van inligting: dit huisves 'n verskeidenheid van media; dit dek 'n wye spektrum van vakgebiede asook buite-kurrikulêre belangstellings van gebruikers; dit is met ander woorde die plek waar kurrikulêre media doeltreffend benut kan word. Engelbrecht (1985:45) noem kurrikulêre mediagebruik: **geïntegreerde mediasentrumgebruik**.

Kurrikulêre mediagebruik behoort deel van elke kollegebiblioteek se beleid te wees. Elke vakdepartement behoort verder te sorg dat kurrikulêre mediagebruik deel uitmaak van hulle vakbeleid. Sodoende kan kurrikulêre mediagebruik doelgerig beplan word en kan dit suksesvol deurgevoer word. Of die proses werklik op tersiêre vlak doeltreffend toegepas word, word deur sommige outeurs betwyfel (vergelyk Kruger 1990:46-51; Olën 1993:119-125).

#### **4.2.1.1 *Persone wat 'n rol speel tydens die gebruik van kurrikulêre media***

##### **a) Vakbibliotekaris**

Suksesvolle kurrikulêre mediagebruik op tersiêre vlak hang af van die goeie samewerking tussen die vakbibliotekaris en die vakdosent. Daar behoort goeie kommunikasie te wees tussen die vakbibliotekaris en die vakdosente.

## b) Dosente

Vakdosente behoort die gebruik van kurrikulêre media te beplan en te stimuleer. Dié proses van integrering behoort nie net sporadies nie, maar gereeld en progressief plaas te vind. Volgens Malherbe (1988:68) hou sinvolle mediagebruik onbepaalde moontlikhede vir leer en onderrig in. Deur die benutting van kurrikulêre media, word 'n basis gelê vir selfaktiwiteit.

Volgens Sander (1990:4) kan integrering nie slaag sonder die dosent se teenwoordigheid nie en het die dosent bepaalde verantwoordelikhede:

- i. Selfstudie is gedoem tot mislukking as daar vasgehou word aan die lesing en teksmetode van onderrig;
- ii. Daar moet nie oormatig gesteun word op gereserveerde boeke nie;
- iii. Voorafsaamgestelde lysse wat aan studente verskaf word vermy die doelwit van selfhantering van literatuur;
- iv. Biblioteek- en literatuurgebruik moet in die klas gestimuleer word;
- v. Dit hou in dat die dosent sy vakliteratuur moet ken en aktief betrokke moet wees by versamelingbou. Die dosent moet ook sy weg ken in die biblioteek;
- vi. Die dosent moet die biblioteek betrek by die ontginning van inligtingsbronne as deel van die onderrigproses;
- vii. 'n Groep studente moet nie almal dieselfde werksopdrag ontvang nie.

## c) Studente

Daar word algemeen aanvaar dat studente reeds op tersiêre vlak selfstandig kan werk, nadat hulle reeds op die pretersiêre vlak opleiding in inligtingvaardighede ontvang het. In die praktyk gebeur dit egter nie. Olén (1993:75) wys daarop dat studente dikwels op tersiêre vlak nog steeds nie inligtingvaardig is nie:

Numerous librarians in academic institutions have pointed out that students have problems locating and using information in college and university libraries.

Schutte (1974:23) bevestig ook dat die onderwyskollegestudent dikwels baie min weet van die verskillende inligtingsmedia wat in die kollegebiblioteek beskikbaar is.

## d) Kollegebiblioteekbestuur en die Raad van Departementshoofde

Die kollegebiblioteekbestuur en die Raad van Departementshoofde, vorm saam die mediakomitee. Die mediakomitee is verantwoordelik vir die formulering van beleid en die beplanning van die integreringsprogram asook die uitvoering daarvan. Indien integrering vir 'n kollege van primêre belang is

en deel van alle vakke se beleid uitmaak, behoort daar werklik goeie benutting van kurrikulêre media deur die dosente en studente plaas te vind.

#### **4.2.1.2 Problematiek rondom die gebruik van kurrikulêre media**

Volgens Olën (1993:119-125) is die **werklike benutting** van kurrikulêre media op tersiêre vlak, nie altyd na wense is nie. 'n Positiewe ingesteldheid teenoor die gebruik van kurrikulêre media begin by die primêre skool, maar dit is eintlik tydens die **inisiële opleiding van onderwysers** waar die probleem reggestel kan word, deur die positiewe toepassing daarvan en voorlewing deur dosente (Kruger 1990:50).

Dosente behoort dus **self inligtinggeletterd** te wees, sodat hulle op hulle beurt weer gesonde media en inligtinggebruik aan studente kan voorleef. Uiteraard sal dosente wat die waarde van integrering besef, dit in hulle daaglikse onderrigprogram inwerk.

#### **4.2.1.3 Die situasie in die buiteland**

In die literatuur is dit duidelik dat kurrikulêre mediagebruik ook by kollegebiblioteke in die buiteland bevorder word. Lyle (1974:108-112) beskryf die situasie in die Amerikaanse kollegebiblioteke en wy 'n hoofstuk aan *Promoting Independent Library Use*. Lyle (1974:108) sê onder andere die volgende:

The college teacher who embarks on a program of engaging students actively in learning for themselves through independent library use is a bit of a gambler and takes chances, and he has to push his wares. He has to suggest, provoke, and nurse reading, and he has to create interest where it has not been encouraged before. The student must become a partner in the process. He must learn to select, sift, reject, and accept from his own investigation in the library, and to defend his ideas in discussion.

Hamison (1984:8) het ook tydens 'n konferensie wat gehou is by die Chelmer Institute of Higher Education, Essex, gedurende Junie 1984 die geïntegreerde gebruik van media tydens die opleidingsproses beklemtoon. Hy wys daarop dat gerekenariseerde inligtingstelsels ook deel behoort te wees van die onderrigprogram.

In die buiteland word opleiding in gerekenariseerde stelsels dus onder andere ook gedoen, benewens die gebruik van kurrikulêre media tydens die onderrigprogram. Voor die einde van hierdie eeu, sal dit hopelik ook by Suid-Afrikaanse kollegebiblioteke moontlik wees en ook nodig wees om gebruikers eerstens rekenaargeletterd te maak. Hulle sal dan ook sodanig opgelei moet word dat hulle met gemak 'n betrokke vakgebied se inligting op relevante stelsels/netwerke in 'n kollegebiblioteek sal kan soek of herwin, en behoort dan ook in staat te wees om die inligting doeltreffend te kan benut.

Uit navorsing wat gedoen is blyk dit verder dat die probleme wat rondom kurrikulêre mediagebruik ervaar word, universeel is. Olën (1993:123) verwys na Caywood (1991:92) en Jones (1989:9) in haar navorsing, as outeurs wat die belangrikheid van inligtinggeletterdheid insien en ook opleiding in inligtingvaardighede as noodsaaklik beskou tydens die inisiële opleiding van studente. Volgens Jacobson (1988:53-54) is dié tipe opleiding onvoldoende in die meeste kolleges en universiteite in die Verenigde State van Amerika, asook in Kanada (Galler 1988:96).

Outeurs soos Irving (1980:11-14) en Kilpatrick (1980:9-13) in Amerika, ondersteun die gedagte van kurrikulêre mediagebruik in kollegebiblioteke. Irving (1980:12) sê onder andere die volgende:

"Curriculum learning" should be emphasized over a library skills oriented curriculum; the former includes both course and library support.

Kilpatrick (1980:10) verwys onder andere daarna dat opleiding in inligtingvaardighede vir die studente sinvol word wanneer hulle kurrikulêre media tydens hulle opleiding gebruik. O'Hanlon (1988:528) beklemtoon weer die belangrikheid van opleidingsprogramme en die invloed wat dit op leerlinge uitoefen.

#### **4.2.2 Die waarde van opleiding in inligtingvaardighede tydens die tersiêre fase**

Hoewel die meeste leerlinge reeds gedurende die pretersiêre fase opleiding in inligtingvaardighede ontvang het, is eerstejaarstudente nie georiënteer ten opsigte van die kollege- of universiteitsbiblioteek nie. Navorsing het bewys dat studente nie altyd op tersiêre vlak inligtingvaardig is nie (Olën 1993:75). Dit is dus nodig dat studente ook op tersiêre vlak opleiding in inligtingvaardighede sal ontvang.

Biblioteke van tersiêre inrigtings, plaaslik en in die buiteland, bied gewoonlik oriënteringskursusse en opleiding in biblioteekgebruik, of inligtingvaardighede aan eerste- en soms tweedejaarstudente. In hierdie afdeling sal daar gekyk word na die verskillende tipes opleiding in biblioteke van tersiêre inrigtings, asook na die problematiek rondom die aanbieding van 'n opleidingsprogram in inligtingvaardighede op tersiêre vlak.

##### **4.2.2.1 Verskillende tipes opleiding wat aangebied word by biblioteke van tersiêre inrigtings**

Oral word die waarde van opleiding in inligtingvaardighede besef en word dit op verskillende maniere aangebied en toegepas. Dit is plaaslik en in die buiteland praktyk om studente te oriënteer, op te lei en inligtingvaardig te maak. Daar is verskillende tipes opleiding wat by biblioteke van tersiêre inrigtings aangebied word. Terminologie wat in literatuur gebruik word is die volgende: biblioteekoriëntering; bibliografiese opleiding; opleiding in biblioteekgebruik; opleiding in inligtingvaardighede; "course-related instruction"; kurrikulêre mediagebruik en vakintegreering.

Terminologie wat tans in Transvaal gebruik word, is: biblioteekoriëntering; opleiding in inligtingvaardighede; vakintegreering en kurrikulêre mediagebruik. Hierdie terme word ook almal in die navorsing gebruik.

### a) Biblioteekoriëntering

Biblioteekoriëntering word gewoonlik aan die begin van 'n akademiese jaar aan eerstejaarstudente aangebied. Van Niekerk en Prozesky (1987:205) definieer biblioteekoriëntering soos volg:

Library orientation is concerned with orientating the user in terms of the physical layout of the library and general methods of use.

Dit is met ander woorde 'n oriëntasie ten opsigte van die fisiese opset van die tersiêre biblioteek en dit kan uit 'n reeks lesings bestaan wat gepaard gaan met besigtigingstoere deur die biblioteek.

Labum (1983:95) verwys na biblioteekoriëntering as 'n praktyk wat met sukses toegepas kan word. Sy waarsku egter dat groot groepe studente wat deur die biblioteek begelei word, soms uiters steurend vir ander gebruikers kan wees.

In die literatuur is daar heelwat kritiek teen oriënteringskursusse en veral teen die praktyk wat gevolg word om studente deur die biblioteek te begelei. Die hoofbeswaar is gewoonlik dat dié metode baie oppervlakkig is en dat die geraas die ander biblioteekgebruikers steur. Homic (1984:399-400) van die Houston Community College System, Houston, Texas, kritiseer onder andere ook dié metode van oriëntering. Volgens hom is biblioteekoriëntering die mees eenvoudigste vorm van biblioteekopleiding. Die grootste kritiek daarteen is die steurende verkeer deur die biblioteek en die geraas wat daarmee gepaard gaan. Verder is Homic (1984:399) van mening dat die motiverende karakter van onderrig tydens dié praktyk totaal ontbreek en dat dié metode oor die algemeen nie effektief is nie:

Orientations and tours can be deadly boring and have a strong negative effect if not done properly. They should not be left up to any uninterested staff member.

Dale (1988:234) het by 'n jaarlikse konferensie wat gehou is by die Eastern Michigan Universiteit, (waar biblioteekoriëntering jaarliks bespreek word) gemeld dat biblioteekoriënteringstoere, sonder gepaardgaande lesings, eintlik van geen waarde is nie. Individuele hulp aan studente deur biblioteekpersoneel is effektief, maar is weer die duurste vorm van biblioteekoriëntering.

Biblioteekoriëntering word wêreldwyd aangebied, maar is nie oral 'n sukses nie. Biblioteekoriëntering alleen, sonder enige ander opleiding wat die oriëntering opvolg, is te oppervlakkig en nie meer vir die eise van die negentigerjare voldoende opleiding nie.

Studente kan nie na 'n kortstondige oriëntering **selfstandig** hulle weg in 'n biblioteek van 'n tersiêre inrigting vind nie, om nie eers van die bemeestering van navorsingstegnieke en inligtingnetwerke te praat nie! Daarom is opleiding in inligtingvaardighede op tersiêre vlak 'n noodsaaklikheid.

## b) Opleiding in inligtingvaardighede

In die literatuur word die volgende terminologie ook gebruik vir **opleiding in inligtingvaardighede**: bibliografiese opleiding; opleiding in biblioteekgebruik; die Engelse terme: "user education" en "library instruction". In Transvaal is die term "Boekopvoeding" gedurende die sestigter en sewentigerjare in skole gebruik. Gedurende die tagtigerjare het dit verander na "Mediagebruikersleiding" en tans word die term "Inligtingvaardighede" gebruik. Daar sal dus vir die doeleindes van hierdie navorsing volstaan word met die term "Inligtingvaardighede".

**Inligtingvaardighede** is 'n omvattende opleiding in die gebruik van inligting en media in die biblioteek. Verskeie inligtingvaardighede word in die proses aangeleer. Die tipe opleiding word by die meeste biblioteke van tersiêre inrigtings aangebied.

In die literatuur is daar ook heelwat kritiek teen hierdie tipe opleiding. McCarthy (1985:144) van die Northwestern Universiteitsbiblioteek, meld dat baie biblioteke afsonderlike lesings aanbied in inligtingvaardighede. Hierdie lesings word egter heel dikwels buite die akademiese veld of vakdissiplines aangebied. Wanneer opleiding egter **buite die raamwerk van die kurrikulum** val, dan is die opleiding nie meer geldig of van waarde nie, aangesien dit nie op die werklike leerinhoud of kurrikulum van toepassing gemaak word nie. Volgens McCarthy word die aanbieding van dié lesings gewoonlik deur studente as **baie eentonig** bestempel, omdat die lesings geen verband hou met die werklike leerinhoud waarmee die studente daagliks besig is nie.

Dale (1988:234) huldig 'n Amerikaanse siening en onderskei dié opleiding van gewone oriëntering. In Amerika word van geskeduleerde kursusse, waarvoor studente krediet ontvang, gebruik gemaak. Studente wat dié kursusse volg, ontvang krediet of erkenning daarvoor. Hierdie metode kan geslaag wees, omdat studente baie meer gemotiveerd tydens lesings is en omdat hulle erkenning daarvoor kry.

Eadie (1990:43) kritiseer ook opleiding in inligtingvaardighede en huldig die standpunt dat dié opleiding nie altyd slaag nie. Volgens hom behoort slegs die jong, vars, optimistiese en entoesiastiese biblioteekpersoneel, opleiding in inligtingvaardighede aan te bied.

Volgens Labum (1984:95) is die opleiding in inligtingvaardighede, 'n kompromie tussen biblioteekoriëntering en kurrikulêre mediagebruik. Dit oriënteer die studente ten opsigte van basiese inligtingstelsels, die klassifikasiestelsel, die gebruik van verskillende inligtingsmedia en naslaanwerke. In baie biblioteke is die oriënteringsproses beperk tot die eerste paar weke van 'n student se eerste

akademiese jaar. Volgens Labum is dié tipe opleiding dikwels ál wat studente ontvang in sommige akademiese biblioteke en het dit **wel** vormende waarde.

### c) Kurrikulêre mediagebruik

In die literatuur word terminologie soos "course-related (integrated) instruction" gebruik. In Suid Afrika word die begrip "kurrikulêre mediagebruik" algemeen gebruik, wat die proses van integrering met die biblioteek beskryf.

Die rol van die vakdosent is tydens hierdie opleiding meer prominent. Die ideaal is egter dat daar interaksie sal plaasvind tussen die vakbibliotekaris en die vakdosent. Tog bly daar nog steeds 'n behoefte aan 'n kursus in die opleiding in inligtingvaardighede, benewens die feit dat die vakdosent 'n rol speel by vakintegrering.

Volgens Labum (1984:95) is die sukses van die gebruik van kurrikulêre media geheel afhanklik van die benadering van die dosente. Die tyd wat dosente daarvoor maak in hulle onderrigprogram gaan die sukses daarvan bepaal. Dit kan die vorm van 'n reeks lesings binne die biblioteek aanneem en dit kan praktiese werk insluit soos die hantering van naslaanwerke, vaktydskrifte en ander media.

#### **4.2.2.2 Probleme rondom die opleiding in inligtingvaardighede op tersiêre vlak**

Probleme rondom die opleiding in inligtingvaardighede op tersiêre vlak, is universeel. Navorsing dui daarop dat opleiding in inligtingvaardighede ook in die buiteland 'n integrale deel van die onderrigprogram geword het (Behrens 1990:357).

Volgens Labum (1984:97) is opleiding in inligtingvaardighede in Suid-Afrika 'n verwaarloosde studieveld en vergelyk dit nie goed met die buiteland nie. Sy sê die volgende in verband hiermee:

... in all South-African libraries, user education is a neglected field. Such education probably is taking place in many institutions, but if one goes by the literature little or nothing is happening ...

... In comparison with the United States, Canada, and the United Kingdom and also Australia, which is more directly comparable, South African libraries are not doing too well.

Behrens (1990:357) beklemtoon onder andere ook die hoë gehalte van onderrig in inligtingvaardighede in oorsese lande, veral in lande soos Nieu Seeland, Australië en die Verenigde State van Amerika. Volgens Behrens word die behoefte aan inligtinggeletterdheid wêreldwyd aangevoel. Opleiding in inligtingvaardighede word derhalwe in die meeste kurrikula van vakgebiede op tersiêre vlak ingewerk.

Veldsman (1994:46-65) bevestig Labum se siening dat opleiding in biblioteekgebruik in Suid-Afrika nie na wense is nie. Veldsman (1994:46) skryf uit die oogpunt van 'n vaknavorsers en beskou die problematiek van die opleiding in inligtingvaardighede op tersiêre vlak, heel objektief. In der waarheid is dit goed as kritiek uit 'n ander perspektief as die Inligtingkundige-milieu kom en kan inligtingkundiges en bibliotekarisse van hierdie sienswyses kennis neem.

Veldsman (1994:49) verwys na 'n gepubliseerde verslag van die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria, na aanleiding van 'n ondersoek wat gedoen is by die Universiteit van Pretoria: *Die universiteitsbiblioteek as inligtingsdiens: Opleiding van gebruikers in die gebruik van inligtingsbronne* (Pienaar *et al.* 1987). Die bevindinge van hierdie verslag is kommerwekkend en is ook vir hierdie navorsing van belang. Veldsman (1994:49) haal dit soos volg aan:

### Die stand van gebruikeropleiding ooreenkomstig die verslag van 1987

#### Bevindinge

Die volgende bevindinge van die verslag is hier van belang:

- Basiese vaardigheidsvlak by studente het totaal ontbreek asook die noodsaak van opleiding het deeglik geblyk;
- Te min tyd/te vol kursus;
- Te groot groepe/akkommodasieprobleem;
- Waar dosente leesopdragte of seminaartake gegee het, was die motivering van die studente om gebruikersopleiding te ontvang hoër as wanneer opleiding sonder 'n werklike mikpunt aangebied is/vae (on)uitgesproke departementele betrokkenheid;
- Studente was oor die algemeen nie in die teoretiese gedeeltes geïnteresseerd nie. Hulle wou net weet hoe om die inligting op te spoor/die houding van die studente teenoor gebruikersopleiding word bepaal deur die utiliteitswaarde wat die biblioteek vir die kursus inhou;
- Dosente doen dit self/vind dit onnodig/verskaf bibliografieë.

In die lig van hierdie bevindinge is die volgende **aanbeveling** gemaak:

- \* Klem moet verskuif ... vanaf oriëntering na opleiding. Hierin is:
  - \* samewerking van dosente nodig om studente te motiveer (sic) om die program deur te loop;
  - \* formele roostertye moet vir gebruikersopleiding gebruik word, en
  - \* vaardighede van studente se verworwe kennis moet op een of ander wyse toegepas word.

Dit is dus duidelik dat daar nog veel te doen is op die tersiêre vlak aan die opleiding in inligtingvaardighede. Volgens Veldsman (1994:50) is die kern van die probleem:

... dat gebruikersopleiding en die ontwerp van 'n soekstrategie vir studente, volledig vanuit en ter wille van 'n bibliotekale oogmerk ondemeem en ingerig word, en nie vanuit die *navorsingsproses* wat dit juis wil ondersteun nie.

Veldsman (1994:50) beskuldig bibliotekarisse en inligtingkundiges van die volgende: "Gebruikersleiding is ontwerp deur inligtingkundiges, nie gebruikers/navorsers nie!" en haal vervolgens vir Eadie (1990:43) aan, wat weer eens 'n aantyging teen bibliotekarisse maak:

I think user education is a special service of questionable value that arose not because users asked for it, but because librarians thought it would be good for them.

Stoan (1984:99) huldig ook dieselfde standpunt as Veldsman (1994:50) met die volgende woorde:

Librarians ends up organizing the library, its services, and its resources in terms of their own logic, not that of the researchers.

Veldsman (1994:51) se hoofbeswaar lê in die feit dat inligtingkundiges of bibliotekarisse, kennis van die bibliografiese struktuur/ketting as noodsaaklike voorwaarde sien vir die suksesvolle gebruik van 'n tersiêre biblioteek. Kennis van die bibliografiese ketting word as losstaande voorveronderstelling gesien as doel in sigself, en nie as integrale deel van die proses self nie.

Soos dit die geval is by die gebruik van kurrikulêre media, speel gesindheid ook 'n rol by die onderrig van inligtingvaardighede. Van der Walt (1992:40) beklemtoon die belangrikheid van **gesindheid** by 'n opleidingsprogram. Volgens hom is dit belangrik om by die onderrig van inligtingvaardighede nie die gesindheidsaspek uit die oog te verloor nie.

Iemand wat nie waarde heg aan inligting en nie gemotiveerd is om dit doeltreffend te gebruik nie, sal ook nie die nut van onderrig in hierdie verband insien nie.

Veldsman (1994:53) en Eadie (1990:43) is dit eens dat gebruikersopleiding nie 'n sukses is soos dit tans aangebied word nie - volgens hulle word dit "vervelig, herhalend, selfgerig en dikwels met triviale implikasies" aangebied.

As oplossing bied Veldsman (1994:53) **vakintegreering of kurrikulêre mediagebruik** vir dié probleem aan. Inligtinggeletterdheid behoort volgens Veldsman in die akademiese uitset "versteek" te word, deurdat van "opleiding" afgesien word en daar gedink word in terme van integreering van die inhoud van 'n vakgebied. Veldsman (1994:53) stel dit so:

...Die strukturering van die verwerwing van inligtinggeletterdheid aan die hand van die struktuur van wetenskaplike (logiese) navorsing.

Willemse (1984:4-23) se siening sluit ook by Veldsman (1994) aan. Hy het reeds in 1984 die integrering van navorsing en inligting tot geïntegreerde navorsing bepleit.

Veldsman (1994:54) en O'Hanlon (1991:116-117) voer aan dat in bibliografiese onderrig, studente gefokus moet word op die proses en die strategie van die proses. Onderrig wat geïntegreer is met die akademiese kursusse is by talle biblioteke van tersiêre inrigtings 'n onderwerp van navorsing.

Veldsman (1994:55) stel 'n prosesgeïntegreerde model voor waarvolgens te werk gegaan kan word. Die behoefte aan inligting behoort via die akademiese leerplanne te ontstaan. Om dus navorsing te doen en die biblioteek te gebruik behoort deel te wees van een proses.

Volgens Veldsman (1994:60) kan daar volstaan word met biblioteekoriëntering op eerste- en tweedejaarsvlak. Daarna behoort bibliografiese opleiding gegee te word deur die vakdosent en die vakbibliotekaris aan die hand van die vakkurrikulum. Volgens Veldsman behoort bibliotekarisse in nouer kontak met die navorsingsproses sowel as die navorsingsuitset te kom. Op hierdie wyse kan noodsaaklike inligtinggeletterdheid gesamentlik opgebou word.

Hoewel baie bibliotekarisse of inligtingkundiges miskien nie met alles wat Veldsman (1994) sê en voorstel sal saamstem nie, is daar definitief meriete in sy sienswyses. Laasgenoemde sluit ook aan by die problematiek van die gebruik van kurrikulêre media (soos reeds bespreek is in paragraaf 4.2.1.2).

Die sienswyses van Veldsman (1994) sluit verder aan by die sieninge van Van Niekerk en Prozesky (1987:264) naamlik dat lae biblioteekgebruik deur studente, dikwels te wyte is aan onvoldoende geïntegreerde gebruikersopleiding.

Van Niekerk en Prozesky (1987:264) het na 'n ondersoek by die Biblioteek vir Lewenswetenskappe van die Universiteit van Natal, Pietermaritzburg, aanbeveel dat formele, sistematiese opleiding in inligtingvaardighede, wat geïntegreer is met vakonderrig, 'n onlosmaaklike deel van die student se wetenskaplike opleiding sal word. Hierdie benadering van geïntegreerde, gestruktureerde, bibliografiese opleiding, plaas 'n groot verantwoordelikheid op die bibliotekaris sowel as die vakdosent.

Volgens Day (1983:22) behoort die biblioteekpersoneel wat gemoeid is met die opleiding van studente in inligtingvaardighede, net soveel van die opleidingsproses te weet, as hulle kennis van sillabusse van die onderskeie vakgebiede. Hulle is ook veronderstel om deel uit te maak van kurrikulumbepanning. Inligtingvaardighede kan dus deur middel van integrering en unieke onderrigmetodes bevorder word.

Van der Walt (1989:28) is van mening dat die dosente ten nouste met die **vakbibliotekaris** moet saamwerk. Die vakbibliotekaris behoort volgens Van der Walt (1989:27) eerder 'n **akademikus** te wees, as 'n bibliotekaris wat hom net op een vakgebied toespits.

In die literatuur is daar heelwat dispuut oor **wie** die opleiding in inligtingvaardighede behoort aan te bied. Dit word deur albei kante (naamlik die dosente en die bibliotekaris) van die dispuut aanvaar dat die opleiding in inligtingvaardighede deur die **bibliotekaris** aangebied sal word.

Die opleiding in inligtingvaardighede word in die meeste gevalle deur die bibliotekaris aangebied. Dit is ook die siening van die Library Association in Londen (*College Libraries* 1982:26).

Die probleem kom egter na vore wanneer vakintegrering plaasvind. Aan die een kant is daar diegene wat glo dat die **bibliotekaris** die kursusse of vakintegrering moet waarneem, met ander woorde dat die bibliotekaris dan op die terrein van die dosent moet beweeg. Aan die ander kant is daar diegene wat glo dat dit slegs die **dosent** kan wees wat sy eie vakgebied die beste kan aanbied (Labum 1994:96).

Die ideaal bly egter die **samewerking** tussen die bibliotekaris en die dosent. Die vaardighede wat tydens die opleiding in inligtingvaardighede aangeleer is, kan tydens vakintegrasie verder deur dosente én die vakbibliotekaris ingeskep word. Die hulp van **beide** die vakdosent en die vakbibliotekaris is dan van wesenlike belang.

#### **4.2.2.3 Die situasie in die buiteland**

Surprenant (1982:34) het in 'n ondersoek wat by die Michigan Tegnologiese Universiteit en die Universiteit van Minnesota, Duluth, gedoen is, gevind dat studente wat opleiding in inligtingvaardighede ontvang het, akademies beter gevaar het as die studente wat geen opleiding ontvang het nie.

In 'n ondersoek wat deur Sellen en Jirouch (1984:265) by die Behrend College van die Pennsylvanië Staats Universiteit uitgevoer is, is vraelyste aan dosente en studente gegee om 'n vergelyking te tref tussen die persepsies van studente en dosente. Die persepsies het inderdaad van mekaar verskil. Die resultate het getoon dat studente steeds die inligtingvaardighede toepas en bronne raadpleeg wat hulle op die preterisiere vlak leer gebruik het. Die ondersoek het aan die lig gebring dat dit noodsaaklik geword het dat studente ook op tersiere vlak sekere inligtingvaardighede sal moet aanleer en dat ook moeiliker bronne deur studente gebruik behoort te word. Dit kan alleen gebeur as **dosente** die nodige motivering doen. Dit blyk verder uit dié navorsing dat ál die verantwoordelikheid op die **dosente** geplaas word. Biblioteekoriëntering word daar deur die dosente gedoen.

In teenstelling met bogenoemde sienswyse, het die ondersoek wat gedoen is deur Thomas en Ensor (1984:431) by die Kalifornië Staats Universiteit Long Beach, getoon dat 'n bibliografiese opleidingsprogram noodsaaklik is. By hierdie universiteit word 'n streng bibliografiese opleidingsprogram aangebied.

Vraelyste is aan die doserende personeel gegee om hulle houdings ten opsigte van bibliografiese opleiding te bepaal. Die feit dat hierdie opleiding deur bibliotekarisse aangebied word, word deur almal aanvaar en aangeprys. Tog was daar 29% van die dosente wat nie ten gunste van bibliografiese opleiding was nie. Thomas en Ensor (1984:437) rapporteer soos volg:

Respondents who were highly satisfied with the library requested that librarians give course-related lectures, while those who feel that library services are unremarkable do not give any library instruction.

Dale (1988:232) van die Southern Illinois Universiteit, ondersteun ook die gedagte dat bibliotekarisse verantwoordelik moet wees vir die opleiding in inligtingvaardighede, sowel as 'n "course-related" opleidingsprogram. Bibliotekarisse moet die rol van 'n dosent kan vervul, met ander woorde 'n bibliotekaris moet, volgens Dale, ook kan doseer.

By die Staats Universiteit in Kent, het Buttler en Tipton (1992:370) 'n ondersoek uitgevoer om te bepaal of die opleiding in inligtingvaardighede wat aan die personeel en studente gegee word, effektief en voldoende is. Daar is bevind dat hoewel 'n verskeidenheid van oriënteringsprogramme aangebied word en daar ook opleiding vir die doserende personeel gegee word in biblioteekgebruik, is daar nog ruimte vir verbetering. Buttler en Tipton (1992:373) stel dit soos volg:

While it cannot be concluded that prospective teachers are receiving inadequate instruction in the print and nonprint resources of these specialized collections, it seems appropriate to suggest that they are not being exposed to programs that provide them with informational retrieval strategies they can use independently and which they, in turn, can pass on to the students they will encounter in their future teaching careers.

McCarthy (1985:142) van die Northwestern Universiteitsbiblioteek wys daarop dat doserende personeel dikwels ongemotiveerd ten opsigte van biblioteekgebruik en bibliografiese opleiding is. 'n Bibliografiese opleidingsprogram vir doserende personeel word aanbeveel. In die buiteland word talle sulke projekte en kursusse rondom bibliografiese opleiding aangebied, byvoorbeeld die ACRL Bibliographic Instruction Project, om maar een te noem (McCarthy 1985:145).

Homic (1984:398) van die Houston Community College System, Houston, Texas, bespreek al die vorme van opleiding wat aan 'n tersiêre biblioteek gegee kan word. Hy beklemtoon die rol van die doserende personeel, maar voeg ook by dat hulle nie sonder die professionele hulp van bibliotekarisse opleiding sal kan gee nie. Hy beskryf die samewerking tussen die doserende personeel en die bibliotekarisse waar hulle gesamentlik 'n "Term Paper Workshop" aanbied. Gedurende hierdie "werkswinkel" word die student geleer hoe om navorsing te doen en 'n werkopdrag saam te stel. Inligtingvaardighede word tydens dié opleiding ingeskerp.

Uit bogenoemde uiteensetting van sienwyses en opleiding in inligtingvaardighede in die buiteland, is dit duidelik dat die probleme wat ondervind word universeel is.

Sommige biblioteke slaag heeltemal daarin om samewerking tussen die twee partye (dosente en bibliotekaris) te bewerkstellig. Opleiding in inligtingvaardighede word met groot welslae deur bibliotekaris by sommige tersiêre biblioteke aangebied. Vaardighede word dan verder deur die vakdosente tydens kurrikulêre media-gebruik ingeskep. 'n Voorbeeld hiervan is die "Term Paper Workshop" wat by die Houston Community College deur dosente en bibliotekaris aangebied word (Homic 1984:398).

## 4.3 OPTIMALE BENUTTING VAN DIE VERSAMELING

### 4.3.1 Benutting van die versameling

Die benutting van die versameling van 'n kollegebiblioteek, gaan gepaard met die **behoefte**s van die gebruikers. Fenske (1990:47) verwys daarna dat 'n biblioteek kennis moet dra van die gebruikers se behoeftes. Die biblioteek se besluite behoort:

... gegrond te word op kennis van die **behoefte**s van daardie biblioteek se gebruikers. Die persepsie van genoemde behoeftes kan aangevoeld of intuïtief van aard wees, of dit kan op kennis, verkry uit die resultate van doelbewuste waarneming, berus.

Volgens Fenske (1990:48) behoort 'n behoeftebepaling by gebruikers gedoen te word. Ondersoeke in die buiteland het die besondere werkwyse wat navorsers gewoonlik volg om hulle behoeftes te bevredig, uitgewys. Geen biblioteek kan egter vooruit weet wat sy gebruikers ter plaatse nodig het nie. Fenske (1990:48) beveel die **vraelysmetode** aan om behoeftes van gebruikers te bepaal.

Dit is een van die redes waarom daar ook in hierdie navorsing van vraelyste gebruik gemaak word, om presies by die gebruikers self vas te stel of die inligting waarna hulle soek voldoende is en of die kollegebiblioteek hoegenaamd in sy missie slaag om deel te wees van die opleidingsproses.

Daar kan vervolgens kortliks na die benaming **gebruikgedrag** verwys word. Hodowanec (1979:215) definieer die term **gedrag** as 'n "response to stimulus, activity or change in relation to environment".

Volgens Viljoen (1987:90) is **gebruikgedrag** die handeling van 'n persoon om 'n sekere behoefte aan inligting of ontspanning te bevredig. Die aard van die handeling gaan afhang van verskeie faktore wat eie aan die persoon en sy omgewing is.

#### **4.3.1.1 Gebruikers van 'n kollegebiblioteek**

Die gebruikers van die kollegebiblioteek is eie aan sy soort, naamlik persone wat verbonde is aan 'n onderwyskollege met bepaalde doelstellings - en wel met die **onderwys** as primêre doelstelling. Die gebruikers van 'n kollegebiblioteek is gewoonlik die:

- Personeel:
  - Professionele personeel: Rektooraat en doserende personeel;
  - Administratiewe personeel: Registrateur, administratiewe- en inwonende personeel;
- Studente.

#### **4.3.1.2 Tipe inligtingsnavrae van gebruikers in 'n kollegebiblioteek**

Die kollegebiblioteek moet voorsiening maak vir 'n wye spektrum van inligtingsbronne, want die inligtingsnavrae van gebruikers van 'n kollegebiblioteek dek 'n verskeidenheid van vakgebiede en belangstellings.

Navrae strek oor 'n wye veld. Navrae kan vanaf die preprimêre vlak (byvoorbeeld wanneer 'n prentjie van 'n hoender verlang word) strek; tot op die vlak van die kurrikulum van al die verskillende skoolfasies; tot op tersiêre vlak en dek dan die hele onderwysopleidingkurrikulum (wat natuurlik voorgraads is); en dan is daar nog die navrae van dosente of navorsers op nagraadse vlak of navorsingsvlak.

##### **a) Dosentenavrae**

Die dosentenavrae maak eintlik 'n baie klein deeltjie van die totale biblioteeknavrae uit. By sommige kollegebiblioteke is die doserende personeel skaars 10 % van die totale aantal biblioteekgebruikers. Hulle navrae is op 'n hoër vlak en meer intensief. Dosente benodig inligting vir hulle onderrig, nagraadse studies, navorsing, projekte, seminare, optredes asook vir eie belangstellings.

Dosente maak baie staat op die hulp van vakbibliotekarisse. Volgens Jacobs (1975:58) skenk die biblioteek besondere aandag aan dosente. Die aankope van media vir dosente word gewoonlik beperk, aangesien die vraag daarna (op navorsersvlak of nagraadse vlak) soveel kleiner is as dié van studente. Laasgenoemde se navrae is gewoonlik op voorgraadse vlak geleë.

##### **b) Studentenavrae**

Studentenavrae maak die grootste deel van 'n kollegebiblioteek se navrae uit, tot selfs soveel as 90% van alle navrae. Studente gebruik die kollegebiblioteek gewoonlik vir hulle opleiding.

### 4.3.1.3 Inligtingsbenutting deur studente

Inligtingsbenutting behoort 'n natuurlike deel van die student se daaglikse opleiding te wees. Studente behoort deur dosente gemotiveer te word om die kollegebiblioteek te gebruik. Selfstandige biblioteekgebruik behoort deel te wees van die opleiding van elke student.

Malan (1989:77) meld dat inligtingsbenutting noodsaaklik is vir die vorming van studente. Volgens Malan behoort akademiese opleiding só gestruktureer te word dat **selfstandige inligtingsbenutting** 'n natuurlike faset van 'n student se daaglikse opleiding uitmaak. Die student behoort 'n natuurlike behoefte vir inligtingsbronnebenutting te ontwikkel. Laasgenoemde gebeur wanneer dosente selfstandige studie by studente aanmoedig. 'n Kritiese ingesteldheid teenoor die wetenskap kan ook by studente ingeskerp word.

Van Brakel (1979:3-5) gee ook redes vir **selfstandige inligtingsbenutting** deur studente. Volgens hom behoort 'n student die bibliografiese struktuur van sy vak te ken, alvorens die vakwetenskap na behore verken kan word. As gevolg van die **interdisiplinêre** aard van navorsing, word daar vereis dat studente ook kennis sal neem van inligting uit verwante vakgebiede. Die omvang van inligting, asook die toename in ontsluitingsmetodes en inligtingsnetwerke, kan 'n struikelblok word vir die oningeligte student. Dit is daarom noodsaaklik dat elke student inligtinggeletterd sal wees.

Volgens Garbers (1985:197) is **inligtinggeletterdheid** die bewuste kennis van 'n mens se eie inligtingsbehoefte en die werklike optrede van 'n persoon om daardie inligtingsbehoefte te bevredig. Inligtinggeletterdheid bestaan dus uit: kennis van die behoefte aan inligting; asook kennis van die plek waar die inligting verkry kan word; die nodige vaardighede om dit te bekom en kennis van die wyse waarop dit aangewend kan word.

Die kollegebiblioteek behoort daaglik deur studente in hulle onderskeie vakgebiede benut te word. Studente kan dit alleen regkry as hulle deur die dosente gelei word om dit te doen. Volgens Malan (1989:78) is inligtingsbronne en inligtinggeletterdheid "die ligskakelaars waarmee die spreekwoordelike akademiese duisternis vir die student verlig kan word". Die dosent (wat ook 'n vakkenner is) is die aangewese persoon om inligtingsbronne aan studente uit te wys.

Behrens (1992:83) definieer inligtingsgeletterdheid soos volg:

To be information literate requires a new set of skills. These include how to locate and use information needed for problem-solving and decision-making efficiently and effectively.

Volgens Lyle (1974:106) is daar drie vlakke van kollegebiblioteekgebruik, naamlik die vlak waarop daar van handboeke gebruik gemaak word; ten tweede die vlak waarop daar van gereserveerde boeke gebruik gemaak word; en derdens die vlak waar onafhanklike studie plaasvind. Hierdie vlakke van

biblioteekgebruik gaan afhang van die opleidingsprogram, die metode van onderrig en die houding van dosente ten opsigte van vakintegreering.

Talle gebruikerstudies wat al in die buiteland by tersiêre inrigtings gedoen is, het getoon dat daar nog altyd ruimte is vir beter benutting van bestaande inligting in biblioteke. In hoofstuk 1 is reeds van sommige van hierdie gebruikerstudies melding gemaak.

Een van die meer belangrike gebruikerstudies is dié van Mays. Mays (1986:51-62) verwys na die onderbenutting van die Deakin Universiteitsbiblioteek. Hy het na aanleiding van 'n empiriese ondersoek by hierdie universiteit gevind dat die behoeftes van studente geensins bevredig word nie, dat dosente nie altyd die nodige motivering aan studente gee nie en dat die biblioteek nie optimaal benut word nie. Mays (1986:61) voer aan "that it is the individual lecturers responsible for designing and administering the courses who can have the greatest influence on library use by students".

Bogenoemde woorde kan as vertrekpunt dien vir die volgende afdeling wat bespreek word, naamlik die rol wat die doserende personeel speel in die inisiële opleiding van onderwysers.

#### **4.3.2 Die vennootskap tussen die kollegebiblioteek en die doserende personeel in die opleiding van onderwysers**

In die literatuur word die beginsel beklemtoon, naamlik dat die poging wat die dosent daagliks in sy doseerwerk aanwend, die manier waarop hy sy vakgebied aan die studente gaan aanbied en ontsluit, gaan direk bepaal hoe die studente die kollegebiblioteek gaan ervaar en benut. Volgens Kok (1989:105) kry onderwysprogramme eers "lewe" wanneer die dosente die leerinhoud aanbied. 'n Opleidingsprogram word gewoonlik na aanleiding van die aanbieding daarvan geëvalueer. Kok (1989:105) stel dit soos volg: "Daar kan gesê word dat 'n opleidingsprogram ook maar net so goed is as diegene wat dit aanbied".

Dit gaan dus oor negatiewe of positiewe persepsies wat die student opbou of reeds het oor die kollegebiblioteek. Die dosent is in die posisie om studente te motiveer tot positiewe persepsies ten opsigte van biblioteekgebruik. Dit gaan baie afhang van die regte gesindheid en die tipe onderrigmetodes wat dosente aanwend. Weerstand teen onderwysmedia kan met die regte benadering vervang word met 'n bereidwilligheid om nuwe onderrigmetodes waarby media ingesluit is, te aanvaar. In hierdie verband speel die kollegebiblioteek 'n belangrike rol (Oosthuizen 1989:9).

Tradisioneel volvoer die dosent sy onderrigtaak hoofsaaklik by wyse van die voordrag of lesingmetode. Die dosent dra tydens formele klasontmoetings leerinhoud oor uit 'n bepaalde vakgebied. Benewens formele lesings, word van die student verwag om werkopdragte uit te voer. Die dosent het dus die geleentheid om dan die addisionele inligting wat die handboek sal aanvul en wat in die kollegebiblioteek te vinde is, aan die studente bekend te stel. Die dosent kan studente dus motiveer om die inligting te gebruik en hy kan hulle dan ook later daarvolgens evalueer. Dit is egter in die praktyk dikwels net 'n ideaal.

In die literatuur is daar uit gebruikerstudies wat gedoen is, talle voorbeelde dat dié ideaal nog nie oral in die praktyk uitgevoer word nie. Volgens McCarthy (1985:143) gebruik sommige akademici selde die biblioteek. Wanneer hulle wél van die biblioteek gebruik maak, gebruik hulle slegs bronne waarvan hulle reeds kennis dra. McCarthy is van mening dat hulle selde van indekse, inligtingsdienste of katalogi gebruik maak.

'n Student, Lynne A. Burgess (*Use, Mis-use ...* 1970:27) het tydens 'n konferensie wat gehou is te Jefferson Community College ook melding gemaak dat dosente nie altyd studente motiveer nie. Sy meld onder andere dat dosente baie meer buigbaar en verbeeldingryk in hulle benaderings sal moet wees, as hulle enigsins studente wil motiveer tot biblioteekgebruik. Volgens Burgess sal dit baie meer vrugte afwerp as dosente studente na die biblioteek verwys om naleeswerk te gaan doen, as om bloot hulle vrae te beantwoord.

If a professor can help him formulate definite questions and direct him to pertinent resources, he has taken a giant step in motivating intelligent use of the library (*Use, Mis-use ...* 1970:27).

Sellen en Jirouch (1984:264) het in hulle ondersoek by die Behrend College van die Pennsylvanië Staats Universiteit gevind dat die verwagtinge wat dosente van studente gehad het en die persepsies van die studente self, werklik van mekaar verskil het:

The results of this study showed that differences existed between faculty expectations of students' library use and the students' perceptions of library use to supplement in-class materials.

Die oorsaak van hierdie probleem was gebrekkige kommunikasie tussen dosente en studente.

In hoofstuk 1 is daar onder andere reeds verwys na die studie van Mays (1986:51-62) by die Deakin Universiteit, Australië. In hierdie afdeling is Mays se studie ook van toepassing. Mays het dieselfde tendens in sy empiriese studie gevind. Nie alle vakgebiede is eweveel op die biblioteek aangewys nie, maar Mays het aangetoon dat die Ingenieurs- en Argitektuurfakulteit baie meer van die biblioteek gebruik gemaak het as die Opvoedkunde en die Geestes- en Sosiale wetenskappe.

Uit die studie van Mays is gepoog om 'n verband tussen biblioteekgebruik en aanmoediging deur die akademiese departemente aan te toon. Opvoedkunde-studente het wel die minste aanmoediging deur dosente aangedui, maar die Geesteswetenskap-studente (wat lae frekwensie gebruikers was) het weer baie aanmoediging deur dosente aangedui.

Mays (1986:54-55) se studie lewer baie interessante resultate op. In tabel 4.1 dui Mays die verband tussen biblioteekgebruik en akademiese sukses aan.

**TABEL 4.1 BIBLIOTEEKGEBRUIK EN AKADEMIESE SUKSES**

| <b>Frekwensie van biblioteekgebruik</b> | <b>GPA</b> |
|-----------------------------------------|------------|
| Geen gebruik nie                        | 138,7      |
| Lae frekwensie gebruikers               | 146,6      |
| Lae tot medium frekwensie gebruikers    | 172,9      |
| Medium tot hoë frekwensie gebruikers    | 153,6      |
| Hoë frekwensie gebruikers               | 201,2      |

Die GPA (Grade point average) in tabel 4.1, word soos volg bereken: 100 is 'n gemiddelde slaagpunt en 400 'n hoë onderskeidingslaagpunt. In tabel 4.1 styg die GPA met toenemende biblioteekgebruik, behalwe by medium tot hoë frekwensie gebruikers.

Mays vergelyk onder andere ook die stakings van studente met die GPA (tabel 4.2 en 4.3). Dit is opvallend in tabel 4.3, dat hoë punte (tussen 301 en 400) 'n hoë stakingsyfer toon:

**TABEL 4.2 BIBLIOTEEKGEBRUIK EN STUDENTE WAT STUDIES STAAK**

| <b>Frekwensie van gebruik</b>        | <b>% Staking</b> |
|--------------------------------------|------------------|
| Geen gebruik nie                     | 40,7             |
| Lae frekwensie gebruikers            | 20,2             |
| Lae tot medium frekwensie gebruikers | 22,7             |
| Medium tot hoë frekwensie gebruikers | 25,5             |
| Hoë frekwensie gebruikers            | 30,3             |

Mays (1986:55) rapporteer soos volg oor tabelle 4.2 en 4.3:

The potential for discontinuance diminishes as the grades go up - until the two highest levels of academic achievement where the dropout rate effects a dramatic uptum. It seems, from the Deakin figures, that two groups are most prone to discontinuing their course, non-borrowers and high achievers, and that, apart from these, the dropout rate varies directly with the level of borrowing and inversely with the level of academic achievement.

The hard data from the file tended more to raise questions than to supply answers as to the causes of particular situations.

**TABEL 4.3 GPA-KATEGORIE EN PERSENTASIE STAKING**

| GPA-Kategorie | % Staking |
|---------------|-----------|
| 0-50          | 66        |
| 51-100        | 37,7      |
| 101-150       | 20,2      |
| 151-200       | 15,5      |
| 201-250       | 16,2      |
| 251-300       | 9,1       |
| 301-350       | 35        |
| 351-400       | 46,2      |

Mays (1986:58) het dus nie op al sy bevindinge antwoorde gehad nie. Hy het verder in sy navorsing aangetoon dat wanneer studente punte behaal vir hulle biblioteek- of navorsingswerk, hulle baie beter gevaar het as sonder enige motivering of evaluering deur hulle dosente.

Malan (1985:41) beweer ook dat daar by die tradisionele onderrigbenadering maar weinig sprake is van selfstandige akademiese ontwikkeling of selfwerksaamheid by die student. Volgens hom is studente in 'n groot mate gewoond aan 'n tipiese skoolmodel van onderrig en probeer hulle dit op tersiêre vlak ook voortsit. Studente verwag dat dosente inligting aan hulle moet verskaf en dat hulle bloot as reproduseerders van daardie inligting moet optree.

Volgens Van Brakel (1987:22) bly die student dan "dosentafhanklik" en ontwikkel nie as 'n selfstandige vakwetenskaplike nie. Van Brakel is van mening dat voorgraadse studente se selfstandige insette op 'n baie laer akademiese vlak is as wat 'n mens dit graag sou wou gehad het. Volgens hom kry studente in 'n mindere mate geleentheid om selfstandig en krities met die vakliteratuur om te gaan. Studente wil gewoonlik ook slegs die minimum addisionele leeswerk doen.

Jomisen (1986:1) noem hierdie verskynsel 'n tipiese eenrigting akademiese kommunikasiekanaal waar die dosent die enigste verskaffer van inligting en die studente die passiewe ontvangers daarvan is.

Probleme wat deur dosentgesentreerde onderrig veroorsaak kan word, is onder andere die volgende:

- a) Studente woon lesings swak by;
- b) Studente kom onvoorbereid na die lesings;
- c) Tydens lesings is die student onbetrokke en belangeloos;
- d) Studente maak byna nooit gebruik van die dosente se spreekure nie;
- e) Studente reageer nie op die dosente se vrae wat gedurende 'n lesing gestel word om wetenskaplike gedagtewisseling te probeer stimuleer nie (Van Brakel 1987:23).

Die vraag word dan gevra of daar nie besin behoort te word oor die bestaansreg van die tradisionele lesingmetode nie (Van Brakel 1987:23). Jorissen (1986:2) meld ook dat tersiêre onderrig die student moet vorm tot 'n oorspronklike denker en 'n persoon met 'n probleemoplossingsbewustheid.

Daar kan inderdaad baie meer gedoen word aan die bestaande tradisionele lesingmetode. Dosente behoort méér daarop ingestel te wees om studente te lei na **selfwerkzaamheid**. Die opleidingsprogram van studente behoort só beplan te word, dat stimulering van leesbelangstellinge in **alle vakgebiede** plaasvind. Integreering met die biblioteek moet 'n wesenlike deel van die kurrikulum uitmaak en behoort deel uit te maak van elke vakbeleid. Elke dosent behoort dan **self** ook aktiewe biblioteekgebruikers te wees.

Volgens Malan (1989:78) is een van die belangrike onderrigfunksies van 'n dosent tydens die akademiese vorming van studente, om die bibliografiese struktuur van die vak wat onderrig word, deel van die kennistruktuur van die student te maak. Dit is dikwels belangriker dat 'n student weet **waar** watter soort inligting bekom kan word en wanneer dit benodig word, as om die inligting enigsins self te probeer memoriseer.

Dit is die taak van elke dosent om intensief die bibliografiese struktuur van sy vak na te gaan, te dokumenteer en van tyd tot tyd te hersien. Dié inligting behoort aan studente beskikbaar gestel te word. Studente se kennis oor die bibliografiese struktuur van 'n vak kan ook formeel in 'n eksamen getoets word (Malan 1989:78).

Gedurende opleiding behoort die student nie net akademies gevorm te word nie, maar die student behoort ook tipiese intellektuele vaardighede te verwerf, wat hom/haar op die weg van wetenskapbeoefening sal plaas (Malan 1989:79).

Volgens Pauw (1975:83) behoort elke student 'n wetenskapsbeoefenaar te wees. Die ware student behoort selfstandige, eerlike, objektiewe en akkurate denke, te openbaar, met ander woorde hy moet, 'n wetenskaplike denkwysse ontwikkel. Laasgenoemde behoort só ingeskerp te word dat hy dié soort van denke altyd sal openbaar - selfs nadat hy afgestudeer is (Pauw 1975:83).

Hierdie beginsel geld nie net vir universiteitstudente nie, maar vir alle tersiêre studente. Dit is volgens Malan (1989:79) ondenkbaar dat akademiese vorming van studente kan plaasvind sonder die benutting van inligting en inligtingsbronne. Hy betwyfel dit of studente **self** op hulle eie op 'n aktiewe wyse sal

deelneem aan hul eie akademiese vorming. Studente leer selde om **selfstandig** in hul studie van unieke vakinhoud en van inligtingsbronne oor daardie vakinhoud gebruik te maak. Gevolglik bly studente in 'n hoë mate "dosentafhanklik" en ook vakinhoudelik afhanklik van die dosent, in plaas daarvan om **selfstandige vakwetenskaplikes** te word wat nie meer van die leiding van die dosent afhanklik is nie.

Volgens McFarlane (1984:23-25) kan dosente eerder klem lê op onderrig wat pas by die vlak van die studente. Dosente kan byvoorbeeld media (wat potensiaal het en volgens doelwitbeplanning na aanleiding van die aard van die inhoud en teikengroep wat geselekteer is) baie suksesvol integreer in hulle lesings.

By enige onderwyskollege is die **dosent** die sentrale persoon, maar nie net wat die oordra van onderwystegnieke betref nie, maar ook om die nodige **kontak en kommunikasie** te bewerkstellig ter wille van persoonlikheidsvorming en die inskerping van insigte. Die rol van die dosent lê veral daarin dat hy die student sal begelei tot rypheid (Van der Walt 1983:32-33).

Vir Du Plessis (1991:283-284) is die **ideale dosent** iemand wat "studentonderwysers professioneel skool dat hulle as kritiese, denkende en verantwoordelike mense trotse manteldraers sal wees van slegs die beste wat ons professie die mensheid kan bied".

Geen enkele faktor is so bepalend vir die kwaliteit van onderwys wat in 'n land voorsien word as die **kwaliteit** van die korps van onderwysers, dosente en instruktors nie. Tersiëre inrigtings word toenemend onder die loep geneem betreffende **onderrigseffektiwiteit**. Die voorlewing van dosente is dus van die grootste belang. Volgens De Beer (1989:118) is die verantwoordelikheid teenoor onderwysstudente groot. Egte voorlewing van strategieë en gesindhede is noodsaaklik. De Beer (1989:120) beklemtoon dat 'n verantwoordelike voorlewing en benadering deur dosente sal lei tot positiewe en professionele onderwysgesindheid by studente.

Dosente stel die voorbeeld ten opsigte van biblioteekgebruik en navorsing. Morrison (1970:14) is van mening dat 'n dosent ook ten opsigte van sy eie navorsing aan studente 'n voorbeeld stel. Die dosent is en bly student in sy vak. Dit is niks buitengewoons dat dosente steeds hul kwalifikasies verbeter en selfs oorsee kursusse bywoon nie (Morrison 1970:14).

Daar behoort dus 'n ware vennootskap tussen die kollegebiblioteek en die doserende personeel te wees tydens die opleiding van studente. Nuwe tegnologie in kollegebiblioteke het nuwe ontsluitingsmetodes meegebring, veral in die VSA waar kollegebiblioteke heeltemal gerekenariseer is, moet nuwe maniere gevind word om die samewerking tussen die kollegebiblioteek en die doserende personeel te bevorder (Lipow 1992:7).

Om vandag 'n dosent te wees is dus 'n groot verantwoordelikheid. Gelukkig staan die dosent nie alleen in sy opleidingstaak nie, maar het die dosent 'n kollegebiblioteek met professionele personeel wat

ondersteunende dienste aan doserende personeel lewer en wat die opleidingsproses soveel interessanter en meer opwindend maak.

### **4.3.3 Die vennootskap tussen die kollegebiblioteek en die biblioteekpersoneel in die opleiding van onderwysers**

Die kollegebiblioteek kan nie op sy eie bestaan sonder opgeleide, professionele biblioteekpersoneel nie. Die biblioteekpersoneel kan ook niks vermag as die inligting en toerusting in die kollegebiblioteek onvoldoende is of ontbreek nie. Daar kan dus gepraat word van 'n vennootskap tussen die kollegebiblioteek en die biblioteekpersoneel. Die volgende woorde van Decor (1989:380) beskryf dié vennootskap treffend:

Books and equipment, no matter how adequately provided, do not make a library. They have to be properly co-ordinated by a team of competent staff to make the dreams of the establishment come true.

Decor (1989:381) se empiriese ondersoek wat hy uitgevoer het by die universiteitsbiblioteek van die Rivers Staats Universiteit, te Port Harcourt, dui onder andere daarop dat studente met min kennis van biblioteke vir die eerste keer by die kollegebiblioteek opdaag. Dit is 'n universele verskynsel by tersiêre inrigtings. Dit is dus noodsaaklik dat daar opgeleide bibliotekarisse sal wees om hulle inligtingvaardig te maak:

... the majority of the students come in without any previous knowledge of the use of libraries. They therefore need a friendly team to guide them through the library's contents in obtaining what they need (Decor 1989:381).

Die kollegebiblioteek is in sy geheel 'n noodsaaklike bestanddeel vir die opleiding van studente en lewer in sy geheel 'n ondersteuningsdiens. Volgens Breivik (1987:46) is biblioteke opvoedkundige ondersteuningsdienste, wat eintlik bestaan as 'n middel tot 'n doel en daardie doelstellings moet deur die instansie self gedefinieer word.

Sayles (1984:343) se navorsing gee 'n interessante benadering oor die rol van die bibliotekaris. Hy beweer dat bibliotekarisse inligting tradisioneel volgens klassifikasie van onderwerpe biblioteekkundig naspoor. Volgens hom is hierdie benadering eensydig en behoort bibliotekarisse eerder die kurrikula van opleidingskursusse van die kollege te analiseer in 'n poging om gebruikers met hulle inligtingsbehoefes te help:

Librarians have reacted traditionally to subject fields, not courses, so their outlook has been library-orientated instead of course-related.

Sayles (1984:343) meen ook dat daar 'n verskil bestaan tussen wat studente nodig het en wat bibliotekarisse dink hulle nodig het. Vir hom gaan dit om die **ontleding** van die kurrikulum:

"Curriculum learning" should be emphasized over a library skills oriented curriculum; the former includes both course and library support.

Hierdie benadering is nie nuut nie. In der waarheid is dit reeds praktyk by sommige kollegebiblioteke dat die vakbibliotekarisse en die ontsluiters van inligting in kollegebiblioteke saamwerk. Die sillabusse wat onderrig word, word eerstens ontleed voordat inligting ontsluit word, sodat die korrekte onderwerpsontsluiting gedoen kan word en moontlike navrae wat gevra mag word, geantisipeer kan word. Dit is uiteraard 'n hoogs professionele proses en verg nie net opleiding van biblioteekpersoneel nie, maar ook 'n paar jaar se ervaring in die kollegebiblioteek, alvorens hierdie taak met sukses uitgevoer kan word.

Harrison (1985:5) hoof van die Chelmer Institute of Higher Education, Essex, stel voor dat **kurrikula**, nie slegs as deel van opleidingskursusse gesien sal word nie, maar dat dit ook gesien sal word as deel van die **totale opvoeding** wat 'n student kan deurgaang. Die **vakbibliotekaris** behoort deel van daardie "totale opvoeding" van 'n student uit te maak. Biblioteke behoort dus gesien te word as "waarde vir geld". Om dit te bewerkstellig, behoort die vakbibliotekaris ten volle deel te hê aan kurrikulumbepanning en -ontwerp, kurrikulumontwikkeling en -aanbieding. Hoewel dit nog by min kolleges in die praktyk gebeur, is dit beslis 'n saak waaraan meer aandag gegee behoort te word en maak die siening van Harrison (1985) baie sin.

Harrison (1985:5) definieer **kurrikulum** as die "totale opvoeding" wat aan 'n student gebied kan word deur 'n opleidingsinstansie. Kachelhoffer (1989:288) definieer **kurrikulum** as "n plan of program vir onderrig/leer wat gekonseptualiseer is in die lig van sekere doelstellings en waarin minstens geselekteerde en geordende inhoude opgeneem is".

Kachelhoffer (1989:288) verdeel die begrip **opleiding** in drie dele, naamlik:

- a) kurrikulering (akademiese beplanning);
- b) onderrig (tot uitvoer bring van wat beplan is);
- c) evaluering (bepaling van onderrig- en leersukses).

Kachelhoffer (1989:289) huldig dieselfde standpunt dat daar **meer kundigheid** teenwoordig moet wees tydens die kurrikuleringsproses (hy noem nie spesifiek dat **bibliotekarisse** teenwoordig moet wees nie, maar die siening van Harrison kan dus hier geld). Hoe meer kundigheid by die kurrikulering betrokke is, hoe meer sistematies die proses plaasvind en hoe deegliker kurrikulumnavorsing gedoen word, hoe meer is daar sprake van wetenskaplik verantwoordbare kurrikulering.

Harrison (1985:6) beweer dat navorsing bewys het dat sommige kollegebibliotekarisse nie innoverend genoeg gedink en opgetree het toe oudiovisuele media en nuwe onderrigmetodes gedurende die

sewentigerjare na vore gekom het nie. Volgens Hamison sou sommige kollegebiblioteke nou baie beter toegerus gewees het as hulle toe aan die beplanning en kurikuleringsprosesse van hulle kolleges deelgeneem het. Kollegebiblioteke wat dit wél gedoen het, se versamelings het tred gehou met die nuutste tendense en word die nuutste toerusting in die kollegebiblioteke gebruik.

Vir Hamison (1985:6) gaan dit ook om **verhoudinge** wat opgebou moet word:

Librarians now recognise that they are in the communication business and must develop close relationships with the organisation structure of the college, with the individual user be it staff or student, and with external organisations.

Die bibliotekaris wat net in die kollegebiblioteek bly en nooit na buite (op die kampus) leef nie, gaan nooit daarin slaag om die kollegebiblioteek se dienste te laat aanpas by die opleidingsproses nie. Hamison (1985:7) vra tereg hoe kan 'n bibliotekaris die personeel en studente na die beste van sy vermoë dien, as hy nie ook insette tot kurikulumbepanning en -ontwerp gelewer het nie? Die bibliotekaris wat verplig word om sy professionele loopbaan slegs binne die biblioteekgebou uit te leef, sal nooit in staat wees om 'n diens te lewer wat die biblioteekversameling, of die onderrig, of die kurikulum sal verryk nie.

Hamison (1985:7-8) stel dus voor dat die bibliotekaris 'n lid moet wees van die beplannings- en kurikuleringskomitee. Die bibliotekaris kan dan inspraak hê by hierdie komitee. Hy kan rapporteer wat in die kollegebiblioteek beskikbaar is en wat die opleidingskursusse sal verryk. Die bibliotekaris kan die leemtes wat in die kollegebiblioteek ervaar word ten opsigte van die kurikulum, op hierdie manier probeer aanvul. Hamison (1985:9) sê ook die volgende:

I do believe that by involving the librarian in every stage and in every part of the curriculum you stand a good chance of finding the knowledge gained reflected in the way the service is organised and prepared from those within the rooms allocated. The more the librarian is involved in the course the greater will be his desire to improve the quality of the support.

Die rol van die bibliotekaris word tradisioneel gesien as 'n persoon wat bloot 'n passiewe ondersteuningsdiens aan die kollege se biblioteekgebruikers lewer. Dit is inderdaad nie meer die geval nie. By sommige kollegebiblioteke beklee die kollegebibliotekaris reeds 'n gesagsposisie. By sommige kolleges is die kollegebibliotekaris ook 'n lid van die Raad van Departementshoofde, waar hy/sy inspraak het en ook stemreg het ten opsigte van alle besluitnemings op die kampus.

Indien kollegebibliotekarisse dan nog verder ook inspraak kan hê tydens die proses van kurikulering, behoort dit werklik goeie vrugte af te werp ten opsigte van dienslewering aan die instansie.

Volgens Grover en Hale (1988:9) lewer die bibliotekaris 'n diens op verskillende vlakke, naamlik 'n passiewe of 'n aktiewe diens aan die biblioteekgebruikers. Diens aan die doserende personeel is uiteraard

meer intensief van aard en is dus gewoonlik 'n aktiewe diens, veral ten opsigte van hulle navorsingsbehoefes:

Traditionally, the role of the librarian in a college or university has been supportive of the teaching and research roles of faculty and students. The level of service can be categorized as either passive or reactive.

Presently, most librarians offer reactive research services such as database searching which results in the production of a bibliography that may or may not include abstracts.

Kollegebiblioteke in Suid-Afrika is nog nie ten volle gerekenariseer soos kollegebiblioteke in die buiteland nie. Bogenoemde funksies word ook nog nie deur middel van 'n rekenaar uitgevoer nie.

Hierdie hoofstuk kan egter nie afgesluit word sonder om na White (1966) te verwys nie. Reeds in die sestigerjare het White 'n empiriese studie by onderwyskolleges in Transvaal gedoen om vas te stel in watter mate kollegebiblioteke benut word. White (1966:97-104) gee 33 sinvolle redes waarom die kollegebiblioteek 'n deel moet uitmaak van die opleiding van onderwysers. Dit was toe al 'n behoefte dat die kollegebiblioteek 'n integrale deel sal vorm van studente se opleiding as onderwysers.

Die lesing, hoe volledig ookal, kan nie die biblioteek vervang nie. Die dosent se leiding is belangrik en noodsaaklik en hy word deur die biblioteek aangevul (White 1966:104).

Lyle (1974:134) vat alles saam met die volgende woorde:

The effective participation of the college library in serving the educational objectives of the college, in assisting faculty and students in their courses, and instructing library users in the use of the library requires a well-qualified and numerically adequate staff of librarians.

Pack en Pack (1988:146) weerspieël iets van die vennootskap tussen die kollegebiblioteek en die biblioteekpersoneel in die volgende woorde:

Throughout we have been concerned with resources and our greatest resource is the human resource: the librarian and his professional colleagues.

## 4.4 SLOT

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die gebruik van kurikulêre media tydens die tersiêre fase. Persone wat 'n rol speel tydens die gebruik van kurikulêre media, asook die problematiek rondom die gebruik van kurikulêre media en die situasie in die buiteland is onder andere bespreek.

In die hoofstuk is die waarde van die opleiding in inligtingvaardighede op die tersiêre vlak bespreek en die verskillende tipes opleiding wat by tersiêre biblioteke aangebied word, is uiteengesit. Die problematiek rondom die opleiding in inligtingvaardighede, asook die situasie in die buiteland is in oënskou geneem.

Die benutting van 'n kollegebiblioteek, die benutting van 'n versameling, die gebruikers van 'n kollegebiblioteek, die tipe navrae wat gebruikers vra, word onder andere ook aan aandag gegee.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking oor die vennootskap van die kollegebiblioteek met die doserende personeel en met die biblioteekpersoneel onderskeidelik.

In hoofstukke 5 en 6 word die algemene verloop van die empiriese ondersoeke uiteengesit. Die resultate van die twee ondersoeke word verwerk en met mekaar vergelyk.

## HOOFSTUK 5

### BIBLIOTEEKGEBRUIK DEUR DIE DOSERENDE PERSONEEL

#### 5.1 INLEIDING

In die voorafgaande **teoretiese hoofstukke** is die agtergrond tot die probleem van hierdie navorsing breedvoerig uiteengesit. In hoofstuk 1 is daar veral aandag gegee aan die redes waarom die navorsing uitgevoer behoort te word en waarom die ondersoeke op die kampus van die Onderwyskollege Pretoria uitgevoer is.

Daar is onder andere aangedui dat die politiek en rasionalisasie 'n invloed gehad het op die benutting van kollegebiblioteke in die algemeen. Die Kollegebiblioteek van die Onderwyskollege Pretoria, is as 'n rolmodel vir navorsing gekies omdat dié Kollegebiblioteek oor 'n groot versameling en fasiliteite beskik en daar 'n gevoel bestaan het dat dit nogtans nie optimaal deur sy gebruikers benut word nie.

Bogenoemde faktore het aanleiding gegee tot die **eerste empiriese ondersoek** wat gedurende 1988 gedoen is om vas te stel waarom daar 'n afname in biblioteekgebruik sedert 1986 by dié Kollegebiblioteek voorgekom het. Hierdie ondersoek staan in die verslag bekend as die **hoofondersoek**.

As gevolg van rasionalisasie het baie veranderinge sedert 1988 by onderwyskolleges ingetree: byvoorbeeld, die aantal doserende departemente het onder andere verminder en verander; die dosente- en studentegetalle het aansienlik gedaal en twee onderwyskolleges het intussen gealmalgameer (GOK en NKP). Daar is toe besluit om 'n **tweede empiriese ondersoek** gedurende 1995 uit te voer, sodat daar 'n vergelyking tussen die twee ondersoeke se resultate gedoen kon word. Laasgenoemde ondersoek staan in die verslag bekend as die **opvolgondersoek**.

In hierdie hoofstuk word daar eerstens aandag gegee aan die **navorsingsmetode** wat die algemene verloop van die twee empiriese ondersoeke beskryf. Daarna word die resultate van die vraelyste aan die doserende personeel geanaliseer en met mekaar vergelyk. In hoofstuk 6 sal die resultate van die studentevraelyste geanaliseer en vergelyk word.

## 5.2 NAVORSINGSMETODE

### 5.2.1 Algemene verloop van die empiriese ondersoeke

#### 5.2.1.1 Keuse van respondente

Die gebruikers van die Kollegebiblioteek word hoofsaaklik in twee groepe verdeel, naamlik die **dosente** en die **studente**. Hoewel die gebruikers van die Kollegebiblioteek in ses kategorieë verdeel kan word, te wete: die Rektooraat, die nie-doserende personeel, die professionele bibliotekpersoneel, doserende personeel, administrasiepersoneel en studente, is dit die twee hoofgroepe, naamlik die dosente en die studente wat die grootste belang by die Kollegebiblioteek het. Die studente is uiteraard die hoofgebruikersgroep en die dosente behoort uit die aard van hulle opleidingstaak ook baie van die Kollegebiblioteek gebruik te maak. Die ondersoek fokus derhalwe op die twee gebruikersgroepe, naamlik dosente en studente. Die bibliotekpersoneel wat wél doseer, is by die dosente ingesluit en het uiteraard ook deel van die ondersoek uitgemaak.

Gedurende 1988 het die dosente by die departement Praktiese Onderwys wél doseer en is hulle by die 1988 ondersoek ingesluit, maar by die 1995 ondersoek is dié departement weggelaat, omdat die enkele dosent in hierdie departement nie meer doseer nie. Daar was ook 'n departement wat gedurende 1988 bekend gestaan het as die Studentediensburo. Die dosent by die Studentediensburo het in 1988 gedoseer en is uiteraard by die ondersoek ingesluit. Sedert 1990 bestaan hierdie departement nie meer en was dus nie ter sake by die 1995 ondersoek nie. Die departement Bybelkunde en die Sportburo het ook sedert 1990 gesluit en is hierdie departemente uiteraard by die opvolgondersoek weggelaat.

Elke gebruikersgroep, te wete die dosente en studente, het in 'n groot mate sy unieke bibliotekgewoontes en -behoefes. Uit die aard van die opleidings- of onderrigsituasie en die akademiese opleidingsvlak, verskil die twee gebruikersgroepe van mekaar. Ten einde die verskillende behoeftes van dié twee gebruikersgroepe te akkommodeer, is elke gebruikersgroep in sy geheel getoets met afsonderlike vraelyste. Daar is nie van seleksies van respondente gebruik gemaak nie - by albei die ondersoek is ál die potensiële gebruikers van die Kollegebiblioteek betrek.

#### 5.2.1.2 Opstel van vraelyste

By die opstel van die vraelyste is daar voorsiening gemaak vir twee verskillende tipes vraelyste, naamlik een vir die dosente en een vir die studente. Om die verskille tussen die gebruikersgroepe te akkommodeer, is sekere spesifieke vrae, spesiaal vir elke spesifieke gebruikersgroep geformuleer.

Aangesien daar ook ooreenkomste tussen die twee gebruikersgroepe is, is sommige van die vrae presies dieselfde in altwee vraelyste.

Ten einde die wetenskaplikheid van die ondersoeke te verseker, is die vraelyste sodanig opgestel, dat dit rekenaarmatig verwerk kon word. As gevolg van die groot aantal respondente, is rekenaarmatige verwerking noodsaaklik geag.

### **5.2.1.3 Voorondersoek**

'n Voorondersoek is gedurende Augustus 1988 uitgevoer met die oog op vooraf toetsing van die vraelyste. Die voorondersoek is uitgevoer op 10 % van die biblioteekgebruikers. Daar is geen probleme tydens die invul van die vraelyste ondervind nie en die vraelyste is binne die bestek van tien minute voltooi. Nadat die voltooide vraelyste gekontroleer is en geen probleme geïdentifiseer kon word nie, is daar met die hoofondersoek voortgegaan.

## **5.2.2 Hoofondersoek, 1988**

### **5.2.2.1 Keuse van 'n geskikte tyd vir die hoofondersoek, 1988**

Die hoofondersoek is uitgevoer tydens die laaste week in September 1988. Hierdie week is die heel laaste week van die studente se akademiese studiejaar waartydens onderrig aangebied word. Die keuse van hierdie week vir die ondersoek hou die voordeel in dat ál die studente, ook die eerstejaars, van hulle biblioteekgebruik gedurende die betrokke studiejaar rekenskap kon gee.

### **5.2.2.2 Verloop van die hoofondersoek, 1988**

Die ondersoek bestaan uit twee dele naamlik, die **vraelyste aan die dosente** (bylae B) en die **vraelyste aan studente** (bylae D). Die vraelyste is gelyktydig op een dag na al die respondente versprei.

#### **a) Dosente**

Die vraelyste aan 134 dosente is na al die onderskeie departementshoofde versprei, vanwaar hulle verder aan dosente uitgereik en deur hulle voltooi is. Die vraelyste is weer deur die onderskeie departementshoofde teruggevorder en gelyktydig na die navorser teruggestuur.

## b) Studente

Die vraelyste aan 1627 studente is onder toesig van hulle voorgedosente gedurende 'n voogperiode voltooi. Die voogperiode is vir die hoofondersoek gekies, omdat die studente tydens hierdie periodes gewoonlik voltallig is. (Gedurende 'n voogperiode word die teenwoordigheidsregisters van die onderskeie klasgroepe met studente nagegaan en allerlei probleme of aktuele sake rakende die gedrag en vordering van studente op die kampus, word met die studente bespreek.)

### 5.2.2.3 Respons

#### a) Doserende personeel

Wat die doserende personeel betref, is daar 134 vraelyste uitgestuur, waarvan 128 terugontvang is. Daar was dus 'n respons van 96 %. Die respons van die dosente word as baie goed beskou. Die feit dat enkele persone nie die vraelyste beantwoord het nie, kan verklaar word as gevolg van siekte, of omdat hulle tydelik in 'n pos van 'n ander personeellid waargeneem het.

#### b) Studente

Van die 1627 vraelyste wat aan die studente uitgestuur is, is 1466 terugontvang. Dit verteenwoordig 'n respons van 90,1%. Die respons van studente word as baie goed beskou. Aangesien dit die laaste week voor die Oktoberreses was, en ook die laaste lesingweek voor die eksamen, het sommige studente net nie meer klasse bygewoon nie. Dit is die moontlike rede waarom 9,9 % van die studente nie die vraelyste voltooi het nie.

## 5.2.3 Opvolgondersoek, 1995

### 5.2.3.1 Keuse van 'n geskikte tyd vir die opvolgondersoek, 1995

Die opvolgondersoek is uitgevoer tydens die tweede laaste week van Junie 1995. Hoewel dit die enigste beskikbare tyd was wat vir die navorsingsprojek gegee was, was dit heeltemal 'n geskikte tyd vir die ondersoek, aangesien ook die eerstejaars reeds van hulle biblioteekgebruik rekenskap kon gee.

### **5.2.3.2 Verloop van die opvolgondersoek, 1995**

Die **vraelyste** is weer soos in die geval van die hoofondersoek, op een dag gelyktydig na al die respondente versprei. Die ondersoek self het egter 'n week geduur. Die departement Navorsing het as verspreidingspunt funksioneer.

#### **a) Dosente**

Die **vraelyste** is na die onderskeie departemente versprei vanwaar die departementshoofde dit aan 81 doserende personeel oorhandig het om te voltooi. Dit is weer deur die departementshoofde teruggevorder en na die departement Navorsing teruggestuur.

#### **b) Studente**

Aangesien die dosente van die departemente Psigo- en Fundamentele Pedagogiek weekliks ál die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente in groot lesingsale ontmoet, is besluit om die ondersoek tydens daardie periodes te doen. Studente in verskillende studierigtings het gelyktydig die **vraelyste** tydens die Psigo- en Pedagogiekperiodes ontvang en voltooi. Altesaam 968 **vraelyste** is na die lesingsale geneem, waar die dosente dit aan die studente uitgedeel het en weer aan die departement Navorsing terugbesorg het.

### **5.2.3.3 Respons**

#### **a) Dosente**

Van die 81 **vraelyste** wat aan die dosente gestuur was, is 79 **vraelyste** terugontvang. Daar was dus 'n **respons** van 97,5%. Die twee persone wat nie die **vraelys** voltooi het nie, was met siekverlof. Dié **respons** is 'n verbetering op die 96% van die 1988 ondersoek en word as baie goed beskou.

#### **b) Studente**

Van die 968 **vraelyste** wat aan die studente gestuur was, is 892 **vraelyste** terugontvang. Daar was dus 'n **respons** van 92,1%. Die 7,9% studente wat nie die **vraelyste** voltooi het nie, het waarskynlik nie die Pedagogiek lesings bygewoon nie. Aangesien groot getalle studente gelyktydig in die lesingsale lesings ontvang, is teenwoordigheidkontrole deur die dosente nie meer moontlik nie. Groter groepe studente (meestal is die groepe meer as 100 studente) is ook 'n direkte uitvloeisel van rasionalisasie. Die **respons** was 'n verbetering op die 90,1% van die 1988 ondersoek en word as baie goed beskou.

## 5.2.4 Verwerking van vraelyste

### 5.2.4.1 Rekenaarmatige verwerking

Ten einde die ondersoek wetenskaplik uit te voer, is die **vraelyste** rekenaarmatig verwerk deur die Departement Statistiese- en Konsultasiedienste van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Subjektiwiteit by die interpretasie van gegewens word grootliks hierdeur uitgeskakel.

### 5.2.4.2 Kontrolemaatreël

Rekenaardrukstukke van resultate is sorgvuldig gekontroleer. Steekproewe is gedoen en rekenaarmatige data is met die gegewens in die vraelyste vergelyk. Deur laasgenoemde kontrole word die menslike faktor van ponsfoute grootliks uitgeskakel.

### 5.2.4.3 Verwerking van die resultate

Die **resultate** van die ondersoek word verwerk in die vorm van 'n verslag. Die dosentevraelyste van beide die ondersoek (1988 en 1995) word eerstens geanaliseer en met mekaar vergelyk in hierdie hoofstuk. In hoofstuk 6 volg die studentevraelyste waar die resultate van albei die ondersoek met mekaar vergelyk word. Dieselfde **werkspatroom** word by altwee die dosente- en studentevraelyste gevolg en sien soos volg daaruit:

- a) Die vrae wat in die vraelyste gestel is, word eerstens in 'n paragraaf uiteengesit onder 'n opskrif wat handel oor 'n spesifieke onderwerp waarvoor die vrae in die vraelyste gehandel het. Daar word telkens verwys na die vraelyste wat onderskeidelik in bylae B (dosentevraelys) en bylae D (studentevraelys) vervat is.
- b) Daarna word die resultate uiteengesit. Benewens die globale resultate wat gegee word, word die resultate verder soos volg geanaliseer:
  - i. By die **dosentevraelys** word die resultate verder verfyn om die menings van dosente by die verskillende departemente te bepaal.
  - ii. By die **studentevraelys** word die resultate ook geanaliseer om die menings van studente in die verskillende jaargroepe en studierigtings te weerspieël.
- c) Die gegewens word daarna geïnterpreteer.
- d) Aan die einde van elke hoofstuk word 'n samevatting gegee waarin die biblioteekgebruik van daardie spesifieke gebruikersgroep uiteengesit is.

#### 5.2.4.4 Verklaring van begrippe en werkswyses

##### a) Eenvormige werkswyse

Ter wille van volledigheid, konsekwentheid en gevolglike wetenskaplikheid word dieselfde prosedures by alle vrae van al die vraelyste herhaaldelik gevolg.

##### b) Interpretasie van gegewens

Die interpretasie van gegewens volg in die verslag direk na die analisering van elke onderwerp aangesien dit as gevolg van die omvangrykheid van die verslag, meer prakties is om die gegewens na elke kategorie of onderwerp te interpreteer. By die interpretasie van gegewens word na die frekwensie van biblioteekgebruik verwys. Die frekwensie van gebruik word bepaal deur die resultate te gradeer volgens die resultate van die ondersoek. In tabel 5.1 word die frekwensie van gebruik gegradeer, soos dit in die verslag gedoen is.

**TABEL 5.1      FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK IN KATEGORIEË GEPLAAS EN GEGRADEER**

| Frekwensie van gebruik |   | Gradering van biblioteekgebruik     |
|------------------------|---|-------------------------------------|
| Weekliks/Tweeweekliks  | : | Gebruik op 'n baie gereelde basis   |
| Maandeliks             | : | Gebruik op 'n gereelde basis        |
| 1 of 2 keer per termyn | : | Gebruik op 'n minder gereelde basis |
| Sporadies              | : | Gebruik baie min of swak            |
| Geen gebruik           | : | Geen gebruik                        |
| <b>of</b>              |   | <b>of</b>                           |
| Gereeld                | : | Gebruik op 'n gereelde basis        |
| Soms                   | : | Gebruik op 'n minder gereelde basis |
| Nooit                  | : | Geen gebruik                        |

##### c) Die gebruik van afkortings

Daar word soms binne die grafieke van afkortings gebruik gemaak, omdat die skryfruimte binne 'n grafiek te min is vir al die inligting.

#### 5.2.4.5 *Vorm van die verslag*

Die **verwerking van resultate** van die onderskeie vraelyste word in die volgende vorm aangebied:

Eerstens sal daar inligting oor die spesifieke gebruikersgroep ter inleiding gegee word. Daarna word die doel met die vraelys aan dié gebruikersgroep uiteengesit. Die resultate en verwerking van die gegewens van die betrokke vraelyste (van die 1988 en 1995 ondersoeke) volg daarna en met mekaar vergelyk. Laastens word die totale biblioteekgebruik van dié gebruikersgroep uiteengesit in 'n samevatting.

### 5.2.5 **Doserende personeel as gebruikersgroep**

Die **vraelyste vir doserende personeel**, was spesiaal vir die dosente van die Onderwyskollege Pretoria opgestel. Die doserende personeel beklee almal professionele poste vanaf posvlakke twee tot sewe en het uiteraard doseerwerk as hooftaak.

#### 5.2.5.1 *Posvlakke van dosente*

Die verdeling van posvlakke van die dosente tydens die hoof- en opvolgondersoeke, word in tabel 5.2 uiteengesit (Onderwyskollege Pretoria. Navorsingskomitee. 1990 en 1995).

**TABEL 5.2      POSVLAKKE VAN DOSERENDE PERSONEEL GEDURENDE 1988 EN 1995**

|                         | <b>1988</b>               | <b>1988</b> | <b>1995</b>               | <b>1995</b> |
|-------------------------|---------------------------|-------------|---------------------------|-------------|
| <b>Posvlak</b>          | <b>Aantal<br/>dosente</b> | <b>%</b>    | <b>Aantal<br/>dosente</b> | <b>%</b>    |
| Dosente                 | 38                        | 28,4        | 44                        | 55,7        |
| Senior Dosente          | 36                        | 26,8        | 14                        | 17,7        |
| Mede-Departementshoofde | 40                        | 29,9        | 11                        | 13,9        |
| Departementshoofde      | 20                        | 14,9        | 12                        | 15,2        |

Toe die eerste ondersoek in 1988 gedoen is, was daar feitlik 'n eweredige verdeling van posvlakke. Bykans driekwart van die doserende personeel was senior personeel wat uiteraard voldoen het aan die nodige kwalifikasievereistes. Die meeste dosente was dus gedurende 1988 in besit van nagraadse kwalifikasies. Die situasie het intussen verander. Tydens die 1995 ondersoek was minder as die helfte van die doserende personeel gekoppel aan senior poste. Die invloed van rasionalisasie kan dus duidelik hier waargeneem word.

### **5.2.5.2 Respons van die dosentevraelyste by albei ondersoeke**

Die **respons** van die dosentevraelys gedurende die 1988 ondersoek was 96% en dié van die 1995 ondersoek, was 97,5%. Vergelyk ook paragrawe 5.2.2.3 a) en 5.2.3.3 a) waar die respons van die onderskeie vraelyste meer breedvoerig bespreek word.

### **5.2.5.3 Doel met die vraelyste**

Die doel met die vraelyste is in die eerste plek om vas te stel in watter mate en hoe dikwels die dosente van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir onderrigdoeleindes. In die tweede plek het dit ook ten doel om te bepaal in watter mate die Kollegebiblioteek vir die doserende personeel onontbeerlik is gedurende die opleidingsproses en veral ten opsigte van die volgende aspekte:

- a) voorbereiding van lesings;
- b) integrering van die vaksillabus met die Kollegebiblioteek;
- c) werkopdragte aan studente.

Daar word verder vasgestel watter doseermetodes die doserende personeel verkies en watter tipe gebruikers hulle in werklikheid is. Die doel met die vraelyste is ook om die dienste van die Kollegebiblioteek te evalueer: die doeltreffendheid en beskikbaarheid van die versameling, die katalogi, die vakbibliotekarisstelsel en die algemene houding ten opsigte van die biblioteekpersoneel.

### **5.2.5.4 Onderskeie departemente**

Die aantal doserende personeel wat in die onderskeie departemente werksaam was tydens die 1988 en 1995 ondersoeke word in tabel 5.3 uiteengesit.

Die invloed van rasionalisasie is weer duidelik waameembaar in tabel 5.3. Benewens dié departemente wat sedert 1988 gesluit het, is daar 'n vermindering in die dosentetal by al die departemente te bespeur, behalwe by die departement Liggaamlike Opvoedkunde, wat met een dosent vermeerder het. Laasgenoemde is ook nie ongewoon nie, as daar in gedagte gehou word dat die Sportburo met die departement Liggaamlike Opvoedkunde geamalgameer het.

### **5.2.5.5 Verwerking van statistiek**

Daar is in die vraelyste aan die dosente gevra of hulle beswaar sou hê as hulle departement se naam genoem word by die **verwerking van statistiek**. Hierdie vraag is bygevoeg in die hoop dat die meerderheid respondente nie beswaar sou hê om hulle departemente se name te noem by die verwerking van statistiek nie. Baie waardevolle inligting kan uit daardie statistiek gehaal word.

Departementele analyses kan uit dié statistiek gemaak word en daardie inligting kan moontlike leemtes in die versameling van die Kollegebiblioteek uitwys.

Allerlei probleme wat uit die ondersoeke na vore kom, kan ook aan hierdie statistiek gekoppel word en uiteraard baie vir die Kollegebiblioteek beteken.

**TABEL 5.3 AANTAL DOSENTE IN DIE VERSKILLENDEN DEPARTEMENTE**

|                            | 1988                                            | 1988   | 1995                                            | 1995   |
|----------------------------|-------------------------------------------------|--------|-------------------------------------------------|--------|
| Departemente               | Aantal dosente<br>wat vraelys<br>beantwoord het | %      | Aantal dosente<br>wat vraelys<br>beantwoord het | %      |
| Aardrykskunde              | 6                                               | 4,7    | 4                                               | 5,1    |
| Afrikaans                  | 12                                              | 9,4    | 6                                               | 7,6    |
| Biblioteekwese             | 5                                               | 3,9    | 5                                               | 6,3    |
| Bybelkunde                 | 5                                               | 3,9    | departement<br>gesluit                          | *      |
| Didaktiese Pedagogiek      | 5                                               | 3,9    | 3                                               | 3,8    |
| Engels                     | 7                                               | 5,5    | 6                                               | 7,6    |
| Fundamentele<br>Pedagogiek | 5                                               | 3,9    | 3                                               | 3,8    |
| Geskiedenis                | 4                                               | 3,1    | 3                                               | 3,8    |
| Junior Primêr              | 9                                               | 7,0    | 6                                               | 7,6    |
| Kuns                       | 5                                               | 3,9    | 3                                               | 3,8    |
| Liggaamlike<br>Opvoedkunde | 7                                               | 5,5    | 8                                               | 10,1   |
| Musiek                     | 9                                               | 7,0    | 6                                               | 7,6    |
| Natuurwetenskap            | 8                                               | 6,3    | 7                                               | 8,9    |
| Praktiese Onderwys         | 2                                               | 1,6    | departement<br>gesluit                          | *      |
| Psigo Pedagogiek           | 6                                               | 4,7    | 5                                               | 6,3    |
| Rekenaarstudies            | 3                                               | 2,3    | 2                                               | 2,5    |
| Sportburo                  | 7                                               | 5,5    | departement<br>gesluit                          | *      |
| Studentediensburo          | 1                                               | 0,8    | departement<br>gesluit                          | *      |
| Technika                   | 18                                              | 14,1   | 8                                               | 10,1   |
| Wiskunde                   | 4                                               | 3,1    | 4                                               | 5,1    |
| Totaal                     | 128                                             | 100,00 | 79                                              | 100,00 |

Die departementshoofde van ál die departemente het hulle goedkeuring daartoe verleen in beide die 1988 en 1995 ondersoeke en kon departementele analyses uit die resultate gemaak word.

## 5.3 ANALISE VAN DIE RESULTATE

Op 14 Februarie 1990 is 'n **belangrike vergadering** deur die Raad van Departementshoofde (Onderwyskollege Pretoria 1990:1) van die Onderwyskollege Pretoria gehou. Dit was 'n baie belangrike vergadering waar onder andere **kurrikulêre mediagebruik** bespreek was. Besluite wat tydens daardie vergadering geneem was, het ingrypende gevolge ingehou vir die Kollegebiblioteek en sy gebruikers. Tydens daardie vergadering is daar besluit dat **alle vakdosente** die Kollegebiblioteek behoort te gebruik tydens die opleidingsproses. Alle dosente was verplig om na daardie vergadering hulle vaksillabusse met die Kollegebiblioteek te integreer, aangesien daardie besluit amptelik deel van die Kollege se beleid geword het.


Dosente wat dus nie vantevore **kurrikulêre mediagebruik** bevorder en toegepas het nie, sou dit moes begin doen. Sodoende kon dosente hulle vakgebiede verryk met aktuele inligting wat in die Kollegebiblioteek te vinde is en sou hulle die studente kon lei na selfwerkzaamheid en selfstudie.

Bogenoemde **vergadering** en besluit van die Raad van Departementshoofde, het dus plaasgevind nádat die eerste empiriese ondersoek in 1988 gedoen was. Daar kan dus ná die verwerking van die resultate van beide die 1988 en die 1995 ondersoeke, gevolgtrekkings gemaak word of die besluite wat op daardie vergadering geneem was, suksesvol was of nie.

### 5.3.1 Doel van biblioteekgebruik

Wanneer daar van die benutting van die Kollegebiblioteek gepraat word, moet daar in die eerste plek gekyk word na die werklike **doel** waarvoor die Kollegebiblioteek benut word. Hoewel die dosente die Kollegebiblioteek ook vir persoonlike doeleindes kan gebruik, is die primêre doel van die Kollegebiblioteek dat dit 'n **ondersteunende diens** aan die dosente en studente sal lewer tydens die onderrigprogram. In die voorafgaande hoofstukke het dit ook na vore gekom dat 'n kollegebiblioteek 'n integrale deel van 'n opleidingsprogram van 'n onderwyskollege behoort te wees. Die vraag is of die dosente werklik die Kollegebiblioteek tydens die onderrigprogram benut. Die eerste vraag in die vraelys is gerig op die **doel van biblioteekgebruik**.

- Met vraag 1.1 in die vraelys (bylae B), word gepoog om die **doel van biblioteekgebruik** vas te stel, deur aan die dosente die vraag te stel of hulle die Kollegebiblioteek vir die onderrigsituasie gebruik. In grafiek 5.1 word die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke weerspieël.

**GRAFIEK 5.1 BIBLIOTEEKGEBRUIK DEUR DOSENTE VIR DIE ONDERRIGSITUASIE**

Die vraag is deur 93,7% van die dosente tydens die **1988 ondersoek** beantwoord. Van hierdie dosente het 93,3% ja geantwoord, teenoor 6,7% wat nee geantwoord het. Indien die 6,3% van die dosente wat nie die vraag beantwoord het nie, by die nee-respondente gereken word, beteken dit dat 13% van die respondente **nie** van die Kollegebiblioteek gebruik gemaak het vir onderrigdoeleindes nie.

Met die **1995 ondersoek** het 98,7% van die dosente die vraag beantwoord. Die respons is 'n verbetering op die 1988 ondersoek en daar is ook 'n verbetering in die biblioteekgebruik van dosente te bespeur, want 96,2% het ja geantwoord (teenoor die 93,7% van 1988) en 'n kleiner aantal respondente (3,8%) het nee geantwoord (teenoor die 6,7% van 1988). Die aantal persone wat dus **nie** van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir onderrigdoeleindes nie was maar 5,1%, teenoor die 13% van 1988.

Volgens die resultate is dit duidelik dat die meerderheid dosente (93,3% (1988) en 96,2% (1995)) die Kollegebiblioteek as 'n belangrike hulpmiddel by die **onderrigsituasie** gebruik. Wat egter kommerwekkend is, is dat daar 13% (1988) en 5,1% (1995) van die dosente is wat **nie** die Kollegebiblioteek vir die onderrigsituasie gebruik nie. Dit is egter verblydend dat laasgenoemde probleem sedert die 1988 ondersoek met 7,9% verbeter het. Die vraag is **wie** is die 13% en 5,1% dosente, wat **nie** die Kollegebiblioteek vir die onderrigsituasie gebruik nie? Hierdie vraag kan beantwoord word na aanleiding van **departementele analyses** wat uit albei ondersoeke gemaak is.

Uit die **1988 ondersoek** het dit geblyk dat dit veral die departemente Fundamentele Pedagogiek (60% nee), Rekenaarstudies (66,7% nee), Didaktiek (40% nee) en die Sportburo (14,2% nee) was wat min van die Kollegebiblioteek gebruik gemaak het. Dosente uit die volgende departemente het

nie die vraag beantwoord nie: Bybelkunde (40%); Junior Primêr (11,1%); Kuns (20%); Liggaamlike Opvoedkunde (14%); Natuurwetenskap (12,5%); Praktiese Onderwys (50%) en Wiskunde (25%).

Die departementele analise wat uit die **1995 resultate** gemaak is, toon dat slegs enkele dosente uit die departemente Aardrykskunde (25% nee), Technika (12,5% nee) en Liggaamlike Opvoedkunde/Sportburo (12,5% nee) aangedui het dat hulle **nie** van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir die onderrigsituasie nie. Een persoon (12,5%) uit die departement Wiskunde het nie die vraag beantwoord nie.

Met die **opvolgondersoek in 1995** het die departemente Fundamentele- en Didaktiese Pedagogiek, asook Rekenaarstudies verbeter deurdat al die dosente ja geantwoord het. Die Sportburo het egter 'n nee-respons (12,5%) gehandhaaf. Met die **hoofondersoek in 1988**, het die departemente Aardrykskunde en Technika 'n 100% ja-respons getoon, teenoor die 1995 ondersoek waar enkele dosente weer 'n nee-respons aangedui het. Bogenoemde departemente wat tydens die 1988 ondersoek nie die vraag beantwoord het nie, het tydens die 1995 ondersoek verbeter deur almal die vraag te beantwoord, behalwe departement Wiskunde waar een persoon weer nie die vraag beantwoord het nie.


Daar was dus 'n verbetering in die **biblioteekgebruik** van dosente sedert die 1988 ondersoek te bespeur. Die resultate dui daarop dat dosente al meer besef dat hulle nie sonder die Kollegebiblioteek kan klaarkom tydens die opleidingsprogram nie.

### 5.3.2 Frekwensie van biblioteekgebruik

Bogenoemde resultate van die biblioteekgebruik van dosente vir die onderrigsituasie is insiggewend, maar dit dui glad nie die **frekwensie** van die biblioteekgebruik van dosente aan nie. Daar kan dus nie uit bogenoemde resultate bepaal word of 'n dosent een maal per week, of een maal per jaar van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie. Dit is dus belangrik om die **gebruikspatrone** van dosente te bepaal, of om die **aantal kere** wat 'n dosent die Kollegebiblioteek besoek, vas te stel. Deur die **frekwensie van biblioteekgebruik** van dosente te bepaal, kan verder vas gestel word of dosente in werklikheid gereelde of ongereelde biblioteekgebruikers is. Die dosente word dan as 't ware geklassifiseer volgens hulle gebruikspatrone. Baie waardevolle inligting kan uit hierdie statistiek na vore kom. Dit is die rede waarom daar twee vrae in die vraelys geplaas is om die **frekwensie van biblioteekgebruik** van dosente te bepaal.

- Daar is aan die dosente gevra (vraag 1.2 bylae B) hoe **dikwels** hulle die Kollegebiblioteek vir voorbereiding van hulle lesings gebruik. Hulle moes die frekwensie van gebruik aandui, naamlik of hulle weekliks/tweeweekliks, maandeliks, een of twee keer per termyn of sporadies die Kollegebiblioteek gebruik. Die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke word in grafiek 5.2 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.2 BIBLIOTEEKGEBRUIK DEUR DOSENTE VIR DIE VOORBEREIDING VAN LESINGS**



Die **respons** op hierdie vraag was in 1988 90,6% en in 1995 verbeter dit na 94,9%. Die aantal dosente wat nie die vraag beantwoord het nie, is van groot belang aangesien dit **juis hulle** kan wees wat nie die Kollegebiblioteek vir voorbereiding van hulle lesings gebruik nie. Gedurende 1988 het 9,4% van die dosente nie die vraag beantwoord nie. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie dosente verminder na 5,1%.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat 'n groot aantal respondente op 'n baie gereelde en gereelde basis van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir die **voorbereiding van hulle lesings**. Met die 1988 ondersoek het 51,7% van die dosente die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde en gereelde basis besoek. Dié persentasie is met die 1995 ondersoek verbeter na 68%, wat ongeveer twee derdes van die dosente uitmaak. Die aantal dosente wat die Kollegebiblioteek op 'n minder gereelde basis of baie min gebruik, was in 1988 48,3% en dié persentasie het afgeneem na 32% met die 1995 ondersoek.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van die twee ondersoeke, is die volgende inligting van waarde:

**Departemente** wat gedurende 1988 aangedui het dat hulle op 'n baie gereelde basis die Kollegebiblioteek gebruik was: Geskiedenis (50%), Kuns (50%), Natuurwetenskap (50%), Biblioteekwese (40%), Afrikaans (36,3%), Engels (33,3%), Musiek (33,3%) en Psigo Pedagogiek (33,3%). Met die 1995 ondersoek het die resultate verander en in sommige gevalle verbeter,

deurdat daar oor die algemeen hoër persentasies deur die departemente aangedui is wat die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde basis benut. Die departemente Junior Primêr (100%), Kuns (100%), Aardrykskunde (75%), Biblioteekwese (75%), Natuurwetenskap (71,4%), Geskiedenis (66,7%), Afrikaans (33,3%), Didaktiese Pedagogiek (33,3%) en Musiek (33,3%) het almal aangedui dat hulle die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde basis benut.

Daar is dus 'n verbetering in die **frekwensie van biblioteekgebruik** by die meeste departemente sedert die 1988 ondersoek. Departemente wat uitsonderlik presteer het en vermelding verdien, is die volgende: Die departement Junior Primêr (55,6% gereeld 1988, verbeter na 100% baie gereeld 1995), Kuns (50% baie gereeld 1988, verbeter na 100% baie gereeld 1995), Aardrykskunde (66,7% minder gereeld 1988, verbeter na 75% baie gereeld 1995), Didaktiese Pedagogiek (66,7% baie min 1988, verbeter na 33,3% baie gereeld 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (71,4% baie min 1988, verbeter na 28% baie gereeld en 14,3% gereeld 1995), Technika (17,7% gereeld 1988, verbeter na 42,9% gereeld 1995), Fundamentele Pedagogiek (100% minder gereeld 1988, verbeter na 66,7% gereeld 1995).


Departemente wat by albei ondersoeke aangedui het dat hulle minder gereeld of baie min van die Kollegebiblioteek gebruik maak was: Psigo Pedagogiek (50% baie min 1988 en 40% baie min 1995), Rekenaarstudies (100% minder gereeld 1988 en 100% baie min), Wiskunde (50% gereeld 1988, verswak na 50% baie min 1995).

Departemente wat tydens die **1988 ondersoek** nie die vraag beantwoord het nie, was die volgende: Afrikaans (8,3%), Didaktiese Pedagogiek (40%), Fundamentele Pedagogiek (60%), Kuns (20%), Rekenaarstudies (66,7%), die Sportburo (14,3%) en Technika (95,6%). Met die **1995 ondersoek** het heelwat minder departemente nie die vraag beantwoord nie en dit was elke keer slegs een persoon wat nie die vraag beantwoord het nie: Aardrykskunde (25%), Biblioteekwese (20%), Liggaamlike Opvoedkunde (12,5%) en Technika (12,5%). Die meeste departemente wat dus gedurende 1988 nie die vraag beantwoord het nie, het met die opvolgondersoek in 1995 die vraag 100% beantwoord, behalwe Technika. Dit is 'n verbetering op die 1988 ondersoek.

Daar kan aanvaar word dat die **meeste** dosente dus die Kollegebiblioteek vir die **voorbereiding van hulle lesings** gebruik.

- Vraag 2.1 (bylae B) het betrekking op die **kurrikulêre gebruik** van die Kollegebiblioteek tydens die onderrigfase. Die akademiese lesingjaar bestaan uit 28 lesingweke - dit wil sê 14 lesingweke per semester. Volgens die aard van die vaksillabus gebruik sommige dosente die Kollegebiblioteek vir sekere tydperke. Daar is vervolgens aan die dosente gevra om aan te dui hoeveel kere hulle binne die 14 lesingweke van die Kollegebiblioteek gebruik maak. Die vraag het ten doel om te bepaal of die dosente die Kollegebiblioteek kurrikulêr gebruik gedurende die onderrigsituasie, en hoe dikwels hulle dit doen. In grafiek 5.3 word die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke weerspieël.

**GRAFIEK 5.3 FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK DEUR DOSENTE BINNE 'N SEMESTER**



By albei ondersoek was die **respons** op hierdie vraag baie goed, naamlik in 1988 het 97,7% van die dosente die vraag beantwoord. Met die 1995 ondersoek het die respons verbeter na 98,7%. Volgens die resultate is dit duidelik dat **feitlik alle dosente** (98,8%, 1995) kurrikulêr van die Kollegebiblioteek gebruik maak binne 14 lesingweke.

Die resultate van die **1988 ondersoek** dui daarop dat ongeveer twee derdes (66,4%) van die dosente die Kollegebiblioteek op 'n minder gereelde basis en baie min besoek het (ongeveer 1-7 kere per semester).

Van hierdie dosente het 29,6% op 'n minder gereelde basis (5-7 kere per semester) van die Kollegebiblioteek gebruik gemaak, terwyl 36,8% van die dosente aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek baie min (1-4 kere per semester) gebruik.

Slegs 12% van die dosente het aangedui dat hulle die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde basis (12-14 kere per semester) besoek. Dosente wat aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek op 'n gereelde basis (8-11 besoeke per semester) besoek het, was 10,4%. Dit was kommerwekkend dat 11,2% van die dosente aangedui het dat hulle geen besoeke aan die Kollegebiblioteek bring binne 'n semester nie. Grafiek 5.3 toon 'n aansienlike verbetering in die **frekwensie van biblioteekgebruik** van die dosente met die **1995 ondersoek**.

Ongeveer die helfte (53,9%) van die dosente het met die 1995 ondersoek aangedui dat hulle op 'n gereelde en baie gereelde basis (8-14 kere) die Kollegebiblioteek besoek binne 14 lesingweke, wat 'n groot verbetering op die 22,4% van die 1988 ondersoek is. Dosente wat aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde basis (12-14 kere per semester) benut, het met die 1995 ondersoek verbeter van 12% in 1988 na 38,5% in 1995. Dosente wat die Kollegebiblioteek gereeld benut, het van 10,4% in 1988 verbeter na 15,4% in 1995. Die aantal dosente wat die Kollegebiblioteek minder gereeld en baie min besoek het (1-7 kere binne 'n semester), het van 66,4% in 1988 afgeneem na 44,9% met die 1995 ondersoek. Van hierdie dosente het 23,1%

aangedui dat hulle die Kollegebiblioteek minder gereeld (5-7 kere per semester) besoek, terwyl 21,8% aangedui het dat hulle dit baie min (1-4 kere per semester) doen. Die 11,2% dosente wat in 1988 aangedui het dat hulle geen besoeke aan die Kollegebiblioteek binne 'n semester bring nie, het afgeneem na slegs 1,3% in 1995.

Die vraag is watter dosente het geen besoeke aangedui en wie het nie die vraag beantwoord nie? Volgens die **departementele analises** wat gedoen is van die resultate van die **1988 ondersoek**, het die volgende inligting na vore gekom: departemente wat geen besoeke binne 'n semester aangedui het, was die volgende: Afrikaans (8,3%), Didaktiese Pedagogiek (50%), Fundamentele Pedagogiek (60%), Liggaamlike Opvoedkunde (16,7%), Rekenaarstudies (66,7%) en Technika (11,1%). Departemente wat nie die vraag beantwoord het nie was: Didaktiese Pedagogiek (20%), Kuns (20%) en Liggaamlike Opvoedkunde (14,3%). Probleme wat na aanleiding van die resultate van die 1988 ondersoek geantisipeer sou kon word, is reeds met die **1995 ondersoek** opgelos, aangesien slegs een dosent in die departement Psigo Pedagogiek (20%) geen besoeke tydens die 1995 ondersoek aangedui het en slegs een dosent (1,3%) uit die departement Biblioteekwese, nie die vraag beantwoord het nie. Daar was dus 'n verbetering by al die departemente en daar kan aanvaar word dat feitlik alle dosente die Kollegebiblioteek (sedert die 1995 ondersoek) kurrikulêr tydens die onderrigfase gebruik.

Dit is ook belangrik om te weet watter **departemente** die Kollegebiblioteek by uitnemendheid vir **kurrikulêre doeleindes** gebruik. Departemente wat die Kollegebiblioteek op 'n gereelde basis besoek is volgens albei ondersoeke die volgende: Aardrykskunde (16,7% 1988 verbeter na 75% 1995), Afrikaans (33,3% 1988 bly dieselfde met 33,4% 1995), Biblioteekwese (40% 1988 verbeter na 75% 1995), Engels (28,6% 1988 verbeter na 50% 1995), Geskiedenis (25% 1988 verbeter na 66,6% 1995), Junior Primêr (33,3% 1988 verbeter na 100% 1995), Kuns (25% 1988 verbeter na 100% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (50% 1988 verswak na 25% 1995), Musiek (22,2% 1988 verbeter na 66,7% 1995), Natuurwetenskap (37,5% 1988 verbeter na 71,4%), Psigo Pedagogiek (33,4% 1988 verbeter na 80% 1995), Rekenaarstudies (33,3% 1988 gereeld, verswak na 100% ongereeld), Technika (11,1% 1988 verbeter na 37,5%) en Wiskunde (25% 1988 bly dieselfde met 25% 1995).

Departemente wat dus die Kollegebiblioteek by uitstek benut (12-14 kere binne 14 lesingweke, dit wil sê amper een keer per week) is: Junior Primêr (100% 1995), Kuns (100% 1995), Biblioteekwese (75% 1995) en Natuurwetenskap (71,4% 1995).

Departemente wat die Kollegebiblioteek slegs 1-4 kere besoek binne 'n semester is: Didaktiese Pedagogiek (25% 1988, 33,3% 1995), Fundamentele Pedagogiek (40% 1988, 66,7% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (33,3% 1988, 62,5% 1995), Rekenaarstudies (66,7% geen besoeke 1988, verbeter na 50% 1-4 kere 1995), Technika (44,4% 1988, 37,5% 1995) en Wiskunde (25% 1988, 50% 1995).

### 5.3.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek

Dit is belangrik dat 'n kollegebiblioteek voortdurend sy **diens**te en die benutting van fasiliteite evalueer, want 'n kollegebiblioteek is 'n duur instansie om te bedryf. Indien 'n kollegebiblioteek se dienste nie funksioneel is nie en die fasiliteite nie benut word nie, is dit nie koste-effektief om al die verskillende dienste te lewer nie. Daar moet dus van tyd tot tyd 'n evaluasie gedoen word om te bepaal of al die dienste wat gelewer word nog funksioneel is en of die gebruikers werklik daardie dienste benut. 'n Kollegebiblioteek behoort dan ook 'n bydrae te maak tot die gemeenskaplike doel van die onderwyskollege as opleidingsinstansie.

Hierdie navorsing het dit ook ten doel om so 'n evaluasie vir die Kollegebiblioteek te doen en te bepaal of die **diens**te wat tans gelewer word nog funksioneel is en of daar nie van sommige van hierdie dienste afgesien behoort te word nie, of met iets anders vervang behoort te word wat meer funksioneel is nie.

- Vraag 2.2 (bylae B) is gerig op die **benutting van dienste** wat die Kollegebiblioteek lewer. Daar is aan die dosente gevra hoe dikwels hulle die dienste, die personeel of fasiliteite van die Kollegebiblioteek benut.


Die dosente moes ten opsigte van die volgende tien aspekte aandui of hulle dit gereeld, soms of nooit benut nie: interbiblioteeklenings, boekbesprekings, die dienste van vakbibliotekaris, die tydskrifafdeling, die benutting van die onderwerps-, outeurs-, titel- en gedigtekatalogus, geïndekseerde tydskrifartikels en die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur. Elke aspek sal vervolgens een vir een bespreek en geëvalueer word.

#### 5.3.3.1 Interbiblioteeklenings

In grafiek 5.4 word die resultate uiteengesit van die gebruikmaking van **interbiblioteeklenings** deur dosente.

Die **respons** op hierdie vraag was in 1988, 82,8% en het met die opvolgonderzoek in 1995 verbeter na 91,1%.

Volgens die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat **interbiblioteeklenings** nie hoë prioriteit by die dosente geniet nie. Die resultate van altwee ondersoeke het getoon dat interbiblioteeklenings deur 'n kleiner groep dosente benut word.

**GRAFIEK 5.4 BENUTTING VAN INTERBIBLIOTEEKLENINGS DEUR DOSENTE**

Met die 1988 ondersoek het 63,2% van die dosente wél van interbiblioteeklenings gebruik gemaak, waarvan 56,6% dit op 'n minder gereelde basis benut het. Met die 1995 ondersoek het die persentasie dosente wat wél van interbiblioteeklenings gebruik maak, verminder na 40,3%, waarvan 36,1% dit op 'n minder gereelde basis benut.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, kan die volgende departemente genoem word wat veral van **interbiblioteeklenings** gebruik maak: Afrikaans (88,9% 1988 en 83,4% 1995), Engels (80% 1988 en 50% 1995), Geskiedenis (100% 1988 en 50% 1995), Musiek (100% 1988 en 60% 1995) en Wiskunde (100% 1988 en 100% 1995). Die resultate kan ook daarop dui dat daar in hierdie vakgebiede leemtes in die versameling mag wees.

Dit wil dus voorkom of sommige vakgebiede méér van **interbiblioteeklenings** gebruik maak as ander. Hoewel die benutting van dienste van die Kollegebiblioteek (om interbiblioteeklenings vir sommige dosente aan te vra) nie optimaal benut word nie, is dit sinvol om dié diens aan sommige dosente wat dit nodig, te lewer.

Sommige instansies vra sekere fooie vir interbiblioteekleningstransaksies. Dit is reeds praktyk by die Kollegebiblioteek, dat daardie fooie weer van die dosente wat interbiblioteeklenings aangevra het, verhaal word. Kostegewys kan die Kollegebiblioteek dus nog hierdie diens lewer aan dosente wat dit nodig.


### 5.3.3.2 Boekbesprekings

**Boekbesprekings** is onder andere 'n diens wat personeel by die uitleentoonbank van die Kollegebiblioteek lewer, naamlik die bespreking (of reservering) van media wat reeds uitgeleen is

aan ander gebruikers - om dié media wanneer dit terugbesorg word, aan dié persoon wat daarvoor gevra het en daarvoor gewag het, weer uit te leen.

Die resultate van beide ondersoeke ten opsigte van boekbesprekings word in grafiek 5.5 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.5 BENUTTING VAN BOEKBESPREKINGS DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die hoofondersoek in 1988, 86,7% en dié persentasie is met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 88,6%.

Volgens die resultate van altwee ondersoeke is dit duidelik dat dosente wél van **boekbesprekings** gebruik maak, maar op 'n minder gereelde basis. Slegs 'n klein groepie dosente maak gereeld van boekbesprekings gebruik (17,1% 1988 en 14,3% 1995), terwyl ongeveer die helfte (56,8% 1988 en 55,7% 1995) van die dosente op 'n minder gereelde basis van boekbesprekings gebruik maak.

In totaal maak minder as driekwart (73,9% 1988 en 70% 1995) van die dosente dus van **boekbesprekings** gebruik, terwyl 26,1% (1988) en 30% (1995) van die dosente **geen** gebruik van boekbesprekings maak nie. Die resultate van die twee ondersoeke stem dus in 'n mate ooreen, behalwe dat die benutting van boekbesprekings deur dosente met die 1995 ondersoek nog verder verminder het.

Die vraag is of hierdie diens dan nog deur die Kollegebiblioteek gelewer behoort te word? Aangesien 70% (1995) van die dosente aangedui het dat hulle nog van **boekbesprekings** gebruik maak, is dit beslis van waarde dat die Kollegebiblioteek met hierdie diens sal voortgaan.


Die resultate dui daarop dat media nie altyd paraat in die Kollegebiblioteek se versameling beskikbaar is nie. Die resultate kan ook op leemtes in die versameling dui, aangesien inligting nie altyd beskikbaar is nie. Die Kollegebiblioteek behoort dus duplisering van belangrike inligting te oorweeg indien die aanvraag daarna groot genoeg is en die inligting op 'n gereelde basis aangevra word.

Volgens die departementele analyses wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat die volgende departemente graag boeke/media bespreek of reserveer: Aardrykskunde (33,3% 1988 en 75% 1995 gereeld), Afrikaans (40% 1988 en 20% 1995 gereeld), Geskiedenis (50% 1988 en 66,7% gereeld) en Musiek (25% 1988 en 20% 1995 gereeld). Leemtes in hierdie vakgebiede behoort deur die Kollegebiblioteek ondersoek te word.

### 5.3.3.3 Benutting van die dienste van die vakbibliotekaris

Die resultate van vraag 2.2 (bylae B) ten opsigte van die dienste wat die vakbibliotekaris lewer, word in grafiek 5.6 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.6 BENUTTING VAN DIE DIENSTE VAN DIE VAKBIBLIOTEKARIS DEUR DOSENTE**



Die respons op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 87,5% en het met die 1995 ondersoek verbeter na 97,5%.

Volgens die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat dosente wel van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak. Met die 1988 ondersoek het 83% van die dosente aangedui dat hulle van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak, waarvan 44,6% dit op 'n minder gereelde en 38,4% dit op 'n gereelde basis gedoen het.

Met die 1995 ondersoek het hierdie resultate nog verder verbeter na 91% van die dosente wat die vakbibliotekaris raadpleeg, met 46,8% wat dit op 'n minder gereelde basis doen en 44,2% wat die vakbibliotekaris gereeld raadpleeg. Slegs 17% van die dosente het in 1988 aangedui dat hulle nie van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak nie. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie verminder na 9,1%.

Die resultate van die 1995 ondersoek was dus 'n verbetering op die 1988 ondersoek en kan aanvaar word dat die grootste meerderheid dosente van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak.

Volgens die **departementele analises** wat gemaak is van albei ondersoeke se resultate, het dit geblyk dat **alle departemente** van die vakbibliotekaris se dienste gebruik maak.

Daar is egter 'n paar departemente wat méér as ander departemente van die vakbibliotekaris se dienste gebruik maak, naamlik die departemente Afrikaans (63,6% gereeld 1988 verbeter na 66,7% gereeld 1995), Geskiedenis (75% gereeld 1988 verminder na 66,7% gereeld), Junior Primêr (77,8% gereeld verbeter na 100% gereeld 1995), Natuurwetenskap (71,4% gereeld verminder na 14,3% gereeld 1995) en Technika (25% gereeld 1988 verbeter na 62,3% gereeld 1995).

Slegs enkele persone uit **verskillende departemente** het nooit aangedui. Dié persentasies was oor die algemeen laag. Departemente waar daar 'n nooit-aanduiding gegee was, was die volgende: Fundamentele Pedagogiek (20% 1988 en 33,3% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (28,6% 1988 en 37,5% 1995), Rekenaarstudies (33,3% 1988 en 50% 1995) en Technika (43,8% 1988 en 12,8% 1995). Hierdie dosente is dus of selfstandige biblioteekgebruikers wat nie die hulp van die vakbibliotekaris nodig het nie, of hulle gebruik nie die Kollegebiblioteek nie.


#### **5.3.3.4 Benutting van die tydskrifafdeling**

Wat die benutting van die **tydskrifafdeling** betref, is onder andere in vraag 2.2 (bylae B) aan die dosente gevra hoe gereeld hulle van dié afdeling gebruik maak. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke word weerspieël in grafiek 5.7.

Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 87,5% en het met die 1995 ondersoek verbeter na 98,7%. Daar was dus weer 'n verbetering in die respons met die 1995 ondersoek.

Grafiek 5.7 toon dat die **tydskrifafdeling** deur die meeste dosente benut word. Met die 1988 ondersoek het 83,9% van die dosente aangedui dat hulle dié afdeling benut. Laasgenoemde persentasie is verder verbeter met die 1995 ondersoek na 93,6%.

GRAFIEK 5.7 BENUTTING VAN DIE TYDSKRIFAFDELING DEUR DOSENTE



Met die 1988 ondersoek het 25,9% van die dosente aangedui dat hulle die tydskrifafdeling gereeld benut. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek ook verbeter na 35,9%. Die persentasie dosente wat aangedui het dat hulle die tydskrifafdeling op 'n minder gereelde basis benut, het by albei ondersoeke feitlik dieselfde resultate opgelewer, naamlik 58% (1988) en 57,7% (1995). Dit is dus duidelik volgens die resultate dat die tydskrifafdeling wel deur die meeste dosente benut word, maar dat die grootste groep dit op 'n minder gereelde basis doen.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van altwee ondersoeke, is dit duidelik dat alle departemente die **tydskrifafdeling** benut. Departemente wat die tydskrifafdeling gereeld benut is die volgende: Aardrykskunde (20% 1988 verbeter na 50% 1995), Afrikaans (40% 1988 verswak na 33,3% 1995), Biblioteekwese (0% 1988 verbeter na 60% 1995), Didaktiese Pedagogiek (0% 1988 verbeter na 33,3% 1995), Fundamentele Pedagogiek (20% 1988 verbeter na 66,7% 1995), Geskiedenis (25% 1988 verbeter na 66,7%), Liggaamlike Opvoedkunde (28,6% 1988 verbeter na 37,5%), Musiek (14,3% 1988 verbeter na 33,3% 1995), Natuurwetenskap (50% 1988 verswak na 42,9% 1995), Rekenaarstudies (0% 1988 verbeter na 50%), Technika (16,7% 1988 verbeter na 50% 1995) en Wiskunde (33,3% 1988 verbeter na 100% 1995).

Volgens die resultate is dit duidelik dat sommige departemente, wat met die 1988 ondersoek 0% aangedui het, drasties verbeter het met die 1995 ondersoek, na gereelde besoeke aan die tydskrifafdeling - veral die departemente Biblioteekwese, Didaktiese Pedagogiek, Rekenaarstudies en Wiskunde, het uitsonderlik verbeter.

Enkele dosente (16,1% 1988 en 6,4% 1995) uit verskillende departemente het by albei ondersoeke aangedui dat hulle nooit van die **tydskrifafdeling** gebruik maak nie. Daardie dosente is lede van die


volgende departemente: Engels (20% 1988 en 16,7% 1995), Fundamentele Pedagogiek (20% 1988 en 33,3%), Musiek (14,3% 1988 en 16,6% 1995) en Technika (33,3% en 12,5% 1995).

Die dienste van personeel in die **tydskrifafdeling** word wél benut deur die grootste deel van die dosente. Hierdie afdeling van die Kollegebiblioteek is dus nog van groot waarde vir die dosente en die dienste van die personeel blyk nog funksioneel te wees.

### 5.3.3.5 Benutting van die onderwerpskatalogus

- Die dosente is in vraag 2.2 (bylae B) gevra om aan te dui hoe gereeld hulle die **onderwerpskatalogus** benut. Die resultate hiervan word in grafiek 5.8 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.8 BENUTTING VAN DIE ONDERWERPSKATALOGUS DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 89,1% in 1988 en 100% met die 1995 ondersoek.

Volgens die resultate is dit duidelik dat die **onderwerpskatalogus** deur die meeste dosente benut word. Die resultate van die 1988 ondersoek het getoon dat 86,8% van die dosente wat die vraag beantwoord het van die onderwerpskatalogus gebruik maak. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 96,2%. Dosente wat aangedui het dat hulle die onderwerpskatalogus gereeld benut was 37,7% in 1988 en dié persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 54,4% - wat meer as die helfte van die dosente is. Dosente wat aangedui het dat hulle die onderwerpskatalogus op 'n minder gereelde basis benut, was met die 1988 ondersoek 49,1% en dié persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 41,8%. 'n Klein groepie dosente het aangedui dat hulle nie van die onderwerpskatalogus gebruik maak nie, naamlik 13,2% in 1988. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek drasties afgeneem na 3,8%. Die resultate dui dus daarop dat méér dosente die onderwerpskatalogus benut sedert die 1988 ondersoek.

Om te bepaal watter dosente die onderwerpskatalogus benut, of nie benut nie, is daar na die **departementele analyses** van die twee ondersoeke gekyk. Volgens die resultate van altwee ondersoeke is dit duidelik dat feitlik alle dosente in ál die departemente, van die onderwerpskatalogus gebruik maak.

Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle die **onderwerpskatalogus** gereeld benut, is die volgende: Biblioteekwese (80% 1988, verbeter na 100% 1995), Geskiedenis (50% 1988, verbeter na 100% 1995), Junior Primêr (77,8% 1988, verbeter na 100% 1995), Kuns (75% 1988 verbeter na 100% 1995).


Slegs enkele persone uit verskillende departemente maak nie van die **onderwerpskatalogus** gebruik nie. Volgens die resultate van die 1988 ondersoek het enkele persone uit die volgende departemente aangedui dat hulle nie van die onderwerpskatalogus gebruik maak nie: Engels (16,7%), Fundamentele Pedagogiek (20%), Liggaamlike Opvoedkunde (14,3%), Musiek (22%), Rekenaarstudies (100%), Sportburo (50%) en Technika (26,7%).

Met die 1995 ondersoek het die situasie aansienlik verbeter deurdat slegs twee persone aangedui het dat hulle nie die **onderwerpskatalogus** gebruik nie, naamlik 'n dosent uit die departement Liggaamlike Opvoedkunde (25%) en 'n dosent uit die departement Wiskunde (25%).

### 5.3.3.6 Benutting van die outeurskatalogus

- Die dosente is ook in vraag 2.2 (bylae B) gevra om aan te dui hoe dikwels hulle die **outeurskatalogus** benut. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 5.9 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.9 BENUTTING VAN DIE OUTEURSKATALOGUS DEUR DOSENTE**



Met die 1988 ondersoek het 89,8% van die dosente die vraag beantwoord. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 98,7%.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat feitlik alle dosente van die **outeurskatalogus** gebruik maak. Die resultate van die 1988 ondersoek het getoon dat 87,8% van die dosente van die **outeurskatalogus** gebruik gemaak het. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 97,4%. Met die 1988 ondersoek het 42,6% van die dosente aangedui dat hulle die **outeurskatalogus** gereeld benut. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek nog verder verbeter na 57,7% - wat meer as die helfte van die dosente is.

Met die 1988 ondersoek het 45,2% van die dosente aangedui dat hulle die **outeurskatalogus** minder gereeld benut. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 39,7%. Met die 1988 ondersoek het 12,2% van die dosente aangedui dat hulle nie die **outeurskatalogus** benut nie. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 2,6%.

Volgens die **departementele analises** wat van die resultate van beide ondersoeke gemaak is, is dit duidelik dat feitlik alle dosente van die **outeurskatalogus** gebruik maak. Departemente wat gereeld van die **outeurskatalogus** gebruik gemaak het, was die volgende: Biblioteekwese (80% 1988 en 80% 1995), Engels (60% 1988, verbeter na 83,3% 1995), Geskiedenis (50% 1988, verbeter na 100% 1995), Junior Primêr (75% 1988, verbeter na 100% 1995) en Musiek (33,3% 1988, verbeter na 83,3%).

Die volgende departemente het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle nooit van die **outeurskatalogus** gebruik maak nie: Fundamentele Pedagogiek (20%), Liggaamlike Opvoedkunde (28,6%), Musiek (11,1%), Natuurwetenskap (12,5%), Rekenaarstudies (66,7%), Sportburo (40%) en Technika (26,7%). Met die 1995 ondersoek het net een persoon (25%) uit die departement Liggaamlike Opvoedkunde aangedui dat hy/sy nooit van die **outeurskatalogus** gebruik maak nie. Daar is dus 'n verbetering in die gebruik van die **outeurskatalogus** (deur die dosente) te bespeur sedert die 1988 ondersoek.


### **5.3.3.7 Benutting van die titelkatalogus**

- In vraag 2.2 (bylae B) is ook aan die dosente gevra hoe dikwels hulle van die **titelkatalogus** gebruik maak. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 5.10 getoon.

Die **respons** op hierdie vraag was 87,5% met die 1988 ondersoek en het verbeter na 94,9% met die 1995 ondersoek.

Volgens die resultate is dit duidelik dat die benutting van die **titelkatalogus** deur die dosente toegeneem het sedert die 1988 ondersoek.

GRAFIEK 5.10 BENUTTING VAN DIE TITELKATALOGUS DEUR DOSENTE



Met die 1988 ondersoek het 87,5% van die dosente aangedui dat hulle die **titelkatalogus** benut. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie verbeter na 94,7%. Dosente wat aangedui het dat hulle die titelkatalogus gereeld benut, was 41,1% in 1988. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 54,7%. 'n Verdere aantal dosente het aangedui dat hulle die titelkatalogus op 'n minder gereelde basis benut (46,4 % 1988 en 40% 1995).

'n Klein groepie dosente het aangedui dat hulle nie van die **titelkatalogus** gebruik maak nie, naamlik 12,5% in 1988. Dié persentasie het na 5,3% verminder met die 1995 ondersoek. Daar is dus 'n verbetering in die benutting van die titelkatalogus te bespeur sedert die 1988 ondersoek.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van altwee ondersoeke, is dit duidelik dat feitlik alle dosente van die **titelkatalogus** gebruik maak, met uitsondering van 'n paar persone uit verskillende departemente. Departemente waar die dosente almal (100%) aangedui het dat hulle die titelkatalogus gereeld benut, is die volgende: Geskiedenis (50% 1988, verbeter na 100% 1995), Junior Primêr (75% 1988, verbeter na 100% 1995) en Kuns (75% 1988, verbeter na 100%).

Persone verbonde aan die volgende departemente het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle nooit van die **titelkatalogus** gebruik maak nie: Fundamentele Pedagogiek (20%), Liggaamlike Opvoedkunde (14,3%), Musiek (11,1%), Natuurwetenskap (12,5%), Psigo Pedagogiek (20%), Rekenaarstudies (66,7%), Sportburo (50%) en Technika (28,6%). Met die 1995 ondersoek het net twee persone verbonde aan die departemente Afrikaans (16,7%) en Liggaamlike Opvoedkunde (25%) aangedui dat hulle nooit van die titelkatalogus gebruik maak nie.


Daar is dus 'n verbetering in die gebruik van die **titelkatalogus** (deur die dosente) te bespeur sedert die 1988 ondersoek.

### 5.3.3.8 Benutting van geïndekseerde tydskrifartikels

Om tydskrifartikels te indekseer is 'n tydwowende taak. Die taak van **tydskrifindeksering** kan net deur professionele biblioteekpersoneel verrig word. Die hulp van vakdosente word ook dikwels ingeroep. Dosente verklaar byvoorbeeld vakterminologie, of haal onderwerpe en trefwoorde uit artikels vir die vakbibliotekaris om geïndekseer te word. Die vraag is of hierdie diens wat die Kollegebiblioteek lewer, vir die gebruiker van waarde is en of dit vir die Kollegebiblioteek die moeite werd is om so 'n omvattende diens te lewer.

- Die dosente is ook in vraag 2.2 (bylae B) gevra om aan te dui hoe dikwels hulle van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak. Die resultate hiervan word in grafiek 5.11 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.11 BENUTTING VAN GEINDEKSEERDE TYDSKRIFARTIKELS DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 84,4% en het verbeter na 93,7% met die opvolgondersoek in 1995.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat meer as driekwart van die dosente wél hierdie dienste van die Kollegebiblioteek benut.

Volgens die resultate van die 1988 ondersoek, blyk dit dat 77,8% van die dosente aangedui het dat hulle van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak. Met die 1995 ondersoek het laasgenoemde persentasie nog verder verbeter na 88,3%.

Die resultate dui daarop dat dosente dus toenemend van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak en dat hierdie diens van die Kollegebiblioteek nog van groot waarde vir sy gebruikers is. Laasgenoemde feit word deur die resultate van beide ondersoeke gestaaf, deurdat 18,5% (1988) en 21,6% (1995) van die dosente aangedui het dat hulle gereeld van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak. Ongeveer twee derdes van die dosente (59,3% 1988 en 66,75% 1995) het aangedui dat hulle dit minder gereeld benut.

Daar was 'n klein groepie dosente wat nie van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik gemaak het nie, naamlik met die 1988 ondersoek het 22,2% van die dosente aangedui dat hulle nooit van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak nie. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie afgeneem na 12,2%. Die vraag is watter departemente maak veral van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik, en watter maak nie daarvan gebruik nie?

Volgens die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat alle departemente van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak, meerendeels op 'n minder gereelde basis. Slegs enkele dosente uit verskillende departemente maak nie van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik nie. Volgens die resultate is dit duidelik dat die volgende departemente op 'n gereelde basis van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik gemaak het: Afrikaans (40% 1988, word 30% 1995), Biblioteekwese (60% 1988, bly dieselfde 60% 1995), Geskiedenis (0% 1988, verbeter na 66,7% 1995), Musiek (14,3% 1988, verbeter na 40% 1995), Natuurwetenskap (16,7% 1988, bly dieselfde 16,7% 1995), Rekenaarstudies (0% 1988, verbeter na 50% 1995) en Wiskunde (33,3%, verbeter na 66,7% 1995).

Dosente wat aangedui het dat hulle nooit van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak nie, was lede van die volgende departemente: Afrikaans (10% 1988, word 16,7% 1995), Engels (0% 1988, word 16,7% 1995), Fundamentele Pedagogiek (20% 1988, word 66,7% 1995), Musiek (28,6% 1988, word 20% 1995), Technika (42,9% 1988, word 14,3% 1995) en Wiskunde (0% 1988, word 33,3% 1995).

### ***5.3.3.9 Benutting van die gedigtekatalogus***


Die **gedigtekatalogus** word deur die vakbibliotekaris in samewerking met dosente saamgestel en instand gehou. Dosente dui byvoorbeeld gedigte vir die vakbibliotekaris uit die literatuur aan, wat deel uitmaak van hulle vaksillabusse.

Hierdie gedigte word dan deur die vakbibliotekaris geïndekseer. Die vakbibliotekaris wat **gedigte indekseer**, is gewoonlik 'n professionele bibliotekaris, met die nodige ervaring in vakbibliotekariswerk. Die vakbibliotekaris beskik gewoonlik oor die nodige kennis van die tipe navrae wat gebruikers vra. Gedigte (of onderwerpe waaroor 'n gedig gesoek word, byvoorbeeld 'n gedig oor 'n hond) wat deur gebruikers aangevra word, word gewoonlik deur die vakbibliotekaris gesoek en vir die gebruiker geïndekseer.

Die **gedigtekatalogus** word uiteraard net deur sommige departemente benut. Die gedigtekatalogus het eintlik sy oorsprong te danke aan versoeke van gebruikers uit die departement Junior Primêr en die departemente Afrikaans en Engels. Met die ondersoeke in 1988 en 1995 kon vasgestel word of dit nog lonend vir die Kollegebiblioteek is om met hierdie omvattende diens voort te gaan.

- Die dosente is derhalwe in vraag 2.2 (bylae B) gevra om aan te dui hoe dikwels hulle van die **gedigtekatalogus** gebruik maak. Die resultate hiervan word in grafiek 5.12 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.12 BENUTTING VAN DIE GEDIGTEKATALOGUS DEUR DOSENTE**



Die respons op hierdie vraag was 78,1% met die 1988 ondersoek en het na 91,1% verbeter met die 1995 ondersoek. Tydens die 1988 ondersoek het 21,9% van die dosente nie die vraag beantwoord nie, maar met die 1995 ondersoek het dié persentasie afgeneem na 8,9% wat 'n aanduiding is dat dosente oor die algemeen nie negatief staan teenoor die gebruik van die gedigtekatalogus nie.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat ongeveer 'n derde van die dosente van die **gedigtekatalogus** gebruik maak.

Volgens die resultate van die 1988 ondersoek het 29% van die dosente aangedui dat hulle wél van die **gedigtekatalogus** gebruik maak, waarvan 7% gereeld en 22% minder gereeld aangedui het. Met die 1995 ondersoek het die persentasie dosente wat van die gedigtekatalogus gebruik maak, verbeter na 31,9%. Die persentasie dosente wat gereeld aangedui het, het ook verbeter na 9,7%. Die persentasie dosente wat die gedigtekatalogus minder gereeld gebruik, het met die 1995 ondersoek dieselfde gebly met 22,2%. Daar is 'n groot persentasie dosente wat nie van die gedigtekatalogus gebruik maak nie - wat verstaanbaar is. Volgens die resultate van albei ondersoeke het dit geblyk dat 71% (1988) en 68,1% (1995) van die dosente nie van die gedigtekatalogus gebruik maak nie.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van altwee ondersoeke het die volgende departemente aangedui dat hulle gereeld van die **gedigtekatalogus** gebruik maak: Afrikaans (33,3% gereeld 1988, verander na 83,3% minder gereeld 1995), Engels (16,7% gereeld 1988, verander na 33,3% minder gereeld 1995), Junior Primêr (14,3% 1988, verbeter na 100% 1995) en Musiek (16,7% 1988, verbeter na 20% 1988). Daar is dus 'n dalende tendens te bespeur by die tale, wat eers (1988) baie gereeld van die gedigtekatalogus gebruik gemaak het en met die 1995 ondersoek verswak het na minder gereeld. Dit is dus net die departement Junior Primêr wat ten volle en gereeld van hierdie katalogus gebruik maak.

Dit wil dus op die oog af voorkom of hierdie diens wat die Kollegebiblioteek lewer, nie koste effektief kan wees met al die professionele arbeid wat daaraan verbonde is om gedigte te indekseer nie. Dosente is egter nie die enigste gebruikers van dié katalogus nie en 'n gevolgtrekking kan eers gemaak word nadat die studentevraelyste se resultate in verband hiermee geanaliseer is (kyk hoofstuk 6). Daar moet in gedagte gehou word dat 'n derde van die dosente wél van die **gedigtekatalogus** gebruik maak. Die departemente vir wie die gedigtekatalogus eintlik saamgestel word, maak in der waarheid daarvan gebruik.


#### ***5.3.3.10 Benutting van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur***

Soos dit ook die geval was met die gedigtekatalogus, maak slegs 'n klein groepie dosente van hierdie eksklusiewe katalogus gebruik. Hierdie katalogus het ook sy oorsprong te danke aan die gebruikers wat daarna gevra het. Die departement Junior Primêr het aanvanklik vir hierdie katalogus gevra. Soos ook met die gedigte- en tydskrifkatalogus die geval is, is die proses van indeksering 'n professionele taak wat deur 'n professionele vakbibliotekaris verrig word en neem dus baie tyd in beslag. Dosente speel ook hier 'n rol, deurdat onderwerpe uit **kinder- en kleuterlektuur**, aan die vakbibliotekaris uitgewys word, wat dan deur die vakbibliotekaris geïndekseer word.

- Die dosente is vervolgens in vraag 2.2 (bylae B) gevra om aan te dui hoe dikwels hulle van die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** gebruik maak. Die resultate hiervan word in grafiek 5.13 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was in 1988 81,3% en het met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 94,9%.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat die gebruik van hierdie katalogus toegeneem het sedert die 1995 ondersoek. Met die 1988 ondersoek het ongeveer 'n derde (35,6%) van die dosente aangedui dat hulle van hierdie katalogus gebruik maak. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek na 57,3% gegroei - wat meer as die helfte van die dosente is.

**GRAFIEK 5.13 BENUTTING VAN DIE KATALOGUS VIR KINDER- EN KLEUTERLEKTUUR**

Die dosente wat aangedui het dat hulle dié katalogus gereeld benut, was in 1988 14,4%. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 25,3%. Die dosente wat aangedui het dat hulle die katalogus op 'n minder gereelde basis benut, was in 1988 21,2% en het verbeter na 32% met die 1995 ondersoek. Die persentasie dosente wat met die 1988 ondersoek aangedui het dat hulle nie van dié katalogus gebruik maak nie, was 64,4%. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 42,7%. Dit is dus duidelik dat die gebruik van die katalogus vir **kinder- en kleuterlektuur** toeneem het sedert die 1988 ondersoek.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van altwee ondersoeke is dit duidelik watter departemente gereeld van dié katalogus gebruik gemaak het: Afrikaans (22,2% 1988, verander na 16,7% 1995), Biblioteekwese (25% 1988, verbeter na 60% 1995), Engels (20% 1988, verbeter na 33,3% 1995), Junior Primêr (66,7% 1988 verbeter na 100% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (0% 1988, verbeter na 14,3% 1988), Musiek (28,6% 1988, verbeter na 60%), Natuurwetenskap (0% 1988, verbeter na 14,3%), Psigo Pedagogiek (0% 1988, verbeter na 40%). Weer eens was dit die Departement Junior Primêr wat dié katalogus ten volle en gereeld benut het.

Volgens die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat die diens wat die Kollegebiblioteek lewer ten opsigte van die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur**, beslis deur die departement wat daarvoor gevra het, benut word en dat selfs van die ander departemente ook daarvan gebruik maak. Dit is dus nog die moeite werd om hierdie katalogus instand te hou.

### 5.3.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia

Wanneer daar na die benutting van die Kollegebiblioteek gekyk word, moet daar uiteraard ook na die benutting van die verskillende inligtingmedia gekyk word. Die Kollegebiblioteek beskik oor 'n groot

versameling boeke (111 536 boeke), ingebinde tydskrifte (4 632), 'n modelversameling (3 008), (laasgenoemde versameling is 'n skoolmediasentrum in die klein wat gebruik word vir die opleiding van media-onderwysers) en 'n groot versameling oudiovisuele programmatuur (46 629). Die totale versameling bestaan uit 165 805 items. Die Kollegebiblioteek is ook ingeteken op ± 300 tydskriftitels en vyf koerante (Onderwyskollege Pretoria. Biblioteek. Jaarverslag 1993:12).

Dit is belangrik om te bepaal of al hierdie media na wense benut word, want uiteraard is dit duur om so 'n versameling aan te skaf en in stand te hou. Die ondersoek het dit ook ten doel gehad om te bepaal of die Kollegebiblioteek steeds moet voortgaan om hierdie media aan te skaf, uit te bou en instand te hou.

- Daar is vervolgens aan die dosente in vraag 2.3 (bylae B) gevra hoe dikwels hulle van die verskillende inligtingmedia, te wete **boeke, tydskrifte, oudiovisuele media, koerante en knipsels** gebruik maak.

#### **5.3.4.1 Benutting van boeke**


As gevolg van die snelheid waarteen tegnologie ontwikkel, word die vraag dikwels gevra of boeke nog deur gebruikers benodig word. By kollegebiblioteke in Suid-Afrika is **boeke** egter nog van die heel vernaamste inligtingbronne wat dosente en studente gebruik. Dit was dan onder andere ook die doel van die twee ondersoekke om te bepaal of boeke werklik deur dosente en studente benut word.

- Die dosente moes in vraag 2.3 (bylae B) eerstens aandui of hulle gereeld, soms of nooit van **boeke** gebruik maak. Die resultate van albei ondersoekke word in grafiek 5.14 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed, naamlik 94,5% met die 1988 ondersoek en 100% met die 1995 ondersoek. Volgens die resultate van altwee ondersoekke is dit duidelik dat **boeke** 'n baie belangrike inligtingmedium vir dosente is. Resultate dui daarop dat 95,1% van die dosente met die 1988 ondersoek aangedui het dat hulle van boeke as inligtingmedium gebruik maak. Daar was egter 5,5% van die dosente wat met die 1988 ondersoek nie die vraag beantwoord het nie, asook 5% van die dosente wat aangedui het dat hulle nooit van boeke as inligtingmedium gebruik maak nie. Laasgenoemde probleem het egter met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 'n 100% respons en al die dosente (100%) het met die 1995 ondersoek aangedui dat hulle van boeke as inligtingmedium gebruik maak.

Met die 1988 ondersoek het 61,2% van die dosente aangedui dat hulle gereeld van **boeke** gebruik maak, hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 77,2 %. Ongeveer 'n derde (33,9%) van die dosente het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle minder gereeld van boeke gebruik maak.

GRAFIEK 5.14 BENUTTING VAN BOEKE DEUR DOSENTE



Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verder afgeneem na 22,8%, aangesien méér dosente aangedui het dat hulle **boeke** gereeld gebruik. Die 1995 ondersoek het getoon dat daar 'n groot verbetering in die gebruik van boeke deur dosente, plaasvind.

Volgens die **departementele analises** wat van die resultate van beide ondersoeke gemaak is, is dit duidelik dat feitlik alle dosente uit ál die verskillende departemente van **boeke** as inligtingmedium gebruik maak. Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle van boeke gebruik maak, is die volgende: Aardrykskunde, (66,7% 1988, verbeter na 100% 1995), Biblioteekwese, (60% 1988, verbeter na 100% 1995), Engels (66,7% 1988, verbeter na 100% 1995), Fundamentele Pedagogiek (20% 1988, verbeter na 100% 1995), Geskiedenis (100% 1988, bly dieselfde met 100% 1995), Junior Primêr (88,9% 1988, verbeter na 100% 1995), Kuns (100% 1988, bly dieselfde met 100% 1995).


Departemente waar 'n enkele dosent met die 1988 ondersoek aangedui het dat hulle nooit van **boeke** gebruik maak nie, was: Aardrykskunde (16,7% 1988), Engels (16,7% 1988), Psigo Pedagogiek (16,7% 1988) en Technika (5,9% 1988). Met die 1995 ondersoek het alle dosente aangedui dat hulle boeke gebruik en is die probleem van enkele dosente wat nie van boeke gebruik maak nie, opgelos.

#### 5.3.4.2 Benutting van tydskrifte

**Tydskrifte** was nog altyd waardevolle inligtingbronne en kan vir dosente van groot waarde wees tydens die onderrigprogram.

- Die dosente moes tweedens by vraag 2.3 (bylae B) aandui of hulle gereeld, soms of nooit van **tydskrifte** gebruik maak. Die resultate van albei ondersoeke word in grafiek 5.15 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.15 BENUTTING VAN TYDSKRIFTE DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 90,6% en het met die 1995 ondersoek verbeter na 96,2%.

Die resultate het getoon dat **tydskrifte** deur die meeste dosente benut word. Volgens die resultate van die 1988 ondersoek, het 90,5% van die dosente aangedui dat hulle van tydskrifte gebruik maak. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 97,3%.

Dit is verder duidelik volgens die resultate van beide ondersoeke, dat die meeste dosente **tydskrifte** op 'n minder gereelde basis benut, aangesien 55,2% van die dosente met die 1988 ondersoek laat blyk het dat hulle tydskrifte minder gereeld gebruik.

Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 53,9%. Meer dosente het egter met die 1995 ondersoek aangedui dat hulle tydskrifte gereeld gebruik, naamlik 43,4%, teenoor die 35,3% van 1988.

Daar is dus 'n duidelike toename in die gebruik van **tydskrifte** sedert die 1988 ondersoek. (Vergelyk ook die resultate van die benutting van die tydskrifafdeling en bespreking daarvan in paragraaf 5.3.3.4, asook die benutting van geïndekseerde tydskrifartikels, soos in paragraaf 5.3.3.8 bespreek word. Die resultate in hierdie paragrawe (5.3.3.4 en 5.3.3.8) stem met hierdie paragraaf (5.3.4.2) ooreen, in die sin dat tydskrifte op 'n minder gereelde basis benut word, en dat meer as 90% van die dosente van tydskrifte gebruik maak).

Met die 1988 ondersoek het 9,5% van die dosente aangedui dat hulle nooit van **tydskrifte** gebruik maak nie. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie afgeneem na slegs 2,6% wat 'n groot verbetering op die 1988 ondersoek is. Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van altwee ondersoeke, is dit duidelik dat alle departemente van tydskrifte gebruik maak.

Die meeste dosente maak op 'n minder gereelde basis van **tydskrifte** gebruik. Slegs by twee departemente het ál die dosente (100%) aangedui dat hulle tydskrifte gereeld benut, naamlik die departement Geskiedenis (50% 1988, verbeter na 100%) en die departement Wiskunde (100% 1988 en 1995).

Slegs enkele dosente het by albei ondersoeke aangedui dat hulle nooit van **tydskrifte** gebruik maak nie, dié dosente was verbonde aan die volgende departemente: Biblioteekwese (20% 1988), Fundamentele Pedagogiek (20% 1988 en 33,3% 1995), Junior Primêr (11,1% 1988), Musiek (12,5% 1988 en 16,7% 1995), Psigo Pedagogiek (33,3% 1988), Rekenaarstudies (33,3% 1988) en Technika (17,7% 1988).

#### **5.3.4.3 Benutting van oudiovisuele media**

Volgens tabel 5.4 beskik die Kollegebiblioteek oor 'n groot versameling **oudiovisuele** programmatuur.


**TABEL 5.4    VERSKEIDENHEID VAN PROGRAMMATUUR IN DIE KOLLEGEbiblioteek**

| <b>Medium</b> | <b>Hoeveelheid</b> |
|---------------|--------------------|
| Prente        | 11481              |
| Strookfilms   | 1441               |
| Kleurskyfies  | 8436               |
| Plate         | 3143               |
| Bande         | 84                 |
| Pamflette     | 4761               |
| Transparante  | 11684              |
| Kassette      | 732                |
| Films         | 20                 |
| Kaarte        | 818                |
| Apparate      | 2477               |
| Mikrofiche    | 9                  |
| Multimedia    | 973                |
| Video's       | 535                |
| Projekte      | 35                 |
| <b>Totaal</b> | <b>46629</b>       |

Hierdie media is duur om aan te skaf en baie mannekrag-ure gaan in die aanwinst, die katalogisering en klassifikasie en veral in die prosessering daarvan. Dit is dus belangrik dat hierdie media benut sal word deur dosente en studente. In tabel 5.4 word die verskillende soorte programmatuur aangedui, asook die hoeveelheid waaroor die Kollegebiblioteek beskik (Onderwyskollege Pretoria. Biblioteek. Jaarverslag 1993:12).

- Die dosente moes dertens by vraag 2.3 (bylae B) aandui of hulle gereeld, soms of nooit van **audiovisuele media** gebruik maak. Die resultate van albei ondersoeke word in grafiek 5.16 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.16 BENUTTING VAN AUDIOVISUELE MEDIA DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was 89,1% in 1988 en het verbeter na 98,7% met die 1995 opvolgondersoek. Daar was dus 'n groot verbetering met die 1995 ondersoek.

Volgens die resultate van altwee ondersoeke is dit duidelik dat die meeste dosente van **audiovisuele media** gebruik maak. Met die 1988 ondersoek het 79,8% van die dosente laat blyk dat hulle van audiovisuele media gebruik maak, waarvan 19,3% aangedui het dat hulle dit op 'n gereelde basis en 60,5% dit op 'n minder gereelde basis gebruik.

Met die 1995 ondersoek het 'n baie groter persentasie dosente aangedui dat hulle van audiovisuele media gebruik maak, naamlik 94,9%, waarvan ongeveer die helfte van die dosente (51,3% 1995) aangedui het dat hulle dit gereeld gebruik en 43,6% van die dosente laat blyk het dat hulle audiovisuele media op 'n minder gereelde basis benut. Met die 1988 ondersoek was daar 20,2% van die dosente wat aangedui het dat hulle nooit van audiovisuele media gebruik maak nie. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 afgeneem na slegs 5,1%.

Die resultate dui dus daarop dat **audiovisuele media** toenemend gebruik word deur dosente. Die belangrikheid van audiovisuele programmatuur tydens die opleidingsprogram word dus deur die meeste dosente ingesien en benut.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke, is dit duidelik dat die meeste dosente uit verskillende departemente van **audiovisuele media** gebruik maak. Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle gereeld van audiovisuele media gebruik maak, is die volgende: Junior Primêr (22,2% 1988, verbeter na 100% 1995) en Kuns (100% 1988 en 1995). Slegs enkele dosente uit verskillende departemente het aangedui dat hulle nooit van audiovisuele media gebruik maak nie, en is lede van die volgende departemente: Fundamentele Pedagogiek (60% 1988 en 33,3% 1995), Rekenaarstudies (33,3% 1988 en 50% 1995) en Wiskunde (66,7% 1988 en 1995).

Die resultate van albei ondersoeke het getoon dat **audiovisuele media** deur 94,4% van die dosente benut word. Dit is dus nodig dat die Kollegebiblioteek steeds sal voortgaan met die uitbou van hierdie versameling.

#### **5.3.4.4 Benutting van koerante**

Die Kollegebiblioteek is ingeteken op vyf **koerante** wat daaglik tot die beskikking van die dosente en studente gestel word. Die vraag is of dit werklik deur die dosente gelees of benut word ?


- Die dosente moes vervolgens by vraag 2.3 (bylae B) aandui of hulle gereeld, soms of nooit van **koerante** gebruik maak. Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 word in grafiek 5.17 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was in 1988 84,4%, wat na 97,5% verbeter het met die opvolgondersoek in 1995.

Die resultate van hierdie vraag (van beide die ondersoeke in 1988 en 1995) was feitlik eenders. Volgens die resultate is dit duidelik dat ongeveer twee derdes van die dosente van **koerante** gebruik maak (65,8% 1988 en 64,9% 1995). Dit is verder duidelik dat 13,9% (1988) en 14,3% (1995) van die dosente aangedui het dat hulle koerante gereeld lees of gebruik en dat ongeveer die helfte (51,9% 1988 en 50,6% 1995) van die dosente koerante minder gereeld lees of gebruik. Ongeveer 'n derde van die dosente (34,3% 1988 en 35,1% 1995) maak dus nie van koerante in die Kollegebiblioteek gebruik nie.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke, is dit duidelik dat alle departemente van **koerante** gebruik maak, maar merendeels op 'n minder gereelde basis. Slegs departement Rekenaarstudies maak nooit van koerante gebruik nie (66,7% 1988 en 100% 1995).

GRAFIEK 5.17 BENUTTING VAN KOERANTE DEUR DOSENTE



Departemente wat minder gereeld van **koerante** gebruik maak is: Aardrykskunde (66,7% 1988, verbeter na 100% 1995), Geskiedenis (25% 1988, verbeter na 100% 1995) en Junior Primêr (50% 1988, verbeter na 100% 1995).


Aangesien twee derdes van die dosente reeds van **koerante** gebruik maak is dit dus nog steeds vir die Kollegebiblioteek lonend om koerante vir sy gebruikers beskikbaar te stel. Die Kollegebiblioteek behoort ook elke dag aktuele, toepaslike en relevante inligting uit die koerante te haal, om in die vorm van koerantknipsels geïndekseer te word.

#### 5.3.4.5 Benutting van knipsels

Koerante bevat dikwels baie relevante inligting rakende die onderwys, of onderwysersopleiding. Dit is dan ook die taak van die vakbibliotekaris om sodanige inligting uit die koerante te haal. Dit is dus belangrik dat die vakbibliotekaris die primêre-, sekondêre- en tersiêre vaksillabusse sal ken - om sodoende die nodige inligting uit koerante te kan haal, om in die vorm van **knipsels** geïndekseer te word.

Die proses van indeksering is tydrowend en die vraag word weer eens gevra of dit lonend is om ál hierdie arbeid te verrig as die **knipsels** nie gebruik word nie.

- Die dosente moes laastens by vraag 2.3 (bylae B) aandui of hulle gereeld, soms of nooit van **knipsels** gebruik maak. Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 word in grafiek 5.18 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.18 BENUTTING VAN KNIPSELS DEUR DOSENTE**

Met die 1988 ondersoek het 81,3% van die dosente die vraag beantwoord en met die 1995 ondersoek het dié persentasie nog verder verbeter na 97,5%. Die **respons** het dus aansienlik verbeter met die 1995 ondersoek.

Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 het getoon dat die benutting van **knipsels** toegeneem het sedert die 1988 ondersoek. Met die 1988 ondersoek het meer as 'n derde van die dosente (39,4%) aangedui dat hulle van knipsels gebruik maak. Met die 1995 ondersoek het meer as die helfte (57,2%) van die dosente laat blyk dat hulle van knipsels gebruik maak - wat dus 'n verbetering op die 1988 ondersoek is. Baie min dosente maak gereeld van knipsels gebruik (4,8% 1988 en 7,8% 1995). Volgens die resultate is dit duidelik dat die meeste dosente (34,6% 1988 en 49,4% 1995) knipsels op 'n minder gereelde basis benut. 'n Groot persentasie dosente (60,6% 1988 en 42,9% 1995) maak egter nooit van knipsels gebruik nie.

Feitlik alle dosente uit die verskillende departemente maak van **knipsels** gebruik. Volgens die **departementele analyses** wat van die resultate van albei ondersoeke gemaak is, is dit duidelik dat die meeste departemente knipsels op 'n minder gereelde basis benut.

Departemente wat veral van knipsels gebruik maak is die volgende: Aardrykskunde (16,7% 1988, verbeter na 100% 1995), Biblioteekwese (50% 1988, verbeter na 100% 1995), Geskiedenis (50% 1988, verbeter na 100% 1995 en Junior Primêr (75% 1988, verbeter na 100% 1995).

Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle nooit van **knipsels** gebruik maak nie, is die volgende: Fundamentele Pedagogiek (100% 1988 en 1995), Rekenaarstudies (66,7% 1988 en 100% 1995) en Wiskunde (100% 1988 en 1995).

Volgens die resultate van die 1988 ondersoek kon die Kollegebiblioteek miskien oorweging geskenk het om nie met die indeksering van knipsels voort te gaan nie, aangesien dit so swak benut was, maar met die 1995 ondersoek het dit geblyk dat dosente toenemend van knipsels gebruik maak en dat meer as die helfte van die dosente dit wél benut.


### 5.3.5 Ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik

Die houding van gebruikers, of die **ingesteldheid** van gebruikers ten opsigte van biblioteekgebruik, is baie belangrik. 'n Positiewe ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik behoort aansteeklik na die studente deur te werk. Dosente wat entoesiasties oor die Kollegebiblioteek en sy media is, behoort die studente positief te inspireer om dit ook te gebruik.

Daar is derhalwe met die twee ondersoeke in 1988 en 1995, onder andere ook gepoog om die **ingesteldheid van die dosente** ten opsigte van biblioteekgebruik te bepaal. Daar was twee vrae in die vraelys, tussen die ander vrae "versteek". Daar was met opset nie in die vraelys 'n opskrif voorsien met byvoorbeeld "ingesteldheid van dosente" nie, aangesien dit dalk dosente kon beïnvloed.

- Daar is aan die dosente in vraag 1.3 (bylae B) gevra om watter rede hulle die Kollegebiblioteek gebruik. Dié vraag is spesifiek gevra om die **ingesteldheid van dosente** te bepaal teenoor biblioteekgebruik. Hulle moes aandui of biblioteekgebruik vir hulle onontbeerlik vir onderrigdoeleindes is en of hulle slegs die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit van hulle verwag word. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke is duidelik waarneembaar in grafiek 5.19.

**GRAFIEK 5.19 INGESTELDHEID VAN DOSENTE TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK**



Die **respons** op hierdie vraag was in 1988 92,2% en het verbeter na 94,9% met die 1995 ondersoek.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat die meeste dosente (94,9% 1988 en 98,7% 1995) die Kollegebiblioteek as **onontbeerlik** beskou vir **onderrigdoeleindes**.

Slegs 'n geringe hoeveelheid dosente het laat blyk dat hulle die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit **van hulle verwag** word (5,1% 1988 en 1,3% 1995).

Die resultate van albei ondersoeke het getoon dat die **ingesteldheid van dosente uiters positief** is ten opsigte van biblioteekgebruik. Laasgenoemde kan net voordele vir die onderrig van studente inhou.


Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke, is dit duidelik dat feitlik **ál** die dosente uit die meeste departemente die Kollegebiblioteek as onontbeerlik vir onderrigdoeleindes beskou.

Met uitsondering van slegs een departement (Psigo Pedagogiek), het **ál** die dosente uit die ander departemente (100%) aangedui dat hulle die Kollegebiblioteek as onontbeerlik vir onderrigdoeleindes beskou.

- Die tweede vraag wat gerig was op die **ingesteldheid van dosente**, was vraag 2.4 (bylae B) wat gevra het dat dosente 'n rede moes aandui indien hulle nie van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie. Drie redes was aan die dosente gegee waaruit hulle een moes kies, naamlik:
  - a) Vir my vakgebied is biblioteekgebruik onnodig;
  - b) Ek het nie tyd nie;
  - c) Die biblioteek beskik nie oor die nodige inligtingmedia nie.

Die resultate van hierdie vraag (van beide die ondersoeke in 1988 en 1995), word in grafiek 5.20 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag is baie belangrik, aangesien die persone wat dié vraag beantwoord het, miskien diene is wat 'n probleem ervaar met die Kollegebiblioteek en dus nie altyd die Kollegebiblioteek gebruik nie. Met hierdie vraag het hulle redes aangedui waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie. Dit is belangrik dat die Kollegebiblioteek sal kennis neem watter **departemente** van hierdie redes aangedui het.

**GRAFIEK 5.20 REDES WAAROM DOSENTE NIE DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK GEBRUIK NIE**

Met die 1988 ondersoek het 82,8% van die dosente nie die vraag beantwoord nie en met die 1995 ondersoek het dié persentasie vermeerder na 84,8%. Laasgenoemde dosente het dus die vraag geïgnoreer omdat hulle van die Kollegebiblioteek gebruik maak en blykbaar geen probleme ervaar nie. Daar is egter 'n klein persentasie dosente wat wél die vraag beantwoord het en redes aangedui het waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie, naamlik 17,2% in 1988 en 15,2% in 1995.

Van die 17,2% dosente wat die vraag beantwoord het met die 1988 ondersoek, het 22,7% aangedui dat hulle van mening is dat biblioteekgebruik vir hulle vakgebiede onnodig is. Met die 1995 ondersoek het 15,2% van die dosente die vraag beantwoord, waarvan 8,3% aangedui het dat biblioteekgebruik vir hulle vakgebiede onnodig is. Daar is dus 'n verbetering sedert die 1988 ondersoek, aangesien heelwat minder dosente hierdie opsie gekies het.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, het die volgende departemente aangedui dat biblioteekgebruik vir hulle vakgebiede onnodig is: Met die 1988 ondersoek was dit: Afrikaans (50%), Didaktiese Pedagogiek (25%), Fundamentele Pedagogiek (100%) en Rekenaarstudies (100%). Met die 1995 ondersoek het ál hierdie departemente verbeter deur nie die vraag te beantwoord nie. Die gesindheid of ingesteldheid van dosente het dus aansienlik verbeter sedert die 1988 ondersoek. Slegs een persoon verbonde aan die departement Liggaamlike Opvoedkunde het met die 1995 ondersoek laat blyk dat biblioteekgebruik vir sy vakgebied onnodig is.

Van die 17,2% (1988) en 15,2% (1995) van die dosente wat wél die vraag beantwoord het, het 'n groter aantal dosente (45,5% 1988 en 41,7% 1995) die tweede opsie gekies, naamlik deur aan te dui dat hulle nie tyd het om die Kollegebiblioteek te gebruik nie. Met die 1988 ondersoek het die meeste dosente hierdie opsie gekies.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke, het die volgende departemente met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle nie tyd het om die biblioteek te gebruik nie: Aardrykskunde (100%), Didaktiese Pedagogiek (25%), Psigo Pedagogiek (100%), en Technika (40%). Met die 1995 ondersoek het enkele dosente uit die departemente Afrikaans (50%), Liggaamlike Opvoedkunde (50%), Psigo Pedagogiek (100%) en Technika (33,3%) aangedui dat hulle nie tyd het om die biblioteek te gebruik nie. Dit was dus die departemente Psigo Pedagogiek en Technika wat met albei ondersoeke aangedui het dat hulle nie tyd het om die Kollegebiblioteek te gebruik nie.

Volgens die resultate van altwee ondersoeke is dit duidelik dat die meeste dosente (31,8% 1988 en 50% 1995) die derde opsie gekies het, naamlik dat die Kollegebiblioteek nie oor die nodige inligtingmedia beskik nie.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke, is dit duidelik dat dosente uit die volgende departemente van mening was dat die Kollegebiblioteek nie oor die nodige inligtingmedia beskik nie: Aardrykskunde (een persoon, 100% 1995), Afrikaans (een persoon, 50% 1988 en 1995), Didaktiese Pedagogiek (twee persone, 50% 1988), Liggaamlike Opvoeding (een persoon, 25% 1995), Rekenaarstudies (een persoon, 100% 1995) en Technika (drie persone, 60% 1988 en twee persone, 66,7% 1995).

Daar bestaan dus leemtes in die versameling en die Kollegebiblioteek sal van hierdie probleem moet kennis neem. Duplisering van inligting kan ook oorweeg word as die inligting baie in aanvraag is.

### **5.3.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed**

Daar is faktore wat biblioteekgebruik direk beïnvloed, soos byvoorbeeld die doseermetodes van dosente, die metodiek van onderrig, werkopdragte aan studente en vakintegreering met die biblioteek. Hierdie navorsing het ook ten doel gehad om met die twee ondersoeke in 1988 en 1995, onder andere vas te stel in watter mate bogenoemde faktore 'n rol speel by die biblioteekgebruik van dosente en studente. In hierdie afdeling word daar na elkeen van hierdie aspekte afsonderlik gekyk.


#### **5.3.6.1 Doseermetodes**

Die doseermetodes wat dosente kies om studente te onderrig, kan 'n direkte invloed op die biblioteekgebruik van studente hê en uiteraard ook op die biblioteekgebruik van die dosente self. Dit

was dus van belang om met die twee ondersoeke in 1988 en 1995, vas te stel van watter **doseermetodes** die dosente inderdaad gebruik maak.

- Daar was dus aan die dosente in vraag 3.1.1 (bylae B) gevra hoe dikwels hulle van **vakintegrering** met die biblioteek as doseermetode gebruik maak. Die resultate van hierdie vraag (van beide die 1988 en 1995 ondersoeke) word in grafiek 5.21 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.21 DOSEERMETODE VAN DOSENTE: VAKINTEGRERING MET DIE BIBLIOTEEK**



Die **respons** op hierdie vraag was 91,4% met die 1988 ondersoek. Met die opvolgondersoek in 1995, het dié persentasie afgeneem na 86%. Die hoofondersoek in 1988 se respons was dus beter as die respons van die 1995 ondersoek.

Volgens die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, is dit duidelik dat meer as driekwart van die dosente van **vakintegrering** met die biblioteek gebruik maak (87,2% in 1988 en 83,8% in 1995). Dit is verder duidelik volgens die resultate dat minder dosente sedert die 1988 ondersoek, hierdie praktyk volg.

Met die 1988 ondersoek het 23,1% van die dosente aangedui dat hulle gereeld **vakintegrering** met die biblioteek toepas. Met die 1995 ondersoek het hierdie persentasie verbeter na 45,6%. Daar is dus méér dosente wat vakintegrering gereeld toepas as met die ondersoek in 1988.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke, het ál die dosente (100%) verbonde aan die volgende departemente aangedui dat hulle **vakintegrering** met die biblioteek gereeld toepas: Biblioteekwese (80% 1988, verbeter 100% 1995), Geskiedenis (75% 1988, verbeter na 100%), Junior Primêr (33,3% verbeter na 100%).


Die resultate van die volgende kategorie, naamlik dosente wat aangedui het dat hulle minder gereeld **vakintegrering** met die biblioteek toepas, het met die opvolgondersoek in 1995 verswak van 64,1% in 1988, na 38,2% in 1995. Departemente wat veral op 'n minder gereelde basis vakintegrering met die biblioteek toepas, is die volgende: Afrikaans (70% 1988, verswak na 66,7% 1995) en Liggaamlike Opvoedkunde (100% 1988, verswak na 50% 1995).

Daar was ook 'n klein persentasie dosente (12,8% in 1988 en 16,2% in 1995) wat laat blyk het dat hulle nooit **vakintegrering** met die biblioteek toepas nie. Die resultate het getoon dat die situasie met die 1995 ondersoek nog verder versleg het, deurdat nog 'n groter persentasie dosente aangedui het dat hulle nie hierdie praktyk volg nie.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van albei ondersoeke in 1988 en 1995, het dosente uit die volgende departemente aangedui dat hulle nooit **vakintegrering** met die biblioteek toepas nie: Didaktiese Pedagogiek (75% 1988 en 50% 1995), Fundamentele Pedagogiek (80% 1988 en 66,7% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (37,5% 1995), Natuurwetenskap (40% 1995), Psigo Pedagogiek (33,3% 1988 en 25% 1995), Rekenaarstudies (100% 1988 en 1995) en Technika (5,6% 1988 en 16,7% 1995).

- Daar was vervolgens ook aan die dosente in vraag 3.1.1 (bylae B) gevra hoe dikwels hulle van **werkopdragte** as doseermetode gebruik maak. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 5.22 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.22 DOSEERMETODE VAN DOSENTE: WERKOPDRAGTE AAN STUDENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was baie goed, naamlik 93% in 1988 en 94,9% in 1995.

Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 blyk min of meer dieselfde te wees wat hierdie vraag betref, want 94,1% van die dosente het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle **werkopdragte** aan studente gee.

Met die 1995 ondersoek het dié persentasie effens verbeter na 96%. Ongeveer die helfte van die dosente (47,9% in 1988 en 50,7% in 1995) het laat blyk dat hulle gereeld werkopdragte aan studente gee.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, het al die dosente (100%) verbonde die volgende departemente aangedui dat hulle gereeld **werkopdragte** aan studente gee: Aardrykskunde (66,7% 1988, verbeter na 100% 1995), Biblioteekwese (60% 1988, verbeter na 100%) en Junior Primêr (77,8% 1988, verbeter na 100%).

Minder as die helfte van die dosente (46,2% in 1988 en 45,3% in 1995) het aangedui dat hulle minder gereeld **werkopdragte** aan studente gee. By hierdie kategorie het dosente uit alle departemente aangedui dat hulle werkopdragte aan studente gee, waarvan die departement Didaktiese Pedagogiek 100% (al die dosente) aangedui het dat hulle werkopdragte minder gereeld aan studente gee.

Slegs enkele dosente het aangetoon dat hulle nooit **werkopdragte** aan studente gee nie (5,9% 1988 en 4% 1995). Laasgenoemde dosente was verbonde aan die volgende departemente: Didaktiese Pedagogiek (50% 1988), Engels (16,7% 1988), Fundamentele Pedagogiek (40% 1988 en 66,7% 1995) en Psigo Pedagogiek (33,3% 1988 en 20% 1995).

### **5.3.6.2 Metodiek van onderrig**


Die wyse waarop dosente onderrig gee, gaan beslis die biblioteekgebruik van studente beïnvloed. 'n Dosent wat niks van sy studente verwag nie, gaan uiteraard nie studente motiveer om die biblioteek te gebruik nie. Daarvan het 'n student ook getuig tydens 'n konferensie wat gehou is te Jefferson Community College, naamlik dat dosente nie altyd studente motiveer nie (*Use, Mis-use ...* 1970:27). Dosente is soms self nie entoesiasies oor die leerinhoud wat doseer word nie. Hoe minder die dosent dus van sy studente verwag, hoe minder sal die studente doen, aangesien daar geen motivering of uitdaging aan die studente gestel word nie.

Dit is dus vir hierdie navorsing van belang om die **metodiek van onderrig** van dosente vas te stel en daarom is daar twee vrae in die vraelys geplaas wat daaroor handel.

- Daar is in vraag 3.2.1 (bylae B) aan die dosente gevra of hulle **biblioteekgebruik aanmoedig** wanneer hulle lesings gee. Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 word in grafiek 5.23 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed, naamlik 98,4% in 1988. Met die 1995 ondersoek was daar 'n 100% respons met hierdie vraag.

**GRAFIEK 5.23 AANMOEDIGING VAN STUDENTE TOT BIBLIOTEEKGEBRUIK TYDENS LESINGS**



Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 van hierdie vraag, was merendeels dieselfde met 94,4% (1988) en 94,9% (1995) van die dosente wat ja geantwoord het.


Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat feitlik alle dosente uit al die verskillende departemente aangedui het dat hulle biblioteekgebruik tydens lesings aanmoedig.

Slegs enkele dosente het nee aangedui (5,6% 1988 en 5,1% 1995). Die dosente wat laasgenoemde opsie gekies het, is lede van die volgende departemente: Afrikaans (8,3% 1988 en 16,7% 1995), Engels (14,3% 1988), Fundamentele Pedagogiek (33,3% 1995), Natuurwetenskap (12,5% 1988), Rekenaarstudies (100% 1988 en 50% 1995), Technika (5,6% 1988) en Wiskunde (25% 1995).

Volgens die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, is dit duidelik dat feitlik alle dosente biblioteekgebruik tydens lesings propageer en studente aanmoedig om die Kollegebiblioteek te gebruik. Slegs enkele dosente doen dit nie.

- Daar is ook in vraag 3.2.2 (bylae B) aan die dosente gevra om aan te dui hoe dikwels hulle **leesbelangstellings** in hulle vakgebiede by studente aanmoedig. Hulle moes aandui of hulle dit gereeld, soms of nooit doen nie. Die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke vir hierdie vraag word in grafiek 5.24 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.24 STIMULERING VAN LEESBELANGSTELLINGS VAN STUDENTE DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was 85,2% in 1988 en het met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 94,9%.

Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995 het getoon dat minstens 94% van die dosente, studente se **leesbelangstellings** stimuleer in hulle onderskeie vakgebiede. Met die 1988 ondersoek het 98,2% van die dosente aangedui dat hulle leesbelangstellings in hulle vakgebiede by studente stimuleer. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie verminder na 94,7%.

Die persentasie dosente wat aangedui het dat hulle gereeld studente se **leesbelangstellings** in hulle vakgebiede stimuleer, was met die 1988 ondersoek 62,4%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 66,7%. Daar was dus méér dosente wat studente se leesbelangstellings gereeld geprikkel het, sedert die 1988 ondersoek. Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, het ál die dosente (100%) verbonde aan die volgende departemente, aangedui dat hulle gereeld leesbelangstellings van studente stimuleer in hulle vakgebiede: Geskiedenis (100% 1988 en 1995), Junior Primêr (100% 1988 en 1995) en Kuns (50% 1988 en 100% 1995).


Die persentasie dosente wat aangedui het dat hulle minder gereeld studente se **leesbelangstellings** stimuleer, was met die 1988 ondersoek 35,8%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 28%.

Volgens die **departementele analises** wat gemaak is van die resultate van altwee ondersoeke, het die dosente uit die meeste departemente aangedui dat hulle op 'n minder gereelde basis studente se **leesbelangstellings** in hulle vakgebiede stimuleer. Slegs twee departemente het 'n 100% respons getoon, naamlik: Didaktiese Pedagogiek (80% 1988 en 100% 1995), Fundamentele Pedagogiek (75% 1988 en 100% 1995).

'n Klein persentasie dosente het aangedui dat hulle nooit studente se **leesbelangstellings** in hulle vakgebiede stimuleer nie (1,8% 1988 en 5,3% in 1995). Laasgenoemde dosente is verbonde aan die volgende departemente: Didaktiese Pedagogiek (20% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (28,6% 1995), Natuurwetenskap (14,3% 1995) en Wiskunde (33,3% 1995).

- Daar is vervolgens ook in vraag 3.2.2 (bylae B) aan die dosente gevra om aan te dui hoe dikwels hulle die gebruik van **audiovisuele media** stimuleer. Hulle moes weer eens aandui of hulle dit gereeld, soms of nooit doen nie. Die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke van hierdie vraag, word in grafiek 5.25 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.25 STIMULERING VAN STUDENTE TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN OUDIOVISUELE MEDIA**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek maar 78,1%. Met die 1995 ondersoek het die respons aansienlik verbeter na 94,9%.

Volgens die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, is dit duidelik dat die meeste dosente studente stimuleer om **audiovisuele media** te gebruik (88% 1988 en 89,4% 1995).

Dosente wat aangedui het dat hulle gereeld studente stimuleer ten opsigte van die gebruik van **oudiovisuele media**, was met die 1988 ondersoek 32%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 50,7% - wat die helfte van die dosente is. Daar is dus 'n verbetering sedert die 1988 ondersoek waarneembaar.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke in 1988 en 1995, kan die volgende departemente genoem word wat veral hierdie praktyk gereeld toepas: Biblioteekwese (60% 1988, verbeter na 80% 1995), Junior Primêr (62,5% 1988, verbeter na 100% 1995) en Musiek (44,4% 1988, verbeter na 83,3% 1995).

Dosente wat aangedui het dat hulle op 'n minder gereelde basis die gebruik van **oudiovisuele media** stimuleer, was met die 1988 ondersoek 56%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 38,7%. Feitlik ál die departemente het dosente wat hierdie opsie uitgeoefen het en by die departement Wiskunde het ál die dosente (100%) aangedui dat hulle studente op 'n minder gereelde basis stimuleer ten opsigte van die gebruik van oudiovisuele media.


Daar is 'n klein persentasie dosente (12% 1988 en 10,7% 1995) wat aangedui het dat hulle nooit studente stimuleer ten opsigte van die gebruik van **oudiovisuele media** nie. Die resultate van altwee ondersoeke het getoon dat enkele dosente nie hierdie praktyk volg nie. Hulle is lede van die volgende departemente: Fundamentele Pedagogiek (100% 1988 en 50% 1995), Kuns (25% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (14,3% 1995), Natuurwetenskap (14,3% 1988 en 1995), Psigo Pedagogiek (40% 1988), Rekenaarstudies (100% 1995), Technika (23,1% 1988 en 12,5% 1995) en Wiskunde (100% 1995).

- Daar is laastens in vraag 3.2.2 (bylae B) aan die dosente gevra om aan te dui hoe dikwels hulle die gebruik van **vaktydskrifte** by studente stimuleer. Hulle moes weer eens aandui of hulle dit gereeld, soms of nooit doen nie. Die resultate van hierdie vraag van die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.26 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 78,9%. Met die 1995 ondersoek het die respons aansienlik verbeter na 92,4%.

Volgens die resultate van die twee ondersoeke in 1988 en 1995, is dit duidelik dat minstens 87% van die dosente, studente stimuleer om **vaktydskrifte** te gebruik. Dit is verder duidelik volgens die resultate dat dié praktyk al hoe minder deur die dosente uitgevoer word, want met die 1988 ondersoek het 93,1% van die dosente aangedui dat hulle studente stimuleer om vaktydskrifte te gebruik. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie gedaal na 87,7%.

**GRAFIEK 5.26 STIMULERING VAN STUDENTE TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN VAKTYDSKRIFTE**



Die dosente wat aangedui het dat hulle gereeld studente stimuleer om **vaktydskrifte** te gebruik, was met die 1988 ondersoek 37,6%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 32,9%. Dit is dus ongeveer 'n derde van die dosente wat wél studente stimuleer om vaktydskrifte te gebruik.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat ál die dosente (100%) by die departement Rekenaarstudies aangedui het dat hulle gereeld studente aanmoedig om **vaktydskrifte** te gebruik. Dosente uit die departement Biblioteekwese volg ook hierdie praktyk gereeld (33,3% 1988, verbeter na 80% 1995).

Dosente wat aangedui het dat hulle op 'n minder gereelde basis studente aanmoedig om **vaktydskrifte** te gebruik, was met die 1988 ondersoek 55,5% en met die 1995 ondersoek 54,8%. Dit is met ander woorde die helfte van die dosente. Resultate toon volgens die **departementele analyses** wat gemaak is dat feitlik alle departemente in hierdie kategorie val. Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle op 'n minder gereelde basis studente stimuleer om vaktydskrifte te gebruik, was die volgende: Engels (100% 1988 en 80% 1995), Junior Primêr (50% 1988 en 100% 1995), Kuns (100% 1995) en Psigo Pedagogiek (80% 1988 en 100% 1995).

Daar was egter 'n klein groepie dosente wat aangedui het dat hulle nooit studente aanmoedig om **vaktydskrifte** te gebruik nie, naamlik met die 1988 ondersoek het 6,9% en met die 1995 ondersoek het 12,3% van die dosente laat blyk dat hulle dit nooit doen nie. Laasgenoemde persentasie het dus ook met die 1995 ondersoek toegeneem.

Volgens die **departementele analises** wat gemaak is van die resultate van altwee ondersoeke, het dosente verbonde aan die volgende departemente by hierdie kategorie (nooit) geantwoord: Afrikaans (11,1% 1988 en 16,7% 1995), Didaktiese Pedagogiek (66,7% 1988 en 50% 1995), Engels (20% 1995), Fundamentele Pedagogiek (33,3% 1988 en 50% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (25% 1995), Musiek (25% 1988 en 16,7%), Technika (12,5% 1995) en Wiskunde (100% 1995).


### 5.3.6.3 *Werkopdragte*

**Werkopdragte** behoort 'n direkte invloed op die biblioteekgebruik van studente en dosente te hê. Die uitvoering van werkopdragte word direk gekoppel aan sinvolle biblioteekgebruik en navorsing. Derhalwe is daar in die vraelys drie vrae geplaas, wat oor werkopdragte handel, eerstens om die houding van dosente ten opsigte van werkopdragte te bepaal, tweedens om vas te stel waarom sekere dosente werkopdragte onnodig vind en dertens om vas te stel watter stappe dosente volg voordat hulle werkopdragte aan studente gee.

Daar is reeds in paragraaf 5.3.6.1 onder andere aandag gegee aan **werkopdragte** as 'n doseermetode (Vergelyk ook grafiek 5.22). In paragraaf 5.3.6.1 het dit geblyk dat meer as 94% van die dosente werkopdragte as doseermetode verkies.

- Om die houding van dosente ten opsigte van **werkopdragte** te bepaal, is in vraag 3.3.1 (bylae B) aan die dosente gevra of hulle werkopdragte as noodsaaklik, soms voordelig, of as onnodig beskou. Die resultate van hierdie vraag van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.27 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.27 HOUDING VAN DOSENTE TEN OPSIGTE VAN WERKOPDRAGTE**



Die **respons** op hierdie vraag was by beide die 1988 en 1995 ondersoeke feitlik dieselfde, naamlik 98,4% (1988) en 98,7% (1995).

Die resultate toon duidelik die **houding van dosente** ten opsigte van **werkopdragte**. Met die 1988 ondersoek was 96,1% van die dosente positief ingestel ten opsigte van werkopdragte en met die 1995 ondersoek was al die dosente (100%) positief ingestel.

Dosente wat aangedui het dat hulle **werkopdragte** noodsaaklik vind, was 54,8% in 1988. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 70,5%. Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, het al die dosente (100%) uit die volgende departemente aangedui dat hulle werkopdragte noodsaaklik vind: Afrikaans (33,3% 1988, verbeter na 100% 1995), Biblioteekwese (100% 1988 en 1995), Geskiedenis (100% 1988 en 66,7% 1995), Junior Primêr (100% 1988 en 1995), Kuns (75% 1988 en 100% 1995) en Musiek (77,8% 1988 en 100% 1995).


Dosente wat aangedui het dat **werkopdragte** soms voordelig kan wees, was met die 1988 ondersoek 41,3%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 29,5%. Slegs twee departemente se dosente het by hierdie kategorie almal (100%) aangedui dat hulle soms werkopdragte voordelig vind, naamlik Fundamentele Pedagogiek (20% 1988 en 100% 1995) en Wiskunde (50% 1988 en 100% 1995).

Vyf dosente (4%) het met die 1988 ondersoek laat blyk dat hulle van mening is dat **werkopdragte** onnodig is. Dié dosente was aan die volgende departemente verbonde: Didaktiese Pedagogiek (20% 1988), Fundamentele Pedagogiek (40% 1988), Rekenaarstudies (33,3% 1988) en die Sportburo (14,3% 1988). Met die 1995 ondersoek was daar nie 'n enkele dosent wat van mening was dat werkopdragte onnodig is nie. Dosente se houding ten opsigte van werkopdragte het dus aansienlik verbeter sedert die 1988 ondersoek.

- Daar is ook aan die dosente in vraag 3.3.2 (bylae B) gevra om 'n rede aan te dui waarom sommige van hulle **werkopdragte** onnodig vind. Die volgende moontlike redes is aan hulle gegee, waarvan hulle een moes kies:
  - a) Studente is nie werklik opgewasse om sulke opdragte uit te voer nie;
  - b) My vak leen hom glad nie daartoe nie;
  - c) My vak is te prakties van aard - ek gee wel praktiese werkopdragte - sonder dat die biblioteek gebruik hoef te word;
  - d) Ek is van mening dat die studente niks baat vind by werkopdragte nie.

Die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke, van hierdie vraag word weerspieël in grafiek 5.28.

GRAFIEK 5.28 REDES VAN SOMMIGE DOSENTE WAAROM WERKOPDRAGTE ONNODIG IS



Die respons op hierdie vraag behoort baie laag te wees aangesien slegs 4% van die dosente met die 1988 ondersoek van mening was dat **werkopdragte** onnodig is en dat geen dosent met die 1995 ondersoek aangedui het dat werkopdragte onnodig is nie (kyk resultate van die vorige vraag). Tog was daar 'n persentasie dosente wat wél die vraag beantwoord het, naamlik 10,2% met die 1988 ondersoek en 16,5% met die 1995 ondersoek.

Daar was dus 91,4% van die dosente wat nie die vraag met die 1988 ondersoek beantwoord het nie. Dié persentasie verskil van die resultate van die vorige vraag, naamlik dat 96,1% (met die 1988 ondersoek) van die dosente van mening was dat werkopdragte noodsaaklik is.

Met die 1995 ondersoek het 83,5% van die dosente nie die vraag beantwoord nie en verskil dus ook met die resultate van die vorige vraag, waar ál die dosente 100% aangedui het dat werkopdragte noodsaaklik is.

Dit is interessant dat hoewel dosente met die 1995 ondersoek 100% oortuig was dat **werkopdragte** noodsaaklik is, 'n baie klein persentasie dosente hierdie vraag tóg beantwoord het. Die persentasies van die resultate is nogtans uiters laag (10,2% 1988 en 16,5% 1995 respons) daarom kan hierdie redes nie as geldig beskou word nie. Vir volledigheid en ter wille van wetenskaplikheid, word daar wel oor hierdie vraag volledig verslag gedoen.

Dosente wat aangedui het dat studente nie opgewasse is om **werkopdragte** uit te voer nie, was met die 1988 ondersoek 15,4%. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek gegroei na 23,1%. Die **departementele analyses** wat gemaak is van resultate van albei ondersoeke, het getoon dat enkele dosente uit 'n paar departemente hierdie opsie gekies het: een dosent uit Afrikaans (50% 1995), een uit Didaktiese Pedagogiek (50% 1988), twee dosente uit Engels (100% 1995), een dosent uit Fundamentele Pedagogiek (50% 1988) en een dosent uit Wiskunde (100% 1995).

Dosente wat aangedui het dat hulle vak hom glad nie tot **werkopdragte** leen nie, was met die 1988 ondersoek 23,1%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verminder na 15,4%. Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, het enkele dosente ook hierdie opsie gekies: een dosent uit Afrikaans (50% 1995), een uit Didaktiese Pedagogiek (50% 1988), een uit Fundamentele Pedagogiek (50% 1988) en een uit Liggaamlike Opvoedkunde (20% 1995).

Dosente wat van mening was dat sy/haar vak te prakties van aard is en dat praktiese **werkopdragte** gegee word sonder dat die biblioteek gebruik hoef te word, was met die 1988 ondersoek 46,2%. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie gestyg na 53,8%. Die enkele dosente wat hierdie opsie gekies het, is verbonde aan die volgende departemente: vier persone uit die departement Liggaamlike Opvoedkunde (80% 1995), een persoon uit Musiek (100% 1988), een dosent uit Rekenaarstudies (100% 1988) en twee persone (1988) en drie persone (1995) uit Technika (100% 1988 en 1995).

Die laaste opsie wat aan die dosente gegee was, naamlik dat studente geen baat vind by **werkopdragte** nie is met die 1995 ondersoek deur slegs een dosent uit die departement Psigo Pedagogiek (100% 1995) gekies. Geen dosent het met die 1988 ondersoek hierdie opsie gekies nie.


- Om te bepaal of die dosente **voorbereidingswerk** doen vóór hulle 'n **werkopdrag** aan studente gee, is aan die dosente in vraag 3.3.3 (bylae B) gevra in watter mate die volgende stappe vir hulle noodsaaklik of onnodig is:
  - a) Kontrole deur hulleself van beskikbare bronne in die biblioteek;
  - b) Opstel van 'n bibliografie deur die dosente self;
  - c) Bespreek die werkopdrag vooraf met die betrokke vakbibliotekaris;
  - d) Reserveer vooraf die bronne deur middel van die vakbibliotekaris as daar te min bronne oor 'n onderwerp is;
  - e) Gee vooraf hulp en leiding aan studente, byvoorbeeld 'n raamwerk.

Daar sal vervolgens na elkeen van hierdie aspekte gekyk word.

### a) Kontrole deur die dosente self van beskikbare bronne in die biblioteek

- Daar is eerstens aan die dosente in vraag 3.3.3 (bylae B) gevra of dosente self die beskikbare bronne in die biblioteek vooraf kontroleer, alvorens 'n **werkopdrag** aan studente gegee word. Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.29 vertoon.

**GRAFIEK 5.29 KONTROLE DEUR DOSENTE VAN BESKIKBARE BRONNE IN DIE BIBLIOTEEK**



Die **respons** op hierdie vraag was 84,4% met die 1988 ondersoek en het na 98,7% verbeter met die 1995 ondersoek. Daar was dus 'n beter respons met die opvolgondersoek in 1995.


Die resultate van hierdie vraag was met beide die ondersoeke in 1988 en 1995 feitlik eenders, met 95,4%(1988) en 94,9% (1995) van die dosente wat van mening was dat dit noodsaaklik is dat dosente self vooraf die beskikbare bronne in die biblioteek kontroleer, alvorens **werkopdragte** aan studente gegee word. Feitlik al die departemente het ook hierdie opsie gekies.

Slegs enkele dosente uit verskillende departemente was van mening dat dit onnodig is om vooraf bronne in die biblioteek te kontroleer (4,6% 1988 en 5,1% 1995). Dié persone was verbonde aan die volgende departemente: Afrikaans (16,7% 1995), Didaktiese Pedagogiek (33,3% 1995), Engels (14,3% 1988), Kuns (25% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (14,3% 1988 en 12,5% 1995) en Psigo Pedagogiek (20% 1995).

## b) Opstel van 'n bibliografie

- Daar is tweedens aan die dosente in vraag 3.3.3 (bylae B) gevra of hulle vooraf 'n **bibliografie** opstel en aan die studente beskikbaar stel, alvorens hulle 'n **werkopdrag** aan studente gee. Die resultate van dié vraag word in grafiek 5.30 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.30 OPSTEL VAN 'N BIBLIOGRAFIE DEUR DOSENTE VIR WERKOPDRAGTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 78,9%. Met die 1995 ondersoek het die respons aansienlik verbeter na 94,9%.

Volgens die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, blyk dit dat daar 'n daling in die persentasie dosente was met die 1995 ondersoek, wat dit as noodsaaklik beskou dat 'n **bibliografie** opgestel word voordat 'n **werkopdrag** aan die studente gegee word (77,2% 1988, verminder na 72% in 1995).

Ongeveer 'n driekwart van die dosente dink egter nog dat dit noodsaaklik is. Die persentasie dosente wat aangedui het dat dit onnodig is om 'n **bibliografie** op te stel vir studente, was met die 1988 ondersoek 22,8% en met die 1995 ondersoek het dié persentasie vermeerder na 28%. Dit is ongeveer 'n derde van die dosente.


Dosente uit ál die departemente het aangedui dat dit noodsaaklik is om 'n **bibliografie** vir studente op te stel. Dosente uit die volgende departemente het almal (100%) aangedui dat hulle dit as noodsaaklik beskou: Aardrykskunde (100% 1988 en 1995), Fundamentele Pedagogiek (100% 1988 en 1995), Geskiedenis (100% 1988 en 1995), Junior Primêr (77,8% 1988, verbeter na 100% 1995) en Musiek (83,3% 1988, verbeter na 100% 1995).

Enkele dosente uit verskillende departemente het aangedui dat die opstel van 'n **bibliografie** onnodig is: Afrikaans (60% 1995), Biblioteekwese (33,3% 1988 en 20% 1995), Didaktiese Pedagogiek (25% 1988 en 33,3% 1995), Engels (20% 1988 en 33,3%), Kuns (25% 1988 en 33,3% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (50% 1988 en 25% 1995), Natuurwetenskap (60% 1988 en 71,4% 1995), Psigo Pedagogiek (33,3% 1988 en 60% 1995), Rekenaarstudies (50% 1995), Technika (7,1% 1988 en 14,3% 1995) en Wiskunde (25% 1988 en 50% 1995).

### c) Bespreek werkopdrag met vakbibliotekaris

- Daar is derdens aan die dosente in vraag 3.3.3 (bylae B) gevra of hulle vooraf 'n **werkopdrag** met die betrokke **vakbibliotekaris** bespreek, alvorens hulle die werkopdrag aan studente gee. Die resultate van dié vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.31 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.31    BESPREEK VOORAF WERKOPDRAG MET DIE BETROKKE VAKBIBLIOTEKARIS**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 80,5%. Die respons van die 1995 ondersoek het verbeter na 93,7%.

Volgens die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke is dit duidelik dat meer as driekwart van die dosente (83,5% 1988 en 81,1% 1995) dit noodsaaklik vind om 'n **werkopdrag** vooraf met 'n **vakbibliotekaris** te bespreek. Slegs 16,5% (1988) en 18,9% (1995) van die dosente het aangedui dat hulle dit onnodig vind.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat die meeste dosente uit verskillende departemente dit noodsaaklik vind om 'n **werkopdrag** vooraf met 'n **vakbibliotekaris** te bespreek, alvorens hy/sy dit aan die studente gee. Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle dit as noodsaaklik beskou is die volgende: Biblioteekwese


(100% 1988 en 1995), Fundamentele Pedagogiek (100% 1988 en 1995), Junior Primêr (100% 1988 en 1995), Psigo Pedagogiek (100% 1988 en 1995) en Rekenaarstudies (100% 1988 en 1995).

Die volgende departemente het dit as onnodig beskou: Aardrykskunde (16,7% 1988 en 25% 1995), Afrikaans (16,7% 1995), Didaktiese Pedagogiek (33,3% 1995), Engels (16,7% 1988 en 1995), Geskiedenis (33,3% 1995), Kuns (50% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (66,7% 1988 en 25% 1995), Musiek (20% 1988 en 1995), Natuurwetenskap (28,6% 1988 en 42,9% 1995) en Technika (33,3% 1988 en 28,6% 1995).

#### d) Reserveer vooraf bronne

- Daar is vierdens aan die dosente in vraag 3.3.3 (bylae B) gevra of hulle vooraf **bronne reserveer** deur middel van die vakbibliotekaris, as daar te min bronne oor 'n onderwerp is. Die resultate van dié vraag word in grafiek 5.32 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.32 RESERVEER VOORAF BRONNE DEUR MIDDEL VAN DIE VAKBIBLIOTEKARIS**



Die **respons** op hierdie vraag was 82% met die 1988 ondersoek en het verbeter na 93,7% met die 1995 ondersoek.

Volgens die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke, is dit duidelik dat die meeste dosente **bronne** vooraf **reserveer** deur middel van die **vakbibliotekaris** (88,6% in 1988 en 91,9% in 1995). Dosente wat aangedui het dat dit noodsaaklik is om vooraf bronne deur middel van die vakbibliotekaris te reserveer, was met die 1988 ondersoek 88,6%.


Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 91,9%. Volgens die **departementele analises** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat feitlik ál die dosente uit al die verskillende departemente 100% aangedui het dat hulle dit noodsaaklik vind dat bronne vooraf gereserveer word.

'n Klein persentasie dosente (11,4% 1988 en 8,1% 1995) het aangedui dat dit onnodig is om bronne vooraf deur middel van die **vakbibliotekaris** te reserveer. Enkele dosente uit die verskillende departemente het hierdie opsie gekies: Liggaamlike Opvoedkunde (33,3% 1988 en 12,5% 1995), Natuurwetenskap (14,3% 1988 en 28,6% 1995), Rekenaarstudies (50% 1995) en Technika (7,7% 1988 en 28,6% 1995).

#### e) Gee vooraf hulp en leiding aan studente

- Laastens is aan die dosente in vraag 3.3.3 (bylae B) gevra of hulle vooraf **hulp en leiding** aan studente gee (byvoorbeeld 'n raamwerk) alvorens hulle 'n **werkopdrag** aan studente gee. Resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.33 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.33 VOORAF HULP EN LEIDING AAN STUDENTE DEUR DOSENTE VOOR 'N WERKOPDRAG GEGEE WORD**



Die **respons** op hierdie vraag was baie goed, met 92,2% in 1988 en 97,5% in 1995.

Dit blyk uit die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, dat feitlik al die dosente aangedui het dat hulle vooraf aan studente **hulp en leiding** gee (byvoorbeeld 'n raamwerk) alvorens hulle 'n **werkopdrag** aan studente gee. Die resultate van albei ondersoeke was feitlik dieselfde met 97,5% (1988) en 97,4% (1995) van die dosente wat aangedui het dat dit noodsaaklik is om vooraf hulp en leiding aan studente te gee. Feitlik ál die dosente (100%) uit al die verskillende departemente het laasgenoemde opsie gekies.

Daar was slegs drie (1988) en twee (1995) dosente wat van mening was dat dit onnodig is om vooraf **hulp en leiding** aan studente te gee: Biblioteekwese (20% 1995), Didaktiese Pedagogiek (25% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (28,6% 1988) en Psigo Pedagogiek (20% 1995).

Dit is duidelik volgens die resultate van albei ondersoeke dat 97% van die dosente vooraf **hulp en leiding** aan studente gee (byvoorbeeld 'n raamwerk) alvorens hulle 'n **werkopdrag** aan studente gee.

#### **5.3.6.4 Vaksillabus en integrering met die biblioteek**

Soos dit ook in hoofstuk 4 geblyk het, is **kurrikulêre mediagebruik** by 'n onderwyskollege die spil waarom alles draai. Kurrikulêre mediagebruik behoort deel van elke onderwyskollege se beleid te wees. Elke departement behoort verder te sorg dat kurrikulêre mediagebruik deel uitmaak van hulle vakbeleid. Dit is belangrik dat die dosente self inligtinggeletterd sal wees, sodat hulle op hulle beurt weer inligtinggebruik aan die studente kan voorleef. Dosente wat die waarde van vakintegrering besef, sal dele van hulle vaksillabusse met die biblioteek integreer. Kurrikulêre mediagebruik behoort deel van elke dosent se daaglikse onderrigprogram te wees.

Die rol van die vakdosent is baie belangrik, maar die ideaal is dat daar 'n wisselwerking sal plaasvind tussen die vakbibliotekaris en die vakdosent. Volgens Labum (1984:95) gaan die sukses van die gebruik van kurrikulêre media afhang van die houding van die dosente. Die tyd wat dosente aan integrering met die biblioteek afstaan, gaan die sukses daarvan bepaal. Dit kan die vorm van 'n reeks lesings binne die biblioteek aanneem, of dit kan praktiese werk insluit soos die hantering van naslaanwerke, vakydskrifte en ander media.

Paragraaf 5.3.6.1 bespreek reeds **vakintegrering** met die biblioteek as doseermetode. Resultate het by vraag 3.1.1 getoon dat meer as driekwart (83,8%) van die dosente aangedui het dat hulle vakintegrering as doseermetode toepas. Die resultate van die 1995 ondersoek (van vraag 3.1.1) was egter effens swakker as die resultate van die 1988 ondersoek.


Daar is vervolgens 'n vraag in die vraelys geplaas om te bepaal of dosente wél hulle vaksillabusse met die Kollegebiblioteek integreer.

- Om te bepaal in watter mate die dosente hulle vaksillabusse met die Kollegebiblioteek integreer, moes die dosente op die volgende vrae in vraag 3.4.1 (bylae B) beantwoord:

- Word sekere dele van die vaksillabus as selfstudie aan studente opgedra en in die biblioteek gedoen?
- Word studente biblioteek toe geneem vir naleeswerk, of om verskillende media in die vakgebied te leer ken ?

Die resultate van die eerste deel van die vraag (a) van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.34 uitgebeeld.

**GRAFIEK 5.34 KURRIKULÊRE MEDIAGEBRUIK: SEKERE DELE VAN DIE VAKSILLABUS WORD AS SELFSTUDIE IN DIE BIBLIOTEEK GEDOEN**



Die respons op vraag 3.4.1 (a) was baie goed, naamlik 93% met die 1988 ondersoek. Met die 1995 ondersoek het die respons verbeter na 98,7%. Daar was dus 'n beter respons met die opvolgondersoek in 1995.

Volgens die resultate van vraag 3.4.1 (a) van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, is dit duidelik dat die dosente die waarde van kurrikulêre mediagebruik begin insien, aangesien daar 'n aansienlike verbetering in die resultate van die 1995 ondersoek te bespeur was met hierdie vraag. Waar slegs die helfte van die dosente (55,4%) in 1988 aangedui het dat hulle sekere dele van hulle vaksillabusse as selfstudie in die Kollegebiblioteek laat uitvoer deur die studente, het driekwart van die dosente (75,6%) met die 1995 ondersoek laat blyk dat hulle dit doen.

Dosente wat aangedui het dat hulle gereeld hulle **vaksillabusse** met die Kollegebiblioteek **integreer** en die studente toelaat om sekere dele van hulle vaksillabusse as selfstudie te doen, was met die 1988 ondersoek 6,7%. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek gegroei na 28,2%.

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van altwee ondersoeke, het enkele dosente uit al die verskillende departemente hierdie opsie gekies. Daar was twee departemente waar al die dosente (100%) aangedui het dat hulle **vakintegrering** gereeld toepas: Geskiedenis (50% 1988, verbeter na 100% 1995) en Junior Primêr (12,5% 1988, verbeter na 100% 1995).

By albei ondersoeke (by vraag 3.4.1 (a)) het die meeste dosente aangedui dat hulle **integrering** op 'n minder gereelde basis toepas. Die resultate was by altwee ondersoeke feitlik dieselfde met 48,7% in 1988 en 47,4% in 1995. Dit is verder duidelik volgens die resultate dat die meeste dosente uit die verskillende departemente hierdie opsie gekies het.

Departemente wat vermelding verdien in hierdie kategorie is departement Engels (50% 1988, verbeter na 100% 1995) en Psigo Pedagogiek (86,7% 1988, verbeter na 80% 1995).

Met die 1995 ondersoek het 'n interessante wending plaasgevind in die resultate van hierdie vraag:


Die persentasie dosente wat aangedui het dat hulle nooit **vakintegrering** met die biblioteek toepas nie, was 44,6% met die 1988 ondersoek. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na slegs 24,4% van die dosente wat dit nie doen nie. Dit is duidelik volgens die resultate van hierdie vraag, dat méér dosente die waarde van **kurrikulêre mediagebruik** insien, aangesien méér dosente aangedui het dat sekere dele van hulle vaksillabusse as selfstudie in die biblioteek gedoen word.

Die resultate van laasgenoemde vraag 3.4.1 (a), stem in 'n mate ooreen met die resultate van vraag 3.1.1 (bylae B), paragraaf 5.3.6.1, waar meer as driekwart van die dosente (83,8%) aangedui het dat hulle **vakintegrering** met die biblioteek toepas. By vraag 3.4.1 (a) het ook driekwart van die dosente (75,6%) met die 1995 ondersoek aangedui dat hulle vakintegrering toepas.

Die persentasies was met die laasgenoemde vraag 3.4.1 (a) oor die algemeen laer as met vraag 3.1.1. Die opvolgondersoek in 1995 se resultate het verswak by vraag 3.1.1, maar by vraag 3.4.1(a) het die opvolgondersoek in 1995 se resultate weer baie beter vertoon.

- In die tweede deel van vraag 3.4.1 (b) (bylae B) is die dosente gevra om aan te dui of hulle studente na die biblioteek toe neem vir **naleeswerk**, of om verskillende media in hulle vakgebiede te leer ken. Die resultate van vraag 3.4.1 (b), van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.35 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.35 KURRIKULÊRE MEDIAGEBRUIK: DOSENTE NEEM STUDENTE NA BIBLIOTEEK VIR NALEESWERK OF OM MEDIA IN VAKGEBIED TE LEER KEN**



Daar was weer eens 'n baie goeie **respons** verkry met 92,2% van die dosente wat die vraag met die 1988 ondersoek beantwoord het. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek nog verder verbeter na 98,7%. Die respons het dus verbeter met die 1995 ondersoek.

Die resultate van albei ondersoeke dui daarop dat daar 'n verbetering in die gebruik van **kurrikulêre media** is sedert die 1988 ondersoek. Minder as die helfte van die dosente (44,9%) het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle studente na die biblioteek neem vir **naleeswerk** of om verskillende media te leer ken. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie verbeter na 62,8% wat twee derdes van die dosente uitmaak. Dit wil dus voorkom of ook méér dosente hierdie praktyk begin volg het.

Dosente wat aangedui het dat hulle gereeld studente na die biblioteek neem vir **naleeswerk**, was met die 1988 ondersoek 12,7%. Dié persentasie het verbeter met die 1995 ondersoek na 14,1%. Enkele dosente uit verskillende departemente het hierdie opsie gekies. Die departement wat hier die hoogste persentasie aangedui het, was die departement Biblioteekwese (40% 1988, verbeter na 80% 1995).

Die meerderheid dosente het egter aangedui dat hulle op 'n minder gereelde basis studente na die biblioteek neem vir **naleeswerk** (32,2% 1988, verbeter na 48,7% 1995). Dit was dus amper die helfte van die dosente wat met die 1995 ondersoek hierdie opsie gekies het. Departemente wat in hierdie kategorie vermelding verdien is: Junior Primêr (33,3% 1988, verbeter na 100% 1995), Musiek (85,1% 1988 en 80% 1995) en Technika (17,5% 1988, verbeter na 75% 1995).

Dosente wat aangedui het dat hulle nooit studente na die biblioteek neem vir **naleeswerk** nie, was 55,1% met die 1988 ondersoek. Die helfte van die dosente van 1988, het dus nie integrering op hierdie manier toegepas nie. Met die 1995 ondersoek het die situasie verander en het méér dosente **integrering** begin toepas, aangesien slegs 'n derde van die dosente (37,2%) aangedui het dat hulle dit nooit doen nie.

Volgens die **departementele analises** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat veral die volgende departemente nie studente na die biblioteek neem vir **naleeswerk** nie: Aardrykskunde (100% 1988 en 75% 1995), Didaktiese Pedagogiek (80% 1988 en 100% 1995), Fundamentele Pedagogiek (100% 1988 en 1995), Rekenaarstudies (100% 1988 en 1995) en Wiskunde (75% 1988 en 1995).

### 5.3.7 Biblioteekdienste

In hoofstuk 3 is die dienste wat 'n kollegebiblioteek lewer volledig bespreek. 'n Kollegebiblioteek se dienste draai hoofsaaklik om die **versameling** wat die kern van 'n kollegebiblioteek is. In paragraaf 5.3.4 is die hoeveelhede van die verskillende inligtingmedia waaroor die Kollegebiblioteek beskik, uiteengesit. Die Kollegebiblioteek beskik oor 'n ryke versameling boeke en ander media. Daar is ook reeds breedvoerig in hoofstuk 4 oor die benutting van die versameling besin.

Dit is nodig geag om vas te stel of die gebruikers van die Kollegebiblioteek werklik met die **versameling** tevrede is. Die Kollegebiblioteek lewer daagliks diens aan gebruikers, maar kry nie altyd terugvoering van dosente en studente nie, of hulle wel met die versameling tevrede is, of nie is nie. Die Kollegebiblioteek weet ook nie altyd of al die gebruikers die inligting kry waarna hulle soek nie. Derhalwe is daar vyf vrae in die vraelys geplaas om vas te stel of gebruikers tevrede is met die versameling, of hulle die inligting kry waarna hulle soek en of hierdie inligting paraat beskikbaar is.


#### 5.3.7.1 Volledigheid van die versameling

Eerstens moes vasgestel word of die **versameling** volledig genoeg is ten opsigte van belangrike onderwerpe in die verskillende vaksillabusse.

- Daar is aan die dosente in vraag 4.1.1 (bylae B) gevra of hulle tevrede is met die volledigheid van die **versameling** van die Kollegebiblioteek, met betrekking tot die belangrikste onderwerpe in hulle vaksillabusse. Hulle moes aandui of die versameling na hulle menings heeltemal voldoende is, of dit leemtes het, en of dit heeltemal onvolledig is. Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, is waarneembaar in grafiek 5.36.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 96,9% in 1988 en 100% in 1995.

GRAFIEK 5.36 VOLLEDIGHEID VAN DIE BIBLIOTEEKVERSAMELING



Die resultate van hierdie vraag was baie interessant, want soos dit ook in grafiek 5.36 aangedui word, het die resultate van die twee ondersoeke feitlik omgeruil.

Met die 1988 ondersoek was 61,3% van die dosente (met ander woorde bykans twee derdes) van mening dat die **versameling** van die Kollegebiblioteek heeltemal voldoende is. Effens meer as 'n derde van die dosente (38,7%) het met die 1988 ondersoek aangedui dat die versameling wél leemtes het. Met die 1995 ondersoek het die resultate omgeswaai met net 'n derde (35,4%) van die dosente wat van mening was dat die versameling heeltemal voldoende is. Daarenteen was bykans twee derdes (62%) van die dosente van mening dat die versameling wél leemtes het.

Dit is duidelik volgens die resultate dat die dosente minder tevrede is met die volledigheid van die **versameling**, aangesien dié dosente wat met die 1988 ondersoek ontevrede was met die volledigheid van die versameling, van 38,7% na 62% met die 1995 ondersoek, gegroei het.

Met die 1988 ondersoek was daar geen dosente gewees wat van mening was dat die **versameling** heeltemal onvolledig was nie, maar met die 1995 ondersoek was daar wél 2,5% van die dosente wat so aangedui het.

Die resultate dui dus daarop dat in totaal ongeveer twee derdes (64,5%) van die dosente nie tevrede is met die volledigheid van die **versameling** nie. Dit is baie belangrik vir die Kollegebiblioteek om te weet watter vakgebiede leemtes in die versameling ervaar. Dit kon uit die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, vasgestel word.

Slegs by departement Junior Primêr het ál die dosente (100%) aangedui dat die **versameling** heeltemal voldoende is (77,8% 1988, verbeter na 100%).

Met uitsondering van departement Junior Primêr, het ál die ander departemente aangedui dat die **versameling** leemtes het. Tabel 5.5 dui die verskillende departemente aan met die persentasie dosente wat met die 1988 en 1995 ondersoeke aangedui het dat die **versameling** wél leemtes het.

**TABEL 5.5 DEPARTEMENTE WAAR DOSENTE LEEMTES IN DIE VERSAMELING AANGEDUI HET**

| DEPARTEMENT             | 1988<br>% | 1995<br>% |
|-------------------------|-----------|-----------|
| Aardrykskunde           | 50        | 50        |
| Afrikaans               | 58,3      | 83,3      |
| Biblioteekwese          | 0         | 80        |
| Didaktiese Pedagogiek   | 50        | 33,3      |
| Engels                  | 33,3      | 66,7      |
| Fundamentele Pedagogiek | 20        | 33,3      |
| Geskiedenis             | 25        | 100       |
| Kuns                    | 25        | 100       |
| Liggaamlike Opvoedkunde | 57,1      | 75        |
| Musiek                  | 44,4      | 50        |
| Natuurwetenskap         | 50        | 71,4      |
| Psigo Pedagogiek        | 0         | 60        |
| Rekenaarstudies         | 66,7      | 100       |
| Technika                | 47,1      | 62,5      |
| Wiskunde                | 25        | 50        |

Departemente waar dosente hoër persentasies aangedui het, is die departemente waaraan die Kollegebiblioteek sal moet aandag gee. Met die 1995 ondersoek was daar selfs twee dosente (2,5%) wat van mening was dat die **versameling** heeltemal onvolledig is, dié dosente is verbonde aan die departemente Afrikaans (16,7%) en Wiskunde (25%). Die Kollegebiblioteek behoort dan veral aan die volgende vakgebiede aandag te gee: Afrikaans, Geskiedenis, Kuns, Liggaamlike Opvoedkunde, Natuurwetenskap, Rekenaarstudies en Wiskunde.

#### **4.3.7.2 Redes vir die onvolledigheid van die versameling**


Tweedens moes die dosente redes aandui waarom die **versameling** leemtes het, of onvolledig is.

- Daar is vervolgens aan die dosente in vraag 4.1.2 (bylae B) gevra dat indien die **versameling** na hulle mening **leemtes** toon, of onvolledig is, hulle die belangrikste rede daarvoor moet aandui. Die dosente moes 'n keuse ten opsigte van die volgende aspekte maak:

- a) Daar is te min titels oor sekere onderwerpe;
- b) Al word die titels gereserveer, is die inligting nog nie genoeg nie;
- c) Daar is sekere onderwerpe waarvoor daar geen inligting in die biblioteek is nie.

Die resultate van hierdie vraag, van albei ondersoeke, word in grafiek 5.37 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.37 REDES VIR LEEMTES IN DIE VERSAMELING**



By die vorige vraag (4.1.1) het 38,7% (1988) en 62% (1995) van die dosente aangedui dat die **versameling leemtes** het. Die **respons** op hierdie vraag het na verwagting ooreengestem met die persentasie dosente wat by die vorige vraag aangedui het dat die versameling leemtes het, naamlik 35,2% in 1988 en 64,6% in 1995.

Dit stem dus baie mooi ooreen met die vorige resultate van vraag 4.1.1. Die persentasie dosente wat nie die vraag beantwoord het nie was 64,8% (1988) en 35,4% (1995). Laasgenoemde stem ook ooreen met die resultate van vraag 4.1.1 (61,3% 1988 en 35,4% 1995) wat van mening was dat die **versameling** heeltemal voldoende is.

Van die 35,2% (1988) en 64,6% (1995) van die dosente wat die vraag beantwoord het, is die volgende redes aangedui as redes vir onvolledigheid van die versameling:

**a) Daar is te min titels oor sekere onderwerpe**

Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, was feitlik dieselfde met 46% in 1988 en 47,1% in 1995 van die dosente wat hierdie opsie gekies het.

Dosente uit departemente wat meen daar is te min titels oor sekere onderwerpe, is die volgende: Aardrykskunde (twee persone, 100% 1995), Afrikaans (een persoon, 16,7% 1988 en 33,3% 1995), Biblioteekwese (twee persone, 50% 1995), Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 33,3% 1988 en 100% 1995), Engels (drie persone, 100% 1988 en 75% 1995), Fundamentele Pedagogiek (twee persone, 66,7% 1995), Geskiedenis (een persoon, 100% 1988 en 33,3% 1995), Kuns (twee persone, 100% 1988 en 66,7% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (drie persone, 100% 1988 en 42,9% 1995), Musiek (een persoon, 66,7% 1988 en 50% 1995), Natuurwetenskap (drie persone, 66,7% 1988 en 60% 1995), Psigo Pedagogiek (een persoon, 33,3% 1995) en Wiskunde (twee persone, 66,7% 1995).

Vakgebiede waar die Kollegebiblioteek aan aandag behoort te gee is dus veral Engels, Liggaamlike Opvoedkunde en Natuurwetenskap.

**b) Ten spyte van reservering is inligting nie genoegsaam nie**

Die resultate van albei ondersoeke was ook by hierdie afdeling ooreenstemmend, met 18% in 1988 en 19,6% in 1995 van die dosente wat bogenoemde rede aangedui het.

Volgens die departementele analises wat gemaak is van die resultate, is dit duidelik dat enkele dosente (by elke departement slegs een dosent) uit verskillende departemente hierdie opsie gekies het.

By Natuurwetenskap het twee dosente (40%, 1995) en by Technika het ook twee dosente hierdie opsie gekies (22,2% 1988 en 40% 1995). Die Kollegebiblioteek kan dus ook aan hierdie twee vakgebiede aandag gee.

**c) Sekere onderwerpe waaroor daar geen inligting is nie**

Met die 1988 ondersoek het 26% van die dosente hierdie opsie gekies en met die 1995 ondersoek het 33,3% van die dosente hierdie keuse gemaak.

Dosente verbonde aan die volgende departemente, het volgens die resultate aangedui dat daar sekere onderwerpe is waaroor daar geen inligting is nie:

Afrikaans (een persoon, 33,3% 1988 en 1995), Biblioteekwese (twee persone, 50%), Engels (een persoon, 25% 1995), Geskiedenis (een persoon, 33,3% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (drie persone, 42,9% 1995), Musiek (een persoon, 50%), Psigo Pedagogiek (een persoon, 33,3% 1995), Rekenaarstudies (twee persone 100% 1995), Technika (drie persone, 55,6% 1988 en 60% 1995) en Wiskunde (een persoon, 33,3% 1995).

Die Kollegebiblioteek behoort dus veral aandag aan Liggaamlike Opvoedkunde, Rekenaarstudies en Technika aandag te gee.

### **5.3.7.3 Ontsluiting van die versameling**

Die ondersoek het dit ook ten doel gestel om te bepaal of die gebruikers van die Kollegebiblioteek werklik die inligting vind waarna hulle soek. Die Kollegebiblioteek kry nie altyd terugvoering, of die studente en dosente die inligting vind waarna hulle gesoek het nie. Daar is derhalwe twee vrae in die vraelys geplaas om te bepaal of die versameling doeltreffend ontsluit is, of nie.


- Om te bepaal of dosente **inligting** in die Kollegebiblioteek **maklik vind**, is aan hulle in vraag 4.2.1 (bylae B) gevra om een aspek uit die volgende te kies:
  - a) Ek vind inligting gewoonlik maklik;
  - b) Ek ondervind gewoonlik probleme om inligting te vind;
  - c) Ek kan gewoonlik nie die inligting vind nie.

Volgens die resultate van hierdie vraag, kan bepaal word of die katalogi effektief is, of die vakbibliotekarisstelsel doeltreffend funksioneer, of boeke/media korrek op die rakke georden is, en of die gebruiker sonder probleme sy verlangde inligting vind. Grafiek 5.38 toon die resultate van hierdie vraag van beide die 1988 en 1995 ondersoeke.

Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 97,7% en met die 1995 ondersoek het die persentasie verbeter na 100%.

Volgens die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat feitlik al die dosente hulle **inligting maklik vind**. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke was feitlik dieselfde met 92,8% van die dosente wat met die 1988 ondersoek aangedui het dat hulle inligting maklik vind. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 93,7%. Die **departementele analyses** van die resultate het ook getoon dat die meeste dosente uit die meeste departemente hierdie opsie gekies het. Met uitsondering van vier departemente, het ál die dosente (100%) uit al die ander departemente, aangedui dat hulle inligting maklik vind.

GRAFIEK 5.38 ONTSluiting VAN DIE VERSAMELING



'n Baie klein groepie dosente (7,2% 1988 en 6,3% 1995) het aangedui dat hulle gewoonlik **probleme** ondervind **om inligting te vind**. Enkele dosente uit vier departemente, het aangedui dat hulle gewoonlik probleme ervaar by die soek van inligting: Aardrykskunde (een persoon, 16,7% 1988 en 25% 1995), Afrikaans (twee persone, 18,2% 1988 en 33,3% 1995), Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 33,3% 1995) en Liggaamlike Opvoedkunde (een persoon, 12,5% 1995).

Die resultate het verder getoon dat die dosente wel almal hulle inligting vind, aangesien nie een dosent die laaste alternatief (kan nie inligting vind nie), by albei ondersoeke gekies het nie. Die meerderheid dosente ondervind dus geen probleme om inligting te vind nie, terwyl 'n baie klein persentasie dosente aangedui het dat hulle wel probleme ondervind om inligting op te spoor.

#### 5.3.7.4 Redes vir probleme tydens die inligtingsoekproses


By die vorige vraag (4.2.1) was daar 7,2% (1988) en 6,3% (1995) van die dosente wat aangedui het dat hulle probleme ervaar by die inligtingsoekproses. Die ondersoeke in 1988 en 1995 het dit ook ten doel gestel om redes vir probleme met die inligtingsoekproses te vind.

- Daar is derhalwe aan die dosente in vraag 4.2.2 (bylae B) gevra, indien hulle **probleme ondervind om inligting te vind**, of indien hulle nie inligting kan vind nie, moet hulle 'n keuse van die volgende moontlike redes maak, en aandui waar hulle dink die grootste probleem lê:

- a) Outeurskatalogus;
- b) Titelkatalogus;
- c) Onderwerpskatalogus;
- d) Vakbibliotekaris;
- e) Dewey-klassifikasiesetel.

Die resultate van hierdie vraag, van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, word in grafiek 5.39 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.39 REDES VIR PROBLEME TYDENS DIE INLIGTINGSOEKPROSES**



Die **respons** op hierdie vraag behoort na verwagting nie meer as 6,3% van die dosente te wees nie, aangesien net 6,3% (1995) van die dosente by die vorige vraag (4.2.1) aangedui het dat hulle probleme by die inligtingsoekproses ervaar het. Die werklike **respons** was egter heelwat hoër as net 6,3%, met 17,2% van die dosente wat die vraag in 1988 beantwoord het en 12,7% in 1995. Dit kan dus wees dat die genoemde redes tog soms vir dosente 'n struikelblok kan wees. Die grootste persentasie dosente ondervind egter geen probleme met die inligtingsoekproses nie, want 82,8% (1988) en 87,3% (1995) van die dosente het nie hierdie vraag beantwoord nie.

Die **outeurskatalogus** is volgens die resultate van albei ondersoeke, vir 18,2% (1988) en 20% (1995) van die dosente 'n probleem tydens die soekproses. Enkele dosente uit vier departemente het die outeurskatalogus as 'n rede aangedui waarom hulle nie die inligting kan vind waarna hulle soek nie: Afrikaans (een persoon, 33,3% 1995), Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 50% 1988), Geskiedenis (twee persone 100% 1988) en Liggaamlike Opvoedkunde (een persoon, 25% 1995).

Slegs 18,2% (1988) en 10% (1995) van die dosente het onderskeidelik by die twee ondersoeke aangedui dat die **titelkatalogus** vir hulle die grootste probleme oplewer by die inligtingsoekproses. Enkele dosente uit vier departemente het die titelkatalogus as die grootste probleem aangedui: Afrikaans (een persoon, 33,3% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (twee persone, 50% 1995), Psigo Pedagogiek (een persoon, 100% 1995) en Technika (twee persone, 50% 1988).

Die resultate van albei ondersoeke was by die derde opsie, naamlik die **onderwerpskatalogus**, baie interessant, want met die 1988 ondersoek het slegs 9,1% van die dosente die onderwerpskatalogus as 'n probleem ervaar en met die 1995 ondersoek het dié persentasie vermeerder na 60%. Enkele dosente uit drie departemente het die onderwerpskatalogus as die grootste probleem uitgewys: Aardrykskunde (een persoon, 100% 1995), Afrikaans (twee persone, 66,7% 1995) en Technika (twee persone, 50% 1988 en een persoon, 100% 1995).

Vir slegs een dosent (4,6% 1988) was die **vakbibliotekaris** 'n probleem by die inligtingsoekproses. Hierdie dosent was verbonde aan die Sportburo (1988). By die 1995 ondersoek het geen dosent hierdie opsie gekies nie.

Met die 1988 ondersoek was daar 50% van die dosente wat die **Deweyklassifikasiesistelsel** (DDK) aangedui het as die grootste struikelblok by die inligtingsoekproses. Met die 1995 ondersoek het net 10% van die dosente hierdie opsie as 'n probleem aangedui. Enkele dosente uit verskillende departemente het die DDK as die grootste struikelblok aangedui by die inligtingsoekproses: Aardrykskunde (twee persone, 100% 1988), Afrikaans (twee persone, 66,7% 1995), Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 50% 1988), Engels (een persoon, 100% 1988), Kuns (een persoon, 100% 1998), Liggaamlike Opvoedkunde (een persoon, 25% 1995), Musiek (een persoon, 100% 1988) en Rekenaarstudies (een persoon, 100% 1988).


### **5.3.7.5 Beskikbaarheid van inligting**

Die dosente en studente gee nie dikwels terugvoering aan die Kollegebiblioteek of inligting altyd beskikbaar is nie. Soms gebeur dit tog dat dosente vir inligting moet wag. Daar is twee vrae in die vraelys geplaas om vas te stel of inligting maklik bekombaar is, of nie.

- Daar is aan die dosente in vraag 4.3.1 (bylae B) gevra om aan te dui of die **inligting** waarna hulle soek, **bekombaar** is of nie. Hulle moes 'n keuse gemaak het tussen die volgende moontlikhede:
  - a) Inligting altyd maklik bekombaar;
  - b) Inligting soms nie beskikbaar nie;
  - c) Inligting selde of nooit bekombaar.

Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word weerspieël in grafiek 5.40.

**GRAFIEK 5.40 BESKIKBAARHEID VAN INLIGTING**



Die respons op hierdie vraag was baie goed met 96,1% in 1988 en 98,7% in 1995.

Volgens die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, is dit duidelik dat vir ongeveer twee derdes van die dosente (65% 1988 en 57,7% 1995) is **inligting maklik bekombaar**. Die persentasie het effens gedaal met die 1995 ondersoek. Volgens **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, is dit duidelik dat daar feitlik uit elke departement dosente was wat aangedui het dat hulle inligting maklik vind. Departemente waar ál die dosente (100%) aangedui het dat hulle inligting maklik vind, was: Biblioteekwese (100% 1988, maar 40% 1995), Didaktiese Pedagogiek (100% 1988), Geskiedenis (100%) en Junior Primêr (75% 1988 en 100% 1995).

Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, toon verder dat meer as 'n derde van die dosente (35% 1988 en 42,3% 1995) aangedui het dat **inligting soms nie beskikbaar is nie**. Die probleem het ook sedert die 1988 ondersoek toegeneem, aangesien die persentasie dosente wat laasgenoemde aangedui het, aansienlik vermeerder het van 35% in 1988, na 42,3% in 1995.

Volgens die departementele analyses wat gemaak is van die resultate van al twee ondersoeke, het die volgende departemente aangedui dat **inligting soms nie beskikbaar is nie**: Aardrykskunde (50% 1988 en 100% 1995), Afrikaans (41,7% 1988 en 50% 1995), Biblioteekwese (60% 1995), Didaktiese Pedagogiek (25% 1988 en 100% 1995), Engels (66,7% 1988 en 33,3% 1995), Fundamentele

Pedagogiek (40% 1988), Kuns (50% 1988 en 33,3% 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (14,3% 1988 en 50% 1995), Musiek (66,7% en 16,7% 1995), Natuurwetenskap (37,5% 1988 en 42,9% 1995), Psigo Pedagogiek (33,3% 1988 en 40% 1995), Rekenaarstudies (66,7% 1988 en 100% 1995), Technika (11,1% 1988 en 37,5% 1995) en Wiskunde (50% 1988 en 1995).

By albei ondersoekte het **geen dosent** aangedui dat inligting **selde of nooit** bekombaar is nie.

### **5.3.7.6 Redes vir die onbekombaarheid van inligting**

- Die dosente moes verder in vraag 4.3.2 (bylae B) die vernaamste oorsaak aandui, waarom **inligting selde of nooit bekombaar** is nie. Die volgende moontlikhede is aan hulle gegee:
  - a) Daar is te min titels oor die belangrikste onderwerpe in die vaksillabus;
  - b) Daar is te min kopieë van sekere titels wat in aanvraag is;
  - c) Swak kommunikasie tussen dosente en vakbibliotekaris;
  - d) Daar word versuim om belangrike titels te reserveer;
  - e) Swak administrasie van die biblioteekpersoneel.


Resultate van vraag 4.3.2 van beide die 1988 en 1995 ondersoekte, word uiteengesit in grafiek 5.41.

By beide die 1988 en 1995 ondersoekte, het nie een dosent by die vorige vraag (4.3.1) aangedui dat inligting **selde of nooit** bekombaar is nie. Daar sou dus geargumenteer kon word dat vraag 4.3.2 onnodig was in die vraelys.

Streng gesproke behoort geen dosent hierdie vraag te beantwoord nie, aangesien nie een dosent by die vorige vraag (4.3.1) aangedui het dat inligting **selde of nooit** bekombaar is nie. Tog het 17,2% (1988) en 26,6% (1995) van die dosente **wel** hierdie vraag beantwoord en redes vir onbekombaarheid van inligting aangedui. Dit is ook duidelik volgens die resultate dat méér dosente suksel om inligting te bekom, aangesien die persentasie van 17,2% in 1988, na 26,6% in 1995 gegroei het. Dit was dus sinvol om hierdie vraag (4.3.2) in die vraelys te plaas, aangesien dosente tog sekere probleme ervaar om inligting te bekom.

Driekwart van die dosente (82,8% 1988 en 73,4% 1995) het nie die vraag beantwoord nie en is dus tevrede dat inligting altyd bekombaar is. Die persentasie dosente wat met die bekombaarheid van inligting tevrede was, het egter van 82,8% in 1988, na 73,4% in 1995 verminder.

Van dié (17,2% 1988 en 26,6% 1995) dosente wat die vraag beantwoord het, het ongeveer die helfte van die dosente (45,5% 1988 en 57,1% 1995) aangedui dat daar te min titels oor belangrike onderwerpe in die vaksillabusse is.

**GRAFIEK 5.41 REDES VIR DIE ONBEKOMBAARHEID VAN INLIGTING**

Volgens die **departementele analyses** wat gemaak is van die resultate van albei ondersoeke, het dosente uit die volgende departemente aangedui dat daar te min titels oor belangrike onderwerpe in die vaksillabusse is: Aardrykskunde (een persoon, 100% 1988 en 1995), Afrikaans (een persoon, 100% 1988 en 50% 1995), Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 100% 1988), Engels (een persoon, 50% 1995), Fundamentele Pedagogiek (een persoon, 100% 1988), Geskiedenis (een persoon, 100% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (vyf persone, 100% 1995), Rekenaarstudies (een persoon, 50% 1988 en 100% 1995) en Technika (een persoon, 50% 1988 en twee persone, 66,7% 1995).

Dosente wat aangedui het dat daar te min kopieë van sekere titels is wat in aanvraag is, was 36,4% met die 1988 ondersoek en het na 38,1% vermeerder met die 1995 ondersoek. Enkele dosente uit verskillende departemente het hierdie opsie gekies: Afrikaans (een persoon, 50% 1995), Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 50% 1995), Engels (een persoon, 50% 1988 en 1995), Kuns (een persoon 100% 1988 en 1995), Liggaamlike Opvoedkunde (een persoon, 100% 1988), Musiek (een persoon, 50% 1988), Psigo Pedagogiek (een persoon, 100% 1988 en twee persone, 100% 1995) en Technika (een persoon, 33,3% 1995).

Slegs 18,2% (1988) en 4,8% (1995) van die dosente het aangedui dat **swak kommunikasie** tussen die **dosente** en die **vakbibliotekaris** die rede is vir die onbekombaarheid van inligting. Enkele dosente uit 'n paar departemente het hierdie keuse gemaak: Didaktiese Pedagogiek (een persoon, 50% 1995), Engels (een persoon, 50% 1988), Junior Primêr (een persoon, 100% 1988), Rekenaarstudies (een persoon, 50% 1988) en Technika (een persoon, 50% 1988).

By die laaste twee opsies (wat aan die dosente in vraag 4.3.2 gegee was) naamlik:

- d) Daar word versuim om belangrike titels te reserveer; en
- e) swak administrasie van die biblioteekpersoneel

het nie een dosent by beide die ondersoeke in 1988 en in 1995, hierdie opsies gekies as rede vir die onbekombaarheid van inligting nie.

### 5.3.8 Biblioteekpersoneel


In hoofstuk 3 is die dienste wat 'n kollegebiblioteek lewer breedvoerig bespreek. Uit die bespreking van daardie hoofstuk is dit duidelik dat die biblioteekpersoneel die spil is waarom die kollegebiblioteek draai.

Die mate van benutting van 'n kollegebiblioteek, gaan beslis ook afhang van die dienste wat die biblioteekpersoneel lewer. Dit is baie belangrik om vas te stel wat die gebruikers van die biblioteekpersoneel dink. Daar is dus 'n vraag in die vraelys geplaas om die biblioteekpersoneel te evalueer.

- Daar is aan die dosente in vraag 4.3.1 (bylae B) gevra hoe hulle die **biblioteekpersoneel** ervaar met wie hulle die meeste in aanraking kom. Hulle moes 'n keuse tussen die volgende aspekte maak:
  - a) Altyd hulpvaardig;
  - b) Soms hulpvaardig;
  - c) Traag;
  - d) Altyd professioneel;
  - e) Soms professioneel;
  - f) Onprofessioneel.

Die resultate (van beide die ondersoeke in 1988 en 1995) van vraag 4.3.1, word in grafieke 5.42 (ten opsigte van hulpvaardigheid) en 5.43 (ten opsigte van professionaliteit) aangedui.

**GRAFIEK 5.42 EVALUERING VAN BIBLIOTEEKPERSONEEL TEN OPSIGTE VAN HULPVAARDIGHEID**



By die eerste deel van die vraag (evaluering ten opsigte van hulpvaardigheid) was daar 'n baie goeie respons, met 99,2% in 1988 en 100% met die 1995 ondersoek.


Volgens die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, het die meerderheid dosente (99,2% 1988 en 94,9% 1995) die **biblioteekpersoneel** as altyd hulpvaardig geëvalueer. Met uitsondering van drie departemente (Didaktiese Pedagogiek, Engels en Natuurwetenskap) het ál die dosente (100%) by al die ander departemente aangedui dat die biblioteekpersoneel altyd hulpvaardig is.

Slegs 0,8% (1988) en 5,1% (1995) van die dosente het aangedui dat **biblioteekpersoneel** net soms hulpvaardig is. Laasgenoemde dosente was verbonde aan die volgende departemente: Aardrykskunde (16,7% 1988), Didaktiese Pedagogiek (33,3% 1995), Engels (16,7% 1995) en Natuurwetenskap (14,6% 1995).

By beide die 1988 en 1995 ondersoeke het **geen dosent** die biblioteekpersoneel as traag bestempel nie.

By die tweede deel van die vraag (evaluering ten opsigte van professionaliteit, grafiek 5.43) was die respons effens laer as by die eerste deel van hierdie vraag, met 96,9% in 1988 en 91,1% in 1995.

**GRAFIEK 5.43 EVALUERING VAN BIBLIOTEEKPERSONEEL TEN OPSIGTE VAN PROFESSIONALITEIT**



Die resultate toon by beide die 1988 en 1995 ondersoek, dat die meerderheid dosente (97,6% 1988 en 90,3% 1995) aangedui het dat die **biblioteekpersoneel** altyd professioneel is. Met uitsondering van vyf departemente het ál die dosente (100%) by al die ander departemente aangedui dat die biblioteekpersoneel altyd professioneel is.

'n Klein persentasie dosente (1,6% 1988 en 9,7% 1995) het by beide die ondersoek in 1988 en 1995 aangedui dat die **biblioteekpersoneel** net soms professioneel is. Dié dosente was verbonde aan die volgende departemente: Aardrykskunde (16,7% 1988), Afrikaans (20% 1995), Didaktiese Pedagogiek (33,3% 1995), Engels (25% 1995) en Liggaamlike Opvoedkunde (12,5% 1995).

Slegs een dosent van alle dosente (0,8% 1988), verbonde aan die departement Geskiedenis, het met die 1988 ondersoek aangedui dat die **biblioteekpersoneel** onprofessioneel optree. Nie een dosent het hierdie opsie gekies met die 1995 ondersoek nie.

### 5.3.9 Benutting van ander biblioteke

In paragraaf 5.3.5 van hierdie hoofstuk, word die ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik bespreek. Volgens die resultate van beide die ondersoek in 1988 en 1995, was dit duidelik dat die ingesteldheid van dosente uiters positief ten opsigte van biblioteekgebruik is. Dit het


verder ook geblyk dat die meeste dosente (82,8% 1988 en 84,8% 1995) geen redes aangedui het waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie. Daaruit kan afgelei word dat dosente wél biblioteekgebruikers is en dat hulle met die Kollegebiblioteek tevrede is. Volgens hierdie resultate was dit ook duidelik dat die meeste dosente positief ingestel is teenoor biblioteekgebruik.

Die resultate het verder getoon dat 'n klein persentasie dosente 17,2% (1988) en 15,2% (1995) nie altyd van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie. Die hoofrede wat deur dié dosente aangevoer was, was dat die Kollegebiblioteek nie altyd oor die nodige inligtingmedia beskik nie. Daar is onder andere 'n vraag in die vraelys geplaas om vas te stel of dosente van ander biblioteke gebruik maak.

- Daar is in vraag 2.5 (bylae B) aan die dosente gevra indien hulle nie die verlangde inligting vir onderrigdoeleindes in die Kollegebiblioteek vind nie, of hulle dan van **ander biblioteke** gebruik maak.

Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 5.44 uiteengesit.

**GRAFIEK 5.44 BENUTTING VAN ANDER BIBLIOTEKE DEUR DOSENTE**



Die respons op hierdie vraag was 96,9% in 1988 en 87,3% in 1995. Daar is dus 'n verswakking in die respons met die 1995 ondersoek.

Meer as driekwart van die dosente (87,9% 1988 en 89,9% 1995) het albei ondersoeke aangedui dat hulle wel van **ander biblioteke** gebruik maak. Met uitsondering van ses departemente (1995), het ál die dosente (100%) by al die ander departemente aangedui dat hulle van ander biblioteke gebruik

maak. Dit is dus nie net die 17,2% (1988) en 15,2% (1995) dosente wat by paragraaf 5.3.8 aangedui het dat hulle nie altyd van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie, wat van ander biblioteke gebruik maak nie, maar wel baie meer (87,9% +) dosente. Die resultate toon dat slegs 'n paar dosente nie van ander biblioteke gebruik maak nie.

Dosente wat aangedui het dat hulle nie van **ander biblioteke** gebruik maak nie, was 12,1% met die 1988 ondersoek. Met die 1995 ondersoek het laasgenoemde persentasie afgeneem na 10,1%. Departemente waar dosente hierdie keuse uitgeoefen het, was: Aardrykskunde (16,7% 1988), Didaktiese Pedagogiek (20% 1988 en 33,3% 1995), Fundamentele Pedagogiek (20% 1988), Geskiedenis (33,3% 1988), Kuns (25% 1988), Liggaamlike Opvoedkunde (14,3% 1988 en 28,6% 1995), Musiek (22,2% 1988), Natuurwetenskap (12,5% 1988 en 16,7% 1995), Psigo Pedagogiek (25% 1995), Rekenaarstudies (33,3% 1988), Technika (17,6% 1988 en 16,7% 1995) en Wiskunde (25% 1988 en 33,3% 1995).

Volgens die resultate (van vraag 4.3.2) is dit duidelik dat méér dosente sedert die 1988 ondersoek (17,2% 1988; 26,6% 1995) sukkel om inligting te bekom uit die versameling van die Kollegebiblioteek. Dit is miskien die rede waarom meer dosente ook aangedui het dat hulle van **ander biblioteke** gebruik maak. Die Kollegebiblioteek behoort na die leermtes in die versameling te kyk en selektiewe aanvulling van inligting oor belangrike onderwerpe in vaksillabusse, te oorweeg.

## **5.4 SAMEVATTING**

### **5.4.1 Biblioteekgebruik deur dosente, 1988 en 1995**

Nadat daar nou in die voorafgaande paragrawe breedvoerig en indringend aandag geskenk is aan die ontleding van die dosente se respons op die vraelys (bylae B), word daar vervolgens oorgegaan tot 'n samevatting van die resultate. Tabel 5.6 verwys na die hoofafdelings van die vraelys tesame met die fynere verdeling daarvan asook die gradering van die dosente se biblioteekgebruik en hulle evaluering van die biblioteekdienste en -personeel van die Kollegebiblioteek.

In tabel 5.6 word die resultate van die 1988 ondersoek by wyse van 'n "X" aangedui, terwyl 'n "#" gebruik word vir die resultate van die 1995 ondersoek.

**TABEL 5.6 OPSOMMING VAN DOSENTEVRAELYS EN RESULTATE, 1988 EN 1995**

| GRADERING VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK                                            | Uitstekend<br>A<br>90-100% | Baie Goed<br>B<br>70-89% | Goed<br>C<br>50-69% | Redelik<br>D<br>30-49% | Swak<br>E<br>11-29% | Geen<br>F<br>0-10% |
|----------------------------------------------------------------------------|----------------------------|--------------------------|---------------------|------------------------|---------------------|--------------------|
| <b>1. DOEL VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                       |                            |                          |                     |                        |                     |                    |
| 1.1 Vir die onderrigsituasie                                               | x #                        |                          |                     |                        |                     |                    |
| <b>2. FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                 |                            |                          |                     |                        |                     |                    |
| 2.1 Voorbereiding van lesings                                              |                            | x #                      |                     |                        |                     |                    |
| 2.2 Kurrikulêre gebruik van die Kollegebiblioteek binne 14 lesingweke      | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| <b>3. BENUTTING VAN DIENSTE, AFDELINGS, KATALOGI VAN KOLLEGEbiblioteek</b> |                            |                          |                     |                        |                     |                    |
| 3.1 Interbiblioteeklenings                                                 |                            |                          | x                   | #                      |                     |                    |
| 3.2 Boekbesprekings                                                        |                            | x #                      |                     |                        |                     |                    |
| 3.3 Benutting van die dienste van die vakbibliotekaris                     | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| 3.4 Benutting van die tydskrifafdeling                                     | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| 3.5 Benutting van die onderwerpskatalogus                                  | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| 3.6 Benutting van die outeurskatalogus                                     | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| 3.7 Benutting van die titelkatalogus                                       | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| 3.8 Benutting van geïndekseerde tydskrifartikels                           |                            | x #                      |                     |                        |                     |                    |
| 3.9 Benutting van die gedigtekatalogus                                     |                            |                          |                     | #                      | x                   |                    |
| 3.10 Benutting van die katalogus van kinder- en leuterlektuur              |                            |                          | #                   | x                      |                     |                    |
| <b>4. BENUTTING VAN DIE VERSKILLENDIGE INLIGTINGMEDIA</b>                  |                            |                          |                     |                        |                     |                    |
| 4.1 Benutting van boeke                                                    | x #                        |                          |                     |                        |                     |                    |
| 4.2 Benutting van tydskrifte                                               | x #                        |                          |                     |                        |                     |                    |
| 4.3 Benutting van oudiovisuele media                                       | #                          | x                        |                     |                        |                     |                    |
| 4.4 Benutting van koerante                                                 |                            |                          | x #                 |                        |                     |                    |
| 4.5 Benutting van knipsels                                                 |                            |                          | #                   | x                      |                     |                    |
| <b>5. INGESTELDHEID VAN DOSENTE TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>      |                            |                          |                     |                        |                     |                    |
| 5.1 Biblioteekgebruik onontbeerlik vir onderrigdoeleindes                  | x #                        |                          |                     |                        |                     |                    |
| 5.2 Ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik            |                            | x #                      |                     |                        |                     |                    |

**TABEL 5.6 (vervolg)**

| <b>GRADERING VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                                      | <b>Uitstekend<br/>A<br/>90-100%</b> | <b>Baie Goed<br/>B<br/>70-89%</b> | <b>Goed<br/>C<br/>60-69%</b> | <b>Redelik<br/>D<br/>30-49%</b> | <b>Swak<br/>E<br/>11-29%</b> | <b>Geen<br/>F<br/>0-10%</b> |
|---------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------|-----------------------------------|------------------------------|---------------------------------|------------------------------|-----------------------------|
| <b>6. FAKTORE WAT BIBLIOTEEKGEBRUIK BEINVLOED</b>                                           |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| <b>6.1 Doseermetodes</b>                                                                    |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| a) Vakintegreering met die biblioteek                                                       |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |
| b) Werkopdragte                                                                             | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| <b>6.2 Metodiek van onderrig</b>                                                            |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 6.2.1 Aanmoediging van studente tot biblioteekgebruik tydens lesings                        | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 6.2.2 Stimulering van leesbelangstelling in vakgebied                                       | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 6.2.3 Stimulering van die gebruik van oudiovisuele media                                    |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |
| 6.2.4 Stimulering van die gebruik van vaktydskrifte                                         | x                                   | #                                 |                              |                                 |                              |                             |
| <b>6.3 Werkopdragte</b>                                                                     |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 6.3.1 Houding van dosente ten opsigte van werkopdragte                                      | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 6.3.2 Houding van dosente - werkopdragte onnodig                                            | x                                   | #                                 |                              |                                 |                              |                             |
| 6.3.3 Voorbereidingswerk voor werkopdragte gegee word                                       |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| a) Kontrole van bronne deur dosente                                                         | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| b) Opstel van 'n bibliografie deur dosente                                                  |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |
| c) Bespreek werkopdrag met vakbibliotekaris                                                 |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |
| d) Reserveer bronne deur middel van vakbibliotekaris                                        | #                                   | x                                 |                              |                                 |                              |                             |
| e) Gee vooraf hulp en leiding aan studente                                                  | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| <b>6.4 Vaksillabus en integreering met die biblioteek</b>                                   |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| a) Vaksillabus as deel van selfstudie in die biblioteek                                     |                                     | #                                 | x                            |                                 |                              |                             |
| b) Kurrikulêre mediagebruik neem studente vir naleeswerk in biblioteek                      |                                     |                                   | #                            | x                               |                              |                             |
| <b>7. BIBLIOTEEKDIENSTE</b>                                                                 |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 7.1 Volledigheid van die versameling                                                        |                                     |                                   | x                            | #                               |                              |                             |
| 7.2 Redes vir onvolledigheid van die versameling                                            |                                     |                                   | x                            | #                               |                              |                             |
| 7.3 Ontsluiting van die versameling                                                         | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 7.4 Redes vir probleme tydens die inligtingsoekproses                                       |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |
| 7.5 Beskikbaarheid van inligting                                                            |                                     |                                   | x #                          |                                 |                              |                             |
| 7.6 Redes vir onbekikbaarheid van inligting                                                 |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |
| <b>8. BIBLIOTEEKPERSONEEL</b>                                                               |                                     |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| 8.1 Evaluering van biblioteekpersoneel ten opsigte van hulpvaardigheid en professionaliteit | x #                                 |                                   |                              |                                 |                              |                             |
| <b>9. DIE BENUTTING VAN ANDER BIBLIOTEKE</b>                                                |                                     | x #                               |                              |                                 |                              |                             |

#### **5.4.1.1 Doel van biblioteekgebruik**

Daar is in die eerste plek gekyk na die werklike doel waarvoor die Kollegebiblioteek benut word. Volgens die resultate is dit duidelik dat die meerderheid dosente die Kollegebiblioteek as 'n belangrike **hulpmiddel by die onderrigsituasie** gebruik. Die resultate van beide ondersoeke dui verder daarop dat dosente besef dat hulle nie sonder die Kollegebiblioteek kan klaarkom tydens die opleidingsprogram nie.

#### **5.4.1.2 Frekwensie van biblioteekgebruik**

Daar is ook gepoog om die **frekwensie van biblioteekgebruik** van dosente vas te stel. Meer as twee derdes van die dosente besoek die Kollegebiblioteek op 'n gereelde basis vir die voorbereiding van hulle lesings.

Volgens die resultate van albei ondersoeke blyk dit verder dat die meeste dosente ook kurrikulêr van die Kollegebiblioteek gebruik maak. Die helfte van die dosente maak selfs op 'n gereelde basis (8 - 14 kere binne 'n semester) van die Kollegebiblioteek gebruik. **Kurrikulêre gebruik** deur die dosente het ook met die 1995 ondersoek toegeneem.

#### **5.4.1.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek**

Dit was onder andere ook die doel met die navorsing gewees om die **diens** wat deur die Kollegebiblioteek gelewer word, te evalueer. Volgens die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, kan die volgende gesê word oor die benutting van die verskillende dienste wat die Kollegebiblioteek lewer:

**Interbiblioteeklenings** geniet nie eerste prioriteit by die dosente nie. Die ondersoeke het getoon dat interbiblioteeklenings slegs deur 'n klein groepie dosente benut word. Vir ongeveer twee derdes van die dosente is inligting maklik bekombaar en het hulle nie nodig om van interbiblioteeklenings gebruik te maak nie. Minder as driekwart van die dosente maak ook van **boekbesprekings** gebruik. Die meeste dosente maak van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik en hulle benut ook die tydskrifafdeling. Benutting van die vakbibliotekaris en die dienste van personeel in die tydskrifafdeling, het met die 1995 ondersoek nog verder verbeter.

Wat die benutting van die **verskillende katalogi** betref, het die ondersoeke getoon dat die meeste dosente die onderwerps-, outeurs- en titelkatalogus benut. Daar was 'n verbetering in die benutting van al drie hierdie katalogi met die 1995 ondersoek.

Dosente maak toenemend van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik en dié diens is van groot waarde vir sy gebruikers.

Die **gedigtekatalogus** en die katalogus vir **kinder- en kleuterlektuur** word deur 'n klein, eksklusiewe groepie dosente benut, maar dien steeds 'n goeie doel. In albei gevalle het die benutting met die 1995 ondersoek toegeneem.

Sedert die 1988 ondersoek het die **benutting van dienste** van die Kollegebiblioteek aansienlik verbeter. Dosente maak meer van dienste, afdelings en katalogi gebruik as in die verlede. Die resultate van die twee ondersoeke toon dat die dienste wat die Kollegebiblioteek lewer, nog funksioneel is. Die Kollegebiblioteek behoort dus met hierdie dienste voort te gaan.

#### ***5.4.1.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia***

Die ondersoeke het dit ook ten doel gestel om te bepaal in watter mate die **verskillende inligtingmedia**, te wete boeke, tydskrifte, oudiovisuele media, koerante en knipsels deur die dosente benut word. Tydskrifte en boeke is nog baie belangrik vir dosente en dit word deur die meeste dosente benut. Die meeste dosente maak ook van oudiovisuele media gebruik en daar is 'n verbetering in die benutting van oudiovisuele media sedert die 1988 ondersoek te bespeur. Ongeveer twee derdes van die dosente maak ook van koerante gebruik, terwyl meer as die helfte van die dosente laat blyk het dat hulle van knipsels gebruik maak. Met die 1995 ondersoek het die benutting van knipsels toegeneem.

#### ***5.4.1.5 Ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik***

Die meeste dosente beskou die Kollegebiblioteek as **onontbeerlik vir onderrigdoeleindes**. Slegs 'n geringe hoeveelheid dosente het laat blyk dat hulle die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit van hulle verwag word. Die resultate toon verder dat die ingesteldheid van dosente uiters positief is ten opsigte van biblioteekgebruik. Dit kan net voordele vir die onderrig van studente inhou.

#### ***5.4.1.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed***

Hierdie navorsing het dit ook ten doel gestel om vas te stel in watter mate die **doseermetodes** van dosente, die metodiek van onderrig, werkopdragte aan studente en vakintegrering met die biblioteek, 'n rol speel by die biblioteekgebruik van dosente en studente.

Meer as driekwart van die dosente maak van **vakintegrering** met die biblioteek as doseermetode gebruik.

Hoewel die meeste dosente **vakintegrering** met die biblioteek toepas, is daar tog met die opvolgondersoek in 1995 'n afname in dié praktyk by die dosente waargeneem. Die resultate het getoon dat die meeste dosente aangedui het dat hulle werkopdragte aan studente gee.

Die meeste dosente het aangedui dat hulle biblioteekgebruik tydens lesings propageer en dat hulle studente aanmoedig om die Kollegebiblioteek te gebruik. Minstens 94% van die dosente **stimuleer leesbelangstellings** van studente in hulle onderskeie vakgebiede. Hoewel 'n groter persentasie dosente met die 1995 ondersoek laat blyk het dat hulle gereeld studente se leesbelangstellings in hulle vakgebiede stimuleer, was daar in totaal tog 'n afname gewees in die persentasie dosente wat wél hierdie praktyk volg. Dosente volg al hoe minder die metodiek om studente se leesbelangstellings te stimuleer in hulle onderskeie vakgebiede.

Meer as driekwart van die dosente het aangedui dat hulle studente **stimuleer om audiovisuele media** te gebruik. Minstens 87% van die dosente het aangedui dat hulle studente stimuleer om vaktydskrifte te gebruik. Dié praktyk word al hoe minder deur die dosente uitgevoer, want met die 1988 ondersoek het 93,1% van die dosente aangedui dat hulle studente **stimuleer om vaktydskrifte** te gebruik en met die 1995 ondersoek, het dié persentasie gedaal na 87,7%. Daar was dus 'n afname sedert die 1988 ondersoek.

Wat die houding van dosente ten opsigte van **werkopdragte** betref, was 96,1% van die dosente in 1988 positief ingestel, terwyl al die dosente (100%) in 1995 positief ingestel was. Die meeste dosente verkies werkopdragte as 'n doseermetode en feitlik ál die dosente is van mening dat studente baat vind by werkopdragte.

'n Groot persentasie dosente gee vooraf hulp en leiding aan studente en hulle kontroleer self vooraf die beskikbare bronne in die biblioteek. 'n Kleiner persentasie dosente reserveer bronne vir **werkopdragte** en nog 'n kleiner persentasie dosente skakel met 'n vakbibliotekaris of stel self 'n bibliografie vooraf vir studente op.

Dosente maak toenemend van die Kollegebiblioteek gebruik - veral tydens die opleidingsfase. **Kurrikulêre mediagebruik** word sedert die 1995 ondersoek deur méér dosente toegepas en bevorder as met die 1988 ondersoek. Twee derdes van die dosente neem studente na die biblioteek vir **naleeswerk**.

Daar was 83,8% van die dosente wat met die 1995 ondersoek laat blyk het dat hulle **vakintegrering** toepas. Daar kan dus gesê word dat van hierdie 83,8% dosente wat **integrering** toepas, is daar 75,6% van die dosente wat sekere dele van hulle vaksillabusse as selfstudie aan hulle studente opdra, en is daar ook 62,8% van die dosente wat self die studente na die biblioteek neem om naleeswerk te doen oor die besondere vakgebiede.

Daar is 'n derde van die dosente wat nie studente na die biblioteek vergesel om **naleeswerk** te gaan doen nie en wat dus nie integrering toepas nie.

#### **5.4.1.7 Biblioteekdienste**

Met die 1988 ondersoek het twee derdes van die dosente die mening gehuldig dat die **versameling** van die Kollegebiblioteek heeltemal voldoende is. 'n Derde van die dosente het aangedui dat die versameling wél leemtes het. Met die 1995 ondersoek het die resultate omgeswaai met net 'n derde van die dosente wat van mening was dat die versameling heeltemal voldoende is en twee derdes van die dosente wat aangedui het dat die versameling wél leemtes het. Minder dosente is met ander woorde met die volledigheid van die versameling tevrede. Daar kan gesê word dat ongeveer twee derdes van die dosente nie tevrede is met die volledigheid van die versameling nie.

'n Derde van die dosente in 1988 en twee derdes van die dosente in 1995, het wél redes aangedui vir die **onvolledigheid** van die **versameling**. Die meeste dosente het aangedui dat daar te min titels oor sekere onderwerpe is. Tweedens het ongeveer 'n derde van die dosente aangedui dat daar sekere onderwerpe is waaroor daar geen inligting in die Kollegebiblioteek is nie. Derdens het 'n klein groepie dosente aangedui dat die inligting nie genoegsaam is nie, ten spyte van die reservering van inligtingbronne.

Wat die **ontsluiting van inligting** betref, het die resultate van albei ondersoeke getoon dat feitlik al die dosente hulle inligting maklik vind. Daar was selfs 'n verbetering met die 1995 ondersoek. Die meerderheid dosente ervaar geen probleme by die inligtingsoekproses nie. Daar kan dus aanvaar word dat die ontsluitingsisteme goed werk en dat die vakbibliotekarisstelsel doeltreffend is.

Vir ongeveer twee derdes van die dosente is **inligting maklik bekombaar**. Inligting is egter nie altyd paraat beskikbaar in die Kollegebiblioteek nie. Hierdie probleem het toegeneem sedert die 1995 ondersoek, omdat minder dosente met die 1995 ondersoek aangedui het dat inligting altyd maklik bekombaar is. Meer as 'n derde van die dosente het ook aangedui dat inligting soms nie beskikbaar is nie. Dié probleem het sedert die 1988 ondersoek verder toegeneem.

**Inligting** in die Kollegebiblioteek is altyd bekombaar, maar **nie altyd paraat beskikbaar** vir alle gebruikers nie. Sommige dosente moet soms vir hulle inligting wag. Ongeveer die helfte van die dosente het aangedui dat daar te min titels oor belangrike onderwerpe in die vaksillabusse is. Ongeveer 'n derde van die dosente het aangedui dat daar te min kopieë van sekere titels is wat in aanvraag is. Slegs 'n klein groepie dosente het aangedui dat swak kommunikasie tussen die dosente en die vakbibliotekaris die rede is vir die onbekombaarheid van inligting.

Die Kollegebiblioteek behoort van hierdie probleme kennis te neem, aangesien daar waarskynlik **te min inligting** oor sekere aktuele onderwerpe by sekere vakgebiede bestaan. Die Kollegebiblioteek

behoort dus selektiewe uitbreiding van sekere inligting te oorweeg, ten opsigte van aktuele onderwerpe in vaksillabusse, om sodoende dié probleme wat nog bestaan die hoof te bied. Die meerderheid dosente is egter heeltemal tevrede met die bekombaarheid van inligting.

#### **5.4.1.8 Biblioteekpersoneel**

Die meerderheid dosente evalueer die **biblioteekpersoneel** as altyd hulpvaardig en professioneel. Die 1988 dosente het hulle biblioteekpersoneel beter geëvalueer as die 1995 dosente. Die biblioteekpersoneel behoort van hierdie resultate kennis te neem.

#### **5.4.1.9 Benutting van ander biblioteke**

Meer as driekwart van die dosente het by albei ondersoeke aangedui dat hulle wel van **ander biblioteke** gebruik maak. Die meerderheid dosente maak van ander biblioteke gebruik indien hulle nie hulle verlangde inligting in die Kollegebiblioteek vind nie. Die meerderheid dosente kan dus as biblioteekgebruikers beskou word.

### **5.4.2 Departementele analise, 1988 en 1995**

In hierdie afdeling volg die departementele analise wat van die resultate van die dosentevraelys van albei ondersoeke gemaak is. In tabel 5.7 word die biblioteekgebruik van al die verskillende departemente afsonderlik gegradeer. Die biblioteekdienste, afdelings, fasiliteite en biblioteekpersoneel, word weer eens deur die dosente geëvalueer en gegradeer, maar die resultate is die menings van die verskillende departemente. Die tabel is ook 'n opsomming van die hele vraelys, en die resultate is dié van die verskillende departemente.

**TABEL 5.7 DEPARTEMENTELE ANALISE: OPSOMMING VAN DIE DOSENTEVRAELYS BY BEIDE DIE 1988 EN 1995 ONDERSOEKE**

| DEPARTEMENTE                                                                 | Aard<br>ryks<br>kunde | Afri<br>kaans | Biblio<br>teek<br>wese | Didak<br>tiese<br>Ped | Engels | Funda<br>men<br>tele<br>Ped | Geskie<br>denis | Junior<br>Primêr | Kuns  | LO    | Musiek | Natuur<br>weten<br>skap | Paigo<br>Pedago<br>giek | Reke<br>naar<br>studies | Tech<br>nika | Wis<br>kunde |
|------------------------------------------------------------------------------|-----------------------|---------------|------------------------|-----------------------|--------|-----------------------------|-----------------|------------------|-------|-------|--------|-------------------------|-------------------------|-------------------------|--------------|--------------|
| <b>1. DOEL VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                         | 88 95                 | 88 95         | 88 95                  | 88 95                 | 88 95  | 88 95                       | 88 95           | 88 95            | 88 95 | 88 95 | 88 95  | 88 95                   | 88 95                   | 88 95                   | 88 95        | 88 95        |
| 1.1 Vir die onderrigssituasie                                                | A B                   | A A           | A A                    | C A                   | A A    | C A                         | A A             | A A              | A A   | A B   | A A    | A A                     | A A                     | D A                     | A B          | A B          |
| <b>2. FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                   |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 2.1 Voorbereiding van lesings                                                | A A                   | A B           | A B                    | C A                   | B A    | D A                         | A A             | A A              | B A   | A A   | A A    | A A                     | A A                     | D A                     | A B          | A A          |
| 2.2 Kurrikulêre gebruik van die Kollegebiblioteek binne 14 lesingeweke       | A A                   | A A           | A B                    | D A                   | B A    | D A                         | A A             | A A              | B A   | A A   | A A    | A B                     | D A                     | B A                     | B A          | A A          |
| <b>3. BENUTTING VAN DIENSTE, AFDELINGS EN KATALOGI VAN KOLLEGEBIBLIOTEEK</b> |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 3.1 Interbiblioteeklenings                                                   | E D                   | C B           | E F                    | C D                   | B C    | B D                         | A C             | B F              | E C   | C E   | B C    | D D                     | C D                     | D F                     | D C          | B A          |
| 3.2 Boekbesprekings                                                          | A A                   | C B           | C C                    | C D                   | B B    | C D                         | B A             | B A              | B C   | C D   | B A    | D C                     | C C                     | F F                     | B A          | C A          |
| 3.3 Benutting van die dienste van die vakbibliotekaris                       | B A                   | A A           | C A                    | C A                   | C A    | B C                         | A A             | A A              | B A   | B C   | B A    | B B                     | C A                     | C C                     | C B          | B A          |
| 3.4 Benutting van die tydskrifafdeling                                       | C A                   | B B           | A A                    | B A                   | C B    | B C                         | A A             | B A              | C A   | B A   | C B    | B A                     | C A                     | C A                     | C B          | B A          |
| 3.5 Benutting van die onderwerpskatalogus                                    | A A                   | B A           | A A                    | B A                   | B A    | B A                         | A A             | A A              | B A   | B B   | B A    | B A                     | A A                     | F A                     | C A          | B B          |
| 3.6 Benutting van die outeurskatalogus                                       | A A                   | A A           | A A                    | B A                   | B A    | B A                         | A A             | B A              | B A   | B B   | B A    | B A                     | B A                     | D A                     | C A          | B A          |
| 3.7 Benutting van die titelkatalogus                                         | A A                   | B A           | A A                    | B A                   | B A    | B A                         | A A             | B A              | B A   | B A   | B A    | B A                     | C A                     | D A                     | C A          | B A          |
| 3.8 Benutting van geïndekseerde tydskrifartikels                             | A A                   | B B           | B A                    | C A                   | B B    | B D                         | A A             | C A              | B A   | B B   | C B    | C A                     | C A                     | D A                     | D A          | B C          |
| 3.9 Benutting van gedigtekatalogus                                           | E F                   | C B           | E E                    | E F                   | B D    | E F                         | E F             | D A              | E D   | E D   | E C    | F E                     | F E                     | F E                     | E F          | F F          |
| 3.10 Benutting van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur               | F F                   | C A           | B B                    | E D                   | C A    | D D                         | F F             | B A              | D A   | E D   | D A    | E E                     | E B                     | F F                     | F D          | E D          |
| <b>4. BENUTTING VAN DIE VERSKILLENDE INLIGTINGMEDIA</b>                      |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 4.1 Benutting van boeke                                                      | B A                   | A A           | A A                    | B A                   | B A    | A A                         | A A             | A A              | B A   | A A   | A A    | A A                     | B A                     | A A                     | B A          | A A          |
| 4.2 Benutting van tydskrifte                                                 | A A                   | A A           | B A                    | A A                   | B A    | B C                         | A A             | B A              | B A   | A A   | B B    | B A                     | C A                     | C A                     | B A          | B A          |
| 4.3 Benutting van oudiovisuele media                                         | B A                   | B A           | A A                    | D A                   | B A    | D D                         | B A             | A A              | B A   | B A   | B A    | A A                     | B A                     | C A                     | D A          | E A          |
| 4.4 Benutting van koerante                                                   | C A                   | C B           | A A                    | E A                   | D D    | B D                         | C A             | C A              | D D   | B C   | D B    | C C                     | C D                     | D F                     | C C          | E D          |
| 4.5 Benutting van knipsels                                                   | E A                   | D B           | D A                    | C A                   | E B    | F F                         | C A             | B A              | E D   | B C   | D D    | E D                     | F C                     | D F                     | E E          | F F          |
| <b>5. INGESTELDHEID VAN DOSENTE TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>        |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 5.1 Biblioteekgebruik onontbeerlik vir onderrigdoeleindes                    | C B                   | B B           | A A                    | E A                   | A A    | B A                         | A A             | A A              | A A   | A C   | A A    | A A                     | C B                     | C B                     | B C          | B A          |
| 5.2 Ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik              | A A                   | A A           | A A                    | C A                   | B A    | B A                         | A A             | A A              | B A   | A A   | A A    | A A                     | A A                     | D A                     | B A          | B A          |

TABEL 5.7 (Vervolg)

| DEPARTEMENTE                                                             | Aard<br>ryks<br>kunde | Afri<br>kaans | Biblio<br>teek<br>wese | Didak<br>tiese<br>Ped | Engels | Funda<br>men<br>tele<br>Ped | Geskie<br>denis | Junior<br>Primêr | Kuns  | LO    | Musiek | Natuur<br>weten<br>skap | Psigo<br>Pedago<br>giek | Reke<br>naar<br>studies | Tech<br>nika | Wis<br>kunde |
|--------------------------------------------------------------------------|-----------------------|---------------|------------------------|-----------------------|--------|-----------------------------|-----------------|------------------|-------|-------|--------|-------------------------|-------------------------|-------------------------|--------------|--------------|
| 6. FAKTORE WAT BIBLIOTEEKGEBRUIK BEÏNVOLOED                              | 88 95                 | 88 95         | 88 95                  | 88 95                 | 88 95  | 88 95                       | 88 95           | 88 95            | 88 95 | 88 95 | 88 95  | 88 95                   | 88 95                   | 88 95                   | 88 95        | 88 95        |
| 6.1 Doseermetodes                                                        |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| a. Vakintegreering met die biblioteek                                    | A A                   | B A           | A A                    | E C                   | B A    | E D                         | A A             | B A              | B A   | A C   | B A    | A A                     | C B                     | F F                     | A B          | A A          |
| b. Werkopdragte                                                          | A A                   | A A           | A A                    | D A                   | B A    | C A                         | A A             | A A              | A A   | A A   | A A    | A A                     | C B                     | A A                     | A A          | A A          |
| 6.2. Metodiek van onderrig                                               |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 6.2.1 Aanmoediging van studente tot biblioteekgebruik tydens lesings     | A A                   | A B           | A A                    | A A                   | B A    | A C                         | A A             | A A              | A A   | A A   | A A    | B A                     | A A                     | F F                     | A A          | A B          |
| 6.2.2 Stimulering van leesbelangstelling in vakgebied                    | A A                   | A A           | C A                    | B A                   | A A    | B A                         | A A             | A A              | B A   | A B   | B A    | B B                     | A A                     | F A                     | B A          | B C          |
| 6.2.3 Stimulering van die gebruik van oudiovisuele media                 | A A                   | B A           | A A                    | A A                   | B A    | F C                         | A A             | B A              | C A   | A B   | A A    | B B                     | C A                     | F F                     | C B          | C A          |
| 6.2.4 Stimulering van die gebruik van vaktydskrifte                      | A A                   | C B           | C A                    | E D                   | B B    | D C                         | A A             | B A              | B A   | A C   | C B    | B A                     | B A                     | F A                     | B B          | B F          |
| 6.3 Werkopdragte                                                         |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 6.3.1 Houding van dosente ten opsigte van werkopdragte                   | A A                   | A A           | A A                    | B A                   | B A    | C A                         | A A             | A A              | B A   | A A   | A A    | A A                     | C A                     | B A                     | A A          | A A          |
| 6.3.2 Houding van dosente - werkopdragte onnodig                         | B A                   | A B           | A A                    | C C                   | A B    | C C                         | A A             | A A              | A A   | D A   | B B    | A A                     | A B                     | B A                     | B C          | A B          |
| 6.3.3 Voorbereidingswerk voor werkopdragte gegee word                    |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| a. Kontrole van bronne deur dosente                                      | A A                   | A B           | A A                    | A C                   | B A    | A A                         | A A             | A A              | B A   | B B   | A A    | A A                     | A B                     | A A                     | A A          | A A          |
| b. Opstel van 'n bibliografie deur dosente                               | A A                   | A D           | A B                    | A C                   | A C    | A A                         | A A             | A A              | A C   | A B   | A A    | A E                     | A D                     | A C                     | A B          | A C          |
| c. Bespreek werkopdrag met vakbibliotekaris                              | B B                   | A B           | A A                    | A C                   | B B    | A A                         | A C             | A A              | A C   | D B   | B B    | B C                     | A A                     | A A                     | C B          | B A          |
| d. Reserveer bronne deur middel van vakbibliotekaris                     | A A                   | A A           | A A                    | A A                   | A A    | A A                         | A A             | A A              | A A   | A B   | A A    | B B                     | A A                     | A C                     | A B          | B A          |
| e. Gee vooraf hulp en leiding aan studente                               | A A                   | A A           | A B                    | A A                   | A A    | A A                         | A A             | A A              | A A   | A A   | A A    | A A                     | A B                     | A A                     | A A          | A A          |
| 6.4 Vaksillabus en integreering met die biblioteek                       |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| a. Vaksillabus as deel van selfstudie in die biblioteek                  | B A                   | E B           | C B                    | F D                   | C A    | E C                         | A A             | B A              | F A   | C B   | C B    | E E                     | C B                     | F C                     | C B          | C E          |
| b. Kurrikulêre mediagebruik: neem studente vir nalees werk in biblioteek | F E                   | E D           | B A                    | E F                   | B B    | F F                         | B C             | B A              | D A   | E D   | B A    | C D                     | D C                     | F F                     | E B          | E E          |
| 7. BIBLIOTEEKDIENSTE                                                     |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 7.1 Volledigheid van die versameling                                     | C C                   | D F           | A E                    | C C                   | C D    | B C                         | B F             | B A              | B F   | D E   | C C    | C E                     | A D                     | D F                     | C D          | B E          |
| 7.2 Redes vir onvolledigheid van die versameling                         | C C                   | D D           | A B                    | C C                   | E D    | A F                         | B F             | B A              | B F   | C F   | B B    | D C                     | A D                     | D F                     | C C          | E E          |
| 7.3 Ontsluiting van die versameling                                      | B A                   | B C           | A A                    | A C                   | B A    | A A                         | A A             | A A              | A A   | A B   | B A    | A A                     | A A                     | C A                     | B A          | A A          |
| 7.4 Redes vir probleme tydens die inligtingsoekproses                    | C B                   | B C           | A A                    | C B                   | B A    | A A                         | C C             | A A              | B A   | A C   | B A    | A A                     | A B                     | C A                     | B C          | B B          |
| 7.5 Beskikbaarheid van inligting                                         | C F                   | C C           | A D                    | A F                   | D C    | C B                         | A A             | B A              | C C   | B C   | D B    | C C                     | C C                     | D F                     | B C          | B B          |
| 7.6 Redes vir onbekikbaarheid van inligting                              | B B                   | A A           | A A                    | B B                   | B C    | B A                         | B A             | B A              | B B   | B B   | B A    | A A                     | B C                     | D D                     | B D          | B A          |
| 8. BIBLIOTEEKPERSONEEL                                                   |                       |               |                        |                       |        |                             |                 |                  |       |       |        |                         |                         |                         |              |              |
| 8.1 Evaluering van biblioteekpersoneel ten opsigte van hulpvaardigheid   | B A                   | A A           | A B                    | A C                   | A B    | A A                         | A A             | A A              | B A   | A A   | A A    | A B                     | A A                     | A A                     | A A          | A A          |
| 8.2 professionaliteit                                                    | B A                   | A B           | A D                    | A C                   | A B    | A A                         | B A             | A A              | C A   | A B   | A A    | B A                     | A A                     | A A                     | A A          | A A          |
| 9. DIE BENUTTING VAN ANDER BIBLIOTHEKE                                   | B A                   | A A           | A A                    | B C                   | A A    | B A                         | C A             | A A              | B A   | B B   | A B    | B B                     | A B                     | B A                     | B B          | B C          |

#### **5.4.2.1 Doel van biblioteekgebruik**

Die ondersoek het getoon dat al die departemente die Kollegebiblioteek vir die **onderrigsituasie** gebruik. Die Kollegebiblioteek word deur feitlik al die departemente uitstekend benut. Die departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, asook Rekenaarstudies het met die 1995 ondersoek selfs verbeter. Departemente wat effens verswak het met die 1995 ondersoek was die departemente Aardrykskunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Technika en Wiskunde.

#### **5.4.2.2 Frekwensie van biblioteekgebruik**

Al die departemente maak by uitnemendheid van die Kollegebiblioteek gebruik vir die **voorbereiding van lesings**. Departemente wat met die 1995 ondersoek in hierdie opsig verbeter het, was Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, Engels, Kuns en Rekenaarstudies. Departemente wat effens verswak het met die 1995 ondersoek was Afrikaans, Biblioteekwese en Technika.

Dit blyk dat al die departemente ook **kurrikulêr** van die Kollegebiblioteek gebruik maak binne die veertien lesingweke binne 'n semester. Daar was weer eens 'n verbetering van die resultate van die volgende departemente met die 1995 ondersoek: Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek, Engels, Kuns, Rekenaarstudies en Technika. Departemente waar daar 'n effense verswakking ingetree het met die 1995 ondersoek, was: Biblioteekwese en Natuurwetenskap.

#### **5.4.2.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek**

Oor die algemeen handhaaf die verskillende departemente 'n lae prioriteit betreffende die benutting van **interbiblioteeklenings**, asook **boekbesprekings**. Departemente wat aangedui het dat hulle glad nie van interbiblioteeklenings gebruik maak nie, was Biblioteekwese, Junior Primêr en Rekenaarstudies. Departemente Afrikaans en Wiskunde daarenteen, maak veral van interbiblioteeklenings gebruik.

Volgens die resultate maak al die departemente uitstekend gebruik van die dienste van die **vakbibliotekaris**, asook die dienste van personeel in die tydskrifafdeling. Departemente wat veral van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik gemaak, is Afrikaans, Geskiedenis en Junior Primêr. Wat die **tydskrifafdeling** betref, was dit veral die departemente Biblioteekwese en Geskiedenis wat die afdeling die meeste benut.

Wat die benutting van die **outeurs-, titel- en onderwerpskatalogus** betref, het die resultate getoon dat die departemente uitstekende gebruik van dié katalogi maak.

Departemente Aardrykskunde, Biblioteekwese, Geskiedenis en Junior Primêr maak veral van hierdie katalogi gebruik.

Dit is ook duidelik volgens die resultate dat al die departemente, veral die departemente Aardrykskunde en Geskiedenis, van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak. Die meeste departemente het in hierdie verband met die 1995 ondersoek verbeter. Die departement Junior Primêr maak veral van die **gedigtekatalogus** en **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** gebruik.

#### ***5.4.2.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia***

Daar is bevind dat al die departemente **boeke, tydskrifte en oudiovisuele media** uitstekend benut. **Koerante en knipsels** word oor die algemeen minder gebruik, uitgesonderd die departemente Junior Primêr, Afrikaans en Engels, wat dit goed benut.

#### ***5.4.2.5 Ingesteldheid van dosente ten opsigte van biblioteekgebruik***

Al die departemente vind die Kollegebiblioteek **onontbeerlik vir onderrigdoeleindes**. Die departemente Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek het met die 1995 ondersoek aansienlik verbeter en hulle **houding** is nou **meer positief** ingestel teenoor biblioteekgebruik. Departemente Technika, Rekenaarstudies en Wiskunde het ook hulle ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik met die 1995 ondersoek verbeter en daar kan gesê word dat al die departemente nou positief ingestel is ten opsigte van biblioteekgebruik.

#### ***5.4.2.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed***

Ten opsigte van **doseermetodes**, pas die meeste departemente vakintegrering met die Kollegebiblioteek toe. Departemente Didaktiese-, Fundamentele-, en Psigo Pedagogiek doen dit in 'n mindere mate, maar het met die opvolgonderzoek in 1995 aansienlik verbeter. Slegs departement Rekenaarstudies het aangedui dat hulle glad nie met die Kollegebiblioteek integreer nie. Volgens die resultate is dit duidelik dat **werkopdragte** deur al die departemente aan studente gegee word. Die departemente Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek het ook in hierdie opsig met die 1995 ondersoek aansienlik verbeter. Daar kan gesê word dat al die departemente **werkopdragte** aan studente gee.

Wat die metodiek van onderrig betref, is dit duidelik volgens die resultate dat met uitsondering van departement Rekenaarstudies, moedig al die ander departemente studente aan om die biblioteek te gebruik. Al die departemente stimuleer studente se leesbelangstellings in die onderskeie vakgebiede, selfs Rekenaarstudies het met die 1995 ondersoek so aangedui.

Wat die **stimulering** ten opsigte van die gebruik van **audiovisuele media** betref, het al die departemente aangedui dat hulle dit doen, behalwe departement Fundamentele Pedagogiek, wat dit in 'n mindere mate doen en Rekenaarstudies wat dit glad nie doen nie.

**Stimulering** van studente ten opsigte van die gebruik van **vaktydskrifte** word volgens die resultate deur al die departemente gedoen. Departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek doen dit in 'n mindere mate. Departement Rekenaarstudies het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle dit glad nie doen nie, maar met die 1995 ondersoek het hulle aangedui dat hulle dit ten volle doen. Departement Wiskunde het met die 1995 ondersoek aangedui dat hulle dit nie meer doen nie.

Ten opsigte van **werkopdragte** is al die departemente se houding uiters positief. Effens laer persentasies is deur die volgende departemente aangedui: Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek en Technika.

Die departemente Afrikaans, Didaktiese Pedagogiek, Engels, Psigo Pedagogiek en Rekenaarstudies stel in 'n mindere mate vir studente vooraf 'n bibliografie saam. Departemente Didaktiese Pedagogiek, Engels, Geskiedenis en Natuurwetenskap, bespreek in 'n mindere mate werkopdragte met die **vakbibliotekaris**.

Die meeste departemente **integreer** hulle **vaksillabusse** met die Kollegebiblioteek. Departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, Natuurwetenskap, Rekenaarstudies en Wiskunde doen dit egter in 'n mindere mate.

Die resultate het ook getoon dat die departemente nie graag studente na die Kollegebiblioteek neem vir **naleeswerk** in die biblioteek nie. Hoewel die meeste departemente aangedui het dat hulle dit wel doen, is dit slegs die departemente Biblioteekwese, Engels, Junior Primêr, Kuns en Musiek wat dit met oorgawe doen. Die departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, asook Rekenaarstudies doen dit egter glad nie.

#### **5.4.2.7 Biblioteekdienste**

Die departemente voel oor die algemeen nie baie tevrede oor die **volledigheid** van die Kollegebiblioteek se **versameling** nie. Baie lae persentasies is deur die volgende departemente aangeteken: Afrikaans, Biblioteekwese, Geskiedenis, Kuns, Liggaamlike Opvoedkunde, Natuurwetenskap, Rekenaarstudies en Wiskunde. Die 1995 ondersoek se persentasies was ook aansienlik laer as met die 1988 ondersoek. Dit dui op leemtes in die versameling en die Kollegebiblioteek behoort hiervan kennis te neem.

Al die departemente voel oor die algemeen tevrede met die **ontsluiting van die versameling** en min probleme word tydens die inligtingsoekproses ervaar. Die meeste departemente is ook tevrede

met die beskikbaarheid van inligting, behalwe die departemente Aardrykskunde, Didaktiese Pedagogiek en Rekenaarstudies. Laasgenoemde departemente was nie tevrede met die beskikbaarheid van inligting nie.

#### **5.4.2.8 Biblioteekpersoneel**

Al die departemente evalueer die **biblioteekpersoneel** as besonder goed ten opsigte van **hulpvaardigheid** en **professionaliteit**. Slegs die departemente Biblioteekwese en Didaktiese Pedagogiek het laer persentasies aangedui. Dit is interessant dat die departement Biblioteekwese hulleself effens negatief evalueer.

#### **5.4.2.9 Benutting van ander biblioteke**

Al die departemente maak ook van **ander biblioteke** gebruik. Slegs departemente Didaktiese Pedagogiek en Wiskunde het aangeui dat hulle dit in 'n minder mate doen.

### **5.5 SLOT**

In hierdie hoofstuk is die resultate van die **dosentevraelys** van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, geanaliseer en verwerk. In hoofstuk 6 word die resultate van die **studentevraelys** van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, verwerk, asook geanaliseer volgens die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente.

## HOOFSTUK 6

### BIBLIOTEEKGEBRUIK DEUR DIE STUDENTE

#### 6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is die navorsingsmetode volledig beskryf. Die algemene verloop van die 1988 en 1995 empiriese ondersoeke is eweneens volledig in hoofstuk 5 uiteengesit. Daar is ook verslag gedoen van die resultate van die vraelyste van die doserende personeel, van beide ondersoeke wat onderskeidelik in 1988 en 1995 uitgevoer was. Die resultate van die vraelyste aan die doserende personeel is ook in hoofstuk 5 geanaliseer en met mekaar vergelyk.

In hierdie hoofstuk word nou verslag gedoen van die resultate van die studentevraelyste. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word weer eens geanaliseer en met mekaar vergelyk. Aangesien die verloop van beide ondersoeke in 1988 en 1995 volledig in die vorige hoofstuk uiteengesit is (Navorsingsmetode, paragraaf 5.2) gaan dit nie weer in hierdie hoofstuk herhaal word nie. Enkele belangrike feite rakende die studente as gebruikersgroep, word egter weer in hierdie hoofstuk genoem.

Die invloed van rasionalisasie is ook baie duidelik waarneembaar by die studente as gebruikersgroep. Daar was 'n merkbare inkrimping van studentegetalle sedert die 1988 ondersoek. Daar is byvoorbeeld 1627 vraelyste in 1988 aan die studente gegee. In 1995 het dié getal gekrimp na 968. Laasgenoemde getal sluit ook studente in wat aan die begin van 1993 van die Goudstadse Onderwyskollege na die Onderwyskollege Pretoria oorgekom het, as gevolg van die amalgamering van dié twee kolleges. Dit is dus belangrik om te onthou dat die twee groepe studente (die 1988 - ondersoekgroep en die 1995 - ondersoekgroep) inderdaad van mekaar verskil in dié sin dat hulle tydens verskillende eras (of tydperke) met hulle opleiding besig was en dat rasionalisasie 'n groot rol gespeel het sedert 1993.

In hoofstuk 2 (paragraaf 2.7) is die opleidingsprogram van 'n onderwyskollege breedvoerig uiteengesit. Die verskillende kursusse en vakke wat die respondente tydens hulle opleidingsprogram gevolg het, is volledig in hoofstuk 2 (paragraaf 2.7) bespreek.

## 6.2 ALGEMENE BESONDERHEDE VAN DIE 1988 EN 1995 ONDERSOEKE MET BETREKKING TOT DIE STUDENTE AS GEBRUIKERSGROEP

### 6.2.1 Response, 1988 en 1995

Met die 1988 ondersoek is 1627 vraelyste aan die studente uitgegee, waarvan 1466 terugontvang is. Dit het 'n respons van 90,1% opgelewer. Met die 1995 ondersoek is 968 vraelyste aan die studente uitgegee en 892 vraelyste is terugontvang, met 'n respons van 92,1%. Die respons het dus effens verbeter met die opvolgondersoek.

### 6.2.2 Verwerking van die resultate

By die studentevraelyste word die resultate ook verder geanaliseer (soos by die dosentevraelyste in hoofstuk 5 gedoen is) om die menings van studente uit die verskillende jaargroepe en studierigtings te weerspieël.

### 6.2.3 Studierigtings en jaargroepe van studente

Die Onderwyskollege Pretoria bied drie studierigtings aan, naamlik Junior Primêr, Senior Primêr en Technika wat in elke geval oor vier jaar strek. In hierdie hoofstuk sal daar gerieflikheidshalwe kortliks verwys word na J, S en T onderskeidelik. Die syfers 1 tot 4 daarby dui op die bepaalde studiejaar, byvoorbeeld J1 verwys na die eerstejaarstudente in die Junior Primêr-studierigting, S3 verwys na die derdejaar Senior Primêr-studente en T4 na die vierdejaar Technika-studente, en so meer.

Om die analyses van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente in hierdie navorsing te kon uitvoer, was die laaste vraag in die studentevraelys (vraag 5, bylae D) 'n vereiste, sodat rekenaarmatige verwerking van elke vraag in die vraelys kon plaasvind en die studierigtings en jaargroepe van studente aan elke vraag gekoppel kon word.

- Daar is aan die studente (in vraag 5.1, bylae D) gevra om hulle studierigting en studiejaar aan te dui. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 6.1 aangedui.

Die **respons** op hierdie vraag was 98% in 1988 en 100% in 1995. Die studentetal het in 1995 aansienlik gedaal en die invloed van rasionalisasie is duidelik waarneembaar.

**TABEL 6.1 STUDIERIGTINGS EN JAARGROEPE VAN STUDENTE**

| Studierigting | 1988     | 1995     |
|---------------|----------|----------|
|               | Studente | Studente |
| J1            | 114      | 101      |
| J2            | 143      | 101      |
| J3            | 95       | 79       |
| J4            | 137      | 83       |
| S1            | 156      | 135      |
| S2            | 193      | 117      |
| S3            | 180      | 90       |
| S4            | 237      | 129      |
| T1            | 25       | 14       |
| T2            | 35       | 18       |
| T3            | 26       | 9        |
| T4            | 44       | 16       |
| TOTAAL        | 1466     | 892      |

#### **6.2.4 Doel met die studentevraelys**

Die doel met die studentevraelys is eerstens om te bepaal in watter mate en hoe dikwels die studente die Kollegebiblioteek gedurende hulle opleiding gebruik. Tweedens het die studentevraelys ook ten doel om te bepaal in watter mate die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente die Kollegebiblioteek benut. Derdens het die vraelys ook die doel om die dienste van die Kollegebiblioteek aan die studente te evalueer: die doeltreffendheid van die versameling, die katalogi, die dienste van vakbibliotekaris en die dienste van biblioteekpersoneel in die algemeen.

### **6.3 ANALISE VAN DIE RESULTATE**


#### **6.3.1 Doel van biblioteekgebruik**

In hoofstuk 2 is die doelstellings van 'n onderwyskollege breedvoerig uiteengesit (paragraaf 2.4) en in hoofstuk 3 die doelstellings van 'n kollegebiblioteek (paragraaf 3.4). Dit is 'n kollegebiblioteek se primêre doel om 'n ondersteunende diens aan elke student wat met opleiding besig is te lewer.

'n Kollegebiblioteek behoort 'n integrale deel van die onderwysopleiding te wees. Dit was dan ook die doel met die vraelys aan die studente om vas te stel of hulle werklik van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir hulle opleiding of studie.

- Vraag 1.1 in die studentevraelys (bylae D) is gerig op die doel van biblioteekgebruik. Daar word aan die studente gevra of hulle die Kollegebiblioteek vir **opleiding of studie** gebruik. Hulle moes ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 6.1 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.1 BENUTTING VAN DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK DEUR STUDENTE VIR OPLEIDING EN STUDIE**



Die **respons** op hierdie vraag was by altwee ondersoeke baie goed, met 87,7% in 1988 en het selfs verbeter na 89,8% in 1995.

Volgens die resultate van altwee ondersoeke, is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid studente die Kollegebiblioteek vir opleiding of studiedoeleindes benut. Vir minstens 87% van die studente is die Kollegebiblioteek belangrik vir opleiding of studie. Die studente wat by hierdie vraag ja aangedui het, was 87,7% (1988) en 89,8% (1995). Studente wat nee aangedui het, was 12,3% (1988) en 10,2% (1995). Daar is dus 'n verbetering van 2% met die opvolgondersoek. Dit is tog onrusbarend dat daar ongeveer 12,3% van die studente is, wat onderwysers wil word, sonder om die Kollegebiblioteek te gebruik. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek verminder na 10%.

Volgens analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente, is dit duidelik volgens die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, dat die eerstejaarstudente baie meer positief ingestel is teenoor biblioteekgebruik vir opleiding en studie as die senior studente.

Die eerstejaarstudente wat ja aangedui het se persentasies was vir 1988 en 1995 onderskeidelik soos volg: J1 (100% en 96%), S1 (94,2% en 96,3%), T1 (88% en 100%) teenoor die vierdejaarstudente, waar die persentasies soos volg was: J4 (84,6% en 93,8%), S4 (84,6% en 87,2%), T4 (69,1% en 75%). Die

studierigting wat by uitstek die hoogste gemiddelde persentasie aangedui het, was Junior Primêr (93%), daarna volg Senior Primêr met (85,5%) en laastens Technika met (83,3%).

Dit is verblydend dat daar so 'n groot groep studente was wat aangedui het dat hulle wel van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir opleiding en studie, maar dit is egter die 10,2% studente wat 'n nee-respons aangedui het, waaroor daar werklik kommer bestaan. Daar kon volgens die analise van die **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, vasgestel word watter studente 'n nee-respons aangedui het. Tabel 6.2 dui die studierigtings en nee-response van studente by beide die 1988 en 1995 ondersoeke aan.

Daar kan aangeneem word dat hierdie studente nie die Kollegebiblioteek vir opleiding of studie benut nie. Dit is duidelik volgens tabel 6.2 watter studierigtings en jaargroepe met die opvolgondersoek verbeter, of verswak het. Dit is ook duidelik watter studierigtings die meeste studente het wat nie die Kollegebiblioteek benut nie.

**TABEL 6.2 STUDENTE WAT NIE DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK VIR OPLEIDING OF STUDIE BENUT NIE**

| Studierigting | Nee-respons - 1988 | Nee-respons - 1995 |
|---------------|--------------------|--------------------|
|               | %                  | %                  |
| J1            | 0                  | 4                  |
| J2            | 0                  | 9,9                |
| J3            | 0                  | 7,6                |
| J4            | 15,4               | 6,2                |
| S1            | 5,2                | 0                  |
| S2            | 12,9               | 17,1               |
| S3            | 16,9               | 24,4               |
| S4            | 15,4               | 12,8               |
| T1            | 12                 | 0                  |
| T2            | 30,3               | 0                  |
| T3            | 16,7               | 33,3               |
| T4            | 31                 | 25                 |

Die volgende word uit tabel 6.2 afgelei:

1. Hoewel Junior Primêr die laagste nee-response in 1995 aangedui het, het die 1988 Junior Primêr-studente beter gevaar as die 1995 Junior Primêr-studente, want J1, 2 en 3 het met die 1988 ondersoek almal 0% nee-response getoon.
2. Eerstejaarstudente het laer nee-response as die senior studente getoon en die afleiding kan gemaak word dat hulle meer positief ingestel is teenoor biblioteekgebruik as die senior studente.


3. Technika-studente (veral T1, 2 en 4) het met die opvolgondersoek verbeter.
4. Die hoogste nee-response is veral deur Technika-studente aangeteken en daar kan aanvaar word dat hierdie studente die Kollegebiblioteek nie baie (of glad nie) vir opleiding en studie gebruik nie.
5. Vierdejaars het met die opvolgondersoek verbeter.

### 6.3.2 Frekwensie van biblioteekgebruik

Daar kan nie uit bogenoemde resultate bepaal word of 'n student een maal per week, of een maal per jaar van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie. Daarom is dit belangrik om die gebruikspatrone van die studente te bepaal, of om die aantal kere wat 'n student die Kollegebiblioteek besoek, vas te stel. Deur die bepaling van die **frekwensie van biblioteekgebruik** van studente, kan vas gestel word of studente in werklikheid gereelde of ongereelde biblioteekgebruikers is. Studente word volgens hulle gebruikspatrone geklassifiseer. Daar is twee vrae in die studentevraelys geplaas om die frekwensie van biblioteekgebruik van studente te bepaal.

- Vraag 1.3 van die studentevraelys (bylae D) is gerig op die benutting van die Kollegebiblioteek deur studente vir **werkopdragte**. Die studente moes die volgende **frekwensie van biblioteekgebruik** aandui: Weekliks/Twee-weekliks; Maandeliks; Een of twee keer per termyn; Een of twee keer per jaar. Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoek, word in grafiek 6.2 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.2 BENUTTING VAN DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK DEUR STUDENTE TEN OPSIGTE VAN WERKOPDRAGTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 84,5% en het na 99,2% met die opvolgondersoek in 1995 verbeter. Daar was dus 'n aansienlike verbetering in die respons met die opvolgondersoek.

Dit blyk dat meer as driekwart van die studente (88,5% 1988 en 91,6% 1995) die Kollegebiblioteek benut vir **werkopdragte**. Slegs 'n klein persentasie studente (11,5% 1988 en 8,4% 1995) benut die Kollegebiblioteek baie min (een of twee keer per jaar) vir **werkopdragte**.

Meer as die helfte van die studente (55,6% 1988), asook twee derdes (67,3% 1995) van die studente het aangedui dat hulle die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde en gereelde basis benut vir **werkopdragte**.

Daar is 'n merkbare verbetering in biblioteekgebruik vir **werkopdragte** met die opvolgondersoek in 1995 te bespeur. Studente wat die Kollegebiblioteek baie gereeld (weekliks tot twee-weekliks) benut, het van 20,5% in 1988 gegroei na 36,9% in 1995.

Volgens analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, is dit duidelik dat die eerstejaarstudente weer eens baie meer positief ingestel is teenoor biblioteekgebruik vir **werkopdragte** as die senior studente. Die 1995-eerstejaarstudente het selfs nog beter gevaar as die 1988-eerstejaarstudente. Eerstejaarstudente wat aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek baie gereeld benut, was J1 (43,4% verbeter na 52,5%); S1 (22,4% verbeter na 54,1%); T1 (40% verbeter na 85,7%).

Studente wat aangedui het dat hulle baie min of slegs een of twee keer per jaar die Kollegebiblioteek vir **werkopdragte** gebruik, was in die minderheid, maar daar moet tog kennis geneem word uit watter studierigtings hierdie studente kom.

Aangesien daar kommer oor hierdie studente bestaan, word juis hierdie groep verder geanaliseer in tabel 6.3. In tabel 6.3 word die persentasies van die studente wat aangedui het dat hulle slegs een of twee keer per jaar van die Kollegebiblioteek vir **werkopdragte** gebruik maak, aangedui.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.3 gemaak word:

1. Die eerstejaarstudente het beter gevaar met hierdie vraag as die senior studente.
2. Studente uit Junior Primêr het die laagste persentasies aangedui en is die beste gebruikers van die Kollegebiblioteek vir **werkopdragte**, daarna volg die Senior Primêr-studente en laastens Technika-studente .
3. Technika-studente maak die minste van die Kollegebiblioteek gebruik vir **werkopdragte**, aangesien hulle die hoogste persentasies aan gedui het.
4. J1, 3 en 4, asook S1 en 3, en T4 het swakker met die opvolgondersoek gevaar.

**TABEL 6.3 BEPERKTE BENUTTING VAN DIE KOLLEGEbiblioteek DEUR STUDENTE VIR WERKOPDRAGTE**

| Studierigting | 1 of 2 keer per jaar - 1988 | 1 of 2 keer per jaar - 1995 |
|---------------|-----------------------------|-----------------------------|
|               | %                           | %                           |
| J1            | 1,9                         | 2                           |
| J2            | 6,4                         | 4                           |
| J3            | 4,4                         | 6,3                         |
| J4            | 7,8                         | 8,4                         |
| S1            | 3                           | 6,3                         |
| S2            | 16,6                        | 6,8                         |
| S3            | 16,1                        | 18                          |
| S4            | 16,4                        | 14,2                        |
| T1            | 15                          | 14,3                        |
| T2            | 37,5                        | 11,1                        |
| T3            | 25                          | 12,5                        |
| T4            | 17,2                        | 33,3                        |

- Tweedens word daar gekyk na die benutting van die Kollegebiblioteek ten opsigte van die **praktiese onderwystydperk**. Vraag 1.4 van die studentevraelys (bylae D) is gerig op die benutting van die Kollegebiblioteek deur studente gedurende die praktiese onderwystydperk.

By hierdie vraag verskil die **fekwensie van biblioteekgebruik** by die twee ondersoeke van mekaar. Tabel 6.4 dui die verskil in fekwensie van gebruik aan vir die 1988 en 1995 ondersoeke onderskeidelik.

**TABEL 6.4 FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK TYDENS PRAKTIESE ONDERWYS**


| 1988 | Weekliks/Twee-weekliks | Maandeliks | 1 of 2 keer per termyn            | 1 of 2 keer per jaar                 |       |
|------|------------------------|------------|-----------------------------------|--------------------------------------|-------|
| 1995 | Daaglik                | Weekliks   | 1 of 2 keer gedurende die tydperk | Slegs 1 keer voor praktiese onderwys | Nooit |

Die rede vir die verskil is die volgende:

Daar is met die opvolgondersoek in 1995 besluit om die formulering van die vraag oor die **fekwensie van gebruik** te verbeter, omdat sommige studente die Kollegebiblioteek meer intensief gedurende praktiese onderwys benut. Die studente wat naby die Kollege praktiese onderwys doen, benut die Kollegebiblioteek gewoonlik daaglik. Die fekwensie van gebruik wat dus met die 1988 ondersoek by hierdie vraag aangedui was, was in der waarheid onrealisties.

Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoek, word in grafieke 6.3 en 6.4 onderskeidelik uiteengesit. As gevolg van die verskil in die **frekwensie van gebruik**, moes daar van twee afsonderlike grafieke gebruik gemaak word.

**GRAFIEK 6.3 BIBLIOTEEKGEBRUIK TYDENS PRAKTIESE ONDERWYS, 1988**




Die 1988 respons op hierdie vraag was maar 79,8%. Die respons het egter met die opvolgondersoek in 1995 aansienlik verbeter na 98,7%. Daar was dus 'n aansienlike verbetering met die opvolgondersoek in 1995.

Volgens die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoek, is dit duidelik dat ongeveer driekwart van die studente (79,8% (1988 studente wat die vraag beantwoord het) en 75,7% (1995)) in totaal van die Kollegebiblioteek gebruik maak tydens die **praktiese onderwystydperk**.

Ongeveer die helfte (53,3% 1995) van die studente benut die Kollegebiblioteek op 'n baie gereelde grondslag (daaglik/weeklik) tydens die praktiese onderwystydperk, waarvan 28,1% (1995) van die studente aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek daaglik tydens **praktiese onderwys** benut. Daar is ongeveer 'n kwart van die studente wat by altwee die ondersoek aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek weeklik tydens die praktiese onderwystydperk benut (23,2% 1988 en 25,2 % 1995).

GRAFIEK 6.4 BIBLIOTEEKGEBRUIK TYDENS PRAKTIESE ONDERWYS, 1995



'n Kwart (26,5%, 1995) van die studente, het aangedui dat hulle nooit gedurende die praktiese onderwystydperk van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n groot persentasie studente nie in Pretoria vir hulle praktiese onderwys geplaas word nie en dat laasgenoemde studente òf vooraf van die Kollegebiblioteek gebruik maak, òf elders inligting soek. Sommige studente maak wel voor praktiese onderwys van die Kollegebiblioteek gebruik, soos 10,2% (1995) van die studente ook met die opvolgondersoek aangedui het.

Volgens analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, is dit duidelik volgens die resultate van die 1995 ondersoek, dat dit veral die derdejaars (S3 (44,3%) en J3 (34,2%)), die Senior Primêr-eerstejaars (40%) en Technika-tweedejaars (33,3%) was, wat aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek daaglik besoek tydens die **praktiese onderwystydperk**.

Wat die verskillende **jaargroepe** van **studente** betref, was dit eerstens die derdejaars, dan die eerste-, dan die tweede-, en laastens die vierdejaarstudente wat aangedui het dat hulle die Kollegebiblioteek daaglik tydens die **praktiese onderwystydperk** gebruik.

Die meeste eerstejaarstudente (J1 24,4%, verbeter na 48,5%, S1 29,1%, verbeter na 49,6% en T1 10%, verbeter na 57,1%) het aangedui dat hulle weekliks die Kollegebiblioteek tydens **praktiese onderwys** gebruik. Daarna volg die tweede-, derde- en vierdejaarstudente. Dit is verder duidelik volgens die resultate van die opvolgondersoek in 1995, dat die Technika-studente met die 1995 ondersoek aansienlik verbeter het.

Oor die algemeen blyk dit dat die Kollegebiblioteek redelik goed benut word tydens **praktiese onderwys** en dat daar 'n aansienlike verbetering in die resultate van die opvolgondersoek is. Volgens analyses wat van die opvolgondersoek in 1995 gemaak is, is dit duidelik watter **studierigtings** en **jaargroepe** van studente aangedui het dat hulle nooit van die Kollegebiblioteek tydens praktiese onderwys gebruik maak nie. Tabel 6.5 dui hierdie studierigtings en jaargroepe van studente aan.

**TABEL 6.5 STUDENTE WAT NOOIT DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK TYDENS PRAKTIESE ONDERWYS GEBRUIK NIE, 1995**

| Studierigting | Nooit-respons 1995 |
|---------------|--------------------|
|               | %                  |
| J1            | 15,5               |
| J2            | 38,6               |
| J3            | 48,1               |
| J4            | 35,4               |
| S1            | 4,4                |
| S2            | 27,8               |
| S3            | 15,9               |
| S4            | 34,6               |
| T1            | 0                  |
| T2            | 0                  |
| T3            | 22,2               |
| T4            | 25                 |

Die volgende kan uit tabel 6.5 afgelei word:

1. Die hoogste persentasies is aangedui deur Junior Primêr-studente (J3, J2 en J4) met ander woorde hierdie studente maak die minste van die Kollegebiblioteek gebruik tydens praktiese onderwys.
2. Eerstejaars het die laagste persentasies aangedui (veral T1 0%) en benut die Kollegebiblioteek tydens praktiese onderwys die meeste.
3. Technika-studente het laer persentasies aangedui as die Junior- en Senior Primêr-studente, wat beteken dat hulle meer van die Kollegebiblioteek gebruik maak tydens praktiese onderwys.

### **6.3.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek**


Die dienste van 'n kollegebiblioteek en die benutting van fasiliteite, behoort voortdurend geëvalueer te word.

- Vraag 2.1 (bylae D) is gerig op die **benutting van dienste** wat die Kollegebiblioteek lewer. Daar is aan die studente gevra hoe dikwels hulle die dienste, die personeel of fasiliteite van die Kollegebiblioteek benut. Die studente moes ten opsigte van die volgende tien aspekte aandui of hulle dit weekliks/tweewekliks, maandeliks, een of twee keer per termyn, of nooit benut nie: gereserveerde boeke, boekbesprekings, die dienste van vakbibliotekaris, die tydskrifafdeling, die benutting van die onderwerps-, outeurs-, titel- en gedigtekatalogus, geïndekseerde tydskrifartikels en die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur. Elke aspek sal vervolgens een vir een bespreek en geëvalueer word.

### 6.3.3.1 Gereserveerde boeke/media

Dosente reserveer dikwels inligtingbronne by die hooftoonbank van die Kollegebiblioteek vir sekere studentegroepe, onder andere vir werkopdragte of vir naleeswerk wat hulle vir dié dosente moet doen. Die inligtingmedia oor sekere onderwerpe is soms te min vir groot studentegroepe - daarom reserveer dosente boeke/media by die toonbank van die Kollegebiblioteek, sodat ál die studente die nodige inligting kan bekom. Daarom word van **gereserveerde boeke/media** gepraat. Die resultate van vraag 2.1 (bylae D) ten opsigte van gereserveerde boeke/media, word in grafiek 6.5 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.5 BENUTTING VAN GERESERVEERDE BOEKE/MEDIA DEUR STUDENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 91,1% en met die opvolgondersoek in 1995 het dit verbeter na 99,1%. Daar was dus 'n aansienlike verbetering in die respons met die opvolgondersoek.

Meer as driekwart van die studente (86% 1995) maak van **gereserveerde boeke/media** gebruik. Met die 1988 ondersoek het slegs 66,6% van die studente aangedui dat hulle van gereserveerde boeke/media gebruik maak. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 gestyg na 86%, wat 'n groot verbetering op die 1988 ondersoek is.

Dit blyk ook verder dat ongeveer 'n derde (31,9% 1995) van die studente op 'n gereelde basis (weekliks/tweewekliks, en maandeliks) van **gereserveerde boeke/media** gebruik maak. Met die 1988 ondersoek was dié persentasie studente maar slegs 17,7%. Daar was dus 'n groot verbetering met die opvolgondersoek.

'n Baie klein groepie studente (4,1% 1988 en 6% 1995) het aangedui dat hulle weekliks/tweewekliks van **gereserveerde boeke/media** gebruik maak. Ongeveer die helfte van die studente (48,5% 1988 en 54,1% 1995) het egter aangedui dat hulle een of twee keer per termyn gereserveerde boeke/media benut.

Volgens analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, is dit duidelik dat dit weer eens die eerstejaarstudente was wat die hoogste persentasies aangedui het en wat die **gereserveerde boeke/media** op 'n gereelde basis benut het. Dit was eerstens die eerstejaars, daarna die vierdejaars en laastens die derde- en tweedejaars wat die gereserveerde boeke/media (volgens bogenoemde volgorde) op 'n gereelde basis benut het. Die Technika-studente het baie beter gevaar met die opvolgondersoek in 1995. Die volgende Technika-studente het aangedui dat hulle maandeliks van gereserveerde boeke/media gebruik maak: (T1 8,7%, verbeter na 71,4%; T2 3,3%, verbeter na 33,3%; T3 0%, verbeter na 22,2% ;T4 5,3%, verbeter na 57,1%).

Daar was 33,8% van die studente wat met die 1988 ondersoek aangedui het dat hulle nooit van **gereserveerde boeke/media** gebruik maak nie. Met die opvolgondersoek in 1995 het dié persentasie gedaal na 14%, wat 'n groot verbetering is. Omdat daar kommer bestaan oor die studente wat aangedui het dat hulle nooit van gereserveerde boeke/media gebruik maak nie, word daar in tabel 6.6 'n verdere analise gemaak van dié studente.

Die volgende kan uit tabel 6.6 afgelei word:

1. Technika-studente het in 1988 die hoogste persentasies aangedui wat beteken dat hulle min van gereserveerde boeke/media gebruik maak. T1 en 4 het met die opvolgondersoek baie verbeter en het 'n 0% nooit-respons aangedui.
2. Met die 1988 ondersoek het die Junior Primêr-studente die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die meeste van gereserveerde boeke gebruik gemaak het.
3. Met die opvolgondersoek in 1995, het die derdejaarstudente (J3, S3 en T3) die hoogste persentasies aangedui. Die vierdejaarstudente het die laagste persentasies aangedui (J4, S4 en T4) en maak met ander woorde die meeste van gereserveerde boeke gebruik.

**TABEL 6.6 STUDENTE WAT NOOIT VAN GERESERVEERDE BOEKE/MEDIA GEBRUIK MAAK NIE**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 25,2      | 16        |
| J2            | 27,4      | 21,8      |
| J3            | 13        | 25,3      |
| J4            | 19,8      | 2,4       |
| S1            | 24,2      | 12,1      |
| S2            | 44        | 16,2      |
| S3            | 44        | 24,4      |
| S4            | 25        | 0         |
| T1            | 60,9      | 0         |
| T2            | 76,7      | 22,2      |
| T3            | 46,7      | 33,3      |
| T4            | 71        | 0         |


### 6.3.3.2 Boekbesprekings

Vraag 2.1 (bylae D) is vervolgens gerig op die benutting van **boekbesprekings**. Boekbesprekings is 'n diens wat personeel by die uitleentoonbank van die Kollegebiblioteek lewer, naamlik die bespreking (of reservering) van media wat reeds uitgeleen is aan ander gebruikers - om dié media wanneer dit terugbesorg word, aan dié persoon wat daarvoor gevra en gewag het, weer uit te leen. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.6 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was met die hoofondersoek in 1988, 86,8% en dié persentasie is met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 95,6%.

Ongeveer die helfte van die studente (43,9% verbeter na 53,4%) maak van **boekbesprekings** gebruik, waarvan ongeveer 'n derde (32,2% verbeter na 36,7%) aangedui het dat hulle op 'n minder gereelde basis van boekbesprekings gebruik maak. 'n Klein groepie studente maak baie gereeld (2,4% verbeter na 3,2% 1995) van boekbesprekings gebruik, terwyl 9,3% (verbeter na 13,5%) van die studente aangedui het dat hulle dit gereeld doen. Met die 1988 ondersoek het 11,7% van die studente dus in totaal aangedui dat hulle gereeld van boekbesprekings gebruik maak. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek verbeter na 16,7%.

GRAFIEK 6.6 BENUTTING VAN BOEKBESPREKINGS DEUR STUDENTE



Met die 1988 ondersoek het 56,1% van die studente laat blyk dat hulle geen gebruik van **boekbesprekings** maak nie, maar met die opvolgondersoek in 1995 het dié persentasie verminder na 46,7%. Die resultate van die twee ondersoeke stem dus in 'n mate ooreen, behalwe dat die benutting van boekbesprekings deur studente met die 1995 ondersoek verbeter het. Aangesien die helfte van die studente van boekbesprekings gebruik maak, is hierdie diens wat die Kollegebiblioteek lewer, nog van waarde en kan daarmee voortgegaan word.

Die resultate van hierdie vraag dui daarop dat media moontlik nie altyd paraat in die Kollegebiblioteek se versameling beskikbaar is nie. Die resultate kan op leemtes in die versameling dui, aangesien inligting nie altyd beskikbaar is nie. Die Kollegebiblioteek behoort dus duplisering van belangrike inligting te oorweeg indien die aanvraag daarna groot genoeg is en die inligting op 'n gereelde basis aangevra word.

Daar is (volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente) bepaal watter studentegroepe veral van **boekbesprekings** gebruik maak. Hierdie inligting is belangrik vir die Kollegebiblioteek, aangesien dit 'n aanduiding kan wees van watter studierigtings en vakgebiede in die versameling moontlike aandag nodig het.

Technika-studente (T1 (4,5% verbeter na 42,9%) en T3 (0% verbeter na 22,2%)) het aangedui dat hulle baie gereeld van **boekbesprekings** gebruik maak en die eerstejaarstudente, T1 (0% verbeter na 28,6%), S1 (14,7% verbeter na 27,3%) en J1 (15,1% verbeter na 23,2%), gereeld. Die vierdejaars J4 (47,3% verbeter na 52,6%), S4 (36,5% verbeter na 52%) en T4 (22,2% verbeter na 42,9%), het veral aangedui dat hulle minder gereeld van boekbesprekings gebruik maak.


Die Kollegebiblioteek kan dus kennis neem van hierdie studierigtings en vakgebiede soos Technika wat dalk leemtes in die versameling mag hê.

Aangesien die gebruik van **boekbesprekings** met die opvolgondersoek toegeneem het, kan dit ook 'n aanduiding vir die Kollegebiblioteek wees dat daar leemtes in die versameling mag wees.

### 6.3.3.3 Benutting van die dienste van die vakbibliotekaris

Die resultate van vraag 2.1 (bylae D) ten opsigte van die dienste wat die **vakbibliotekaris** lewer, word in grafiek 6.7 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.7 BENUTTING VAN DIE DIENSTE VAN DIE VAKBIBLIOTEKARIS DEUR STUDENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 89,4% en het met die 1995 ondersoek verbeter na 96%, wat 'n aansienlike verbetering op die vorige ondersoek is.

Ongeveer twee derdes (62,1% verminder na 61,7%) van die studente maak wel van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik. Hoewel die totale persentasie van die 1988 ondersoek by hierdie vraag hoër was as die 1995 ondersoek, het die studente wat baie gereeld en gereeld van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak, verbeter met die opvolgondersoek in 1995 (22,7% verbeter na 28,3%). Ongeveer 'n derde van die studente (39,4% verminder na 33,4%) maak op 'n minder gereelde basis van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik.

Daar is ook 'n derde (37,9% verbeter na 38,3% 1995) van die studente wat aangedui het dat hulle nooit van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik maak nie. Daar is dus 'n geringe afname in die benutting van die dienste van die vakbibliotekaris deur die studente te bespeur.

Daar kon volgens die analyses van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word watter studente wél van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik maak en watter nie.

Dit blyk dat die eerstejaarstudente baie gereeld en gereeld van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik maak. Studente wat aangedui het dat hulle baie gereeld van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak, was onder andere: T1 (0% verbeter na 36,4%); S1 (12% verbeter na 19,5%) en J1 (14,1% verbeter na 18,2%). Studente wat aangedui het dat hulle gereeld van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak, was weer eens: S1 (35,2% 1988 en 1995); J1 (18,2% verbeter na 31,3%) en T1 (18,2% verbeter na 45,5%).

Dit is verder duidelik dat die senior studente (veral die tweede- en derdejaarstudente) aangedui het dat hulle minder gereeld van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik maak. Volgens die analyses wat gemaak is, is dit die eerstejaars wat die dienste van die vakbibliotekaris die meeste benut, dan volg die tweedejaars, dan die vierdejaars en laastens die derdejaars wat die minste van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak. Studente wat aangedui het dat hulle nooit van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak nie, was onder andere: S3 (44,7% vermeerder na 61,4%); T3 (86,7% verminder na 55,6%); J3 (23,9% vermeerder na 52,7%).

Die resultate van die 1995 ondersoek het getoon dat die dienste van die **vakbibliotekaris** minder benut word as met die 1988 ondersoek, maar is steeds vir die studente van groot hulp. Die dienste van die vakbibliotekaris kan nog voortgaan soos in die verlede, aangesien twee derdes van die studente van dié dienste gebruik maak.


#### **6.3.3.4 Benutting van die tydskrifafdeling**

Wat die benutting van die **tydskrifafdeling** betref, is onder andere in vraag 2.1 (bylae D) aan die studente gevra hoe gereeld hulle van dié afdeling gebruik maak. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke word in grafiek 6.8 weerspieël.

Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 87% en het met die 1995 ondersoek verbeter na 97,4%. Daar was dus weer 'n verbetering in die respons met die 1995 ondersoek.

Grafiek 6.8 toon dat die **tydskrifafdeling** deur ongeveer die helfte van die studente benut word. Met die 1988 ondersoek het 46,6% van die studente aangedui dat hulle dié afdeling benut. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek na 50% verbeter.

GRAFIEK 6.8 BENUTTING VAN DIE TYDSKRIFAFDELING DEUR STUDENTE



Studente wat die **tydskrifafdeling** baie gereeld en gereeld benut, is maar 18% (1988) en 26,1% (1995). 'n Verdere 28,6% (1988) en 23,9% (1995) van die studente benut die tydskrifafdeling op 'n minder gereelde basis. Hoewel die persentasies redelik laag is, is daar tog 'n verbetering opgemerk met die opvolgondersoek in 1995.

Daar bestaan kommer oor die studente wat aangedui het dat hulle nooit die **tydskrifafdeling** benut nie (53,4% verminder na 49,9% met die opvolgondersoek). Dit is onrusbarend dat die helfte van die studente onderwys wil gaan gee ná hulle opleiding, maar aangedui het dat hulle nooit die tydskrifafdeling in die Kollegebiblioteek benut nie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van die **tydskrifafdeling** gebruik maak en watter nie. Dit was weer eens die eerstejaarstudente wat aangedui het dat hulle die tydskrifafdeling baie gereeld benut (weekliks/tweewekliks): S1 (11,9% verbeter na 27,6%); J1 (8,4% verbeter na 14,3%); T1 (8,7% verbeter na 14,3%). Tabel 6.7 dui aan watter studente aangedui het dat hulle nooit van die tydskrifafdeling gebruik maak nie.

Die volgende kan uit tabel 6.7 afgelei word:

1. Die eerstejaarstudente het by beide ondersoeke die laagste persentasies aangedui, wat daarop dui dat hulle die tydskrifafdeling die meeste benut.
2. Technika-studente het met die opvolgondersoek baie verbeter.
3. Die senior studente, veral die vierdejaars en derdejaars, het die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle baie min van die tydskrifafdeling gebruik maak.

**TABEL 6.7    STUDENTE WAT NOOIT VAN DIE TYDSKRIFAFDELING GEBRUIK MAAK NIE**

| <b>Studierigting</b> | <b>1988</b> | <b>1995</b> |
|----------------------|-------------|-------------|
|                      | <b>%</b>    | <b>%</b>    |
| J1                   | 22,4        | 34          |
| J2                   | 54,1        | 65,3        |
| J3                   | 54,6        | 51,4        |
| J4                   | 68,9        | 61          |
| S1                   | 33,6        | 21,3        |
| S2                   | 53,4        | 54,7        |
| S3                   | 58,8        | 60,2        |
| S4                   | 58,3        | 65,4        |
| T1                   | 52,2        | 0           |
| T2                   | 76,6        | 50          |
| T3                   | 76,4        | 55,6        |
| T4                   | 62,2        | 42,9        |

4. Ongeveer twee derdes van die vierdejaars maak nie van die tydskrifafdeling gebruik nie.

5. Ongeveer die helfte van die derdejaars maak nie van die tydskrifafdeling gebruik nie.


#### **6.3.3.5 Benutting van die onderwerpskatalogus**

Die studente is in vraag 2.1 (bylae D) gevra om aan te dui hoe gereeld hulle die **onderwerpskatalogus** benut. Die resultate hiervan word in grafiek 6.9 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 93,5% in 1988 en 98,3% met die 1995 ondersoek.

Die **onderwerpskatalogus** word deur meer as 80% van die studente benut. Die resultate van die 1988 ondersoek het getoon dat 80,3% van die studente wat die vraag beantwoord het van die onderwerpskatalogus gebruik maak. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 88,2%.

Studente wat aangedui het dat hulle die **onderwerpskatalogus** baie gereeld en gereeld benut was 39,2% in 1988 en dié persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 55,5% - wat meer as die helfte van die studente is. Studente wat aangedui het dat hulle die onderwerpskatalogus op 'n minder gereelde basis benut, was met die 1988 ondersoek 41,1% en dié persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 32,7%. 'n Klein groepie studente het aangedui dat hulle nie van die onderwerpskatalogus gebruik maak nie, naamlik 19,7% in 1988. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 11,7%.

**GRAFIEK 6.9 BENUTTING VAN DIE ONDERWERPSKATALOGUS DEUR STUDENTE**

Die resultate dui daarop dat méér studente die onderwerpskatalogus benut sedert die 1988 ondersoek en dat die resultate van die opvolgondersoek heelwat beter is.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van die **onderwerpskatalogus** gebruik maak en watter nie. Dit was weer eens die eerstejaarstudente wat by albei die ondersoeke die hoogste persentasies aangedui het en ook laat blyk het dat hulle gereeld die onderwerpskatalogus benut: S1 (22,3% verbeter na 47,2%); T1 (18,2% verbeter na 42,9%); J1 (47,3% verminder na 27%).

Daar bestaan kommer oor die studente wat aangedui het dat hulle nooit die **onderwerpskatalogus** benut nie (19,7% verminder na 11,7% met die opvolgondersoek). Tabel 6.8 dui 'n analise van hierdie studente aan.

Die volgende kan uit tabel 6.8 afgelei word:

1. Met die 1988 ondersoek het die Technika-studente die hoogste persentasies aangedui, wat daarop dui dat hulle die minste van die onderwerpskatalogus gebruik maak. Met die opvolgondersoek het T1 en 2 aansienlik verbeter.
2. Die 1988 ondersoek het ook getoon dat die Junior Primêr-studente die laagste persentasies aangedui het en dat hulle dus die onderwerpskatalogus die meeste benut. Daarna het Senior Primêr gevolg en laaste Technika.
3. Met die opvolgondersoek in 1995 was dit die eerstejaarstudente wat die laagste persentasies aangedui het en wat gevolglik die onderwerpskatalogus die meeste benut.

**TABEL 6.8    STUDENTE WAT NOOIT DIE ONDERWERPSKATALOGUS BENUT NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 5,8  | 9    |
| J2            | 5,4  | 15   |
| J3            | 9,6  | 13,2 |
| J4            | 8,3  | 18,1 |
| S1            | 9,5  | 4,7  |
| S2            | 24,5 | 9,4  |
| S3            | 26,8 | 13,3 |
| S4            | 24,4 | 13,3 |
| T1            | 36,3 | 7,1  |
| T2            | 62,5 | 11,1 |
| T3            | 70,6 | 22,2 |
| T4            | 47,4 | 14,3 |

4. Senior studente (T3 en 4, asook J4, J2, S3 en 4) het die hoogste persentasies aangedui met die opvolgondersoek in 1995, wat beteken dat hulle die minste van die onderwerpskatalogus gebruik maak.


#### **6.3.3.6 Benutting van die outeurskatalogus**

Die studente is in vraag 2.1 (bylae D) gevra om aan te dui hoe gereeld hulle die **outeurskatalogus** benut. Die resultate hiervan word in grafiek 6.10 uiteengesit.

Met die 1988 ondersoek het 89,5% van die studente die vraag beantwoord. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 98,1%.

Ongeveer driekwart van die studente maak van die **outeurskatalogus** gebruik. Die resultate van die 1988 ondersoek het getoon dat 71,7% van die studente van die outeurskatalogus gebruik maak. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 80,9%. Met die 1988 ondersoek het 30,8% van die studente aangedui dat hulle die outeurskatalogus baie gereeld en gereeld benut. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek nog verder verbeter na 48,7% - wat amper die helfte van die studente is. Met die 1988 ondersoek het 40,9% van die studente aangedui dat hulle die outeurskatalogus minder gereeld benut. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 32,2%. Met die 1988 ondersoek het 28,3% van die studente aangedui dat hulle nie die outeurskatalogus benut nie. Dié persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 19,1%.

GRAFIEK 6.10 BENUTTING VAN DIE OUTEURSKATALOGUS DEUR STUDENTE



Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van die outeurskatalogus gebruik maak en watter nie. Dit was weer die eerstejaarstudente wat die hoogste persentasies by altwee die ondersoeke aangedui het: J1 (39,4% verminder na 16,5%); S1 (16% verbeter na 41,9%); T1 (9,1% verbeter na 28,6%). Laasgenoemde het almal aangedui dat hulle die **outeurskatalogus** baie gereeld benut. Dit beteken dat hulle dus die meeste van die outeurskatalogus gebruik maak. Volgens die 1988 resultate, het veral studente van Junior Primêr aangedui dat hulle die outeurskatalogus gereeld gebruik. Met die 1995 ondersoek was dit egter net J1 en 4 wat hoër persentasies aangedui het.

Aangesien daar kommer oor die studente bestaan wat aangedui het dat hulle **nooit** die **outeurskatalogus** benut nie (28,3% verminder na 19,1% met die opvolgondersoek), word die persentasies van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente in tabel 6.9 uiteengesit.

Die volgende kan uit tabel 6.9 afgelei word:

1. Technika-studente het met die 1988 ondersoek die hoogste persentasies aangedui, wat daarop dui dat hulle die outeurskatalogus die minste benut. Met die opvolgondersoek het T1 en 2 weer eens verbeter.
2. Die 1988 ondersoek het ook getoon dat die Junior Primêr-studente die laagste persentasies aangedui het en dat hulle dus die outeurskatalogus die meeste benut. Daarna het Senior Primêr gevolg en laaste Technika.
3. Die opvolgondersoek in 1995 het getoon dat die eerstejaarstudente die laagste persentasies aangedui het en dat hulle gevolglik die outeurskatalogus die meeste benut. Met die 1988 ondersoek was dit slegs S1 en J1 wat laer persentasies aangedui het.

**TABEL 6.9    STUDENTE WAT NOOIT DIE OUTEURSKATALOGUS BENUT NIE**

| <b>Studierigting</b> | <b>1988</b> | <b>1995</b> |
|----------------------|-------------|-------------|
|                      | <b>%</b>    | <b>%</b>    |
| J1                   | 8,3         | 14,4        |
| J2                   | 17,1        | 20          |
| J3                   | 22,8        | 26,9        |
| J4                   | 19          | 24,4        |
| S1                   | 14          | 12,4        |
| S2                   | 32,3        | 15,4        |
| S3                   | 32,3        | 21,6        |
| S4                   | 34,8        | 21,7        |
| T1                   | 36,4        | 14,3        |
| T2                   | 71,5        | 11,1        |
| T3                   | 68,8        | 33,3        |
| T4                   | 61,1        | 28,6        |

4. Senior studente (T3 en 4, asook J4, J2, S3 en 4) het die hoogste persentasies met die opvolgondersoek in 1995 aangedui, wat beteken dat hulle die minste van die outeurskatalogus gebruik maak.


#### **5.3.3.7 Benutting van die titelkatalogus**

In vraag 2.1 (bylae D) is ook aan die studente gevra hoe dikwels hulle van die **titelkatalogus** gebruik maak. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.11 getoon.

Die **respons** op hierdie vraag was 91,4% met die 1988 ondersoek en het verbeter na 97,8% met die 1995 ondersoek.

Meer as driekwart van die studente benut die **titelkatalogus**. Sedert die 1988 ondersoek het die benutting van die titelkatalogus deur die studente toegeneem. Met die 1988 ondersoek het 77% van die studente aangedui dat hulle die titelkatalogus benut en met die 1995 ondersoek het dié persentasie verbeter na 86,9%. Studente wat aangedui het dat hulle die titelkatalogus baie gereeld en gereeld benut, was 46,5% in 1988. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 51,8%. 'n Verdere aantal studente het aangedui dat hulle die titelkatalogus op 'n minder gereelde basis benut (42% verminder na 35,1%). 'n Klein groepie studente het ook aangedui dat hulle nie van die titelkatalogus gebruik maak nie, naamlik 23% in 1988. Dié persentasie het na 13,2% met die 1995 ondersoek verminder. Daar is dus 'n verbetering in die benutting van die titelkatalogus te bespeur sedert die 1988 ondersoek.

GRAFIEK 6.11 GEBRUIK VAN DIE TITELKATALOGUS DEUR STUDENTE



Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van die **titelkatalogus** gebruik maak en watter nie. Dit was weer eens die eerstejaarstudente wat die hoogste persentasies by altwee die ondersoeke aangedui het: J1 (38,9% verminder na 17,2%); S1 (18,1% verbeter na 41,7%); T1 (17,1% verbeter na 28,6%). Laasgenoemde het almal aangedui dat hulle die titelkatalogus baie gereeld benut. Hulle maak dus die meeste van die titelkatalogus gebruik.

Volgens die 1988 resultate, het veral studente van Junior Primêr aangedui dat hulle die **titelkatalogus** baie gereeld benut. Met die 1995 ondersoek was dit egter die vierdejaars (J4, S4 en T4) wat hoër persentasies aangedui het.

Daar bestaan kommer oor die studente wat aangedui het dat hulle nooit die **titelkatalogus** benut nie (23% verminder na 13,2% met die opvolgondersoek), daarom word die persentasies van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente wat aangedui het dat hulle nooit die titelkatalogus benut nie in tabel 6.10 uiteengesit.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.10 gemaak word:

1. Technika-studente het weer eens met die 1988 ondersoek die hoogste persentasies aangedui, wat daarop dui dat hulle ook die titelkatalogus die minste benut. Met die opvolgondersoek het T1, 2 en 4 effens verbeter.

TABEL 6.10 STUDENTE WAT NOOIT DIE TITELKATALOGUS BENUT NIE

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 8,3  | 14,1 |
| J2            | 13,5 | 16,2 |
| J3            | 16,3 | 20,3 |
| J4            | 15,9 | 14,6 |
| S1            | 10,4 | 3,1  |
| S2            | 26   | 11,1 |
| S3            | 28,5 | 13,3 |
| S4            | 28,8 | 16,3 |
| T1            | 34,8 | 14,3 |
| T2            | 63,4 | 11,1 |
| T3            | 58,8 | 22,2 |
| T4            | 62,6 | 14,3 |


- Die 1988 ondersoek het ook getoon dat die Junior Primêr-studente van die laagste persentasies aangedui het en dat hulle dus die titelkatalogus die meeste benut. Senior Primêr het daarna gevolg en laaste Technika.
- Die 1988 ondersoek het getoon dat sommige eerstejaarstudente (J1 en S1) die laagste persentasies aangedui het. Hulle benut gevolglik die titelkatalogus die meeste. Met die opvolgondersoek in 1995, was dit slegs S1 van die eerstejaarstudente, wat weer 'n lae persentasie aangedui het.
- Senior Primêr-studente het met die opvolgondersoek in 1995 die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die meeste van die titelkatalogus gebruik maak.

#### 6.3.3.8 Benutting van geïndekseerde tydskrifartikels

Die indeksering van **tydskrifartikels** is 'n tydrowende taak en kan net deur professionele biblioteekpersoneel verrig word. Dit is belangrik dat hierdie diens wat die Kollegebiblioteek lewer, vir die gebruiker van waarde moet wees - dit moet met ander woorde die moeite werd wees vir die Kollegebiblioteek om so 'n omvattende diens te lewer. Daarom is aan die studente in vraag 2.1 (bylae D) onder andere gevra om aan te dui hoe dikwels hulle van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak. Die resultate hiervan word in grafiek 6.12 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 87,7% en het verbeter na 97,3% met die opvolgondersoek in 1995. Die aantal studente wat nie die vraag beantwoord het nie, was 12,3% in 1988 en het met die 1995 ondersoek afgeneem na 2,7%.

GRAFIEK 6.12 BENUTTING VAN GEÏNDEKSEERDE TYDSKRIFARTIKELS DEUR STUDENTE



Ongeveer 'n derde van die studente (35,2% verbeter na 38,3%) benut wél hierdie dienste van die Kollegebiblioteek. Volgens die resultate van die 1988 ondersoek, blyk dit dat 35,2% van die studente aangedui het dat hulle van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak. Met die 1995 ondersoek het laasgenoemde persentasie nog verder verbeter na 38,3%.

Die resultate dui daarop dat studente meer van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak as in die verlede. Hierdie diens van die Kollegebiblioteek is nog van waarde vir die studente. Laasgenoemde feit word deur die resultate van altwee ondersoeke gestaaf, deurdat 10,3% (1988) en 14% (1995) van die studente aangedui het dat hulle baie gereeld en gereeld van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak. Ongeveer 'n kwart van die studente (24,9% 1988 en 24,3% 1995) het aangedui dat hulle minder gereeld van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak.

Twee derdes van die studente maak egter **nie** van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik nie. Met die 1988 ondersoek het 64,8% van die studente aangedui dat hulle nooit van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak nie. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie afgeneem na 61,8%. Die meerderheid studente maak dus nie van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik nie.

By hierdie vraag is dit van belang om te weet watter studente nie van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak nie. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak en watter nie. Tabel 6.11 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat aangedui het dat hulle nooit van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak nie.

**TABEL 6.11 STUDENTE WAT NOOIT VAN GEÏNDEKSEERDE TYDSKRIFARTIKELS GEBRUIK  
MAAK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 43,3 | 42,4 |
| J2            | 73,4 | 73,3 |
| J3            | 65,1 | 71,2 |
| J4            | 68,5 | 77,1 |
| S1            | 47,5 | 25   |
| S2            | 62,8 | 62,9 |
| S3            | 74,5 | 70   |
| S4            | 70,7 | 77,5 |
| T1            | 54,6 | 41,7 |
| T2            | 85,7 | 72,2 |
| T3            | 81,3 | 55,6 |
| T4            | 67,6 | 100  |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.11 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek is die hoogste persentasies aangedui deur T2 en 3, asook S2, 3 en 4, wat daarop dui dat hulle baie min van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak.
2. By die 1995 opvolgondersoek, was dit weer die vierdejaarstudente (T4, S4 J4) wat die hoogste persentasies aangedui het, wat beteken dat hulle baie min of geen gebruik van geïndekseerde tydskrifartikels maak nie.
3. By albei ondersoeke was dit die eerstejaarstudente (S1, J1 en T1) wat die laagste persentasies aangedui het. Eerstejaarstudente maak dus die meeste van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik.
4. Mens sou eintlik verwag dat die resultate andersom behoort te gewees het, aangesien die vierdejaarstudente die waarde van hierdie katalogus behoort te besef alvorens hulle self onderwys gaan gee.


#### **6.3.3.9 Benutting van die gedigtekatalogus**

Die **gedigtekatalogus** word deur die vakbibliotekaris in samewerking met dosente saamgestel en instand gehou. Die vakbibliotekaris wat gedigte indekseer, is gewoonlik 'n professionele bibliotekaris. Die gedigtekatalogus word uiteraard net deur sommige studente benut.

Die **gedigtekatalogus** het sy oorsprong te danke aan versoeke van gebruikers uit die departemente Junior Primêr, Afrikaans en Engels. Met die ondersoeke in 1988 en 1995 kon vasgestel word of dit nog lonend vir die Kollegebiblioteek is om met hierdie omvattende diens van indeksering voort te gaan.

- Die studente is derhalwe in vraag 2.1 (bylae D) gevra om aan te dui hoe dikwels hulle van die **gedigtekatalogus** gebruik maak. Die resultate hiervan word in grafiek 6.13 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.13 BENUTTING VAN DIE GEDIGTEKATALOGUS DEUR STUDENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was 87,4% met die 1988 ondersoek en het na 97,3% verbeter met die 1995 ondersoek.

Meer as 'n derde van die studente maak van die **gedigtekatalogus** gebruik. Volgens die resultate van die 1988 ondersoek het 33,1% van die studente aangedui dat hulle wél van die gedigtekatalogus gebruik maak, waarvan 8,4% baie gereeld en gereeld en 24,7% minder gereeld aangedui het. Met die 1995 ondersoek het die persentasie studente wat van die gedigtekatalogus gebruik maak, verbeter na 43,7%. Die persentasie studente wat baie gereeld en gereeld aangedui het, het aansienlik verbeter na 20,2%. Die persentasie studente wat die gedigtekatalogus minder gereeld gebruik, het met die 1995 ondersoek feitlik dieselfde gebly met 23,5%.

Dit blyk verder dat twee derdes (66,9% 1988) en helfte (56,3% 1995) van die studente nie van die gedigtekatalogus gebruik maak nie. By hierdie vraag is dit van belang om te weet watter studente nie van die **gedigtekatalogus** gebruik maak nie. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van

die gedigtekatalogus gebruik maak en watter nie. Tabel 6.12 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat aangedui het dat hulle nooit van die gedigtekatalogus gebruik maak nie.

**TABEL 6.12 STUDENTE WAT NOOIT VAN DIE GEDIGTEKATALOGUS GEBRUIK MAAK NIE**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 36,5      | 36,7      |
| J2            | 40,5      | 46        |
| J3            | 66,7      | 62,2      |
| J4            | 59,5      | 91,4      |
| S1            | 63,6      | 16,8      |
| S2            | 79,8      | 45,7      |
| S3            | 77,7      | 64,8      |
| S4            | 75        | 82,2      |
| T1            | 81        | 100       |
| T2            | 92,9      | 93,8      |
| T3            | 93,3      | 88,9      |
| T4            | 97,2      | 100       |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.12 gemaak word:

1. Die hoogste persentasies is deur T1, 2, 3 en 4 met die 1988 ondersoek en T1, 2 en 4 met die 1995 ondersoek aangedui. Die resultate dui daarop dat die meeste van die Technika-studente geen gebruik (T1 en 4, 1995, glad nie) van die gedigtekatalogus gebruik maak nie.
2. Die vierdejaarstudente (J4, S4 en T4) maak ook baie min van die gedigtekatalogus gebruik.
3. Die laagste persentasies is deur J1 en 2 met die 1988 ondersoek en J1, S1 en 2 met die 1995 ondersoek aangedui, wat beteken dat hierdie studente die meeste van die gedigtekatalogus gebruik maak.

Die **gedigtekatalogus** is nog van waarde vir meer as 'n derde van die studente. Die indeksering van gedigte kan dus nog deur die vakbibliotekaris uitgevoer word.


#### **4.3.3.10 Benutting van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur**

Slegs 'n klein groepie studente maak van hierdie eksklusiewe katalogus gebruik. Hierdie katalogus het sy oorsprong te danke aan die departement Junior Primêr, wat aanvanklik vir hierdie katalogus gevra het. Soos ook met die gedigte- en tydskrifkatalogus die geval is, is die proses van indeksering

'n professionele taak wat deur 'n professionele vakbibliotekaris verrig word en baie tyd in beslag neem.

- Die studente is derhalwe in vraag 2.1 (bylae D) gevra om aan te dui hoe dikwels hulle van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur gebruik maak. Die resultate hiervan word in grafiek 6.14 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.14 BENUTTING VAN DIE KATALOGUS VIR KINDER- EN KLEUTERLEKTUUR DEUR STUDENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was in 1988, 88,7% en het met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 97,9%.

Die benutting van hierdie katalogus het baie toegeneem met die 1995 ondersoek. Met die 1988 ondersoek het minder as die helfte (49,6%) van die studente aangedui dat hulle van hierdie katalogus gebruik maak, terwyl dié persentasie met die 1995 ondersoek gegroei het na 67,1% - wat twee derdes (67,1%) van die studente uitmaak.

Die studente wat aangedui het dat hulle dié katalogus baie gereeld en gereeld benut, was in 1988 22,5%. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na 38,6%. Die studente wat aangedui het dat hulle die katalogus op 'n minder gereelde basis benut, was in 1988 27,1% en het verbeter na 28,5% met die 1995 ondersoek. Die persentasie studente wat met die 1988 ondersoek aangedui het dat hulle **nie** van dié katalogus gebruik maak nie, was 50,5%. Hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 32,9%. Dit is dus duidelik dat die gebruik van die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** toegeneem het sedert die 1988 ondersoek.

Dit is van belang om te weet watter studente nooit van die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** gebruik maak nie. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur gebruik maak en watter nie. Tabel 6.13 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat aangedui het dat hulle nooit van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur gebruik maak nie.

**TABEL 6.13 STUDENTE WAT NOOIT VAN DIE KATALOGUS VIR KINDER- EN KLEUTERLEKTUUR GEBRUIK MAAK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 10   | 9,5  |
| J2            | 17,7 | 5    |
| J3            | 11,8 | 6,5  |
| J4            | 20,5 | 46,3 |
| S1            | 64,3 | 19,7 |
| S2            | 77,8 | 35,7 |
| S3            | 69,5 | 55,7 |
| S4            | 73,1 | 53,1 |
| T1            | 85,7 | 66,7 |
| T2            | 89,3 | 83,3 |
| T3            | 100  | 100  |
| T4            | 89,2 | 100  |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.13 gemaak word:

1. By albei ondersoeke het dit geblyk dat die Technika-studente (T1, 2, 3 en 4) geen gebruik of baie min, van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur gebruik maak, aangesien hulle die hoogste persentasies aangedui het.
2. Met die 1988 ondersoek het die Junior Primêr-studente (J1, 2, 3 en 4) die laagste persentasies aangedui, wat daarop dui dat hulle die meeste van dié katalogus gebruik maak. Met die opvolgondersoek in 1995, was dit J1, 2 en 3, asook S1 wat die hoogste persentasies aangedui het.
3. Die vierdejaars maak ook baie min van hierdie katalogus gebruik.

Die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** is nog van waarde vir minstens twee derdes van die studente. Die indeksering van kinder- en kleuterlektuur kan dus nog deur die vakbibliotekaris uitgevoer word.

### 6.3.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia


Aangesien dit baie duur is om die verskillende inligtingmedia aan te skaf, te prosesseer, te katalogiseer, te klassifiseer en in stand te hou, is dit belangrik om te bepaal of ál hierdie inligtingmedia na wense benut word deur die studente. Die ondersoek het dit onder andere ten doel gestel om te bepaal of die Kollegebiblioteek steeds moet voortgaan om die verskillende inligtingmedia aan te skaf, uit te bou en in stand te hou.

- Daar is vervolgens aan die studente in vraag 2.2 (bylae D) gevra hoe dikwels hulle van die verskillende inligtingmedia, te wete **boeke, tydskrifte, audiovisuele media, koerante en knipsels** gebruik maak. Die studente moes die volgende **frekwensie van gebruik** aandui: Daaglik; Weeklik/Tweeweklik; Een tot drie keer per termyn; Nooit. Elkeen van hierdie media word vervolgens geanaliseer en bespreek.

#### 6.3.4.1 Benutting van boeke

Dit is belangrik om te bepaal of die studente nog van **boeke** gebruik maak. Daar is eerstens aan die studente gevra in watter mate hulle van boeke as inligtingmedium gebruik maak. Die resultate van albei ondersoek word in grafiek 6.15 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.15 BENUTTING VAN BOEKE DEUR STUDENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was baie goed, naamlik 94,3% met die 1988 ondersoek en 98,5% met die 1995 ondersoek.

**Boeke** as inligtingmedium, bly nog vir die studente belangrik. Driekwart (76,7%) van die studente het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle van boeke as inligtingmedium gebruik maak. Met die opvolgondersoek het dié persentasie gestyg na 85,5% - wat meer as driekwart van die studente is. Die benutting van boeke het dus toeneem sedert die 1988 ondersoek.

Met die 1988 ondersoek het net 27,8% van die studente aangedui dat hulle baie gereeld en gereeld van boeke gebruik maak, hierdie persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 43,5 %. Meer as 'n derde (48,9%) van die studente het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle minder gereeld van boeke gebruik maak. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 42%, aangesien méér studente aangedui het dat hulle boeke gereeld gebruik. Met die 1988 ondersoek het minder as 'n kwart (23,2%) aangedui dat hulle nooit van boeke gebruik maak nie. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek verminder na slegs 14,6%. Daar het dus sedert die 1988 ondersoek 'n verbetering in die benutting van boeke deur studente ingetree.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van boeke gebruik maak en watter nie. Eerstejaarstudente het veral aangedui dat hulle daaglik boeke benut: J1 (7,3% verbeter na 8%); S1 (4,2% verbeter na 23,3%); T1 (8,3% verswak na 0%).

Daar bestaan egter kommer oor die studente wat aangedui het dat hulle nooit van boeke as inligtingmedium gebruik maak nie (23,2% verminder na 14,6% met die opvolgondersoek). Dit is onrusbarend dat studente onderwysers wil word, maar aangedui het dat hulle nooit van boeke gebruik maak nie. Tabel 6.14 dui die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente aan wat aangedui het dat hulle nooit van boeke gebruik maak nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.14 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het die Junior Primêr-studente die laagste persentasies aangedui, wat daarop dui dat hulle die meeste van boeke gebruik gemaak het. Daarna het die Senior Primêr-studente gevolg en laastens Technika.
2. Met die opvolgondersoek in 1995, was dit egter S1, en T1, asook S4 en J4 wat die laagste persentasies aangedui het. Hulle maak gevolglik die meeste van boeke gebruik. In teenstelling met die 1988 ondersoek, het J1, 2 en 3, asook T3 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle nou die minste van boeke gebruik maak. Daar was dus 'n interessante ommeswaai van resultate by die twee ondersoeke.
3. Die Technika-studente, behalwe T1, maak baie min van boeke gebruik.


TABEL 6.14 STUDENTE WAT NOOIT VAN BOEKE GEBRUIK MAAK NIE

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 11,8 | 17   |
| J2            | 15,6 | 18,8 |
| J3            | 9,6  | 19   |
| J4            | 25,5 | 12,2 |
| S1            | 14,5 | 9,3  |
| S2            | 25,8 | 13,7 |
| S3            | 25,7 | 14,4 |
| S4            | 26,1 | 13,5 |
| T1            | 41,7 | 0    |
| T2            | 61,3 | 16,7 |
| T3            | 50   | 44,4 |
| T4            | 35,9 | 14,3 |

#### 6.3.4.2 Benutting van tydskrifte

**Tydskrifte** was nog altyd aktuele inligtingbronne en kan van groot waarde vir studente wees. Die studente moes tweedens by vraag 2.2 (bylae D) aandui hoe dikwels hulle van tydskrifte gebruik maak. Die resultate van beide die ondersoeke word in grafiek 6.16 uiteengesit.

GRAFIEK 6.16 BENUTTING VAN TYDSKRIFTE DEUR STUDENTE



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 93% en het met die 1995 ondersoek verbeter na 98,2%.

Minder as die helfte van die studente maak van **tydskrifte** gebruik. Met die 1988 ondersoek het die helfte van die studente (56.3%) aangedui dat hulle van tydskrifte gebruik maak. Dié persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 afgeneem na 47,4%. Minder as 'n kwart van die studente benut tydskrifte baie gereeld en gereeld (21,8% verminder na 21,7%). Tussen 'n derde (34,5%, 1988) en 'n kwart (25,7%, 1995) van die studente maak op 'n minder gereelde basis van tydskrifte gebruik.

Die persentasie studente wat aangedui het dat hulle nooit van **tydskrifte** gebruik maak nie, het van 43,7% in 1988 vermeerder na 52,6% in 1995 - wat ongeveer die helfte van die studente is. Daar is dus 'n duidelike afname in die gebruik van tydskrifte sedert die 1988 ondersoek. (Vergelyk ook die resultate van die benutting van die tydskrifafdeling en bespreking daarvan in paragraaf 6.3.3.4, asook die benutting van geïndekseerde tydskrifartikels, soos in paragraaf 6.3.3.8 bespreek word. Die resultate in hierdie paragrawe (6.3.3.4 en 6.3.3.8) stem met hierdie paragraaf (6.3.4.2) ooreen, in die sin dat tydskrifte op 'n minder gereelde basis benut word, en dat slegs ongeveer die helfte van die studente van tydskrifte gebruik maak).

Die feit dat daar 'n afname in die benutting van **tydskrifte** deur studente is, is kommerwekkend. Ongeveer die helfte van die studente kom dus nie in aanraking met aktuele inligting uit tydskrifte nie. Daar bestaan veral kommer oor dié studente wat aangedui het dat hulle nooit van tydskrifte gebruik maak nie (43,7% vermeerder na 52,6%). Dit is tog onbegryplik dat so 'n groot persentasie studente wil gaan onderwys gee, sonder dat hulle die waarde van tydskrifte ontdek het!

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van tydskrifte gebruik maak en watter nie. Tabel 6.15 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat aangedui het dat hulle nooit van tydskrifte gebruik maak nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.15 gemaak word:

1. Die eerstejaarstudente het die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle dus die meeste van tydskrifte gebruik maak.
2. Senior Primêr-studente (S2, 3 en 4) het hoër persentasies aangedui, wat beteken dat hulle tydskrifte baie min benut.
3. Junior Primêr-studente (J2, 3 en 4) het saam met die Technika-studente (T2 en 3) die hoogste persentasies aangedui en benut gevolglik tydskrifte die swakste of glad nie.

**TABEL 6.15 STUDENTE WAT NOOIT VAN TYDSKRIFTE GEBRUIK MAAK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 27,1 | 37   |
| J2            | 48,9 | 69,3 |
| J3            | 47,2 | 55,3 |
| J4            | 60,9 | 61,4 |
| S1            | 22,5 | 24,4 |
| S2            | 40,2 | 52,1 |
| S3            | 52,1 | 58   |
| S4            | 46,8 | 68,2 |
| T1            | 30,5 | 42,9 |
| T2            | 58,1 | 61,1 |
| T3            | 63,1 | 77,8 |
| T4            | 26,4 | 42,9 |

#### **6.3.4.3 Benutting van oudiovisuele media**


In hoofstuk 5 is die omvang van die **oudiovisuele media** van die Kollegebiblioteek volledig uiteengesit (vergelyk tabel 5.4). Die Kollegebiblioteek beskik oor 'n groot versameling oudiovisuele programmatuur. Aangesien hierdie media baie duur is, is dit belangrik om vas te stel of dié media wel benut word deur die studente.

- Die studente moes derdens by vraag 2.2 (bylae D) aandui hoe dikwels hulle van **oudiovisuele media** gebruik maak. Die resultate van albei ondersoeke word in grafiek 6.17 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was 93,3% in 1988 en het verbeter na 98% met die 1995 opvolgondersoek.

Ongeveer driekwart van die studente (68,8% verbeter na 73,7%) maak van **oudiovisuele media** gebruik. Minder as 'n kwart (14,8% verbeter na 17,8%) van die studente benut oudiovisuele media baie gereeld en gereeld. Die meerderheid studente benut egter oudiovisuele media op 'n minder gereelde basis - dit is ongeveer die helfte van die studente (54,6% verbeter na 55,9%). Ongeveer 'n derde van die studente (26,2% verbeter na 31,1%) maak geen gebruik van oudiovisuele media nie.

GRAFIEK 6.17 BENUTTING VAN AUDIOVISUELE MEDIA DEUR STUDENTE



Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél van oudiovisuele media gebruik maak en watter nie.

Daar bestaan veral kommer oor dié studente wat aangedui het dat hulle nooit van **oudiovisuele media** gebruik maak nie (31,1% verminder na 26,2%). Dit is tog vir 'n onderwyser belangrik om vertrouwd te wees met die gebruik van programmatuur, dit is daarom ontstellend dat 'n kwart (26,2%) van die studente aangedui het dat hulle dit nooit benut nie. Tabel 6.16 toon die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente aan wat nooit van **oudiovisuele media** gebruik maak nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.16 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het al die Technika-studente die hoogste persentasies aangedui (T2 die hoogste) wat beteken dat hulle die minste van oudiovisuele media gebruik gemaak het. Junior Primêr-studente het die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die meeste van oudiovisuele media gebruik gemaak het.

**TABEL 6.16 STUDENTE WAT NOOIT VAN AUDIOVISUELE MEDIA GEBRUIK MAAK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 15,3 | 21,8 |
| J2            | 18,2 | 25,7 |
| J3            | 12,7 | 40,8 |
| J4            | 8,5  | 27,7 |
| S1            | 28,5 | 15   |
| S2            | 42,3 | 28,4 |
| S3            | 30,2 | 30,7 |
| S4            | 39,3 | 21,7 |
| T1            | 65,2 | 33,3 |
| T2            | 87,2 | 55,6 |
| T3            | 83,3 | 22,2 |
| T4            | 81,6 | 28,6 |

2. Met die opvolgondersoek in 1995 het T2 die hoogste persentasie aangedui, asook J3 en S3, T1 en T4. Hierdie studente maak die minste van oudiovisuele media gebruik. T3 het aansienlik met die opvolgondersoek verbeter en het 'n laer persentasie aangedui.
3. Die eerstejaarstudente (S1 en J1) het by die opvolgondersoek in 1996 die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die meeste van oudiovisuele media gebruik maak.


#### **6.3.4.4 Benutting van koerante**

Die Kollegebiblioteek is ingeteken op vyf koerante wat daagliks tot die beskikking van alle gebruikers gestel word. Die vraag is of dit werklik deur die studente gelees of benut word ?

- Die studente moes vervolgens by vraag 2.2 (bylae D) aandui hoe dikwels hulle van koerante gebruik maak. Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, word in grafiek 6.18 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was in 1988 93,2%, wat na 98,1% verbeter het met die opvolgondersoek in 1995.

GRAFIEK 6.18 BENUTTING VAN KOERANTE DEUR STUDENTE



Die helfte van die studente maak van koerante gebruik (50% verbeter na 54,4%). 'n Kwart (26,9% 1988) en 'n derde (32,3% 1995) van die studente het aangedui dat hulle koerante baie gereeld en gereeld lees of benut. Minder as 'n kwart (23,1% 1988 en 22,1% 1995) van die studente lees of gebruik koerante minder gereeld. Die helfte van die studente (50% 1988 en 45,6% 1995) maak egter nie van koerante in die Kollegebiblioteek gebruik nie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél koerante lees of benut en watter nie. By hierdie vraag is dit belangrik om te weet watter studente aangedui het dat hulle nooit koerante lees nie. Tabel 6.17 dui die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente aan wat aangedui het dat hulle nooit koerante lees nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.17 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het T2 en 3, asook J4 die hoogste persentasies aangedui, maar met die opvolgondersoek in 1995 was dit T1 en 3, asook J3 wat die hoogste persentasies aangedui het, wat beteken dat hulle koerante minder gereeld lees of benut.
2. Die laagste persentasies is deur J1, T1, S1 en 2 met die 1988 ondersoek en T2 en 4, asook S1 en 2 met die 1995 ondersoek aangedui, wat beteken dat hulle koerante die meeste benut.

**TABEL 6.17 STUDENTE WAT NOOIT VAN KOERANTE GEBRUIK MAAK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 40,2 | 42,4 |
| J2            | 60,4 | 55,4 |
| J3            | 60,9 | 58,2 |
| J4            | 63,6 | 46,3 |
| S1            | 27,9 | 28,3 |
| S2            | 40,1 | 38,5 |
| S3            | 50,8 | 40,9 |
| S4            | 49,1 | 50,8 |
| T1            | 21,7 | 66,7 |
| T2            | 64,5 | 33,3 |
| T3            | 66,7 | 55,6 |
| T4            | 44,7 | 28,6 |

Aangesien minstens die helfte van die studente van koerante gebruik maak, is dit vir die Kollegebiblioteek lonend om koerante aan sy gebruikers beskikbaar te stel.

#### **6.3.4.5 Benutting van knipsels**


Koerantknipsels met aktuele inligting word daagliks deur die vakbibliotekaris geïdentifiseer en geïndekseer en is 'n tydrowende taak. Die arbeid daaraan verbonde, behoort dus lonend te wees. Daarom is dit belangrik om te bepaal in watter mate die studente van hierdie knipsels gebruik maak.

- Die studente moes laastens by vraag 2.2 (bylae D) aandui hoe dikwels hulle van knipsels gebruik maak. Die resultate van albei ondersoeke in 1988 en 1995, word in grafiek 6.19 uiteengesit.

Die respons was 88,1% met die 1988 ondersoek en het na 97,1% met die opvolgondersoek in 1995 verbeter.

Hoewel die knipsels baie min benut word, het die resultate getoon dat die benutting van knipsels effens toegeneem het sedert die 1988 ondersoek. Met die 1988 ondersoek het minder as 'n kwart van die studente (24,1%) aangedui dat hulle van knipsels gebruik maak.

GRAFIEK 6.19 BENUTTING VAN KNIPSELS DEUR STUDENTE



Met die 1995 ondersoek het meer as 'n kwart (29,9%) van die studente laat blyk dat hulle van **knipsels** gebruik maak - wat dus 'n verbetering op die 1988 ondersoek is. Baie min studente maak baie gereeld en gereeld van knipsels gebruik (5,3% 1988 en 9% 1995). Die meeste studente benut (18,8% 1988 en 20,8% 1995) knipsels op 'n minder gereelde basis. Driekwart van die studente (75,9% 1988 en 70,2% 1995) maak egter nooit van knipsels gebruik nie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wél **knipsels** benut en watter nie. By hierdie vraag is dit van belang dat daar gekyk word na die studente wat nooit van knipsels gebruik maak nie. In tabel 6.18 word persentasies van dié studente aangedui:

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.18 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het al die Technika-studente (T1, 2, 3 en 4) die hoogste persentasies aangedui, maar met die opvolgondersoek in 1995, het slegs T3 en 4 hoë persentasies aangedui, - wat beteken dat hulle baie min of glad nie van knipsels gebruik maak nie.
2. By beide die ondersoeke in 1988 en 1995, het die eerstejaarstudente van Junior- en Senior Primêr (J1 en S1) die laagste persentasies aangedui wat beteken dat hulle knipsels die meeste benut.
3. Die eerstejaar Technika-studente (T1) het baie met die opvolgondersoek in 1995 verbeter en die resultate toon dat hulle meer van knipsels gebruik maak as met die 1988 ondersoek.

**TABEL 6.18 STUDENTE WAT NOOIT VAN KNIPSELS GEBRUIK MAAK NIE**

| <b>Studierigting</b> | <b>1988</b> | <b>1995</b> |
|----------------------|-------------|-------------|
|                      | <b>%</b>    | <b>%</b>    |
| J1                   | 65,7        | 51,5        |
| J2                   | 81,3        | 85,1        |
| J3                   | 80,2        | 85,1        |
| J4                   | 69,3        | 75,6        |
| S1                   | 53,9        | 42,5        |
| S2                   | 76,6        | 69,2        |
| S3                   | 80          | 79,5        |
| S4                   | 83          | 77,8        |
| T1                   | 91          | 66,7        |
| T2                   | 86,2        | 70,6        |
| T3                   | 88,2        | 100         |
| T4                   | 88,9        | 100         |


Hoewel slegs 29% van die studente van knipsels gebruik maak, is dit tog vir diegene wat dit wél benut (soos byvoorbeeld J1 en S1), van groot waarde. Sedert die 1988 ondersoek, het die gebruik van knipsels ook toegeneem.

### **6.3.5 Ingesteldheid van studente ten opsigte van biblioteekgebruik**

Dit is baie belangrik dat die studente die regte **ingesteldheid** ten opsigte van biblioteekgebruik sal hê. 'n Positiewe ingesteldheid van studente ten opsigte van biblioteekgebruik, behoort die benutting van die Kollegebiblioteek direk te beïnvloed.

Met die twee ondersoeke in 1988 en 1995, is onder andere gepoog om die **ingesteldheid van studente** ten opsigte van biblioteekgebruik te bepaal. Derhalwe is daar twee vrae oor die ingesteldheid van studente teenoor biblioteekgebruik, in die studentevraelys tussen die ander vrae "versteek". Daar is met opset nie 'n opskrif "ingesteldheid van studente" in die vraelys geplaas nie, aangesien dit moontlik die studente kon beïnvloed.

- Daar is aan die studente in vraag 1.2 (bylae D) gevra om watter rede hulle die Kollegebiblioteek gebruik. Dié vraag is spesifiek gevra om die ingesteldheid van studente te bepaal teenoor biblioteekgebruik. Hulle moes aandui of biblioteekgebruik vir hulle onontbeerlik vir studie/opleiding is, en of hulle slegs die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit van hulle verwag word. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke is duidelik waarneembaar in grafiek 6.20.

**GRAFIEK 6.20 INGESTELDHEID VAN STUDENTE TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK**

Die respons op hierdie vraag was in 1988 95% en het verbeter na 97,6% met die 1995 ondersoek. Daar was 5% van die studente wat nie die vraag met die 1988 ondersoek beantwoord het nie. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verminder na 2,4%.

Ongeveer twee derdes van die studente (65,1% 1988 en 71,6% 1995) beskou die Kollegebiblioteek as onontbeerlik vir studie/opleiding, terwyl ongeveer 'n derde (34,9% 1988 en 28,4% 1995) van die studente laat blyk het dat hulle die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit van hulle verwag word.

Die resultate van altwee ondersoeke het getoon dat die ingesteldheid van die meerderheid studente positief is ten opsigte van biblioteekgebruik. Daar is ook 'n aansienlike verbetering in resultate met die opvolgondersoek in 1995.

Daar bestaan egter kommer oor die studente wat aangedui het dat hulle slegs die Kollegebiblioteek benut omdat dit van hulle verwag word. In tabel 6.19 word die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aangedui wat te kenne gegee het dat hulle slegs die Kollegebiblioteek benut omdat dit van hulle verwag word.

**TABEL 6.19 STUDENTE WAT DIE KOLLEGEbiblioteek GEBRUIK OMDAT DIT VAN HULLE VERWAG WORD**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 11,4 | 22   |
| J2            | 24,1 | 25,7 |
| J3            | 22,6 | 11,7 |
| J4            | 38,2 | 19,5 |
| S1            | 25,3 | 28,1 |
| S2            | 39,5 | 38,5 |
| S3            | 39,8 | 52,3 |
| S4            | 46,8 | 24   |
| T1            | 45,4 | 14,3 |
| T2            | 51,6 | 33,3 |
| T3            | 68,4 | 50   |
| T4            | 67,6 | 33,3 |


Die volgende afleidings kan uit tabel 6.19 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het al die Technika-studente (T1, 2, 3 en 4) die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik besonder swak was. Met die opvolgondersoek in 1995, het T1 aansienlik verbeter en 'n hoë persentasie aangedui - wat beteken dat T1 se ingesteldheid verbeter het.
  2. Met die 1988 ondersoek het die Technika-studente die hoogste persentasies aangedui, daarna het die Senior Primêr-studente gevolg en laastens die Junior Primêr-studente. Die Junior Primêr-studente was dus meer positief ten opsigte van biblioteekgebruik as die ander studente.
  3. Met die 1995 ondersoek het J3 die laagste persentasie aangedui, daarna het J4, J1, en laaste het J2 gevolg. J1, 2, en 4 het met die opvolgondersoek effens verswak, maar het nog steeds 'n beter ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik as al die ander studente.
  4. Met die opvolgondersoek in 1995, het S3, T3, S2, T1 en T4 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik die swakste is. S2 en 3 het met die opvolgondersoek nog verder verswak.
- Die tweede vraag wat gerig was op die **ingesteldheid van studente**, was vraag 3.2.2 (bylae D) wat gevra het dat die studente 'n rede moes aandui indien hulle nie van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie. Vier redes was aan die studente gegee, waaruit hulle een moes kies, naamlik:

- a) Vir my studierigting is biblioteekgebruik onnodig;
- b) Ek het nie tyd nie;
- c) Die biblioteek beskik nie oor die nodige inligtingmedia nie;
- d) My dosente verwag nie van my om die biblioteek te gebruik nie.

Die resultate van hierdie vraag (van beide die ondersoeke in 1988 en 1995), word in grafiek 6.21 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.21 REDES WAAROM STUDENTE NIE DIE KOLLEGEbiblioteek GEBRUIK NIE**



Die respons op hierdie vraag is baie belangrik, aangesien die studente wat dié vraag wél beantwoord het, diegene behoort te wees wat gewoonlik probleme met die Kollegebiblioteek ervaar en dus nie altyd die Kollegebiblioteek gebruik nie. Die vraag het gelui: "Wanneer u *nie* van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie ... " Met hierdie vraag het hulle redes aangedui waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie. Dit is belangrik dat die Kollegebiblioteek sal kennis neem van watter studente redes aangedui het.

Met die 1988 ondersoek het 'n kwart (26,1%) van die studente nie die vraag beantwoord nie, en met die 1995 ondersoek het dié persentasie vermeerder na 'n derde (32,8%) van die studente. Laasgenoemde studente het dus die vraag geïgnoreer omdat hulle gewoonlik van die Kollegebiblioteek gebruik maak en blykbaar geen probleme ervaar nie.

Driekwart (73,9% 1988) en twee derdes (67,4% 1995) van die studente het egter wél die vraag beantwoord. Die respons dui daarop dat meer studente tevrede is met die Kollegebiblioteek sedert die 1988 opvolgondersoek. Dit is tog kommerwekkend dat so 'n groot hoeveelheid studente redes aangedui het waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie.

Van die 73,9% (1988) en 67,4% (1995) studente wat die vraag beantwoord het, het:

- 'n klein aantal van die studente, 16% (1988) en 7,5% (1995), aangedui dat hulle van mening is dat biblioteekgebruik vir hulle studierigting onnodig is. Daar is 'n verbetering sedert die 1988 ondersoek, aangesien heelwat minder studente hierdie opsie gekies het;
- die helfte van die studente, 50,6% (1998) en 56,7% (1995), aangedui dat hulle nie tyd het om die biblioteek te gebruik nie;
- minder as 'n kwart van die studente, 12,8% (1988) en 17% (1995), aangedui dat die biblioteek nie oor die nodige inligtingmedia beskik nie;
- minder as 'n kwart van die studente, 20,6% (1988) en 18,8% (1995), aangedui dat die dosente nie biblioteekgebruik van hulle verwag nie.

'n Analise van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente toon watter studente redes aangetoon het. Aangesien dit vir hierdie navorsing van belang is om te weet waarom en om watter redes sommige studente nie van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie, word die resultate van elkeen van die verskillende redes wat aan die studente gegee was, in tabelle 6.20 tot 6.23 weergegee.

#### a) Vir hulle studierigtings is biblioteekgebruik onnodig

Tabel 6.20 toon die studente aan wat laat blyk het dat biblioteekgebruik vir hulle studierigtings onnodig is.

**TABEL 6.20 STUDENTE WAT VAN MENING IS DAT BIBLIOTEEKGEBRUIK VIR HULLE STUDIERIGTINGS ONNODIG IS**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 13   | 5    |
| J2            | 9,8  | 6,2  |
| J3            | 6    | 0    |
| J4            | 17,4 | 2    |
| S1            | 12   | 10,2 |
| S2            | 14,4 | 19,4 |
| S3            | 20,8 | 9,7  |
| S4            | 21,9 | 0    |
| T1            | 33,3 | 0    |
| T2            | 23,3 | 0    |
| T3            | 18,8 | 22,2 |
| T4            | 18,4 | 0    |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.20 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het T1, 2, 3 en 4 die hoogste persentasies aangedui, asook S3 en 4. Dit beteken dat hulle die Kollegebiblioteek waarskynlik die minste gebruik het en dat hulle biblioteekgebruik as onnodig beskou het.
2. Met die opvolgondersoek het T1, 2 en 4, asook S4 egter sodanig verbeter dat hulle 0% aangedui het. Die Technika-studente se ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik het dus verbeter met die opvolgondersoek.
3. Met uitsondering van S2 en T3, het al die ander groepe studente met die opvolgondersoek laer persentasies aangedui, wat beteken dat hulle ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik met die opvolgondersoek verbeter het.

#### b) Het nie tyd om die biblioteek te gebruik nie

Met die opvolgondersoek in 1995, het méér studente aangedui dat hulle **nie tyd het** om die Kollegebiblioteek te gebruik nie. Eintlik kan daar niks verder aan die saak gedoen word as studente laat blyk het dat hulle **nie tyd het** om die Kollegebiblioteek te gebruik nie. Daar kan ook geredeneer word dat hierdie opsie nooit by hierdie vraag ingesluit behoort te gewees het nie. Tog het die meerderheid studente hierdie opsie as 'n rede gekies waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie.

Daar kan dus aanvaar word dat die programme van sommige studente redelik vol is en dat hulle werklik nie die tyd vind om die Kollegebiblioteek te gebruik nie, byvoorbeeld Technika-studente wat die hele dag met lesings en praktiese werk besig is en dalk nog in die namiddae by 'n sport soos byvoorbeeld rugby, betrokke is. Tabel 6.21 toon die studente aan wat laat blyk het dat hulle nie tyd het om die biblioteek te gebruik nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.21 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek het T4, J1, S1, 2 en 3 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hierdie studente nie tyd het om die biblioteek te gebruik nie. Met die opvolgondersoek was dit die eerstejaarstudente (J1, T1 en S1), asook S3 en 4 en J2 wat die hoogste persentasies aangedui het. Dit lyk dus of eerstejaars en die Senior Primêr-studente, oor die algemeen 'n probleem het met beskikbare tyd, omdat hulle by albei ondersoeke hoë persentasies aangedui het.
2. Met die opvolgondersoek in 1995, het J3, T3 en 4, asook S2 laer persentasies getoon, wat beteken dat hulle meer beskikbare tyd het om die biblioteek te gebruik as met die 1988 ondersoek.

**TABEL 6.21 STUDENTE WAT VAN MENING IS DAT HULLE NIE TYD HET OM DIE BIBLIOTEEK TE GEBRUIK NIE**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 61,1      | 75        |
| J2            | 51        | 58,5      |
| J3            | 50,7      | 48,8      |
| J4            | 45,6      | 52,9      |
| S1            | 57,3      | 71,4      |
| S2            | 56,3      | 36,3      |
| S3            | 52,3      | 52,8      |
| S4            | 38,8      | 61,7      |
| T1            | 38,8      | 75        |
| T2            | 46,7      | 46,2      |
| T3            | 43,7      | 33,3      |
| T4            | 63,2      | 37,5      |

**c) Die biblioteek beskik nie oor die nodige inligtingmedia nie**

In tabel 6.22 word die studentegroepe uitgewys wat aangedui het dat die biblioteek nie oor die nodige inligtingmedia beskik nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.22 gemaak word:

1. Aangesien hierdie studente spesifiek aangedui het dat die biblioteek **nie** oor die nodige **inligtingmedia** beskik nie en dat die persentasie studente wat só aangedui het, met die opvolgondersoek nog verder verhoog het, behoort die Kollegebiblioteek van hierdie studierigtings kennis te neem.
2. By albei die ondersoeke het die eerstejaarstudente laer persentasies aangedui, wat beteken dat hulle minder probleme as die senior studente ervaar om inligtingmedia in die Kollegebiblioteek te bekom.
3. Met die opvolgondersoek het J1 en S1, asook T3 laer persentasies aangedui, maar T1 en 4 het weer hoër persentasies aangedui, wat beteken dat hierdie studente dalk werklik **nie** die nodige inligtingmedia in die Kollegebiblioteek kon vind nie.
4. Studentegroepe wat hoë persentasies by altwee ondersoeke aangedui het, was onder andere J2, 3 en 4, asook S4 en is waarskynlik met die versameling van die Kollegebiblioteek ontevrede.

**TABEL 6.22 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE BIBLIOTEEK NIE OOR DIE NODIGE INLIGTINGMEDIA BESKIK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 11,1 | 5    |
| J2            | 16,7 | 16,9 |
| J3            | 23,9 | 23,3 |
| J4            | 14,6 | 29,4 |
| S1            | 10,3 | 8,2  |
| S2            | 4,3  | 11,8 |
| S3            | 12,3 | 19,4 |
| S4            | 13,1 | 27,2 |
| T1            | 0    | 25   |
| T2            | 13,3 | 23,1 |
| T3            | 18,7 | 11,1 |
| T4            | 7,9  | 25   |

d) My dosente verwag nie van my om die biblioteek te gebruik nie

In tabel 6.23 word die studierigtings en jaargroepe van studente aangetoon wat te kenne gegee het dat hulle dosente nie van hulle verwag om die biblioteek te gebruik nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.23 gemaak word:

1. Die eerstejaarstudente (J1, S1, T1) het met die opvolgondersoek in 1995, laer persentasies aangedui wat daarop dui dat hulle meer positief ingestel is ten opsigte van biblioteekgebruik, of dat die dosente hulle dalk meer motiveer om die biblioteek te gebruik.
2. Met die opvolgondersoek het T1 aansienlik verbeter. T2, 3 en 4 het egter met die 1995 ondersoek verswak.
3. Met die 1988 ondersoek het S4, S2 en J4 van die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik die swakste was, maar met die opvolgondersoek het S4 en J4 weer verbeter.
4. Met die opvolgondersoek het T2, 3 en 4, asook S2 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle ingesteldheid ten opsigte van biblioteekgebruik dus nie baie positief is nie.

**TABEL 6.23 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE DOSENTE DIT NIE VAN HULLE VERWAG OM DIE BIBLIOTEEK TE GEBRUIK NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 14,8 | 15   |
| J2            | 22,5 | 18,5 |
| J3            | 19,4 | 27,9 |
| J4            | 22,3 | 15,7 |
| S1            | 19,6 | 10,2 |
| S2            | 25   | 32,3 |
| S3            | 14,6 | 18,1 |
| S4            | 26,2 | 11,1 |
| T1            | 28,6 | 0    |
| T2            | 16,7 | 30,8 |
| T3            | 18,8 | 33,3 |
| T4            | 10,5 | 37,5 |

### 6.3.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed


Faktore wat biblioteekgebruik van studente direk beïnvloed, is byvoorbeeld **vakintegreering** met die biblioteek en **werkopdragte** aan studente. Hierdie navorsing het ook ten doel gehad om met die twee ondersoeke in 1988 en 1995, onder andere vas te stel in watter mate bogenoemde faktore 'n rol speel by die biblioteekgebruik van studente. In hierdie afdeling word daar na albei aspekte afsonderlik gekyk.

#### 6.3.6.1 Vakintegreering met die biblioteek

In hoofstuk 4 is kurrikulêre mediagebruik by 'n onderwyskollege in detail bespreek. Kurrikulêre mediagebruik behoort deel uit te maak van elke vak se beleid. Dit is vir hierdie navorsing van belang om vas te stel of studente hulle studies met die Kollegebiblioteek integreer. Daar is derhalwe vier vrae in die studentevraelys (bylae D) geplaas, om vas te stel in watter mate studente van kurrikulêre media gebruik maak.

- Daar is aan die studente in vraag 3.1.1 (bylae D) gevra of daar soms van hulle verwag word om **naslaanwerk** in die biblioteek te doen vir sekere vakgebiede. Die studente moes ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.22 weerspieël.

GRAFIEK 6.22 NASLAANWERK IN DIE KOLLEGEbiblioteek DEUR STUDENTE



Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 99% van die studente wat die vraag tydens die 1988 ondersoek beantwoord het. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek verbeter na 99,7%.

Daar is 'n verbetering in die gebruik van **kurrikulêre media** te bespeur, - veral na die 1995 opvolgondersoek. Meer as driekwart van die studente (89,4% verbeter na 93,8%) het aangedui dat hulle die Kollegebiblioteek benut vir naslaanwerk, omdat dit van hulle verwag word deur die dosente.

Dit wil dus voorkom of dosente beslis van die studente verwag om naslaanwerk in die biblioteek te doen as deel van hulle opleiding. Slegs 'n klein persentasie studente (10,6% verminder na 6,2%) het aangedui dat hulle dit nie doen nie. Die meeste studente maak dus kurrikulêr van die Kollegebiblioteek gebruik.

Daar bestaan egter kommer oor dié studente (10,6% en 6,2%) wat laat blyk het dat daar nie van hulle verwag word om **naslaanwerk** in die biblioteek te doen nie. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wel só aangedui het. Tabel 6.24 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n "nee"-respons aangedui het.

TABEL 6.24 STUDENTE WAT NIE NASLAANWERK IN DIE BIBLIOTEEK DOEN NIE


| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 5,3  | 2    |
| J2            | 2,1  | 11   |
| J3            | 2,1  | 19   |
| J4            | 5,1  | 7,2  |
| S1            | 6,9  | 0    |
| S2            | 8,3  | 6    |
| S3            | 12,2 | 2,2  |
| S4            | 10,7 | 6,2  |
| T1            | 52   | 0    |
| T2            | 45,7 | 0    |
| T3            | 25   | 22,2 |
| T4            | 11,6 | 12,5 |

Die volgende kan uit tabel 6.24 afgelei word:

1. Dit blyk volgens die analyses dat die eerstejaarstudente (J1, S1 en T1 ) veral met die opvolgondersoek in 1995, lae persentasies aangedui het, wat beteken dat hulle die meeste naslaanwerk in die Kollegebiblioteek doen. S1 en T1 het aansienlik met die opvolgondersoek verbeter.
  2. Met die 1988 ondersoek het T1, 2, 3 en 4 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die minste, of glad nie naslaanwerk in die biblioteek doen nie. Met die opvolgondersoek in 1995, het T1 en 2 aansienlik verbeter. S2, 3 en 4 het ook met die opvolgondersoek verbeter.
- Daar is tweedens aan die studente in vraag 3.1.2 (bylae D) gevra of sommige dosente van hulle verwag om **boeke** en **audiovisuele media** te leen vir die aanbieding van 'n **praktiese les**. Die studente moes ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.23 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 98,8% van die studente wat die vraag met die 1988 ondersoek beantwoord het. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek nog verder verbeter na 99,1%.

**GRAFIEK 6.23 BENUTTING VAN BOEKE EN OUDIOVISUELE MEDIA DEUR STUDENTE VIR 'N PRAKTIESE LES**



Meer as driekwart van die studente (75,8% verbeter na 84,4%) het aangedui dat hulle wel **boeke en oudiovisuele media** leen vir **praktiese lesse**. Die dosente verwag dus wél van die studente om boeke en oudiovisuele media te leen vir praktiese lesse. Minder as 'n kwart (24,2% verminder na 15,6%) van die studente het egter aangedui dat hulle nie boeke en oudiovisuele media leen vir praktiese lesse nie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings en jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wel só aangedui het. Tabel 6.25 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n "nee"-respons aangedui het.

Die volgende kan uit tabel 6.25 afgelei word:

1. Dit blyk volgens die analyses dat die eerstejaarstudente (J1, S1) by albei ondersoeke lae persentasies aangedui het, wat beteken dat hulle die meeste boeke en oudiovisuele media leen vir praktiese lesse. T1 het egter by altwee die ondersoeke hoë persentasies aangedui en kan aanvaar word dat hulle baie min, of glad nie boeke en oudiovisuele media benut nie.
2. Met die 1988 ondersoek het T1, 2, 3 en 4 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle baie min, of glad nie, boeke en oudiovisuele media leen vir praktiese lesse nie, maar met die opvolgondersoek in 1995, het T2 en 3 effens verbeter. Hoewel Technika-studente nog steeds met die opvolgondersoek die hoogste persentasies aangedui het, was die persentasies laer as met die 1988 ondersoek en dui dit op 'n verbetering.
3. Met die 1988 ondersoek het Junior Primêr-studente die laagste persentasies aangedui, daarna het Senior Primêr gevolg en laastens Technika. Met die opvolgondersoek was dit J1, 2 en 3, asook

**TABEL 6.25 STUDENTE WAT NIE BOEKE EN AUDIOVISUELE MEDIA LEEN VIR PRAKTIESE LESSE NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 7,9  | 11   |
| J2            | 25,2 | 4    |
| J3            | 22,3 | 19   |
| J4            | 15,6 | 25,3 |
| S1            | 19,9 | 4,6  |
| S2            | 28   | 16,2 |
| S3            | 22,8 | 25,6 |
| S4            | 25,8 | 17,8 |
| T1            | 40   | 33,3 |
| T2            | 67,6 | 22,2 |
| T3            | 40   | 22,2 |
| T4            | 48,8 | 37,5 |

S1 wat die laagste persentasies aangedui het en wat gevolglik boeke en audiovisuele media die meeste benut vir praktiese lesse.

4. J2 en 3, asook S1, 2 en 4, het ook met die opvolgondersoek verbeter.


Die dosente verwag dus wél van die studente om **boeke en audiovisuele media** te leen vir praktiese lesse, aangesien meer as driekwart (84,4%) van die studente boeke en audiovisuele media vir praktiese lesse van die Kollegebiblioteek leen.

- Dertens is aan die studente in vraag 3.1.3 (bylae D) gevra om aan te dui of dosente hulle na die biblioteek neem vir 'n **lesing of onderrig** daar. Hulle moes ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.24 uiteengesit.

Daar was 'n goeie **respons** verkry met 99% van die studente wat die vraag met die 1988 ondersoek beantwoord het. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 98,9%.

Die resultate van albei ondersoeke dui daarop dat daar 'n verbetering in die gebruik van **kurrikulêre media** sedert die 1988 ondersoek is. Ongeveer die helfte van die studente (52%) het met die 1988 ondersoek aangedui dat dosente hulle na die biblioteek neem vir 'n lesing/onderrig daar. Met die 1995 ondersoek het dié persentasie verbeter na twee derdes van die studente (64,7%). Dit wil dus voorkom of méér dosente vakintegrering met die biblioteek toepas en gevolglik 'n beter benutting van kurrikulêre media tot gevolg het.

**GRAFIEK 6.24 VAKINTEGRERING MET DIE BIBLIOTEEK: DOSENTE NEEM STUDENTE NA DIE BIBLIOTEEK VIR 'N LESING/ONDERRIG DAAR**



Daar is egter nog 'n persentasie studente wat 'n nee-respons aangedui het. Met die 1988 ondersoek het net minder as die helfte van die studente (48%) aangedui dat hulle dosente **nie** integrering met die biblioteek toepas nie. Met die opvolgondersoek in 1995 het dié persentasie gedaal na ongeveer 'n derde van die studente (35,3%). Daar was dus 'n verbetering met die opvolgondersoek in 1995 gewees. Dit dui daarop dat meer dosente studente na die Kollegebiblioteek neem vir 'n lesing of onderrig daar.

Vir die navorsing is dit van belang om te weet watter studente 'n nee-respons aangedui het, want dan kan bepaal word watter studentegroepe nie hulle studies met die Kollegebiblioteek integreer nie. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente wel só aangedui het. Tabel 6.26 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n nee-respons aangedui het.

Die volgende kan uit tabel 6.26 afgelei word:

1. Met die 1988 ondersoek het T1, 2, 3 en 4 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle baie min, of glad nie hulle studies met die biblioteek integreer nie, maar met die opvolgondersoek in 1995, het T1, 2 en 3 effens verbeter. Hoewel Technika-studente nog steeds met die opvolgondersoek hoë persentasies aangedui het, was die persentasies laer as met die 1988 ondersoek en dui dit op 'n verbetering.
2. Met die 1988 ondersoek het Junior Primêr-studente die laagste persentasies aangedui, daarna het Senior Primêr gevolg en laastens die Technika-studente.

**TABEL 6.26 STUDENTE WAT LAAT BLYK HET DAT HULLE NIE NA DIE BIBLIOTEEK GAAN VIR LESINGS/ONDERRIG DAAR NIE**


| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 31,6 | 42,4 |
| J2            | 40,6 | 1    |
| J3            | 5,3  | 62   |
| J4            | 39,7 | 61,3 |
| S1            | 77,6 | 18,5 |
| S2            | 64,2 | 8,5  |
| S3            | 18,9 | 38,9 |
| S4            | 47   | 60,6 |
| T1            | 76   | 16,7 |
| T2            | 88,6 | 22,2 |
| T3            | 95   | 44,4 |
| T4            | 100  | 81,3 |

3. Met die opvolgondersoek was dit slegs J2 wat 'n lae persentasie aangedui het. J1, 3 en 4 het egter met die opvolgondersoek aansienlik verswak.
  4. Met die opvolgondersoek in 1995, het die senior studente (T4, J4, S4, J3 en T3) die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle baie min, of glad nie hulle studies met die Kollegebiblioteek integreer nie, in teenstelling met S1, T1, S2 en J2 wat die laagste persentasies aangedui het en dus hulle studies méér met die Kollegebiblioteek integreer.
- Laastens is aan die studente in vraag 3.1.4 (bylae D) gevra om aan te dui of hulle soms **selfstudie** of **naleeswerk** in die biblioteek doen, sonder dat die dosente dit van hulle verwag. Hulle moes ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.25 weerspieël.

Daar was 'n goeie **respons** verkry met 98,9% van die studente wat die vraag met die 1988 ondersoek beantwoord het. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek afgeneem na 96,6%.

Slegs 'n derde (29,5% verbeter na 30,6%) van die studente het aangedui dat hulle **selfstudie** en **naleeswerk** in die biblioteek doen, sonder dat dosente dit van hulle verwag. 'n Derde van die studente is dus selfstandige biblioteekgebruikers. Met die 1995 ondersoek was daar 'n geringe verbetering van dié persentasie.

**GRAFIEK 6.25 SELFSTUDIE EN NALEESWERK IN DIE BIBLIOTEEK DEUR STUDENTE, SONDER DAT DOSENTE DIT VAN HULLE VERWAG**



Ongeveer twee derdes van die studente (70,5% verminder na 69,4%) het egter aangedui dat hulle nie **selfstudie** en **naleeswerk** in die biblioteek doen nie. Hierdie studente is dus nie selfstandige biblioteekgebruikers nie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente ja en watter nee aangedui het. Aangesien daar weinig aan die twee derdes studente (wat nie selfstandig die Kollegebiblioteek gebruik nie) gedoen kan word, word daar eerder 'n analise gemaak van die ja-respons (met ander woorde dié derde van die studente wat wél die Kollegebiblioteek selfstandig gebruik). Tabel 6.27 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n ja-respons aangedui het.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.27 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek was dit die eerstejaarstudente (T1, S1 en J1), asook T4 wat die hoogste persentasies aangedui het, wat beteken dat hulle dus die meeste selfstudie en naleeswerk in die Kollegebiblioteek doen. Die ander vierdejaars (J4 en S4), asook J2 en 3, het weer die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die minste selfstudie en naleeswerk doen. Die resultate behoort eintlik andersom te gewees het, aangesien die senior studente tog méér ervaring het as die eerstejaarstudente en dus beter selfstudie behoort te doen as die eerstejaarstudente.
2. Met die opvolgonderzoek in 1995, het die resultate omgeswaai en het J4, S4 en T4 van die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle dus meer selfstudie en naleeswerk doen as die ander groepe. T1 en 2 het ook hoë persentasies aangedui.

**TABEL 6.27 STUDENTE WAT SELFSTANDIG NA DIE BIBLIOTEEK GAAN VIR SELFSTUDIE EN NALEESWERK, SONDER DAT DOSENTE DIT VAN HULLE VERWAG**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 38,6 | 25,5 |
| J2            | 28   | 19   |
| J3            | 24,2 | 11,4 |
| J4            | 22   | 50,6 |
| S1            | 39,1 | 32,5 |
| S2            | 29   | 29,3 |
| S3            | 32,4 | 17   |
| S4            | 23,8 | 41,4 |
| T1            | 40   | 71,4 |
| T2            | 40   | 44,4 |
| T3            | 35   | 37,5 |
| T4            | 37,2 | 62,5 |

3. Die resultate van die opvolgondersoek in 1995 was dus meer realities en meer logies, aangesien die vierdejaars die hoogste persentasies aangedui het. J2 en 3, asook S3, het met die opvolgondersoek die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle dus die minste selfstudie en naleeswerk in die biblioteek doen.
4. J1, 2 en 3 het met die opvolgondersoek verswak en J4 en S4 het verbeter.

### **6.3.6.2 Werkopdragte**

Werkopdragte behoort die biblioteekgebruik van studente direk te beïnvloed, want dit word gekoppel aan sinvolle biblioteekgebruik en navorsing. Daar is derhalwe 'n vraag (3.2.2, bylae D) in die studentevraelys geplaas wat handel oor **werkopdragte**.

- Vraag 3.2.1 (bylae D) van die studentevraelys handel oor die verskillende stappe wat deur dosente gevolg word, voordat hulle **werkopdragte** aan studente gee. Die studente moes ten opsigte van die volgende aspekte ja of nee aandui of hulle vóór die aanvang van 'n werkopdrag ingelig word deur hulle dosente, ten opsigte van:
  - a) 'n Bibliografie;
  - b) 'n Raamwerk/voorafgaande hulp en leiding ten opsigte van die werkopdrag;
  - c) Reserверing van boeke/media in die biblioteek, indien daar te min inligting oor 'n sekere onderwerp is;
  - d) Watter vakbibliotekaris om te gaan vra vir hulp.


Elke aspek sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

Daar kon volgens die analises wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word watter studente ja en watter nee geantwoord het. By hierdie vraag is die nee-kategorie geanaliseer, aangesien daar kommer bestaan oor die studente wat 'n nee-respons aangedui het. Daar sal dus by elke aspek 'n analise van die nee-kategorie gegee word.

#### a) Opstel van 'n bibliografie

- Daar is aan die studente in vraag 3.2.2 (bylae D) gevra of dosente vooraf 'n **bibliografie** opstel en aan hulle beskikbaar stel, alvorens hulle die werkopdrag aan hulle opdra. Die resultate van dié vraag word in grafiek 6.26 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.26 OPSTEL VAN 'N BIBLIOGRAFIE DEUR DOSENTE**



Die **respons** op hierdie vraag was met die 1988 ondersoek 91,4%. Met die 1995 ondersoek het die respons verbeter na 95,1%.

Twee derdes (65,1% (1988), 64,9% (1995)) van die studente het aangedui dat hulle voor die aanvang van 'n werkopdrag ingelig word ten opsigte van 'n **bibliografie**, terwyl 'n derde (34,9% (1988), 35,1% (1995)) van die studente die teendeel aangedui het. Die meerderheid studente ontvang dus vooraf 'n bibliografie, voordat hulle 'n werkopdrag aanpak.

Daar kon volgens die analises wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word watter studente nee geantwoord het. Tabel 6.28 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n nee-respons aangedui het.

**TABEL 6.28 STUDENTE WAT 'N NEE-RESPONS AANGEDUI HET TEN OPSIGTE VAN DIE VOORAF OPSTEL VAN 'N BIBLIOGRAFIE DEUR DOSENTE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 17,6 | 34,8 |
| J2            | 46,4 | 48   |
| J3            | 31,9 | 31,6 |
| J4            | 27,1 | 28,2 |
| S1            | 32   | 31,8 |
| S2            | 29,9 | 43,2 |
| S3            | 35   | 31,1 |
| S4            | 26,2 | 23,7 |
| T1            | 81   | 28,6 |
| T2            | 78,6 | 58,8 |
| T3            | 61,1 | 44,1 |
| T4            | 47,4 | 62,5 |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.28 gemaak word:


1. Met die 1988 ondersoek was dit T1, 2, 3 en 4, asook J2 wat die hoogste persentasies aangedui het, maar met die opvolgondersoek in 1995, was dit T2, 3 en 4, asook J2 en S2 wat die hoogste persentasies aangedui het. Hierdie studente is dus van mening dat hulle **níe** vooraf (voordat hulle 'n werkopdrag uitvoer) 'n bibliografie ontvang en ten opsigte daarvan deur die dosente ingelig word nie.
2. Die laagste persentasies is by albei ondersoeke aangedui deur S4 en J4, asook J1 (1988) en T1 (1995), wat beteken dat hierdie studente grotendeels 'n bibliografie van dosente vooraf ontvang en daarvoor ingelig word.

**b) Voorafgaande hulp en leiding deur dosente ten opsigte van die werkopdrag**

- Tweedens is aan die studente in vraag 3.2.2 (bylae D) gevra of hulle vooraf **hulp en leiding** van die dosente ontvang (byvoorbeeld 'n raamwerk) alvorens hulle 'n werkopdrag uitvoer. Resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 6.27 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed, met 89,1% in 1988 en 95,5% in 1995.

**GRAFIEK 6.27 VOORAFGAANDE HULP EN LEIDING DEUR DOSENTE TEN OPSIGTE VAN WERKOPDRAGTE**



Driekwart van die studente (72,2% (1988) en 75,5% (1995)) het aangedui dat die dosente vooraf **hulp en leiding** gee (byvoorbeeld 'n raamwerk), alvorens hulle 'n werkopdrag aan hulle opdra. Ongeveer 'n kwart van die studente (27,8% (1988) en 24,5% (1995)) het die teendeel aangedui. Die resultate van die 1995 opvolgondersoek het dus effens verbeter.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente bepaal word watter studente nee geantwoord het. Tabel 6.29 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n nee-respons aangedui het.

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.29 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek was dit T1, 2 en 4, asook S3 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit T2, 3 en 4, asook S3. Hierdie studente het te kenne gegee dat hulle **nie** vooraf hulp en leiding ten opsigte van 'n werkopdrag van die dosente ontvang nie.
2. Die laagste persentasies is by altwee ondersoeke aangedui deur J1, 3 en 4, asook S1 (1988) en S4 en T1 (1995), wat beteken dat hierdie studente grotendeels vooraf hulp en leiding van dosente ontvang.

**TABEL 6.29 STUDENTE WAT 'N NEE-RESPONS AANGEDUI HET - VOORAF HULP EN LEIDING DEUR DOSENTE TEN OPSIGTE VAN 'N WERKOPDRAG**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 11,5      | 18,3      |
| J2            | 28,5      | 30        |
| J3            | 18,9      | 22,1      |
| J4            | 17,5      | 10        |
| S1            | 19,4      | 24,6      |
| S2            | 29,3      | 25,4      |
| S3            | 40        | 36        |
| S4            | 27,2      | 19,2      |
| T1            | 42,9      | 14,3      |
| T2            | 59,3      | 41,2      |
| T3            | 26,3      | 44,4      |
| T4            | 50        | 69,2      |

c) Reservering van boeke/media in die biblioteek, indien daar te min inligting oor 'n sekere onderwerp is


- Dertens is aan die studente in vraag 3.2.2 (bylae D) gevra of die nodige bronne vooraf in die biblioteek **gereserveer** word, as daar te min bronne oor 'n onderwerp is. Die resultate van dié vraag word in grafiek 6.28 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 90,5% met die 1988 ondersoek en het verbeter na 96,1% met die 1995 opvolgondersoek.

Volgens die resultate is dit duidelik dat die meeste dosente bronne vooraf vir studente **reserveer**. Ongeveer driekwart (73,1% (1988) 86,5% (1995)) van die studente het aangedui dat dosente wel vooraf die nodige bronne reserveer in die biblioteek, indien daar te min inligting oor 'n sekere onderwerp is. Met die 1988 ondersoek het ongeveer 'n kwart van die studente (26,9%) die teendeel aangedui. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 gekrimp na slegs 13,5%. Daar is dus 'n verbetering in die resultate van die opvolgondersoek.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente bepaal word watter studente nee geantwoord het. Tabel 6.30 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n nee-respons aangedui het.

**GRAFIEK 6.28 RESERVERING VAN BOEKE/MEDIA IN DIE BIBLIOTEEK INDIEN DAAR TE MIN INLIGTING OOR 'N SEKERE ONDERWERP IS**



**TABEL 6.30 STUDENTE WAT 'N NEE-RESPONS AANGEDUI HET TEN OPSIGTE VAN RESERVERING VAN BOEKE/MEDIA IN DIE BIBLIOTEEK**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 13,2 | 14,4 |
| J2            | 40   | 18,2 |
| J3            | 7,4  | 14,1 |
| J4            | 13,2 | 9,9  |
| S1            | 35   | 8,9  |
| S2            | 21   | 21,1 |
| S3            | 31,6 | 14,8 |
| S4            | 15,4 | 6,5  |
| T1            | 81   | 0    |
| T2            | 80,8 | 26,7 |
| T3            | 44,4 | 33,3 |
| T4            | 57,5 | 13,3 |


Die volgende afleidings kan uit tabel 6.30 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek was dit T1, 2, 3 en 4 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit T2 en 3 asook S2 en J2. Hierdie studente is van mening dat die nodige bronne nie vir hulle gereserveer word deur die dosente nie.
2. Die laagste persentasies is deur die volgende studentegroepe aangedui: J1, 3 en 4, asook S2 en 4 (1988) en T1, S1 en 4, J4 en T4. Hierdie studente het laat blyk dat die nodige bronne wel vir hulle deur die dosente gereserveer word.
3. Die meerderheid studente is dit eens dat die nodige boeke/media vir hulle deur die dosente gereserveer word.

a) Weet studente na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp

- Laastens is aan die studente in vraag 3.2.2 (bylae D) gevra of hulle weet na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp met hulle werkopdragte. Die resultate van dié vraag word in grafiek 6.29 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.29** INGELIGTHEID TEN OPSIGTE VAN DIE VAKBIBLIOTEKARIS



Die respons op hierdie vraag was baie goed, met 92,3% in 1988 en 96,3% in 1995.

Ongeveer die helfte van die studente (47,4% (1988) en 53,3% (1995)) het aangedui dat hulle weet na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp met hulle werkopdragte.

Die ander helfte van die studente (52,6% (1988) en 46,7% (1995)) het aangedui dat hulle nie weet na watter **vakbibliotekaris** om te gaan nie. Die resultate van die 1995 opvolgondersoek het met hierdie vraag effens verbeter.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word watter studente nie geantwoord het. Tabel 6.31 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n nie-respons aangedui het.

**TABEL 6.31 STUDENTE WAT NIE WEET NA WATTER VAKBIBLIOTEKARIS OM TE GAAN VIR HULP NIE**

| <b>Studierigting</b> | <b>1988</b> | <b>1995</b> |
|----------------------|-------------|-------------|
|                      | <b>%</b>    | <b>%</b>    |
| J1                   | 44,4        | 34,4        |
| J2                   | 62,6        | 45,5        |
| J3                   | 57,4        | 55,1        |
| J4                   | 53,9        | 45          |
| S1                   | 38,6        | 48,4        |
| S2                   | 46,8        | 42,1        |
| S3                   | 54,9        | 71,1        |
| S4                   | 55,1        | 43,9        |
| T1                   | 61,9        | 0           |
| T2                   | 63,3        | 41,2        |
| T3                   | 83,3        | 77,8        |
| T4                   | 45,2        | 26,7        |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.31 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek was dit T1, 2, 3 en J2 wat die hoogste persentasies aangedui het, en met die opvolgondersoek in 1995, was dit J3, S3 en T3, asook S1. Hierdie studente het te kenne gegee dat hulle nie weet na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp met hulle werkopdragte nie.
2. Die laagste persentasies is deur die volgende studentegroepe aangedui: S1, 2, asook J1 en T4 (1988) en T1 en 2, J1 en S2 (1995). Hierdie studente is meer ingelig ten opsigte van die dienste wat die vakbibliotekaris lewer en na wie om te gaan vir hulp met werkopdragte.

Ongeveer die helfte van die studente het by albei die ondersoeke aangedui dat hulle nie weet na watter **vakbibliotekaris** om te gaan vir hulp nie. Dit is ontstellend dat dit juis die senior studente was wat aangedui het dat hulle nie weet na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp nie.

Die eerste- en tweedejaarstudente se persentasies was heelwat laer, wat beteken dat hulle méér ingelig is ten opsigte van die dienste wat die vakbibliotekaris lewer. Die resultate behoort eintlik andersom te gewees het, aangesien 'n mens sou verwag dat juis die senior studente sal weet na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp.

### 6.3.7 Biblioteekdienste

In hoofstuk 3 is die dienste wat 'n kollegebiblioteek lewer volledig bespreek. Die Kollegebiblioteek beskik oor 'n ryke versameling boeke en ander media. Daar is ook reeds breedvoerig in hoofstuk 4 oor die benutting van die versameling besin. Die navorsing het dit onder andere ten doel gestel om vas te stel of die studente werklik met die versameling van die Kollegebiblioteek tevrede is. Die Kollegebiblioteek lewer daaglik diens aan die studente, maar kry nie altyd terugvoering van hulle of hulle wel met die versameling tevrede is nie. Die Kollegebiblioteek weet ook nie altyd of al die studente die inligting kry waarna hulle soek nie.

Derhalwe is daar ses vrae in die studentevraelys geplaas om vas te stel of studente tevrede is met die versameling, of hulle die inligting kry waarna hulle soek en of hierdie inligting paraat beskikbaar is.

#### 6.3.7.1 Volledigheid van die versameling

Eerstens moes vasgestel word of die versameling aan al die studente se studiebehoeftes voldoen.


- Daar is aan die studente in vraag 4.1.1 (bylae D) gevra of die biblioteekversameling aan ál hulle studiebehoeftes voldoen. Hulle moes slegs ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word in grafiek 6.30 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag was baie goed met 97,3% in 1988 en 98% in 1995.

Ongeveer twee derdes (70,3% verminder na 67,7%) van die studente het aangedui dat die **biblioteekversameling** aan al hulle studiebehoeftes voldoen. Daar is egter 'n derde (29,7% vermeerder na 32,3%) van die studente wat aangedui het dat die biblioteekversameling **nie** aan al hulle studiebehoeftes voldoen nie. Daar is dus 'n effense daling (met die 1995 opvolgondersoek) in die persentasie studente wat met die versameling tevrede is. Hoewel die meerderheid studente met die versameling tevrede is, bestaan daar tog kommer oor die studente wat nee aangedui het.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente bepaal word watter studente nee geantwoord het. Tabel 6.32 dui die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente aan wat 'n nee-respons aangedui het.

**GRAFIEK 6.30 VOLLEDIGHEID VAN DIE BIBLIOTEEKVERSAMELING TEN OPSIGTE VAN  
STUDENTE SE STUDIEBEHOEFTE**



**TABEL 6.32 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE BIBLIOTEEKVERSAMELING NIE AAN  
HULLE STUDIEBEHOEFTE VOLDOEN NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 13,5 | 15,8 |
| J2            | 27,3 | 36,6 |
| J3            | 46,2 | 50,6 |
| J4            | 35,3 | 40   |
| S1            | 28,4 | 15,4 |
| S2            | 17,3 | 32,5 |
| S3            | 33,3 | 43,2 |
| S4            | 29,3 | 31,5 |
| T1            | 28   | 28,6 |
| T2            | 51,4 | 22,2 |
| T3            | 42,1 | 55,6 |
| T4            | 29   | 69,2 |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.32:

1. Met die 1988 ondersoek was dit veral T2, 3 en J3 en 4 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit J3, S3 en T3 en 4. Hierdie studente het dus die

meeste probleme met die biblioteekversameling. Die versameling voldoen dus nie aan al hulle studiebehoefte nie en die Kollegebiblioteek behoort hiervan kennis te neem.

2. Die laagste persentasies is deur die eerste- en tweedejaarstudente (S1, 2, asook J1 en 2 en T1 (1988) en T1 en 2, J1 en S1 (1995)) aangedui. Hierdie studente het dus oor die algemeen minder probleme met die biblioteekversameling as die senior studente.
3. Met die uitsondering van S1 en T2, het ál die ander studentegroepe met die 1995 opvolgondersoek hoër persentasies aangedui, wat beteken dat hulle **minder tevrede** voel oor die biblioteekversameling as die 1988 ondersoekgroep. Die Kollegebiblioteek behoort hiervan kennis te neem.

### **6.3.7.2 Redes vir die onvolledigheid van die versameling**

Tweedens moes die studente **redes** aandui waarom die versameling leemtes het, of onvolledig is.

- Daar is vervolgens aan die studente in vraag 4.1.2 (bylae D) gevra dat indien hulle by vraag 4.1.1 (bylae D) nee geantwoord het (met ander woorde dat die versameling nie aan hulle behoeftes voldoen nie) hulle die belangrikste rede daarvoor moet aandui. Die studente moes 'n keuse ten opsigte van die volgende aspekte maak:
  - a) Daar is te min titels oor sekere onderwerpe;
  - b) Al word die titels gereserveer, is die inligting nog nie genoeg nie;
  - c) Daar is sekere onderwerpe waaroor daar geen inligting in die biblioteek is nie.


Die resultate van hierdie vraag, van albei ondersoeke, word in grafiek 6.31 uiteengesit.

Die **respons** op hierdie vraag is baie belangrik, aangesien slegs die studente wat **nie** met die versameling tevrede is nie, hierdie vraag beantwoord het.

By die vorige vraag (4.1.1) het 29,7% (1988) en 32,3% (1995) van die studente aangedui dat die **versameling** nie aan hulle studiebehoefte voldoen het nie. Die **respons** op hierdie vraag, behoort dus met die respons van vraag (4.1.1) ooreen te stem. By altwee ondersoeke was die respons effens hoër gewees, met 30,1% in 1988 en 33,1% in 1995.

Van die 30,1% (1988) en 33,1% (1995) van die studente wat die vraag beantwoord het, is die volgende redes deur die studente aangedui waarom die versameling nie aan hulle studiebehoefte voldoen het nie:

**GRAFIEK 6.31 REDES WAAROM DIE VERSAMELING NIE AAN STUDENTE SE STUDIEBEHOEFTE VOLDOEN NIE**



**a) Daar is te min titels oor sekere onderwerpe**

Die resultate van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, was feitlik dieselfde met 38,8% in 1988 en 39,3% in 1995 van die studente wat hierdie opsie gekies het.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word **watter** studente hierdie opsie gekies het. Tabel 6.33 dui hierdie studentegroepe aan.

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.33:

1. Met die 1988 ondersoek was dit veral J2, 3 en 4 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit T1, 2, 3 en 4. Hierdie studente is dus van mening dat daar te min titels oor sekere onderwerpe in die biblioteek is. Die Kollegebiblioteek behoort hiervan kennis neem.
2. Die laagste persentasies is deur S1, J1, asook T3 en S3 (1988) en S3 en 4, asook J2, 3 en 4 (1995) aangedui. Hierdie studente het dus oor die algemeen minder probleme met die biblioteekversameling, hoewel 'n klein persentasie nog dink dat daar te min titels oor sekere onderwerpe is.

**TABEL 6.33 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DAAR TE MIN TITELS OOR SEKERE ONDERWERPE IS**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 5,3       | 44,4      |
| J2            | 50        | 32,4      |
| J3            | 45,2      | 37,5      |
| J4            | 47        | 37,5      |
| S1            | 28,9      | 54,5      |
| S2            | 31,8      | 40        |
| S3            | 31,7      | 29,3      |
| S4            | 31,7      | 33,3      |
| T1            | 50        | 50        |
| T2            | 35,3      | 66,7      |
| T3            | 25        | 60        |
| T4            | 45,4      | 77,8      |

3. J1, S1 en 2, asook T2, 3 en 4 het met die opvolgondersoek in 1995, nog hoër persentasies aangedui as met die 1988 ondersoek. Dit beteken dat die probleem effens vergroot het sedert die 1988 ondersoek en dat daar beslis leemtes in die versameling is. Die Kollegebiblioteek behoort hiervan kennis te neem.

b) Al word die titels gereserveer, is die inligting nog nie genoeg nie

Dit wil voorkom of hierdie probleem sedert die 1988 ondersoek verbeter het, aangesien 'n kleiner persentasie studente hierdie opsie met die opvolgondersoek in 1995 gekies het (23,6% verminder na 18,6%).

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word watter studente hierdie opsie gekies het. Tabel 6.34 dui hierdie studentegroepe aan.

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.34:

1. Met die 1988 ondersoek was dit veral T3 en 4, asook S2, 3 en 4 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit T1, 2, 3. Hierdie studente is van mening dat **ten spyte van die reservering van boeke en media, is die inligting nog nie genoeg nie**. Gelukkig is dit 'n baie klein groepie studente wat só dink.

**TABEL 6.34 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT TEN SPYTE VAN RESERVERING IS DIE INLIGTING NOG NIE GENOEG NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 23,5 | 27,8 |
| J2            | 20   | 16,2 |
| J3            | 19,1 | 15   |
| J4            | 21,6 | 21,9 |
| S1            | 17,8 | 9,1  |
| S2            | 29,6 | 15   |
| S3            | 28,3 | 22   |
| S4            | 30,4 | 29,3 |
| T1            | 16,7 | 50   |
| T2            | 23,5 | 33,3 |
| T3            | 37,5 | 40   |
| T4            | 36,4 | 22,2 |

2. Die laagste persentasies is deur T1, S1 (1988) en S1 en 2, asook J3 (1995) aangedui. Hierdie studente het dus oor die algemeen minder probleme met die versameling. Daar is egter 'n baie klein groepie studente wat dink dat **ten spyte van die reservering van boeke en media, is die inligting nóg nie genoeg nie**.
3. Volgens die resultate van die twee ondersoeke is dit duidelik dat hierdie "rede" vir die onvolledigheid van die versameling, nie meer so 'n probleem vir die studente is nie, aangesien baie minder studente hierdie opsie met die opvolgondersoek gekies het.

c) Daar is sekere onderwerpe waaroor daar geen inligting in die biblioteek is nie

Met die 1988 ondersoek het 37,6% van die studente hierdie opsie gekies en met die 1995 opvolgondersoek, het dié persentasie gegroei na 42%. Dié probleem het dus sedert die 1988 ondersoek effens vergroot.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente hierdie opsie gekies het. Tabel 6.35 dui die studentegroepe aan wat hierdie "rede" gekies het.

**TABEL 6.35 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DAAR SEKERE ONDERWERPE IS  
WAAROR DAAR GEEN INLIGTING IN DIE BIBLIOTEEK IS NIE**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 23,5      | 27,8      |
| J2            | 30        | 51,4      |
| J3            | 35,7      | 47,5      |
| J4            | 31,4      | 40,6      |
| S1            | 53,3      | 36,4      |
| S2            | 38,6      | 45        |
| S3            | 40        | 48,8      |
| S4            | 36,3      | 39        |
| T1            | 33,3      | 0         |
| T2            | 41,2      | 0         |
| T3            | 37,5      | 0         |
| T4            | 18,2      | 0         |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.35:

1. Met die 1988 ondersoek was dit S1 en 3, asook T2 en 3 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit J2 en 3 en S2 en 3. Hierdie studente is van mening dat daar sekere onderwerpe in die biblioteek is, waaroor daar geen inligting is nie.
2. Die laagste persentasies is deur J1, 2 en 3, asook T4 (1988) en J1 en S1, asook T1, 2, 3 en 4 (0%) (1995) aangedui. Hierdie studente het minder probleme met die versameling as die ander, maar daar is tog nog enkele studente wat hierdie opsie gekies het.
3. Die Technika-studente (T1, 2, 3 en 4) het met die opvolgondersoek in 1995 0% aangedui, wat beteken dat hulle nie meer probleme met die versameling ervaar nie.

### **6.3.7.3 Ontsluiting van die versameling**


Die ondersoek het dit ook ten doel gestel om te bepaal of die studente werklik die inligting vind waarna hulle soek. Die Kollegebiblioteek kry nie altyd terugvoering van die studente of hulle die inligting vind, waarna hulle gesoek het nie. Daar is derhalwe twee vrae in die studentevraelys geplaas om te bepaal of die versameling doeltreffend ontsluit is, of nie.

- Om te bepaal of die studente inligting in die Kollegebiblioteek maklik vind, is aan hulle in vraag 4.2.1 (bylae D) gevra om een aspek uit die volgende te kies:

- a) Ek vind inligting gewoonlik maklik;
- b) Ek ondervind soms probleme om inligting te vind;
- c) Ek vind die inligting selde of nooit.

Na aanleiding van die resultate van hierdie vraag, sal bepaal kan word of die katalogi effektief is, of die vakbibliotekarisstelsel doeltreffend funksioneer, of boeke/media korrek op die rakke georden is, en of die studente sonder probleme hulle verlangde inligting vind. Grafiek 6.32 toon die resultate van hierdie vraag van beide die 1988 en 1995 ondersoeke.

**GRAFIEK 6.32 ONTSLUITING VAN DIE VERSAMELING**



Die **respons** op hierdie vraag, was met die 1988 ondersoek 97,2% en met die 1995 ondersoek het die persentasie verbeter na 98,8%.

Minder as die helfte van die studente (52,4% verminder na 47,1%) het aangedui dat hulle inligting maklik vind. Ongeveer die helfte van die studente (45,5% vermeerder na 50,6%) het te kenne gegee dat hulle soms probleme ondervind om inligting te vind. Slegs 'n baie klein groepie studente (2,1% vermeerder na 2,3%) het laat byk dat hulle selde of nooit die inligting vind waarna hulle soek. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente aangedui het dat hulle soms probleme ondervind om inligting te bekom. Aangesien daar kommer oor hierdie studente bestaan, word die resultate van hierdie groep geanaliseer. Tabel 6.36 toon die studentegroepe aan wat aangedui het dat hulle soms probleme ondervind om inligting te bekom.

**TABEL 6.36 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT HULLE SOMS PROBLEME ONDERVIND OM INLIGTING TE BEKOM**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 35,7 | 49,5 |
| J2            | 54,2 | 65,3 |
| J3            | 55,3 | 53,2 |
| J4            | 46,3 | 69,1 |
| S1            | 35,2 | 52,6 |
| S2            | 47,1 | 33,6 |
| S3            | 48   | 50   |
| S4            | 47,6 | 54,3 |
| T1            | 21,7 | 14,3 |
| T2            | 51,5 | 11,1 |
| T3            | 47,4 | 50   |
| T4            | 39,5 | 25   |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.36:


1. Met die 1988 ondersoek was dit J2 en 3, asook T2 en 3 wat die hoogste persentasies aangedui het en met die opvolgondersoek in 1995, was dit J2, 3 en 4, asook S4. Hierdie studente het waarskynlik die meeste probleme om hulle inligting te vind.
2. Die laagste persentasies is deur J1, S1 en T1, asook T4 (1988) en T1, 2, en 4, asook S2 (1995) aangedui. Hierdie studente het minder probleme met die versameling as die ander, maar daar is tog enkele studente wat soms nie hulle inligting vind nie.

By die vorige vraag (4.2.1) was daar 2,1% (1988) en 2,3% (1995) van die studente wat aangedui het dat hulle inligting selde of nooit vind nie. Die ondersoeke in 1988 en 1995 het dit ook ten doel gestel om redes vir probleme met die inligtingsoekproses te vind.

- Daar is derhalwe aan die studente in vraag 4.2.2 (bylae D) gevra, indien hulle probleme ondervind om inligting te vind, of indien hulle nie inligting kan vind nie, moet hulle 'n keuse uit die volgende moontlike redes maak, en aandui waar hulle dink die grootste probleem lê:
  - a) Outeurskatalogus;
  - b) Titelkatalogus;
  - c) Onderwerpskatalogus;
  - d) Vakbibliotekaris;
  - e) Dewey-klassifikasiesstelsel.

Die resultate van hierdie vraag, van beide die ondersoeke in 1988 en 1995, word in grafiek 6.33 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.33 REDES VIR PROBLEME TYDENS DIE INLIGTINGSOEKPROSES**



Die **respons** op hierdie vraag behoort na verwagting nie meer as 52,9% van die studente te wees nie, aangesien 52,9% van die studente by die vorige vraag (4.2.1) aangedui het dat hulle probleme ondervind om inligting te vind. Nog 'n verdere klein persentasie studente het selfs aangedui dat hulle inligting selde of nooit vind nie. Die werklike **respons** by hierdie vraag, was met die opvolgondersoek in 1995 heelwat hoër as 52,9%. Met die 1988 ondersoek was die respons 52%, maar met die opvolgondersoek het die respons gestyg na 64,6%. Twee derdes van die studente ondervind dus werklik probleme om hulle inligting te vind. Die genoemde redes wat studente aangedui het kan 'n aanduiding wees waar die grootste struikelblok lê.

'n Derde van die studente ondervind egter geen probleme met die inligtingsoekproses nie, want 48% (1988) en 35,4% (1995) van die studente het nie hierdie vraag beantwoord nie. Die probleme wat studente ondervind om hulle inligting te vind, het sedert die 1988 ondersoek vergroot.

Die **outeurskatalogus** is volgens die resultate vir slegs 13,4% (1988) en 10,8% (1995) van die studente 'n probleem tydens die inligtingsoekproses.

Die grootste probleem lê volgens die resultate van die opvolgondersoek, by die **titelkatalogus**. Slegs 13,4% van die studente, het by die 1988 ondersoek aangedui dat die titelkatalogus vir hulle die grootste probleme oplewer by die inligtingsoekproses. Dié persentasie het egter met die opvolgondersoek gegroei na 49,5% - wat amper die helfte van die studente is. Die probleem wat die studente ervaar met die titelkatalogus tydens die inligtingsoekproses, het dus sedert die 1988 ondersoek drasties toegeneem.

Die resultate het by die derde opsie, naamlik die **onderwerpskatalogus**, dieselfde tendens getoon. Met die 1988 ondersoek het 21,4% van die studente die onderwerpskatalogus as 'n probleem ervaar en met die 1995 ondersoek het dié persentasie vermeerder na 35,2% - wat 'n derde van die studente is. Die probleem wat die studente dus ervaar met die onderwerpskatalogus tydens die inligtingsoekproses, het ook sedert die 1988 ondersoek vergroot.

Die **vakbibliotekaris** is skynbaar nie meer 'n probleem vir studente by die inligtingsoekproses nie, aangesien slegs 11,5% van die studente met die 1988 ondersoek hierdie opsie gekies het. Laasgenoemde persentasie het met die 1995 ondersoek nog verder afgeneem na 4,5% wat toon dat die vakbibliotekaris nie werklik vir die studente 'n probleem is nie.

Met die 1988 ondersoek was die laaste opsie, naamlik die **Deweyklassifikasiestelsel** (DDK), as die grootste struikelblok by die inligtingsoekproses, deur die studente uitgewys. Daar was 40,3% van die studente wat die Deweyklassifikasiestelsel as 'n probleem aangedui het. Eienaardig genoeg, het nie een student (0%) met die opvolgondersoek hierdie opsie gekies nie. Die grootste probleem lê dus nie meer by die Deweyklassifikasiestelsel nie en daar kan aanvaar word dat die meeste studente nie meer probleme met die Deweyklassifikasiestelsel ervaar nie.

Die studente ervaar sedert die 1988 ondersoek méér probleme om hulle inligting te vind. Aangesien die meerderheid studente die **titel- en onderwerpskatalogus** as hulle grootste probleme by die inligtingsoekproses uitgewys het met die 1995 opvolgondersoek, sal hierdie twee kategorieë verder geanaliseer word.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente aangedui het dat hulle probleme ondervind met die titelkatalogus en watter studente die onderwerpskatalogus as 'n probleem aangedui het. Aangesien daar kommer oor juis hierdie studente bestaan, word die resultate van hierdie groepe geanaliseer in tabelle 6.37 en 6.38.

**TABEL 6.37 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE TITELKATALOGUS VIR HULLE DIE GROOTSTE PROBLEEM IS BY DIE INLIGTINGSOEKPROSES**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 7,9  | 35,7 |
| J2            | 7,1  | 60,6 |
| J3            | 17,2 | 27,1 |
| J4            | 10,7 | 62,7 |
| S1            | 9    | 42,7 |
| S2            | 16,4 | 40,3 |
| S3            | 19,4 | 47,7 |
| S4            | 14,5 | 74,2 |
| T1            | 0    | 0    |
| T2            | 20   | 36,4 |
| T3            | 18,2 | 40   |
| T4            | 21,7 | 71,4 |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.37. Laasgenoemde tabel dui die studentegroepe aan wat die **titelkatalogus** as die grootste probleem by die inligtingsoekproses ervaar:

1. Met uitsondering van T1 (wat by albei ondersoeke 0% aangedui het) het al die ander studente groepe by die opvolgondersoek in 1995, hoër persentasies aangedui, wat beteken dat die studente meer probleme ervaar met die titelkatalogus as met die 1988 ondersoek. Die probleem het met die 1995 ondersoek vergroot.
2. Die vierdejaars (S4, T4 en J4) het met die opvolgondersoek in 1995 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die meeste probleme met die titelkatalogus ervaar tydens die inligtingsoekproses.
3. Die laagste persentasies is aangedui deur die eerstejaarstudente (J1 en S1), asook J3, T2 en 3. Hierdie studente ervaar minder probleme met die titelkatalogus, as die ander studentegroepe.

Die resultate van hierdie kategorie behoort eintlik andersom te wees, aangesien daar van die vierdejaarstudente verwag is om die beste te presteer en die minste probleme te ervaar met die titelkatalogus, in plaas van die eerstejaarstudente wat die beste presteer het. Aangesien hierdie tendens herhaaldelik in die navorsing voorkom, behoort die dosente en die Kollegebiblioteek van hierdie probleem kennis te neem.

Tabel 6.38 dui die studentegroepe aan wat die **onderwerpskatalogus** as die grootste probleem by die inligtingsoekproses ervaar:

**TABEL 6.38 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE ONDERWERPSKATALOGUS VIR HULLE DIE GROOTSTE PROBLEEM IS BY DIE INLIGTINGSOEKPROSES**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 18,4 | 32,1 |
| J2            | 32,1 | 25,8 |
| J3            | 20,7 | 54,2 |
| J4            | 29,3 | 16,4 |
| S1            | 16,7 | 46,3 |
| S2            | 14,4 | 51,6 |
| S3            | 19,4 | 43,1 |
| S4            | 19,4 | 16,1 |
| T1            | 25   | 42,9 |
| T2            | 20   | 27,3 |
| T3            | 18,2 | 40   |
| T4            | 30,4 | 0    |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.38:

1. Met uitsondering van J2 en 4, asook S4 en T4 het al die ander studentegroepe hoër persentasies met die 1995 opvolgondersoek aangedui. Die probleem het met die 1995 ondersoek vergroot.
2. Studente wat die hoogste persentasies aangedui het, was J3, S1, 2 en 3. Hierdie studente ervaar die meeste probleme met die onderwerpskatalogus, tydens die inligtingsoekproses. Die Kollegebiblioteek behoort hiervan kennis te neem.
3. Studente wat die laagste persentasies aangedui het, was J4, S4 en T4. Hierdie studente ervaar minder probleme met die onderwerpskatalogus as die ander studentegroepe.

In hierdie geval was die resultate meer aanvaarbaar as by die vorige tabel, aangesien die vierdejaars hier die beste presteer het. Daar kan aanvaar word dat hulle minder probleme met die onderwerpskatalogus ervaar as die ander studentegroepe.

#### **6.3.7.4 Besikbaarheid van inligting**


Die studente gee gewoonlik nie terugvoering aan die Kollegebiblioteek of die inligting waarna hulle soek, beskikbaar is, of nie. Dit gebeur soms dat studente vir inligting moet wag. Daar is derhalwe twee vrae in die studentevraelys geplaas om vas te stel of inligting maklik bekombaar is vir studente, of nie.

- Daar is aan die studente in vraag 4.3.1 (bylae D) gevra om aan te dui of die inligting waarna hulle soek, bekombaar is of nie. Hulle moes 'n keuse gemaak het tussen die volgende moontlikhede:

- Inligting altyd maklik bekombaar;
- Inligting soms nie beskikbaar nie;
- Inligting selde of nooit bekombaar.

Die resultate van hierdie vraag, van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, word weerspieël in grafiek 6.34.

**GRAFIEK 6.34 BESKIKBAARHEID VAN INLIGTING AAN STUDENTE**



Die respons op hierdie vraag was baie goed met 96,6% in 1988 en 97,4% in 1995.

Volgens die resultate van albei ondersoeke is dit duidelik dat ongeveer 'n derde van die studente (36,2% verminder na 29,5%) hulle inligting maklik bekom. Laasgenoemde persentasie het met die opvolgondersoek verminder, wat beteken dat minder studente hulle inligting maklik bekom. Ongeveer twee derdes van die studente (60,7% vermeerder na 69,5%) het laat blyk dat inligting soms nie beskikbaar is nie.

Dit is weer eens duidelik dat dié probleem vergroot het met die opvolgondersoek in 1995. Met die 1988 ondersoek het 'n derde (31%) van die studente aangedui dat inligting selde of nooit bekombaar

is, maar met die opvolgondersoek het slegs 1% van die studente hierdie opsie gekies. Daar was dus 'n aansienlike verbetering met die opvolgondersoek by hierdie kategorie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **verskillende studierigtings en jaargroepe** van studente, bepaal word watter studente aangedui het dat inligting soms nie beskikbaar is nie. Aangesien daar juis kommer oor hierdie studente bestaan, word die resultate van hierdie kategorie geanaliseer in tabel 6.39.

**TABEL 6.39 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT INLIGTING SOMS NIE BESKIKBAAR IS NIE**

| Studierigting | 1988<br>% | 1995<br>% |
|---------------|-----------|-----------|
| J1            | 53,5      | 57,6      |
| J2            | 67,6      | 69,3      |
| J3            | 78,7      | 81        |
| J4            | 65,4      | 85,7      |
| S1            | 56,8      | 56,1      |
| S2            | 52,7      | 53,9      |
| S3            | 70,5      | 86,7      |
| S4            | 61,3      | 82,5      |
| T1            | 25        | 42,9      |
| T2            | 31,2      | 55,6      |
| T3            | 55,6      | 75        |
| T4            | 56,8      | 75        |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.39:

1. Met die opvolgondersoek in 1995, was die persentasies by al die studentegroepe hoër gewees as met die 1988 ondersoek, wat beteken dat dié probleem (dat inligting soms nie beskikbaar is nie) toegeneem het.
2. Dit was weer eens die senior studente, die derde- en vierdejaars (S3 en 4, J3 en 4, asook T3 en 4) wat die hoogste persentasies aangedui het, wat beteken dat hulle die meeste probleme ervaar om inligting te bekom.
3. Die junior studente, naamlik die eerstejaars (T1, S1 en J1), asook die tweedejaars (S2, T2 en J2) het die laagste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle minder probleme ervaar om inligting te bekom as die senior studente.
4. Aangesien die resultate van die opvolgondersoek getoon het dat sommige studente werklik probleme ervaar om inligting te bekom, behoort die Kollegebiblioteek hieraan aandag te gee.


Aangesien daar meer studente met die bekombaarheid van inligting ontevrede was (met die opvolgondersoek), behoort die Kollegebiblioteek van hierdie resultate kennis te neem.

- Die studente moes verder in vraag 4.3.2 (bylae D) die vernaamste oorsaak aandui, waarom inligting selde of nooit bekombaar is. Die volgende moontlikhede was aan hulle gegee:

- a) Daar word versuim om boeke/media oor belangrike onderwerpe te reserveer;
- b) Die aantal kopieë van boeke/media wat gereserveer word, is te min;
- c) Daar is te min titels oor belangrike onderwerpe beskikbaar;
- d) Vakbibliotekaris is nie behulpsaam om die inligting te vind nie.

Resultate van vraag 4.3.2 van beide die 1988 en 1995 ondersoek, word uiteengesit in grafiek 6.35.

**GRAFIEK 6.35 REDES WAAROM INLIGTING SELDE OF NOOIT BEKOMBAAR IS**



By die vorige vraag (4.3.1) het 31% (1988) en 1% (1995) van die studente aangedui dat inligting selde of nooit bekombaar is. Streng gesproke behoort slegs hierdie 31% en 1% van die studente die vraag te beantwoord. Tog het 57,4% (1988) en 64,6% (1995) van die studente wel hierdie vraag beantwoord en redes vir onbekombaarheid van inligting aangedui.

Dit is duidelik volgens die resultate dat méér studente probleme ervaar om inligting te bekom, aangesien so 'n groot persentasie studente die vraag beantwoord het en die respons van 57,4% (1988) na 64,6% (1995) gegroei het.

'n Derde van die studente (42,6% 1988 en 35,4% 1995) het egter nie die vraag beantwoord nie. Die persentasie studente wat met die bekikbaarheid van inligting tevrede is, het verminder met die 1995 opvolgondersoek.

Die 42,6% en 35,4% studente wat die vraag beantwoord het, het die volgende opsies gekies as redes waarom inligting selde of nooit bekikbaar is:

a) Daar word versuim om boeke/media oor belangrike onderwerpe te reserveer

Slegs 15,6% (1988) en 10,8% (1995) van die studente het hierdie opsie gekies. Die hoogste persentasies is veral deur J1, T1, 2, 3 en 4 (1995) aangedui. Dit kan wees dat daar nie genoeg boeke/media vir hierdie studentegroepe gereserveer word nie.

b) Die aantal kopieë wat van boeke/media gereserveer word, is te min

Die meeste studente (43,2% vermeerder na 49,5%) het hierdie opsie gekies. Die persentasie studente wat hierdie opsie gekies het, het met die opvolgondersoek verhoog, wat beteken dat boeke/media wat gereserveer word, klaarblyklik nie voldoende is nie. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studentegroepe hierdie opsie gekies het. Tabel 6.40 dui die studente aan wat van mening is dat die aantal kopieë wat van boeke/media gereserveer word, te min is.

**TABEL 6.40 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE AANTAL KOPIEë WAT VAN BOEKE/ MEDIA GERESERVEER WORD, TE MIN IS**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 55,8 | 35,7 |
| J2            | 53,2 | 60,6 |
| J3            | 37,1 | 27,1 |
| J4            | 50   | 62,7 |
| S1            | 47,9 | 42,7 |
| S2            | 45,7 | 40,3 |
| S3            | 44,8 | 47,7 |
| S4            | 40   | 74,2 |
| T1            | 28,6 | 42,9 |
| T2            | 33,3 | 36,4 |
| T3            | 40   | 40   |
| T4            | 29,2 | 71,4 |

Die volgende afleidings kan uit tabel 6.40 gemaak word:

1. Met die 1988 ondersoek was dit J1, 2 en 4 wat die hoogste persentasies aangedui het, en met die opvolgondersoek was dit S4, T4 en J4. Hierdie studentegroepe ervaar beslis probleme met boeke/media wat gereserveer word. Dit is opmerklik dat dit weer die vierdejaars was (met die opvolgondersoek) wat probleme ervaar het met die reservering van boeke/media.
2. Die laagste persentasies is in 1988 aangedui deur T1, 2, 3 en 4 en met die 1995 ondersoek was dit J1 en 3, asook T2 en 3. Hierdie studente ervaar dus minder probleme met die reservering van boeke/media as die ander studentegroepe.
3. Die volgende studentegroepe se persentasies het met die opvolgondersoek verhoog: J2 en 4, S3 en 4 en T1, 2, 3 en 4. Dit beteken dat hulle minder tevrede is met die boeke/media wat gereserveer word, as die 1988 studentegroepe.

#### c) Daar is te min titels oor belangrike onderwerpe beskikbaar

'n Derde van die studente (36,5% verminder na 35,2%) het hierdie opsie gekies. Dit is duidelik dat daar te min titels oor sommige belangrike onderwerpe in die vaksillabusse is, want 'n derde van die studente het hierdie opsie gekies.

Studente wat die wat die hoogste persentasies aangedui het, was T1, J3 en S3 (1988) en J3, S1, 2 en 3 (1995), is die studente wat skynbaar die meeste probleme ervaar. Studente wat die laagste persentasies aangedui het, was S4, T2, 3 en 4 (1988) en J4, S4 en T4 (1995), hulle het skynbaar minder probleme om boeke/media te bekom as die ander studente.

#### d) Die vakbibliotekaris is hulle nie behulpsaam om inligting te vind nie

Met die 1988 ondersoek was daar 47% van die studente gewees wat hierdie opsie gekies het. Studente wat veral die hoogste persentasies by die 1988 ondersoek aangedui het, was T2, 3 en 4, asook S4 en T4. Hierdie studente was dus nie tevrede met die dienste wat die vakbibliotekaris gelewer het nie. Met die opvolgondersoek in 1995, was daar slegs 1% van die studente wat dié opsie gekies het. Daar was 'n aansienlike verbetering met die opvolgondersoek en dus minder studente wat met die dienste van die vakbibliotekaris probleme het. Studente wat by die 1995 ondersoek die hoogste persentasies aangedui het, was T1 en 2, asook J3 en 4 en S3. Hierdie studente ervaar nog steeds probleme met die dienste van die vakbibliotekaris.

### 6.3.8 Biblioteekpersoneel


In hoofstuk 3 is die dienste van 'n kollegebiblioteek en die dienste wat die biblioteekpersoneel lewer, breedvoerig bespreek. Die mate van benutting van 'n kollegebiblioteek, gaan beslis ook afhang van die kwaliteit van die dienste wat die biblioteekpersoneel lewer. Dit is dus baie belangrik om vas te

stel wat die studente van die biblioteekpersoneel dink. Daar is derhalwe 'n vraag in die studentevraelys geplaas om die biblioteekpersoneel te evalueer.

- Daar is aan die studente in vraag 4.4.1 (bylae D) gevra hoe hulle die biblioteekpersoneel ervaar met wie hulle die meeste in aanraking kom. Hulle moes 'n keuse tussen die volgende aspekte maak:
  - a) Altyd hulpvaardig;
  - b) Soms hulpvaardig;
  - c) Traag;
  - d) Altyd professioneel;
  - e) Soms professioneel;
  - f) Onprofessioneel.

Die resultate van vraag 4.4.1, word in grafieke 6.36 (ten opsigte van hulpvaardigheid) en 6.37 (ten opsigte van professionaliteit) aangedui.

**GRAFIEK 6.36 EVALUERING VAN BIBLIOTEEKPERSONEEL DEUR STUDENTE TEN OPSIGTE VAN HULPVAARDIGHEID**



By die eerste deel van die vraag (evaluering ten opsigte van hulpvaardigheid) was daar 'n baie goeie respons met 97,5% in 1988 en 97,6% met die 1995 ondersoek.

Die meerderheid studente (68,7% 1988 en 54,5% 1995) het die biblioteekpersoneel as altyd hulpvaardig geëvalueer. Die resultate van die opvolgondersoek het egter verswak van twee derdes

van die studente, na slegs die helfte van die studente. Die studente van die 1995 ondersoek beskou dus die biblioteekpersoneel as minder hulpvaardig as die 1988-studente.

'n Derde (27,3% vermeerder na 37,3%) van die studente het laat blyk dat die biblioteekpersoneel net soms hulpvaardig is. Die resultate van die opvolgondersoek toon ook hier 'n toename in die persentasie studente wat die biblioteekpersoneel negatief evalueer.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die studierigtings en jaargroepe van studente, bepaal word watter studentegroepe hierdie opsie gekies het. Tabel 6.41 dui die studentegroepe aan wat aangedui het dat die biblioteekpersoneel net soms hulpvaardig is.

**TABEL 6.41 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE BIBLIOTEEKPERSONEEL NET SOMS HULPVAARDIG IS**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 18,4 | 19,8 |
| J2            | 25,4 | 43,6 |
| J3            | 29,8 | 43   |
| J4            | 37,3 | 52,6 |
| S1            | 20,7 | 25,2 |
| S2            | 22,9 | 40   |
| S3            | 26,7 | 42   |
| S4            | 27,1 | 47,1 |
| T1            | 20,8 | 23,1 |
| T2            | 45,7 | 16,7 |
| T3            | 21,1 | 25   |
| T4            | 31,7 | 50   |

Die volgende afleidings kan gemaak word van die statistiek in tabel 6.41:

1. Met die 1988 ondersoek het T2 en 4, asook J3 en 4 die hoogste persentasies aangedui, wat beteken dat hulle die biblioteekpersoneel meer negatief evalueer as die ander studente, veral ten opsigte van hulpvaardigheid.
2. Met die 1995 opvolgondersoek was dit weer eens die vierdejaarstudente (J4, T4 en S4) wat die biblioteekpersoneel meer negatief geëvalueer het as die ander studente, ten opsigte van hulpvaardigheid.

3. Die laagste persentasies is aangeteken deur die volgende studentegroepe: T1, 2 en 3 (1988), asook S1 en J1 (1995). Hierdie studentegroepe het die biblioteekpersoneel meer positief geëvalueer as die ander studentegroepe.
4. Die resultate van die opvolgondersoek toon dat die studente van 1995, die biblioteekpersoneel meer negatief geëvalueer het as die 1988 studentegroep.

Feitlik al die persentasies van die opvolgondersoek was hoër as die persentasies van die 1988 ondersoek. Die biblioteekpersoneel behoort hiervan kennis te neem.

Met die 1988 ondersoek was daar 4% van die studente wat die laaste opsie (traag) gekies het. Dié persentasie het met die opvolgondersoek gegroei na 8,2%. Die biblioteekpersoneel van 1995 was meer negatief geëvalueer, as die biblioteekpersoneel van 1988. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studentegroepe hierdie opsie gekies het. Tabel 6.42 toon die studentegroepe wat aangedui het dat die biblioteekpersoneel traag is.

**TABEL 6.42 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE BIBLIOTEEKPERSONEEL TRAAG IS**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 0    | 2    |
| J2            | 0,7  | 11,9 |
| J3            | 1    | 12,7 |
| J4            | 5,2  | 9    |
| S1            | 1,9  | 4,4  |
| S2            | 0,5  | 9,6  |
| S3            | 4,5  | 6,8  |
| S4            | 8,2  | 8,4  |
| T1            | 0    | 12,5 |
| T2            | 11,4 | 11,1 |
| T3            | 10,5 | 25   |
| T4            | 14,6 | 0    |


Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.42:

1. Die hoogste persentasies is aangedui deur T2, 3 en 4 (1988) en T1 en 3, asook J2 en 3 (1995). Hierdie studente evalueer die biblioteekpersoneel besonder negatief.

2. Die laagste persentasies is aangedui deur J1 en 2, T1 en S2 (1988) en S1 J1 e T4 (1995). Hierdie studente het die biblioteekpersoneel minder negatief geëvalueer as die ander studentegroepe.
3. Die persentasies van die opvolgondersoek was aansienlik hoër as dié van 1988, wat daarop dui dat die 1995 studente baie meer negatief ingestel is teenoor die biblioteekpersoneel, as die 1988 studente.

By die tweede deel van die vraag (evaluering ten opsigte van professionaliteit, vergelyk grafiek 6.37) was die respons effens laer as by die eerste deel van hierdie vraag, met 96,8% in 1988 en 94,5% in 1995.

**GRAFIEK 6.37 EVALUERINGS VAN BIBLIOTEEKPERSONEEL DEUR STUDENTE TEN OPSIGTE VAN PROFESSIONALITEIT**



Die meerderheid studente (71,5% 1988 verminder na 48,5% 1995) het aangedui dat die biblioteekpersoneel altyd professioneel is. Tog het die persentasie studente wat só aangedui het van bykans 'n driekwart na minder as die helfte van die studente verminder.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die **studierigtings** en **jaargroepe** van studente, bepaal word watter studentegroepe hierdie opsie gekies het. J1, S1 en T4 het die hoogste persentasies aangedui (1995), wat beteken dat hulle nie altyd die biblioteekpersoneel as professioneel beskou nie, in teenstelling met J2 en 4, asook T3 wat die laagste persentasies aangedui het. Hierdie studente het die biblioteekpersoneel meer positief geëvalueer as die ander studentegroepe.

Met die 1988 ondersoek het 'n kwart (26%) van die studente aangedui dat die biblioteekpersoneel net soms professioneel is. Dié persentasie het met die opvolgondersoek in 1995 gestyg na net minder as die helfte van die studente (43,3%). Baie meer studente (1995) is dus van mening dat die biblioteekpersoneel net soms professioneel is.

Daar was slegs 2,5% van die studente wat met die 1988 ondersoek aangedui het dat die biblioteekpersoneel onprofessioneel optree. Met die opvolgondersoek het dié persentasie gestyg na 8,2%. Meer studente (1995) is dus van mening dat die biblioteekpersoneel onprofessioneel optree.

Daar bestaan egter kommer oor die studente wat die tweede en derde opsies gekies het, naamlik soms professioneel en onprofessioneel. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die studierigtings en jaargroepe van studente, bepaal word watter studentegroepe hierdie twee opsies gekies het. Tabelle 6.43 en 6.44 toon die studentegroepe aan wat hierdie twee opsies gekies het.

**TABEL 6.43 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE BIBLIOTEEKPERSONEEL NET SOMS PROFESSIONEEL IS**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 16,7 | 27,8 |
| J2            | 25,2 | 67,3 |
| J3            | 25,5 | 47,9 |
| J4            | 30   | 44,7 |
| S1            | 24,4 | 27,5 |
| S2            | 19,8 | 45,5 |
| S3            | 25,3 | 49,4 |
| S4            | 28,9 | 45,7 |
| T1            | 33,3 | 57,1 |
| T2            | 32,4 | 33,3 |
| T3            | 15,8 | 25   |
| T4            | 36,6 | 33,3 |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.43:

1. Die hoogste persentasies is aangedui deur T1, 2 en 4, asook J4 (1988) en S3 en 4, asook T1 en J2 (1995). Hierdie studente evalueer die biblioteekpersoneel besonder negatief.

2. Die laagste persentasies is aangedui deur J1, T3 en S1 en 2 (1988) en T3 S1 en J1 (1995). Hierdie studente het die biblioteekpersoneel minder negatief geëvalueer as die ander studentegroepe.
3. Die persentasies van die opvolgondersoek was aansienlik hoër as dié van 1988, wat daarop dui dat die 1995 studente baie meer negatief ingestel is teenoor die biblioteekpersoneel, as die 1988 studente.

**TABEL 6.44 STUDENTE WAT AANGEDUI HET DAT DIE BIBLIOTEEKPERSONEEL ONPROFESSIONEEL OPTREE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 0    | 2.1  |
| J2            | 0    | 7.1  |
| J3            | 0    | 6.8  |
| J4            | 0.8  | 14.5 |
| S1            | 1.9  | 7.6  |
| S2            | 1.6  | 10.7 |
| S3            | 2.3  | 7.1  |
| S4            | 3    | 9.5  |
| T1            | 12.5 | 0    |
| T2            | 14.7 | 11.1 |
| T3            | 15.8 | 37.5 |
| T4            | 9.7  | 0    |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.44:

1. Die hoogste persentasies is aangedui deur T1, 2, 3 en 4 (1988) en S2, J4, asook T2 en 3 (1995). Hierdie studente beskou die biblioteekpersoneel as onprofessioneel.
2. Die laagste persentasies is aangedui deur J1, 2 en 3 (1988) en T1 en 4, asook J1 en 2 (1995). Hierdie studente het die biblioteekpersoneel minder negatief geëvalueer (0%) as die ander studentegroepe.
3. Die persentasies van die opvolgondersoek was aansienlik hoër as dié van 1988, wat daarop dui dat die 1995 studente baie meer negatief ingestel is teenoor die biblioteekpersoneel, as die 1988 studente.
4. Die Junior Primêr-studente van 1995, se houding ten opsigte van die biblioteekpersoneel het verswak (teenoor die 0% in 1988).
5. Die Senior Primêr-studente se persentasies het met die opvolgondersoek verhoog, wat beteken dat hulle houding ook verder verswak het.

6. Technika-studente het met die opvolgondersoek verbeter, behalwe T3.

Oor die algemeen evalueer die studente van 1995 die biblioteekpersoneel meer negatief as die 1988 studente. Die biblioteekpersoneel behoort hiervan kennis te neem.


### 6.3.9 Benutting van ander biblioteke

In paragraaf 6.3.5 van hierdie hoofstuk, word die ingesteldheid van die studente ten opsigte van biblioteekgebruik bespreek. Volgens die resultate is dit duidelik dat die ingesteldheid van driekwart van die studente positief ten opsigte van biblioteekgebruik is. Driekwart van die studente (65,1% 1988 en 71,6% 1995) beskou ook die Kollegebiblioteek as onontbeerlik vir hulle studie/opleiding.

Dit het verder ook geblyk dat driekwart (73,9% 1988) en twee derdes (67,4% 1995) van die studente redes aangedui het waarom hulle nie die Kollegebiblioteek gebruik nie. Daaruit kan afgelei word dat die studente nie almal Kollegebiblioteekgebruikers is nie en dat hulle nie altyd met die Kollegebiblioteek tevrede is nie. Die vraag is of studente dan van **ander biblioteke** gebruik maak? Daar is twee vrae in die studentevraelys geplaas om vas te stel of studente ook van ander biblioteke gebruik maak.

- Daar is in vraag 1.5 (bylae D) aan die studente gevra of hulle ook van **ander biblioteke** gebruik maak vir studiedoeleindes. Hulle moes slegs ja of nee aandui. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.38 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.38 BENUTTING VAN ANDER BIBLIOTEKE DEUR STUDENTE**



Die respons op hierdie vraag was 96,6% in 1988 en 99,8% in 1995. Daar is dus 'n verbetering in die respons met die 1995 ondersoek.

Ongeveer driekwart van die studente (71,5%) het met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle wel van ander biblioteke gebruik maak en net meer as 'n kwart (28,5%) van die studente het aangedui dat hulle nie van ander biblioteke gebruik maak nie. Met die opvolgondersoek in 1995 het die situasie verander. Minder as die helfte (42,6%) van die studente het aangedui dat hulle wel van ander biblioteke gebruik maak vir studiedoeleindes. Meer as die helfte van die studente (57,4%) het egter aangedui dat hulle nie van ander biblioteke gebruik maak nie. Daar kan dus aanvaar word dat laasgenoemde studente ál hulle inligting in die Kollegebiblioteek kry, of moontlik nie die biblioteek nodig het nie.

Volgens die resultate van die 1995 ondersoek, maak minder studente van ander biblioteke gebruik vir studiedoeleindes, as die studente van die 1988 ondersoek. Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente bepaal word watter studente die dienste van ander biblioteke benut. Tabel 6.45 dui die studentegroepe aan wat van ander biblioteke gebruik maak vir studiedoeleindes.

**TABEL 6.45 STUDENTE WAT VAN ANDER BIBLIOTEKE GEBRUIK MAAK VIR STUDIEDOELEINDES**


| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 81,3 | 36,6 |
| J2            | 81   | 47,5 |
| J3            | 85   | 57   |
| J4            | 73,9 | 50   |
| S1            | 69,5 | 28,9 |
| S2            | 70,6 | 41,4 |
| S3            | 60,2 | 35,6 |
| S4            | 66,2 | 54,3 |
| T1            | 56   | 28,6 |
| T2            | 45,5 | 27,8 |
| T3            | 70,6 | 22,2 |
| T4            | 65,1 | 50   |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.45:

1. Die hoogste persentasies in 1988 is aangedui deur die Junior Primêr-studente (J1, 2, 3 en 4) en in 1995 die vierdejaarstudente (J4, S4 en T4, asook J3). Hierdie studente maak ook van ander biblioteke vir studiedoeleindes gebruik. Dit kan dus wees dat daar leemtes in die versameling van die Kollegebiblioteek mag wees - aangesien so 'n groot groep studente so aangedui het.

2. Die laagste persentasies is in 1988 aangedui deur T1, 2 en 4, asook S3 en 4 en in 1995 was dit T1, 2 en 3, asook J1 en S1. Hierdie studente het minder van ander biblioteke gebruik gemaak as ander studentegroepe en is dus meer tevrede met die inligting van die Kollegebiblioteek.
  3. Die persentasies van die opvolgondersoek in 1995 was laer gewees as dié van 1988, wat daarop dui dat die 1995 studente baie minder van ander biblioteke gebruik maak. Daar kan dus aanvaar word dat die meeste studente hulle inligting in die Kollegebiblioteek vind vir studiedoeleindes.
- Die tweede vraag wat aan die studente gestel is in hierdie verband, was vraag 1.6 (bylae D). Die vraag lui: Indien u NEE by vraag 1.5 geantwoord het, vind u al u verlangde inligting in die Kollegebiblioteek? Met ander woorde studente wat nee geantwoord het by die vorige vraag (studente wat dus nie van ander biblioteke gebruik maak nie) was veronderstel om die vraag te beantwoord. Die resultate van hierdie vraag word in grafiek 6.39 uiteengesit.

**GRAFIEK 6.39 KOLLEGEbiblioteek VOORSIEN IN DIE MEESTE INLIGTINGBEHOEFTE VAN STUDENTE**



By die vorige vraag (1.5 bylae D) het 28,5% (1988) en 57,4% (1995) van die studente **nee** geantwoord. Die verwagting is dus dat laasgenoemde persentasie studente weer hierdie vraag sou antwoord. Die respons was egter by albei die ondersoeke heelwat hoër as wat verwag word. Méér studente het egter die vraag beantwoord met 43,6% in 1988 en 65,3% in 1995.

Twee derdes (65,4% vermeerder na 68,6%) van die studente het **ja** geantwoord, met ander woorde daar kan aanvaar word dat hierdie studente **al** hulle inligting in die Kollegebiblioteek vind. 'n Derde (34,6% verminder na 31,2%) van die studente het egter die teendeel aangedui. Daar kan aanvaar word dat hierdie studente nie al hulle inligting in die Kollegebiblioteek vind nie.

Daar kon volgens die analyses wat gemaak is van die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente bepaal word watter studente nie al hulle inligting in die Kollegebiblioteek vind nie. Tabel 6.46 dui dié studentegroepe aan.

**TABEL 6.46 STUDENTE WAT NIE AL HULLE INLIGTING IN DIE KOLLEGEBIBLIOTEEK VIND NIE**

| Studierigting | 1988 | 1995 |
|---------------|------|------|
|               | %    | %    |
| J1            | 20,8 | 19,7 |
| J2            | 28,3 | 31,3 |
| J3            | 46,1 | 34,1 |
| J4            | 35,2 | 41,3 |
| S1            | 29,9 | 21,1 |
| S2            | 22,5 | 33,3 |
| S3            | 30,3 | 43,1 |
| S4            | 45,7 | 37,9 |
| T1            | 38,5 | 16,7 |
| T2            | 52   | 26,7 |
| T3            | 54,6 | 25   |
| T4            | 42,1 | 60   |

Die volgende afleidings kan gemaak word uit tabel 6.46:

1. In 1988 is die hoogste persentasies aangedui deur die senior studente T3 en 4, S4 en J3 en in 1995 was dit weer eens die vierdejaarstudente J4, S4 en T4, asook S3, wat die hoogste persentasies aangedui het. Hierdie studente het duidelik laat blyk dat die Kollegebiblioteek **nie in al hulle inligtingbehoefte voorsien nie**. Dit kan dus wees dat daar leemtes in die versameling van die Kollegebiblioteek mag wees.
2. Die laagste persentasies is aangedui deur J1 en 2, asook S1 en 2 in 1988, en in 1995 was dit al die eerstejaarstudente T1, J1 en S1 wat die laagste persentasies aangedui het. Hierdie studente is meer tevrede met die versameling van die Kollegebiblioteek, as ander studentegroepe.
3. Die persentasies van die opvolgondersoek in 1995 was oor die algemeen laer gewees as dié van 1988, wat daarop dui dat die 1995 studente baie meer met die versameling van die Kollegebiblioteek tevrede is.

Die meerderheid studente (twee derdes) is dus tevrede met die versameling van die Kollegebiblioteek.

## 6.4 SAMEVATTING

### 6.4.1 Biblioteekgebruik deur studente, 1988 en 1995

In die voorafgaande paragrawe is die resultate van die 1988 en 1995 ondersoeke, van die studentevraelys (bylae D), intensief ontleed en verwerk. Daar word vervolgens oorgegaan tot 'n samevatting van die resultate van die studentevraelys. Soos in hoofstuk 5 die geval was, verwys tabel 6.47 na die hoofafdelings van die studentevraelys. Die fynere verdeling van die studente se respons op die vraelys, asook die gradering van die studente se biblioteekgebruik en hulle evaluering van die biblioteekdienste en -personeel van die Kollegebiblioteek, word ook in tabel 6.47 uiteengesit.

Die resultate van die 1988 ondersoek word by wyse van 'n "X" aangedui, terwyl 'n "#" gebruik word vir die resultate van die 1995 ondersoek.

**TABEL 6.47 OPSOMMING VAN STUDENTEVRAELYS EN RESULTATE, 1988 EN 1995**

| GRADERING VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK                                              | Uitstekend<br>A<br>90-100% | Bale Goed<br>B<br>70-89% | Goed<br>C<br>50-69% | Redelik<br>D<br>30-49% | Swak<br>E<br>10-29% | Geen<br>F<br>0-9% |
|------------------------------------------------------------------------------|----------------------------|--------------------------|---------------------|------------------------|---------------------|-------------------|
| <b>1. DOEL VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                         |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 1.1 Vir opleiding en studie                                                  |                            | X #                      |                     |                        |                     |                   |
| <b>2. FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                   |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 2.1 Benutting van die Kollegebiblioteek vir werkopdragte                     | #                          | X                        |                     |                        |                     |                   |
| 2.2 Benutting van die Kollegebiblioteek vir praktiese onderwys               |                            | X #                      |                     |                        |                     |                   |
| <b>3. BENUTTING VAN DIENSTE, AFDELINGS EN KATALOGI VAN KOLLEGEbiblioteek</b> |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 3.1 Gereserveerde boeke                                                      |                            | #                        | X                   |                        |                     |                   |
| 3.2 Boekbesprekings                                                          |                            |                          | #                   | X                      |                     |                   |
| 3.3 Benutting van die dienste van die vakbibliotekaris                       |                            |                          | X #                 |                        |                     |                   |
| 3.4 Benutting van die tydskrifafdeling                                       |                            |                          | #                   | X                      |                     |                   |
| 3.5 Benutting van die onderwerpskatalogus                                    |                            | X #                      |                     |                        |                     |                   |
| 3.6 Benutting van die outeurskatalogus                                       |                            | X #                      |                     |                        |                     |                   |
| 3.7 Benutting van die titelkatalogus                                         |                            | X #                      |                     |                        |                     |                   |
| 3.8 Benutting van getindekseerde tydskrifartikels                            |                            |                          |                     | X #                    |                     |                   |
| 3.9 Benutting van die gedigtekatalogus                                       |                            |                          |                     | X #                    |                     |                   |
| 3.10. Benutting van die katalogus van kinder- en kleuterlektuur              |                            |                          | #                   | X                      |                     |                   |

TABEL 6.47 (vervolg)

| GRADERING VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK                                            | Uitstekend<br>A<br>90-100% | Bale Goed<br>B<br>70-89% | Goed<br>C<br>50-69% | Redelik<br>D<br>30-49% | Swak<br>E<br>10-29% | Geen<br>F<br>0-9% |
|----------------------------------------------------------------------------|----------------------------|--------------------------|---------------------|------------------------|---------------------|-------------------|
| <b>4. BENUTTING VAN DIE VERSKILLENDIGE INLIGTINGSMEDIA</b>                 |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 4.1 Benutting van boeke                                                    |                            | x #                      |                     |                        |                     |                   |
| 4.2 Benutting van tydskrifte                                               |                            |                          | x                   | #                      |                     |                   |
| 4.3 Benutting van knipsels                                                 |                            |                          |                     |                        | x #                 |                   |
| 4.4 Benutting van koerante                                                 |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |
| 4.5 Benutting van audiovisuele media                                       |                            | #                        | x                   |                        |                     |                   |
| <b>5. INGESTELDHEID VAN DOSENTE TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>      |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 5.1 Biblioteekgebruik onontbeerlik vir studie/opleiding                    |                            | #                        | x                   |                        |                     |                   |
| 5.2 Ingesteldheid van studente ten opsigte van biblioteekgebruik           |                            | x                        | #                   |                        |                     |                   |
| <b>6. FAKTORE WAT BIBLIOTEEKGEBRUIK BEINVOED</b>                           |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| <b>6.1 Vakintegrering met die biblioteek</b>                               |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 6.1.1 Nastaanwerk in die biblioteek                                        | #                          | x                        |                     |                        |                     |                   |
| 6.1.2 Leen boeke/audiovisuele media vir 'n praktiese les                   |                            | x #                      |                     |                        |                     |                   |
| 6.1.3 Dosente neem klasgroep na die biblioteek vir 'n lesing daar          |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |
| 6.1.4 Selfstudie deur die studente - nalaeswerk sonder dat dit verwag word |                            |                          |                     | #                      | x                   |                   |
| <b>6.2 Werkopdragte</b>                                                    |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 6.2.1 Stappe wat dosente vooraf volg voordat 'n werkopdrag gegee word      |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| a. 'n Bronnelys/bibliografie                                               |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |
| b. 'n Raamwerk/voorafgaande hulp en leiding van dosent                     |                            | x #                      |                     |                        |                     |                   |
| c. Reservering van bronne in die biblioteek                                |                            | x #                      |                     |                        |                     |                   |
| d. Weet studente na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp            |                            |                          | #                   | x                      |                     |                   |
| <b>7. BIBLIOTEEKDIENSTE</b>                                                |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 7.1 Voldoen die versameling aan studente se studiebehoefes                 |                            | x                        | #                   |                        |                     |                   |
| 7.2 Redes vir onvolledigheid van die versameling                           |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |
| 7.3 Ontsluiting van die versameling                                        |                            |                          | x                   | #                      |                     |                   |
| 7.4 Redes vir probleme tydens die inligtingssoekproses                     |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |
| 7.5 Besikbaarheid van inligting                                            |                            |                          |                     | x                      | #                   |                   |
| 7.6 Redes vir onbekikbaarheid van inligting                                |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |

TABEL 6.47 (vervolg)

| GRADERING VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK                     | Uitstekend<br>A<br>90-100% | Bale Goed<br>B<br>70-89% | Goed<br>C<br>50-69% | Redelik<br>D<br>30-49% | Swak<br>E<br>10-29% | Geen<br>F<br>0-9% |
|-----------------------------------------------------|----------------------------|--------------------------|---------------------|------------------------|---------------------|-------------------|
| 8. <b>BIBLIOTEEKPERSONEEL</b>                       |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| Evaluering van biblioteekpersoneel ten opsigte van: |                            |                          |                     |                        |                     |                   |
| 8.1 Hulpvaardigheid                                 |                            |                          | x #                 |                        |                     |                   |
| 8.2 Professionaliteit                               |                            | x                        |                     | #                      |                     |                   |
| 9. <b>DIE BENUTTING VAN ANDER BIBLIOTHEKE</b>       |                            | x                        |                     | #                      |                     |                   |

#### 6.4.1.1 Doel van biblioteekgebruik

Die doel met die studentevraelys was eerstens om vas te stel of die studente die Kollegebiblioteek vir opleiding en studie benut. Volgens die resultate van beide die ondersoeke is dit duidelik dat die meerderheid studente die Kollegebiblioteek vir **opleiding en studiedoeleindes** benut. Vir minstens 87% van die studente is die Kollegebiblioteek belangrik vir opleiding en studie. Daar is egter 12,3% van die studente wat aangedui het dat hulle nie die Kollegebiblioteek vir opleiding en studie benut nie. Dit is onrusbarend dat hierdie studente wil gaan skoolhou, sonder om die waarde van 'n biblioteek te besef.

#### 6.4.1.2 Frekwensie van biblioteekgebruik

Daar is ook gepoog om die **frekwensie van biblioteekgebruik** van die studente vas te stel. Meer as driekwart van die studente benut die Kollegebiblioteek vir **werkopdragte**. 'n Klein persentasie studente (8,4% 1995) benut die Kollegebiblioteek egter een of twee keer per jaar vir werkopdragte. Daar was 'n merkbare verbetering in biblioteekgebruik vir werkopdragte met die opvolgondersoek in 1995.

Volgens die resultate is dit duidelik dat ongeveer driekwart van die studente van die Kollegebiblioteek gebruik maak tydens die **praktiese onderwystydperk**.

#### 6.4.1.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek

Die studentevraelys het ook gepoog om die **dienste** wat deur die Kollegebiblioteek gelewer word, te evalueer.

Meer as driekwart (86% 1995) van die studente maak van **gereserveerde boeke/media** gebruik. Hoewel daar 14% (1995) van die studente is wat nooit van gereserveerde boeke/media gebruik maak nie, blyk dit dat hierdie diens aan die studente nog van groot waarde is.

Die helfte van die studente maak van **boekbesprekings** gebruik. Daar is egter 46,7% van die studente wat geen gebruik van boekbesprekings maak nie. Die benutting van boekbesprekings deur studente het egter met die 1995 ondersoek verbeter. Aangesien die helfte van die studente van boekbesprekings gebruik maak, is hierdie diens wat die Kollegebiblioteek lewer, tog nog van waarde en kan daarmee voortgegaan word.

Ongeveer twee derdes van die studente maak wel van die diens van die **vakbibliotekaris** gebruik, terwyl 'n derde van die studente nooit van dié diens gebruik maak nie.

Daar was 'n geringe afname in die benutting van die diens van die **vakbibliotekaris** deur die studente met die 1995 opvolgondersoek.

Die **tydskrifafdeling** word deur ongeveer die helfte van die studente benut. Hoewel daar 'n verbetering van resultate met die opvolgondersoek in 1995 was, bestaan daar kommer oor die ander helfte van die studente wat nooit die tydskrifafdeling benut nie.

Die **onderwerpskatalogus** word deur meer as 80% van die studente benut. Daar is 11,7% van die studente wat nie van die onderwerpskatalogus gebruik maak nie. Die resultate toon dat méér studente die onderwerpskatalogus benut sedert die 1988 ondersoek.

Ongeveer driekwart van die studente maak van die **outeurskatalogus** gebruik. Volgens die resultate van die opvolgondersoek in 1995, maak die studente meer van die outeurskatalogus gebruik, as met die 1988 ondersoek.

Meer as driekwart van die studente benut die **titelkatalogus**. Daar was 'n verbetering in die benutting van die titelkatalogus sedert die 1988 ondersoek.

Slegs 'n derde van die studente benut **geïndekseerde tydskrifartikels**. Twee derdes van die studente benut dus nie geïndekseerde tydskrifartikels nie. Hoewel die meerderheid studente nie van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak nie, dui die 1995 resultate daarop dat studente meer van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak as in 1988. Hierdie diens van die Kollegebiblioteek is dus nog van waarde vir die studente.

Meer as 'n derde van die studente maak van die **gedigtekatalogus** gebruik. Dit blyk dat twee derdes dus nie van die gedigtekatalogus gebruik maak nie. Die gedigtekatalogus is van waarde vir meer as 'n derde van die studente, daarom behoort die indeksering van gedigte voort te gaan.

Die benutting van die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** het baie toegeneem met die 1995 ondersoek. Twee derdes van die studente maak van hierdie katalogus gebruik teenoor 'n derde wat nie daarvan gebruik maak nie. Die gebruik van dié katalogus het toegeneem sedert die 1988 ondersoek.

#### **6.4.1.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia**

Die ondersoekers het dit ook ten doel gestel om te bepaal in watter mate die verskillende inligtingmedia, te wete **boeke, tydskrifte, oudiovisuele media, koerante en knipsels** deur die studente benut word.

Driekwart van die studente maak van **boeke** as inligtingmedium gebruik. Daar was 'n verbetering in die benutting van boeke deur studente, sedert die 1988 ondersoek.

Minder as die helfte van die studente maak van **tydskrifte** gebruik. Daar was 'n duidelike afname in die gebruik van tydskrifte sedert die 1988 ondersoek. Die feit dat daar 'n afname in die benutting van tydskrifte deur studente is, is kommerwekkend. Ongeveer die helfte van die studente kom dus nie in aanraking met aktuele inligting uit tydskrifte nie.

Hoewel die **knipsels** baie min benut word, het die resultate getoon dat die benutting van knipsels toegeneem het sedert die 1988 ondersoek. Meer as 'n kwart van die studente het laat blyk dat hulle van knipsels gebruik maak. Die opvolgondersoek was weer eens 'n verbetering op die 1988 ondersoek.

Slegs die helfte van die studente maak ook van **koerante** gebruik. Hoewel net die helfte van die studente van koerante gebruik maak, is dit nog steeds vir die Kollegebiblioteek lonend om koerante vir sy gebruikers beskikbaar te stel.

Ongeveer **driekwart** van die studente maak van **oudiovisuele media** gebruik.

#### **6.4.1.5 Ingesteldheid van studente ten opsigte van biblioteekgebruik**

Ongeveer driekwart van die studente beskou die Kollegebiblioteek as **onontbeerlik vir studie/opleiding**, terwyl ongeveer 'n kwart van die studente laat blyk het dat hulle die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit **van hulle verwag** word. Die resultate van beide die ondersoeke het getoon dat die ingesteldheid van die meerderheid studente dus positief is ten opsigte van biblioteekgebruik. Die resultate van die opvolgondersoek het getoon dat die ingesteldheid van die studente verbeter het ten opsigte van biblioteekgebruik.

#### **6.4.1.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed**

Daar is gekyk na twee faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed, naamlik **vakintegrering** met die biblioteek en **werkopdragte** aan studente.

##### **a) Vakintegrering met die biblioteek**

Daar was 'n verbetering in die gebruik van **kurrikulêre media** te bespeur, met die 1995 opvolgondersoek. Meer as driekwart van die studente benut die Kollegebiblioteek vir naslaanwerk, omdat dit van hulle verwag word deur die dosente. Dit wil dus voorkom of dosente beslis van die studente verwag om naslaanwerk in die biblioteek te doen as deel van hulle opleiding. Slegs 'n klein persentasie studente het aangedui dat hulle dit nie doen nie. Die meeste studente maak kurrikulêr van die Kollegebiblioteek gebruik.

Driekwart van die studente voldoen aan die verwagtinge van dosente om **boeke en oudiovisuele media** vir **praktiese lesse** te leen.

Daar is sedert die 1988 ondersoek 'n verbetering in die gebruik van **kurrikulêre media**. Twee derdes van die studente word deur die dosente na die biblioteek geneem vir 'n lesing/onderrig daar. Méér dosente pas vakintegrering met die biblioteek toe wat 'n beter benutting van kurrikulêre media tot gevolg het.

Slegs 'n derde van die studente het aangedui dat hulle **selfstudie** en **naleeswerk** in die biblioteek doen, sonder dat dosente dit van hulle verwag. Hulle kan dus as selfstandige biblioteekgebruikers beskou word. Met die 1995 ondersoek was daar 'n geringe verbetering in dié opsig.

##### **b) Die stappe wat deur dosente gevolg word, voordat hulle werkopdragte aan studente gee**

- i. Twee derdes van die studente word voor die aanvang van 'n werkopdrag ingelig word ten opsigte van 'n bibliografie.
- ii. Die dosente gee ook aan driekwart van die studente vooraf hulp en leiding (byvoorbeeld 'n raamwerk), alvorens hulle 'n werkopdrag aan hulle opdra. Die resultate van die 1995 opvolgondersoek het in hierdie opsig effens verbeter.
- iii. Volgens die resultate is dit duidelik dat die meeste dosente ook bronne vooraf vir studente reserveer. Ongeveer driekwart van die studente het aangedui dat dosente wel vooraf die nodige bronne reserveer in die biblioteek, indien daar te min inligting oor 'n sekere onderwerp is. Daar is 'n verbetering in die resultate van die opvolgondersoek, in hierdie verband.
- iv. Ongeveer die helfte van die studente weet na watter vakbibliotekaris om te gaan vir hulp met hulle werkopdragte. Die resultate van die 1995 opvolgondersoek het ook met hierdie vraag effens verbeter.

### 1.4.1.7 Biblioteekdienste

Daar was ses vrae in die studentevraelys geplaas om vas te stel of studente tevrede is met die **versameling**, of hulle die inligting kry waarna hulle soek en of hierdie inligting paraat beskikbaar is.

Ongeveer twee derdes van die studente het aangedui dat die **biblioteekversameling** aan al hulle studiebehoefes voldoen. 'n Derde van die studente is dus nie met die **biblioteekversameling** tevrede nie. Met die 1995 opvolgondersoek was daar 'n effense daling in die persentasie studente wat met die versameling tevrede is.

'n Derde van die studente het redes aangedui waarom die **versameling** nie aan hulle studiebehoefes voldoen nie: 'n Derde van die studente is van mening dat daar te min titels oor sekere onderwerpe in die biblioteek is; 'n Kwart van die studente is van mening dat al word die titels gereserveer, is die inligting nog nie genoeg nie; 42% van die studente is van mening dat daar sekere onderwerpe is waaroor daar geen inligting in die biblioteek is nie;

Wat die ontsluiting van die **versameling** betref het die ondersoek dit ook ten doel gestel om te bepaal of die studente werklik die inligting vind waarna hulle soek. Daar is gevind dat minder as die helfte van die studente hulle inligting maklik vind. Die ander helfte van die studente het te kenne gegee dat hulle soms probleme ondervind om inligting te vind. Slegs 'n baie klein groepie studente het laat byk dat hulle selde of nooit die inligting vind waarna hulle soek nie.

Die studente ervaar egter sedert die 1988 ondersoek méér probleme om hulle inligting te vind. Die meerderheid studente het die titel- en onderwerpskatalogus as hulle grootste probleme by die **inligtingsoekproses** uitgewys met die 1995 opvolgondersoek. Die outeurskatalogus is volgens die resultate vir slegs 10,8% van die studente 'n probleem tydens die soekproses. Die grootste probleem lê volgens die resultate van die opvolgondersoek, by die titelkatalogus. 'n Derde van die studente ervaar ook probleme met die onderwerpskatalogus tydens die inligtingsoekproses.

Die **vakbibliotekaris** is nie vir die studente 'n probleem nie, maar eerder 'n hulp, aangesien slegs 4,5% van die studente 'n probleem met die vakbibliotekaris gehad het. Hoewel die Dewey= klassifikasiestelsel (DDK) aanvanklik met die 1988 ondersoek vir baie van die studente 'n probleem was, het nie een student (0%) met die opvolgondersoek hierdie opsie gekies nie. Die grootste probleem lê dus nie meer by die Deweyklassifikasiestelsel nie.

Vir 'n derde van die studente is inligting nie altyd maklik bekombaar nie. Ongeveer twee derdes van die studente het laat blyk dat inligting soms nie beskikbaar is nie. Met die 1988 ondersoek het 'n derde van die studente aangedui dat inligting selde of nooit bekombaar is, maar met die opvolgondersoek het slegs 1% van die studente hierdie opsie gekies. Daar was dus 'n aansienlike verbetering met die opvolgondersoek in hierdie opsig. Met die opvolgondersoek was daar meer

studente met die bekikbaarheid van inligting ontvrede. Die Kollegebiblioteek behoort van hierdie resultate kennis te neem.

Dit is duidelik volgens die resultate dat ongeveer twee derdes van die studente probleme ervaar om inligting te bekom. 'n Derde van die studente is egter tevrede dat inligting altyd bekikbaar is. Die persentasie studente wat met die bekikbaarheid van inligting tevrede is, het verminder met die 1995 opvolgondersoek.

'n Derde van die studente het die volgende opsies gekies as redes waarom inligting selde of nooit bekikbaar is: Slegs 10% van die studente is van mening dat dosente versuim om boeke/media oor belangrike onderwerpe te reserveer; Minder as die helfte van die studente het laat blyk dat die aantal kopieë wat van boeke/media gereserveer word, te min is; 'n Derde van die studente het te kenne gegee dat daar te min titels oor belangrike onderwerpe beskikbaar is; Hoewel 47% van die studente van die 1988 ondersoek van mening was dat die vakbibliotekaris hulle nie behulpsaam is om inligting te vind nie, was daar slegs 1% van die studente wat dié opsie met die opvolgondersoek in 1995 gekies het.

#### **6.4.1.8 Biblioteekpersoneel**

Die meerderheid studente het die biblioteekpersoneel as **altyd hulpvaardig** geëvalueer. Die resultate van die opvolgondersoek het egter verswak van twee derdes van die studente, na slegs die helfte van die studente. Die studente van die 1995 ondersoek beskou dus die biblioteekpersoneel as minder hulpvaardig as die 1988-studente. 'n Derde van die studente het laat blyk dat die biblioteekpersoneel net soms hulpvaardig is.

Daar was selfs 8,2% van die studente wat die laaste opsie (traag) gekies het. Die **biblioteekpersoneel** van 1995 was dus baie meer negatief geëvalueer, as die 1988 biblioteekpersoneel.

Minder as die helfte van die studente, beskou die biblioteekpersoneel as **altyd professioneel**. Net minder as die helfte van die studente is ook van mening dat die biblioteekpersoneel net soms professioneel is. Hoewel slegs 2,5% van die studente met die 1988 ondersoek aangedui het dat die biblioteekpersoneel onprofessioneel optree, het dié persentasie gestyg na 8,2% met die opvolgondersoek.

#### **6.4.1.9 Benutting van ander biblioteke**

Hoewel driekwart van die studente met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle wel van **ander biblioteke** gebruik maak, het minder as die helfte van die studente, met die opvolgondersoek in 1995 aangedui dat hulle wel vir studiedoeleindes van ander biblioteke gebruik maak. Daar kan dus

aanvaar word dat die meeste van die 1995-studente ál hulle inligting in die Kollegebiblioteek kry. Meer studente is dus met die Kollegebiblioteek se versameling tevrede en minder studente maak van ander biblioteke gebruik vir studiedoeleindes.

#### **6.4.2 Analise van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente 1988 en 1995**

In hierdie afdeling volg die analise van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente van die 1988 ondersoek en die opvolgondersoek in 1995. Die resultate van die studentevraelys van albei ondersoeke, word in tabel 6.48 gegradeer. Die biblioteekgebruik van al die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente word afsonderlik gegradeer. Die biblioteekdienste, afdelings, fasiliteite en biblioteekpersoneel, word weer eens deur die studente geëvalueer en gegradeer. Dié resultate weerspieël die menings van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente. Die tabel is ook 'n opsomming van die hele vraelys en die resultate is dié van die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente.

Die waardes wat in tabel 6.48 en daarna in die bespreking gebruik sal word, is soos volg:

|   |   |            |             |
|---|---|------------|-------------|
| A | = | Uitstekend | (90 - 100%) |
| B | = | Baie goed  | (70 - 89% ) |
| C | = | Goed       | (50 - 69% ) |
| D | = | Redelik    | (30 - 49% ) |
| E | = | Swak       | (10 - 29% ) |
| F | = | Geen       | ( 0 - 9% )  |

**TABEL 6.48 ANALISE VAN DIE STUDIERIGTINGS EN JAARGROEPE VAN  
STUDENTE: OPSOMMING VAN DIE STUDENTEVRAELYS BY  
BEIDE DIE 1988 EN 1995 ONDERSOEKE**

| STUDIERIGTINGS:                                                              | J1    | J2    | J3    | J4    | S1    | S2    | S3    | S4    | T1    | T2    | T3    | T4    |
|------------------------------------------------------------------------------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|
| 88 95                                                                        | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 |
| <b>1. DOEL VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                         |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 1.1 Vir opleiding en studie                                                  | A A   | A A   | A A   | B A   | A A   | B B   | B B   | B B   | B A   | C A   | B C   | C B   |
| <b>2. FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK</b>                                   |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 2.1 Benutting van die Kollegebiblioteek vir werkopdragte                     | A A   | A A   | A A   | A A   | A A   | B A   | B B   | B B   | B B   | C B   | B B   | B C   |
| 2.2 Benutting van die Kollegebiblioteek vir praktiese onderwys               | A B   | A C   | A A   | A A   | A A   | A B   | B B   | C C   | A A   | A A   | A B   | A B   |
| <b>3. BENUTTING VAN DIENSTE, AFDELINGS EN KATALOGI VAN KOLLEGEbiblioteek</b> |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 3.1 Gereserveerde boeke                                                      | B B   | B B   | B B   | B A   | B B   | C B   | C B   | B A   | D A   | E B   | C C   | E A   |
| 3.2 Boekbesprekings                                                          | C C   | D D   | D E   | D B   | D C   | D D   | D D   | D C   | D A   | F D   | E D   | E D   |
| 3.3 Benutting van die dienste van die vakbibliotekaris                       | C B   | B C   | B D   | C D   | B B   | C B   | C D   | C C   | D A   | D C   | E D   | D A   |
| 3.4 Benutting van die tydskrifafdeling                                       | B A   | D D   | D D   | D D   | C B   | D D   | D D   | D D   | D A   | E A   | E D   | D C   |
| 3.5 Benutting van die onderwerpskatalogus                                    | A C   | B B   | B B   | B B   | B A   | B A   | C A   | C B   | C A   | D B   | E B   | D B   |
| 3.6 Benutting van die outeurskatalogus                                       | B B   | B B   | B B   | B B   | B B   | C B   | C B   | C B   | C B   | E B   | E C   | D B   |
| 3.7 Benutting van die titelkatalogus                                         | B B   | B B   | B B   | B B   | B A   | C B   | C B   | C B   | C B   | D B   | E B   | D B   |
| 3.8 Benutting van geïndekseerde tydskrifartikels                             | C C   | E E   | D E   | E E   | D B   | D D   | E D   | E E   | D C   | E E   | E D   | E F   |
| 3.9 Benutting van gedigtekatalogus                                           | C C   | C C   | D D   | D F   | D B   | E C   | E D   | E E   | E F   | F F   | F E   | F F   |
| 3.10 Benutting van die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur               | B A   | B A   | B A   | B C   | D B   | E C   | E D   | E D   | E D   | F E   | F F   | F F   |

TABEL 6.48 (vervolg)

| STUDIERIGTINGS: |                                                                                 | J1    | J2    | J3    | J4    | S1    | S2    | S3    | S4    | T1    | T2    | T3    | T4    |
|-----------------|---------------------------------------------------------------------------------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|-------|
|                 |                                                                                 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 | 88 95 |
| 4.              | <b>BENUTTING VAN DIE<br/>VERSKILLEDE<br/>INLIGTINGMEDIA</b>                     |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 4.1             | Benutting van boeke                                                             | B B   | B B   | B B   | B B   | B A   | B B   | B B   | C B   | C A   | D B   | D C   | C B   |
| 4.2             | Benutting van tydskrifte                                                        | B C   | D D   | C D   | D D   | B B   | C D   | D D   | D D   | C C   | D D   | E E   | C C   |
| 4.3             | Benutting van koerante                                                          | C C   | D D   | D D   | D C   | C B   | C C   | D C   | D D   | B D   | D C   | E D   | D B   |
| 4.4             | Benutting van knipsels                                                          | E D   | E E   | E E   | E E   | D C   | E D   | E E   | E E   | F D   | E E   | F F   | F F   |
| 4.5             | Benutting van audiovisuele<br>media                                             | B B   | B B   | B C   | B A   | C B   | C B   | C C   | C B   | D C   | E D   | E B   | E B   |
| 5.              | <b>INGESTELDHEID VAN<br/>STUDENTE TEN OPSIGTE<br/>VAN<br/>BIBLIOTEEKGEBRUIK</b> |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 5.1             | Biblioteekgebruik<br>onontbeerlik vir<br>studie/opleiding                       | B B   | B B   | B B   | C B   | B B   | C C   | C D   | C B   | C B   | D C   | D C   | D C   |
| 5.2             | Ingesteldheid van studente<br>ten opsigte van<br>biblioteekgebruik              | D C   | B C   | B C   | B C   | B B   | B B   | B B   | B C   | B C   | B C   | C B   | B C   |
| 6.              | <b>FAKTORE WAT<br/>BIBLIOTEEKGEBRUIK<br/>BEINVLOED</b>                          |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 6.1             | <b>Valintegrening met die<br/>biblioteek</b>                                    |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 6.1.1           | Naslaanwerk in die biblioteek                                                   | A A   | A B   | A B   | A A   | A A   | A A   | B A   | B A   | D A   | C A   | B B   | B B   |
| 6.1.2           | Leen boeke/audiovisuele<br>media vir 'n praktiese les                           | A B   | B A   | B B   | B B   | B A   | B B   | B B   | B B   | C C   | D B   | C B   | C C   |
| 6.1.3           | Dosente neem klasgroep na<br>die biblioteek vir 'n lesing<br>daar               | C C   | C A   | A D   | C D   | E B   | D A   | B C   | D D   | E B   | E B   | F C   | F E   |
| 6.1.4           | Selfstudie deur die studente-<br>naleeswerk sonder dat dit<br>verwag word       | D E   | E E   | E E   | E C   | D D   | E E   | D E   | E D   | D B   | D D   | D D   | D C   |
| 6.2             | <b>Werkopdragte</b>                                                             |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| 6.2.1           | <b>Stappe wat dosente vooraf<br/>volg voordat 'n<br/>werkopdrag gegee word</b>  |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |       |
| a.              | 'n Bronneleis/bibliografie                                                      | B C   | C C   | C C   | B B   | C C   | B C   | C C   | B B   | E B   | E D   | D C   | C D   |
| b.              | 'n Raamwerk/vooraangaande<br>hulp en leiding van dosent                         | B B   | B B   | B B   | B A   | B B   | B B   | C C   | B B   | C B   | D C   | B C   | C D   |
| c.              | Reservering van bronne in<br>die biblioteek                                     | B B   | C B   | A B   | B A   | C A   | B B   | C B   | B A   | E A   | E B   | C C   | D B   |
| d.              | Weet studente na watter<br>vakbibliotekaris om te gaan<br>vir hulp              | C C   | D C   | D D   | D C   | C C   | C C   | D E   | D C   | D A   | D C   | E E   | C B   |

**TABEL 6.48 (Vervolg)**

| <b>STUDIERIGTINGS:</b>                                      | <b>J1</b> | <b>J2</b> | <b>J3</b> | <b>J4</b> | <b>S1</b> | <b>S2</b> | <b>S3</b> | <b>S4</b> | <b>T1</b> | <b>T2</b> | <b>T3</b> | <b>T4</b> |
|-------------------------------------------------------------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|
|                                                             | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     | 88 95     |
| <b>7. BIBLIOTEEKDIENSTE</b>                                 |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |
| 7.1 Voldoen die versameling aan studente se studiebehoeftes | B B       | B C       | C D       | C C       | B B       | B C       | C D       | C C       | B B       | D B       | C D       | B D       |
| 7.2 Redes vir onvolledigheid van die versameling            | B B       | B C       | C C       | C C       | B B       | B C       | C C       | B B       | B B       | C C       | C D       | B D       |
| 7.3 Ontsluiting van die versameling                         | C C       | D D       | D D       | C E       | C D       | C C       | D D       | C D       | B B       | D B       | D C       | C B       |
| 7.4 Redes vir probleme tydens die inligtingsoekproses       | D A       | C C       | C C       | C B       | C C       | C C       | C B       | C B       | D C       | C C       | D C       | C B       |
| 7.5 Besikbaarheid van inligting                             | D D       | D D       | E E       | E E       | D D       | D D       | E F       | D E       | B C       | C D       | E E       | D E       |
| 7.6 Redes vir onbekikbaarheid van inligting                 | C D       | D D       | D D       | D E       | D D       | D D       | D E       | D E       | B F       | E D       | D D       | D F       |
| <b>8. BIBLIOTEEKPERSONEEL</b>                               |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |
| Evaluering van biblioteekpersoneel ten opsigte van:         |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |
| 8.1 Hulpvaardigheid                                         | B B       | B D       | C D       | B B       | B C       | B C       | C C       | C D       | C B       | D B       | C C       | C C       |
| 8.2 Professionaliteit                                       | B B       | B E       | B D       | C D       | B C       | B D       | B D       | C D       | C D       | C C       | C D       | C C       |
| <b>9. BENUTTING VAN ANDER BIBLIOTEKE</b>                    |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |           |
|                                                             | B D       | B D       | B C       | B C       | C E       | B D       | C D       | C C       | C E       | D E       | B E       | C C       |

#### **6.4.2.1 Doel van biblioteekgebruik**

Die ondersoek het getoon dat al die verskillende **studierigtings** en **jaargroepe** van studente die Kollegebiblioteek vir **opleiding en studie** gebruik. Die Kollegebiblioteek word deur al die verskillende studentegroepe, uitstekend benut. J4, T1, 2, 3 en 4 het met die 1995 ondersoek selfs verbeter. S2, 3 en 4, asook T3 en 4 benut die Kollegebiblioteek minder as die ander studentegroepe.

#### **6.4.2.2 Frekwensie van biblioteekgebruik**

Die Kollegebiblioteek word uitstekend benut vir **werkopdragte** deur die Junior Primêr -studente, asook S1. Die Senior Primêr-studente, asook T1 en 3, maak baie goed van die Kollegebiblioteek gebruik vir werkopdragte en T2 en 4 benut die Kollegebiblioteek baie goed tot goed.

Die resultate het getoon dat die Kollegebiblioteek uitstekend benut word tydens **praktiese onderwys**. Die Junior Primêr-studente, asook S1, T1 en 2, benut die Kollegebiblioteek uitstekend, S2, 3 en 4 baie goed tot goed en T3 en 4 uitstekend tot baie goed. Die Junior Primêr-studente en die eerstejaarstudente (J1, S1 en T1) maak die meeste van die Kollegebiblioteek gebruik tydens praktiese onderwys.

#### **6.4.2.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek**

**Gereserveerde boeke** word baie goed en goed deur feitlik al die studentegroepe benut. Die vierdejaarstudente, asook T1, het met die opvolgondersoek in 1995 verbeter na uitstekend.

**Boekbesprekings** geniet nie hoë prioriteit by die studente nie. Hierdie diens van die Kollegebiblioteek word redelik tot goed deur al die studentegroepe benut. Die eerstejaarstudente het met die opvolgondersoek verbeter.

Die dienste van die **vakbibliotekaris** word deur al die studentegroepe baie goed en goed benut. Technika-studente het met die opvolgondersoek aansienlik verbeter (T1 en 4 het van redelik na uitstekend verbeter).

Die **tydskrifafdeling** word redelik deur al die studentegroepe benut, behalwe die eerstejaarstudente, wat met die opvolgondersoek aansienlik verbeter het na uitstekend.

Die **onderwerps-, outeurs- en titelkatalogus** word baie goed deur die meeste studentegroepe benut. Die Senior Primêr- en Technika-studente het met die opvolgondersoek aansienlik verbeter.

Die **geïndekseerde tydskrifartikels** word van redelik tot swak deur die meeste studentegroepe benut. Die eerstejaarstudente het by beide die ondersoeke beter resultate getoon en benut geïndekseerde tydskrifartikels goed.

Die **gedigtekatalogus** word redelik tot goed deur die Junior Primêr-studente benut, die Senior Primêr-studente benut dié katalogus oorwegend swak en die Technika-studente benut glad nie die gedigtekatalogus nie.

Die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** word baie goed tot uitstekend deur die Junior Primêr-studente benut, die Senior Primêr-studente benut dié katalogus swak tot redelik en die Technika-studente benut glad nie dié katalogus nie.

#### **6.4.2.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia**

**Boeke** word baie goed deur die Junior en Senior Primêr-studente benut, terwyl die Technika-studente dit goed benut. Die Technika-studente se gebruik van boeke het aansienlik met die opvolgondersoek verbeter.

Die benutting van **tydskrifte** was ietwat teleurstellend, aangesien die meeste studentegroepe tydskrifte redelik tot goed benut. T3 benut tydskrifte swak.

**Koerante** word deur al die studentegroepe redelik tot goed benut. Die eerstejaarstudente benut koerante selfs goed tot baie goed.

Die meeste studentegroepe benut **knipsels** swak of glad nie. Die eerstejaarstudente benut knipsels egter redelik tot goed.

**Oudiovisuele media** word baie goed deur die Junior Primêr-studente benut. Die Senior Primêr-studente benut oudiovisuele media goed tot baie goed en Technika-studente van redelik tot baie goed. Al die studentegroepe het baie met die opvolgondersoek verbeter, veral die Technika-studente.

#### **6.4.2.5 Ingesteldheid van studente ten opsigte van biblioteekgebruik**

Die Junior Primêr-studente en die eerstejaarstudente beskou **biblioteekgebruik** as onontbeerlik vir studie en opleiding. Laasgenoemde studentegroepe se gradering vir hierdie vraag was baie goed. Die Senior Primêr- en Technika-studente se gradering in hierdie verband was redelik tot goed.

Die **ingesteldheid** van studente ten opsigte van **biblioteekgebruik** het gewissel van goed tot baie goed. Die Junior Primêr- en Technika-studente se gradering het gewissel van goed tot baie goed. Hierdie studente het met die opvolgondersoek effens verswak.

Die Senior Primêr-studente se gradering was by albei die ondersoeke **baie goed**. Hieruit kan afgelei word dat die ingesteldheid van studente ten opsigte van biblioteekgebruik goed is, maar dat dit effens verswak het met die opvolgondersoek.

#### **6.4.2.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed**

##### **a) Vakintegrering met die biblioteek**

Vakintegrering met die biblioteek en gevolglik ook **kurrikulêre mediagebruik** van studente het baie toegeneem en die resultate van die opvolgondersoek het aansienlik verbeter. Dit is duidelik volgens die resultate dat dosente beslis **naslaanwerk** aan studente gee om in die biblioteek te doen. Feitlik al die studentegroepe het laat blyk dat hulle dit doen. Die gradering het gewissel van uitstekend tot baie goed.

Studente leen ook **boeke/oudiovisuele media** vir praktiese lesse. Die Junior- en Senior Primêr-studente doen laasgenoemde uitstekend tot baie goed. Die Technika-studente doen dit goed.

Die resultate het getoon dat dosente nie graag studente na die biblioteek vergesel vir 'n lesing daar nie. Die gradering het in hierdie geval gewissel van redelik tot goed, baie goed en uitstekend by die Junior- en Senior Primêr-studente, en by Technika-studente, van geen tot swak, goed en baie goed.

Dit is ook duidelik volgens die resultate dat die studente nog nie **selfstudie** doen sonder dat dit van hulle verwag word nie. Al die studentegroepe het maar 'n baie lae profiel gehandhaaf en die gradering was gevolglik laag en het gewissel van geen, swak tot redelik.

##### **b) Die stappe wat dosente volg voordat werkopdragte aan studente gegee word**

Volgens die resultate is dit duidelik dat dosente wél die studente vooraf inlig voordat 'n **werkopdrag** aan hulle opgedra word. Die meeste studentegroepe het laat blyk dat hulle vooraf ingelig word ten opsigte van die volgende:

- i. 'n Bronnelys/bibliografie;
- ii. 'n Raamwerk/voorafgaande hulp en leiding van die dosente;
- iii. Reservering van bronne in die biblioteek.

Die gradering van al die studentegroepe was oor die algemeen goed en het gewissel van goed, baie goed tot uitstekend.

#### **6.4.2.7 Biblioteekdienste**

Die studente was oor die algemeen redelik tevrede oor die volledigheid van die Kollegebiblioteek se **versameling**. Die gradering vir die versameling van die Kollegebiblioteek het gewissel van redelik, goed tot baie goed.

Die studente was oor die algemeen ook redelik tevrede met die ontsluiting van die **versameling**. Daar is egter studente wat probleme tydens die inligtingsoekproses ervaar. Die gradering vir die ontsluiting van inligting het gewissel van redelik tot goed.

Die studente was oor die algemeen nie tevrede met die **besikbaarheid van inligting** nie. Vir baie studente is sommige inligting onbekikbaar. Die gradering in hierdie verband het gewissel van swak, redelik tot goed.

#### **6.4.2.8 Biblioteekpersoneel**

Die studente het die **biblioteekpersoneel** ten opsigte van **hulpvaardigheid** en **professionaliteit** goed geëvalueer. Die gradering het gewissel van redelik, goed tot baie goed. Die 1988-studente het die biblioteekpersoneel beter geëvalueer as die 1995-studente.

#### **6.4.2.9 Benutting van ander biblioteke**

Die 1988-studente het meer van ander biblioteke gebruik gemaak vir studiedoeleindes, as die 1995-studente. Die 1988-studente het baie goed van **ander biblioteke** gebruik gemaak, teenoor die 1995-studente wat dit redelik tot swak benut het. Die 1995-studente maak dus meer van die Kollegebiblioteek gebruik vir studiedoeleindes.

### **6.5 SLOT**

In hierdie hoofstuk is die resultate van die **studentevraelys** van beide die 1988 en 1995 ondersoeke, geanaliseer en verwerk. Met hierdie hoofstuk word die empiriese gedeelte van die navorsing afgesluit. In die volgende en laaste hoofstuk, volg die bevindinge en die aanbevelings ten opsigte van die navorsing.

## HOOFSTUK 7

### BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

#### 7.1 INLEIDING

Dit blyk dat groot kapitale beleggings deur die onderwysowerhede gemaak is in kollegebiblioteke (veral in Transvaal). Dit is dus van belang dat die duur biblioteekfasiliteite deur dosente en studente so doeltreffend moontlik benut word. In hoofstukke 1 (paragraaf 1.1), 3 (paragraaf 3.7.3) en 4 (paragraaf 4.3.1) het dit onder andere geblyk dat hoewel die Kollegebiblioteek van die Onderwyskollege Pretoria oor 'n uitgebreide versameling beskik, het die statistiek van dié Kollegebiblioteek getoon dat daar 'n **afname in biblioteekgebruik sedert 1986** was. Daarmee saam het faktore bygekom wat negatief op die biblioteekgebruik van die Kollegebiblioteek kon ingewerk het naamlik, politieke veranderinge in die land en gevolglik ook in die onderwys; rasionalisasie sedert 1988 en die almalgamerig en sluiting van sommige onderwyskolleges sedert 1991.

Uit die navorsing blyk dit dat die verskynsel van **onderbenutting van tersiêre biblioteke**, eintlik 'n universele probleem is, aangesien baie tersiêre biblioteke in die buiteland die probleem ervaar dat hulle gebruikers nie die biblioteek bevredigend benut nie.

Daar was kommer oor die biblioteekgebruik van die Kollegebiblioteek vóór 1988, maar ten spyte van rasionalisasie, amalгамasie van kolleges, verhuising van die Kollegebiblioteek en politieke onrustigheid, het die gebruik van die Kollegebiblioteek ná 1990 weer begin toeneem en het dit in alle opsigte verbeter. Die rede hiervoor kan die volgende wees:

- a) Ná die 1988-ondersoek is 'n **interne verslag** aan die Rektooraat van die Onderwyskollege Pretoria voorgelê, aangesien die Rektooraat en Raad van Departementshoofde bekommerd was oor die swak benutting van die Kollegebiblioteek.
- b) Die interne verslag het aanleiding gegee tot 'n belangrike beleidsbesluit wat deur die Rektooraat en die Raad van Departementshoofde op 14 Februarie 1990 geneem is. Hierdie besluit het ingehou dat **vakintegrering met die Kollegebiblioteek**, 'n integrale deel van die opleiding van studente sal uitmaak en dat dit ook deel sal wees van die Kollege se opleidingsbeleid (Onderwyskollege Pretoria 1990:1).

Hierdie besluit het die gevolg gehad dat dosente hulle **vaksillabusse** met die Kollegebiblioteek **geïntegreer** het. Dié nuwe wending ná 14 Februarie 1990, word duidelik in die resultate van die opvolgondersoek in 1995 weerspieël.

Die **doserende personeel** is tans **uitstekende gebruikers** van die Kollegebiblioteek en beskik oor die potensiaal om die regte "voorlewing" ten opsigte van biblioteekgebruik, aan die studente te doen. Dosente is in die gunstige posisie om studente te motiveer, sodat hulle op hulle beurt weer, onderwysers sal wees wat op die biblioteek aangewese sal wees. Die Kollegebiblioteek word ook baie goed deur die studente benut.

## 7.2 BEVINDINGE VAN DIE NAVORSING

### 7.2.1 Doel van biblioteekgebruik

#### a) Dosente

Navorsing wat in die buiteland gedoen is het getoon dat **doserende personeel** by sommige tersiêre inrigtings nie altyd hulle biblioteke na wense gebruik nie (McCarthy 1985:143). In teenstelling met bogenoemde bevinding het hierdie navorsing getoon dat die meerderheid dosente (96%, 1995) die Kollegebiblioteek as 'n belangrike hulpmiddel by die **onderrigssituasie** gebruik. Dit is duidelik dat dosente nie sonder die Kollegebiblioteek kan klaarkom tydens die opleidingsprogram nie. Die navorsing het getoon dat feitlik al die departemente die Kollegebiblioteek uitstekend benut. Met die 1995 ondersoek het die biblioteekgebruik van die departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, asook Rekenaarstudies verbeter. Daar is bevind dat die departemente Aardrykskunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Technika en Wiskunde se biblioteekgebruik effens verswak het met die opvolgondersoek in 1995.

#### b) Studente

Gebruikerstudies in die buiteland het getoon dat studente oor die algemeen nie biblioteke ten volle benut nie. In hoofstuk 1 (paragraaf 1.1) is na gebruikerstudies soos die van Adebimpe Ike (1979:16-26) van Nigerië verwys, wat aangetoon het dat studente nie die biblioteek na behore benut nie. In Australië is dieselfde tendens in 'n studie deur Mays (1986:51-62) by die Deakin Universiteit gevind.

Linda Koh (1978:22-23) het in 'n studie aangetoon dat studente in Suid-Oos Asië totaal onbevoeg is om inligting op hulle eie te soek. Kennedy (1970:1450) het dieselfde in sy navorsing bevind.

Hierdie navorsing het meer positiewe resultate opgelewer as baie ander gebruikerstudies wat in die buiteland gedoen is. Wat die studente betref, is bevind dat die meerderheid studente (87%, 1995) die Kollegebiblioteek vir **opleiding en studiedoeleindes** benut. Slegs 12,3% van die studente benut nie die Kollegebiblioteek vir opleiding en studie nie. Die navorsing het getoon dat al die verskillende studierigtings en jaargroepe van studente die Kollegebiblioteek vir opleiding en studie gebruik.

J4, T1, 2, 3 en 4 het met die 1995 ondersoek verbeter, terwyl S2, 3 en 4, asook T3 en 4 die Kollegebiblioteek minder as die ander studentegroepe vir opleiding en studie benut.

- Die hipotese wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is dat “die onderrigstelsel dit nie altyd vir studente essensieel maak om die Kollegebiblioteek te gebruik nie”, word dus met hierdie bevindinge van die navorsing as verkeerd bewys.

## 7.2.2 Frekwensie van biblioteekgebruik

### a) Dosente

In hoofstuk 4 (paragraaf 4.2.1.3) is onder andere verwys na outeurs soos Irving (1980:11-14) en Kilpatrick (1980:9-13) in Amerika, wat die gedagte van kurrikulêre mediagebruik in kollegebiblioteke ten volle ondersteun.

Hierdie navorsing het getoon dat 68% (1995) van die dosente die Kollegebiblioteek op 'n gereelde basis besoek vir voorbereiding van hulle lesings. Die helfte (53,9%, 1995) van die dosente maak selfs op 'n baie gereelde en gereelde basis (8-14 kere binne 14 lesingweke) van die Kollegebiblioteek gebruik. Daar is bevind dat al die departemente by uitnemendheid van die Kollegebiblioteek gebruik maak vir die voorbereiding van lesings. Departemente wat met die 1995 ondersoek in hierdie opsig verbeter het, was Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, Engels, Kuns en Rekenaarstudies. Departemente wie se biblioteekgebruik effens verswak het met die 1995 ondersoek was Afrikaans, Biblioteekwese en Technika.

Daar is bevind dat 98,8% (1995) van die dosente kurrikulêr van die Kollegebiblioteek gebruik maak. Kurrikulêre gebruik deur dosente het met die 1995 ondersoek toegeneem. Daar is bevind dat al die departemente kurrikulêr van die Kollegebiblioteek gebruik maak binne die veertien lesingweke binne 'n semester. Departemente wie se biblioteekgebruik met die 1995 ondersoek verbeter het, was: Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek, Engels, Kuns, Rekenaarstudies en Technika. Departemente waar daar 'n effense verswakking ingetree het met die 1995 ondersoek, was: Biblioteekwese en Natuurwetenskap.

### b) Studente

In hoofstuk 1 (paragraaf 1.1) is onder andere verwys na Musavi (1977:50) wat bevind het dat 74% van die eerstejaarstudente oor 'n tydperk van 'n jaar geen gebruik van hulle biblioteek gemaak het nie. Emdad (1979:448-455) het ook getoon dat studente by die Pahlavi Universiteit deur hulle universiteitstudies beweeg, sonder dat hulle van die biblioteek gebruik gemaak het.

In teenstelling daarmee, het hierdie navorsing bevind dat 91,6% (1995) van die studente die Kollegebiblioteek vir **werkopdragte** benut. Resultate het getoon dat die Junior Primêr-studente die Kollegebiblioteek die meeste vir werkopdragte benut. Die navorsing het verder getoon dat 75,7% (1995) van die studente tydens die **praktiese onderwystydperk** van die Kollegebiblioteek gebruik maak. Die Junior Primêr- en eerstejaarstudente maak die meeste van die Kollegebiblioteek gebruik tydens praktiese onderwys.

- Die hipotese wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is naamlik, dat **“sommige vakdepartemente nie vakintegreering en kurrikulêre mediagebruik doelgerig bevorder nie”** word met bogenoemde bevindinge as **verkeerd bewys**.

### 7.2.3 Benutting van dienste, afdelings en katalogi van die Kollegebiblioteek

In hoofstuk 1 (paragraaf 1.1) is ook na Jerold Nelson (1973:183-191) verwys, wat bevind het dat dosente nie van die helfte van die dienste wat deur kollegebiblioteke gelewer word, bewus was nie en dat dosente ook nie op die hoogte was van wat in die versameling beskikbaar is nie.

In hierdie navorsing, het die benutting van **dienste, afdelings en katalogi** van die Kollegebiblioteek aansienlik verbeter met die 1995 ondersoek.

#### a) Dosente

Daar is bevind dat **interbiblioteeklenings** nie eerste prioriteit by die dosente geniet nie. Die resultate het getoon dat interbiblioteeklenings deur 40,3% (1995) van die dosente benut word. Departemente wat aangedui het dat hulle glad nie van interbiblioteeklenings gebruik maak nie, was Biblioteekwese, Junior Primêr en Rekenaarstudies. Daar is verder bevind dat 70% (1995) van die dosente ook van **boekbesprekings** gebruik maak.

Die meeste dosente (91%, 1995) maak van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik. Hierdie dosente verteenwoordig al die departemente. Departemente wat veral van die dienste van die vakbibliotekaris gebruik maak, is Afrikaans, Geskiedenis en Junior Primêr.

Die **tydskrifafdeling** word deur 93,6% (1995) van die dosente benut. Hoewel al die departemente die tydskrifafdeling benut, maak die departemente Biblioteekwese en Geskiedenis die meeste van dié afdeling gebruik.

Wat die benutting van die verskillende katalogi betref, het die resultate getoon dat die meeste dosente die **onderwerps-** (96,2%, 1995), **outeurs-** (97,4%, 1995), en **titelkatalogus** (94,7%, 1995) benut. Daar was 'n verbetering in die benutting van al drie hierdie katalogi met die 1995 ondersoek.

Die resultate het getoon dat al die departemente uitstekende gebruik van dié katalogi maak. Departemente Aardrykskunde, Biblioteekwese, Geskiedenis en Junior Primêr maak veral van hierdie katalogi gebruik.

Daar is bevind dat 88,3% (1995) van die dosente van alle departemente, veral die departemente Aardrykskunde en Geskiedenis, van **geïndekseerde tydskrifartikels** gebruik maak. Die meeste departemente het in hierdie verband met die 1995 ondersoek verbeter. Dit is duidelik dat dié diens van groot waarde vir die dosente is.

Die **gedigtekatalogus** (31,9%, 1995) en die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** (57,3%, 1995) word deur 'n klein, eksklusiewe groepie dosente benut. In albei gevalle het die benutting met die 1995 ondersoek toegeneem. Resultate het getoon dat die departement Junior Primêr veral van die gedigtekatalogus en katalogus vir kinder- en kleuterlektuur gebruik maak.

## b) Studente

Daar is bevind dat 86% (1995) van die studente van **gereserveerde boeke/media** gebruik maak. Daar is dus 14% (1995) van die studente wat nooit van gereserveerde boeke/media gebruik maak nie. Gereserveerde boeke word baie goed deur feitlik al die studentegroepe benut.

**Boekbesprekings** geniet nie hoë prioriteit by die studente nie. Die resultate het getoon dat slegs 53,4% (1995) van die studente van boekbesprekings gebruik maak. Daar het nogtans 'n verbetering ten opsigte van die 1988 statistiek (43,9%, 1988) ingetree.

Daar is bevind dat 61,7% (1995) van die studente van alle studentegroepe van die dienste van die **vakbibliotekaris** gebruik maak. Technika-studente het met die opvolgonderzoek aansienlik verbeter. Daar was egter 'n geringe afname in die benutting van die dienste van die vakbibliotekaris deur die studente met die 1995 opvolgonderzoek.

Die **tydskrifafdeling** word deur 50% (1995) van die studente benut. Hoewel daar 'n verbetering van resultate met die opvolgonderzoek in 1995 was, bestaan daar kommer oor die ander helfte van die studente wat nooit die tydskrifafdeling benut nie. Die eerstejaarstudente, het egter met die opvolgonderzoek in 1995 aansienlik verbeter.

Die **onderwerps-, outeurs- en titelkatalogus** word in 1995 deur 88,2%, 80,9% en 86,9% van die studente benut. Die gebruik van al drie die katalogi het sedert 1988 verbeter.

Resultate het getoon dat 38,3% (1995) van die studente **geïndekseerde tydskrifartikels** benut. Hoewel die meerderheid studente nie van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak nie, dui die 1995 resultate daarop dat studente meer van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik maak as in 1988.

Die eerstejaarstudente het by albei ondersoeke, beter as die ander studentegroepe van geïndekseerde tydskrifartikels gebruik gemaak.

Daar is bevind dat 43,7% (1995) van die studente van die **gedigtekatalogus** gebruik maak. Die Junior Primêr-studente benut die gedigtekatalogus die meeste.

Die benutting van die **katalogus vir kinder- en kleuterlektuur** het baie toegeneem met die 1995 ondersoek. Van die studente maak 67,1% (1995) van hierdie katalogus gebruik. Die katalogus vir kinder- en kleuterlektuur word baie goed deur die Junior Primêr-studente benut. Die Senior Primêr studente maak minder van dié katalogus gebruik en die Technika-studente benut dié katalogus glad nie.

- Hipoteses wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is naamlik, dat “die onderrigstelsel dit nie altyd vir studente essensieel maak om die Kollegebiblioteek te gebruik nie”, en dat “sommige vakdepartemente nie vakintegreering en kurrikulêre mediagebruik doelgerig bevorder nie” word weer eens met bogenoemde bevindinge as verkeerd bewys.

## 7.2.4 Benutting van die verskillende inligtingmedia

In hoofstuk 1 (paragraaf 1.1) is onder andere ook verwys na studies deur Barkey (1965:115), Lane (1966:280) en Lubans (1970:131). Laasgenoemde navorsing het bevind dat twee derdes van die eerstejaarstudente geen boeke uitgeneem het oor 'n tydperk van 'n semester nie.

Cammack en Mann (1967:131) het ook bevind dat 90% van die eerstejaarstudente oor 'n tydperk van vier maande geen boeke uitgeneem het nie. In teenstelling met die navorsing in die buiteland, het hierdie navorsing bevind dat dosente en studente al die verskillende media in die Kollegebiblioteek baie goed benut.

### a) Dosente

Daar is bevind dat ál die dosente (100%,1995) van **boeke** gebruik maak. **Tydskrifte** is ook baie belangrik aangesien die meeste dosente (97,3%, 1995) daarvan gebruik maak. Die meeste dosente (94,9%, 1995) maak ook van **oudiovisuele media** gebruik. Die navorsing het verder getoon dat 64,9% (1995) van die dosente van **koerante** gebruik maak, terwyl 57,2% (1995) van die dosente laat blyk het dat hulle van **knipsels** gebruik maak. Met die 1995 ondersoek het die benutting van al hierdie inligtingmedia toegeneem. Daar is bevind dat al die verskillende departemente boeke, tydskrifte en oudiovisuele media uitstekend benut. Koerante en knipsels word oor die algemeen minder gebruik. Die departemente Junior Primêr, Afrikaans en Engels, benut laasgenoemde egter goed.

## b) Studente

In hoofstuk 4 (paragraaf 4.2.1.1) is onder andere na Schutte (1974:23) verwys, wat van mening was dat studente eintlik baie min weet van die verskillende inligtingmedia wat in die kollegebiblioteek te vinde is.

Hierdie navorsing het bevind dat 85,5% (1995) van die studente van **boeke** as inligtingmedium gebruik maak. Met die 1995 ondersoek was daar 'n verbetering in die benutting van boeke deur studente. Boeke word baie goed deur veral die Junior- en Senior Primêr-studente benut, terwyl die Technika-studente se gebruik daarvan aansienlik verbeter het.

Die benutting van **tydskrifte** deur studente was ietwat teleurstellend, 47,4% in 1995. Daar was 'n duidelike afname in die gebruik van tydskrifte sedert die 1988 ondersoek. Die afname is kommerwekkend, aangesien meer as die helfte van die studente dus nie in aanraking met aktuele inligting in tydskrifte kom nie.

Daar is verder bevind dat 73,7% (1995) van die studente ook van **audiovisuele media** gebruik maak. Audiovisuele media word baie goed deur die Junior Primêr-studente benut. Die Senior Primêr-studente benut audiovisuele media ook goed. Al die studentegroepe het baie met die opvolgondersoek verbeter, veral die Technika-studente.

Slegs 54,4% (1995) van die studente maak van **koerante** gebruik. Koerante word deur al die studentegroepe benut. Die eerstejaarstudente benut koerante die meeste.

Hoewel **knipsels** baie min benut word (29,9%, 1995), het die benutting daarvan sedert die 1988 ondersoek nogtans toegeneem. Die eerstejaarstudente benut knipsels die meeste.

- Hipoteses wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is naamlik, dat “**die onderrigstelsel dit nie altyd vir studente essensieel maak om die Kollegebiblioteek te gebruik nie**”, en dat “**sommige vakdepartemente nie vakintegrering en kurrikulêre mediagebruik doelgerig bevorder nie**” word met bogenoemde bevindinge weer eens as verkeerd bewys.

## 7.2.5 Ingesteldheid van gebruikers ten opsigte van biblioteekgebruik

### a) Dosente

Daar is bevind dat die **ingesteldheid** van dosente uiters positief ten opsigte van biblioteekgebruik is. Die meeste dosente (98,7%, 1995), verteenwoordigend van al die departemente, beskou die Kollegebiblioteek as onontbeerlik vir **onderrigdoeleindes**.

Die houding van verskeie departemente is nou meer **positief ingestel** teenoor biblioteekgebruik. Slegs 'n geringe hoeveelheid dosente (1,3%, 1995) het laat blyk dat hulle die Kollegebiblioteek gebruik omdat dit **van hulle verwag** word.

#### b) Studente

Die resultate van albei ondersoeke het getoon dat die **ingesteldheid** van die meerderheid studente **positief** is ten opsigte van biblioteekgebruik.

Daar is onder andere bevind dat 71,6% (1995) van die studente die Kollegebiblioteek as onontbeerlik vir **studie/opleiding** beskou, terwyl 28,4% (1995) van die studente laat blyk het dat hulle die Kollegebiblioteek slegs gebruik omdat dit **van hulle verwag** word. Die Junior Primêr-studente en die eerstejaarstudente beskou biblioteekgebruik as onontbeerlik vir studie en opleiding.

- Die hipotese wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is dat **"die onderrigstelsel dit nie altyd vir studente essensieel maak om die Kollegebiblioteek te gebruik nie"**, word ook met bogenoemde bevindinge as **verkeerd** bewys.

### 7.2.6 Faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed

In hoofstuk 4 is verwys na Mays (1986:51-62) wat by die Deakin Universiteitsbiblioteek gevind het dat die behoeftes van studente geensins bevredig word nie; dat dosente nie altyd die nodige motivering aan studente gee nie; en dat die biblioteek nie optimaal benut word nie. In nog 'n studie deur Trehan (1985:55), is bevind dat die kollegebiblioteke in Indië nie ten volle met die kurrikulum geïntegreer is nie.

Hierdie navorsing het beter resultate as bogenoemde gebruikerstudies in die buiteland, verkry.

#### a) Dosente

Die volgende faktore is by die dosentevraelys verder ontleed : die doseermetodes van dosente; die metodiek van onderrig; werkopdragte aan studente en vakintegrering met die biblioteek.

In hoofstuk 4 (paragraaf 4.2.1.1) is onder andere na Sander (1990:4) verwys. Volgens Sander kan integrering nie slaag sonder die dosent se teenwoordigheid nie en het die dosent bepaalde verantwoordelikhede.

In hierdie navorsing is bevind dat die meeste departemente **vakintegrering** met die Kollegebiblioteek toepas. Daar is bevind dat 83,8% (1995) van die dosente van vakintegrering met die biblioteek as **doseermetode** gebruik maak. Nogtans is daar met die opvolgondersoek in 1995, 'n afname in dié praktyk by die dosente waargeneem. Hoewel die departemente Didaktiese-, Fundamentele-, en

Psigo Pedagogiek in 'n mindere mate vakintegrering met die biblioteek toepas, het dié departemente met die opvolgondersoek in 1995 aansienlik verbeter. Departement Rekenaarstudies pas glad nie vakintegrering met die Kollegebiblioteek toe nie.

Alle dosente (100%, 1995) gee **werkopdragte** aan studente. Ten opsigte van werkopdragte is ál die departemente se houding dus uiters positief. Effens laer persentasies is deur die volgende departemente aangedui: Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek, asook Technika. Die departemente Didaktiese-, Fundamentele- en Psigo Pedagogiek het met die 1995 ondersoek aansienlik verbeter.

Feitlik alle dosente stimuleer studente se **leesbelangstellings** tydens lesings en propageer biblioteekgebruik in hulle onderskeie vakgebiede (98,2% 1988; 94,7% 1995). Die resultate het getoon dat al die departemente studente se leesbelangstellings in die onderskeie vakgebiede stimuleer.

Daar is bevind dat 89,4% (1995) van die dosente studente stimuleer om **audiovisuele media** te gebruik. Met uitsondering van die departemente Fundamentele Pedagogiek en Rekenaarstudies, stimuleer al die ander departemente studente om audiovisuele media te gebruik.

Met die 1988 ondersoek het 93,1% van die dosente aangedui dat hulle studente stimuleer om **vaktydskrifte** te gebruik en met die 1995 ondersoek het dié persentasie gedaal na 87,7%. Daar was dus 'n afname in dié praktyk sedert die 1988 ondersoek.

'n Groot persentasie dosente (97,4%, 1995) uit alle departemente vind dit noodsaaklik om vooraf **hulp en leiding** aan studente te gee, voordat 'n werkopdrag aan hulle opgedra word.

Daar is bevind dat 94,9% (1995) van die dosente uit feitlik al die departemente **self** vooraf die beskikbare bronne in die biblioteek kontroleer, alvorens werkopdragte aan studente gegee word.

Dosente (77,2% 1988, verminder na 72% in 1995) vind dit noodsaaklik dat 'n **bibliografie** vir studente opgestel word, voordat 'n werkopdrag aan die studente gegee word.

Daar is ook bevind dat 81,1% (1995) van die dosente dit noodsaaklik vind om werkopdragte vooraf met die **vakbibliotekaris** te bespreek.

Die resultate het getoon dat 91,9% (1995) van die dosente uit al die departemente dit ook as noodsaaklik beskou om bronne vooraf deur middel van die **vakbibliotekaris** te reserveer.

Die resultate van die 1995 opvolgondersoek het getoon dat méér dosente **kurrikulêre mediagebruik** toepas en bevorder, as tydens die 1988 ondersoek (55,4% verbeter na 75,6%). Resultate het getoon

dat 75,6% (1995) van die dosente studente toelaat om sekere dele van hulle vaksillabusse as **selfstudie** in die Kollegebiblioteek uit te voer. Die meeste departemente **integreer** hulle vaksillabusse met die Kollegebiblioteek. Die departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, Natuurwetenskap, Rekenaarstudies en Wiskunde doen dit egter in 'n mindere mate.

Die resultate het ook getoon dat die departemente nie graag studente na die Kollegebiblioteek neem vir **naleeswerk** in die biblioteek nie. Hoewel die meeste departemente aangedui het dat hulle dit wel doen, is dit slegs die departemente Biblioteekwese, Engels, Junior Primêr, Kuns en Musiek wat dit met oorgawe doen. Die departemente Didaktiese- en Fundamentele Pedagogiek, asook Rekenaarstudies doen dit egter glad nie.

## b) Studente

In hoofstuk 4 (paragraaf 4.2.1.1) is verwys na Malherbe (1988:68) wat aanvoer dat sinvolle mediagebruik onbepaalde moontlikhede vir leer en onderrig inhou. Daar is ook verwys na Malan (1989:77) wat van mening is dat inligtingsbenutting noodsaaklik is vir die vorming van studente. Volgens Malan behoort akademiese opleiding só gestruktureer te word dat **selfstandige inligtingsbenutting** 'n natuurlike faset van 'n student se daaglikse opleiding uitmaak.

Hierdie navorsing het aandag geskenk aan twee faktore wat biblioteekgebruik beïnvloed (by die studentevraelys) naamlik, **vakintegrering** met die biblioteek en **werkopdragte** aan studente.

Daar is bevind dat **vakintegrering** met die biblioteek en gevolglik ook **kurrikulêre mediagebruik** van studente, baie toegeneem het met die opvolgondersoek in 1995. Resultate het getoon dat 93,8% (1995) van die studente die Kollegebiblioteek vir **naslaanwerk** benut. Daar is verder bevind dat dosente naslaanwerk aan studente opdra om in die biblioteek te gaan doen. Feitlik al die studentegroepe het laat blyk dat hulle dit wél doen.

Dosente verwag wél van die studente om boeke en oudiovisuele media te leen vir **praktiese lesse**. Die meeste studente voldoen aan die verwagtinge van dosente, veral die Junior- en Senior Primêr-studente.

Daar is 'n verbetering in die gebruik van **kurrikulêre media** sedert die 1988 ondersoek. Die resultate van die studentevraelys het getoon dat méér dosente vakintegrering met die biblioteek toepas. Laasgenoemde praktyk het 'n beter benutting van kurrikulêre media tot gevolg gehad. Bykans twee derdes van die studente word deur die dosente vir 'n lesing/onderrig na die biblioteek geneem. Die Junior- en Senior Primêr-studente benut kurrikulêre media die meeste.

Nie alle studente doen **selfstudie** sonder dat dit van hulle verwag word nie. Slegs 30,6% (1995) van die studente doen dit wél en kan as **selfstandige** biblioteekgebruikers beskou word. Daar was 'n geringe verbetering in die resultate met die 1995 ondersoek.

Daar is reeds in paragraaf 7.2.2 genoem dat 91,6% van die studente die Kollegebiblioteek vir **werkopdragte** benut.

- Die hipotese wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is naamlik, dat “**sommige vakdepartemente nie vakintegrering en kurrikulêre mediagebruik doelgerig bevorder nie**” word met bogenoemde bevindinge weer eens as **verkeerd bewys**.

## 7.2.7 Biblioteekdienste

In hoofstuk 3 (3.7.3) is verwys na Neal en Smith (1983:276-280) wat by Pennsylvanië Staats Universiteit 'n ondersoek uitgevoer het om die beskikbaarheid van titels wat deur die verskillende fakulteite, op die verskillende kampusse vir navorsing gebruik word, te bepaal. Daar is ook verwys na Steynberg (1989:372-375) rakende die beskikbaarheid van inligting, asook na Bavacutty (1986:24-28), wat ook probleme met die bekikbaarheid van inligting aangetoon het.

Die grootste probleem wat hierdie navorsing uitgewys het, sentreer rondom die **toereikendheid van die versameling** van die Kollegebiblioteek.

Daar is bevind dat die dosente en studente oor die algemeen nie met die **versameling** tevrede is nie en dat daar leemtes in die versameling is. Die navorsing het ook uitgewys dat die versameling nie altyd paraat beskikbaar is nie.

### a) Dosente

Daar is bevind dat minder dosente tydens die 1995 opvolgondersoek met die **volledigheid** van die **versameling** tevrede is. Met die 1995 ondersoek was daar slegs 35,4% (1995) van die dosente wat die versameling as heeltemal voldoende aangedui het. Baie dosente van verskeie departemente is dus nie met die volledigheid van die versameling tevrede nie en is van mening dat die versameling leemtes het. Die dosente wat die versameling onvolledig ag, voer die volgende **redes** aan:

- i. Daar is te min titels oor sekere onderwerpe;
- ii. Daar is sekere onderwerpe waaroor daar geen inligting in die Kollegebiblioteek is nie;
- iii. Inligting is ten spyte van reservering, nie genoegsaam nie.

Wat die **ontsluiting van inligting** betref, het die resultate van altwee ondersoeke getoon dat feitlik al die dosente hulle inligting maklik vind. Die meerderheid dosente (93,7%, 1995) ervaar geen probleme by die inligtingsoekproses nie. Die ontsluitingsisteme werk goed en die vakbibliotekaris=stelsel is doeltreffend.

Vir 57,7% (1995) van die dosente is **inligting maklik bekombaar**. Inligting is egter nie altyd paraat beskikbaar in die Kollegebiblioteek nie. Die resultate van beide die 1988 en 1995 ondersoeke toon dat (35%, 1988 en 42,3%, 1995) van die dosente van mening is dat inligting soms nie beskikbaar is nie. Die probleem het sedert die 1988 ondersoek toegeneem. Die meeste departemente is tevrede met die beskikbaarheid van inligting, behalwe die departemente Aardrykskunde, Didaktiese Pedagogiek en Rekenaarstudies.

Vir 26,6% (1995) van die dosente is inligting onbekombaar, volgens hulle is

- a) daar te min titels oor belangrike onderwerpe in die vaksillabusse;
- b) daar te min kopieë van sekere titels wat in aanvraag is;
- c) swak kommunikasie tussen dosente en die vakbibliotekaris die rede vir die onbekombaarheid van inligting.

#### b) Studente

Die **biblioteekversameling** voldoen aan 67,7% (1995) van die studente se studiebehoefes. Die redes waarom die versameling nie altyd aan hulle studiebehoefes voldoen nie, is die volgende:

- i. Daar is te min titels oor sekere onderwerpe in die biblioteek;
- ii. Die inligting is nie genoeg nie, al word die titels gereserveer;
- iii. Daar is sekere onderwerpe waaroor daar geen inligting in die biblioteek beskikbaar is nie.

Wat die **ontsluiting** van die **versameling** betref, is daar bevind dat 47,1% (1995) van die studente hulle inligting maklik vind. Die ander helfte (50,6%, 1995) van die studente ondervind soms probleme om inligting te vind. Slegs 'n klein groepie (2,3%, 1995) studente vind selde of nooit die inligting waarna hulle soek nie.

Die meerderheid studente het die **titel-** (49,5%, 1995) en **onderwerpskatalogus** (35,2%, 1995) as hulle grootste probleme by die inligtingsoekproses uitgewys. Die **outeurskatalogus** is vir slegs 10,8% (1995) van die studente 'n probleem tydens die soekproses.

Die **vakbibliotekaris** is vir die studente 'n hulp, aangesien slegs 4,5% (1995) van die studente 'n probleem met die vakbibliotekaris gehad het. Hoewel die Deweyklassifikasiesetel (DDK) met die 1988 ondersoek vir baie van die studente 'n probleem was, het nie een student (0%) met die opvolgondersoek 'n probleem met die DDK aangedui nie.

Dit is duidelik volgens die resultate dat 69,5% (1995) van die studente **probleme** ervaar om **inligting te bekom**. Daar is bevind dat vir 29,5% (1995) van die studente, is inligting altyd

bekombaar. Die persentasie studente wat met die bekombaarheid van inligting tevrede is, het verminder met die 1995 opvolgondersoek. Vir 35,4% (1995) van die studente is inligting selde of nooit bekombaar en is die volgende redes gegee:

Daar is bevind dat

- i. dosente versuim om boeke/media oor belangrike onderwerpe te reserveer;
  - ii. die aantal kopieë wat van boeke/media gereserveer word, te min is;
  - iii. daar te min titels oor belangrike onderwerpe beskikbaar is.
- Die hipotese wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is naamlik, dat “**die versameling van die Kollegebiblioteek nie in alle opsigte toereikend is nie**” word met bogenoemde bevindinge as waar bewys.

### 7.2.8 Biblioteekpersoneel

In hoofstuk 1 (paragraaf 1.1) is verwys na Thomas en Ensor (1984:431-437) by die Kalifornië Staats Universiteit, Long Beach. Soos ook in hierdie navorsing gedoen is, is die biblioteekdienste en biblioteekpersoneel tydens daardie navorsing geëvalueer. Daar is bevind dat die meerderheid dosente met die biblioteek se dienste en biblioteekpersoneel tevrede was. Daar was egter 29% van die dosente wat nie positief gereageer het nie. In hierdie navorsing is die biblioteekpersoneel as baie goed geëvalueer.

#### a) Dosente

Die meerderheid dosente evalueer die **biblioteekpersoneel** as altyd hulpvaardig (94,9%,1995) en professioneel (90,3%, 1995). Die 1988-dosente het die biblioteekpersoneel meer positief geëvalueer as die 1995-dosente. Al die departemente evalueer die biblioteekpersoneel as besonder goed ten opsigte van hulpvaardigheid en professionaliteit. Slegs departemente Biblioteekwese en Didaktiese Pedagogiek het laer persentasies aangedui. Dit is interessant dat die departement Biblioteekwese (wat bestaan uit dosente en biblioteekpersoneel) die biblioteekpersoneel effens negatief geëvalueer het.

#### b) Studente

Die meerderheid studente het die **biblioteekpersoneel** as altyd hulpvaardig geëvalueer.

Die resultate van die opvolgondersoek het verswak van 68,7% (1988), na slegs 54,5% (1995) van die studente. Die studente van die 1995 ondersoek beskou dus die **biblioteekpersoneel** as minder hulpvaardig as die 1988-studente.

Daar is bevind dat 27,3% (1988) vermeerder na 37,3% (1995), van die studente laat blyk het dat die **biblioteekpersoneel** net soms hulpvaardig is. Daar was selfs 8,2% (1995) van die studente wat die biblioteekpersoneel as traag aangedui het. Die biblioteekpersoneel van 1995 was dus meer negatief geëvalueer, as die 1988 biblioteekpersoneel.

Daar is verder bevind dat 48,5% (1995) van die studente, die **biblioteekpersoneel** as altyd professioneel beskou. Vir 43,3% (1995) van die studente is die biblioteekpersoneel net soms professioneel.

Hoewel slegs 2,5% van die studente met die 1988 ondersoek aangedui het dat die **biblioteekpersoneel** onprofessioneel optree, het dié persentasie gestyg na 8,2% met die opvolgondersoek.

- Die hipotese wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.3) gestel is naamlik, dat “die optredes van **biblioteekpersoneel** nie altyd gebruikersvriendelik is nie”, word met bogenoemde bevindinge as verkeerd bewys.

## 7.2.9 Benutting van ander biblioteke

### a) Dosente

Daar is bevind dat 89,9% (1995) van die dosente ook van **ander biblioteke** gebruik maak. Die resultate het getoon dat al die departemente van **ander biblioteke** gebruik maak.

### b) Studente

Hoewel 71,5% van die studente met die 1988 ondersoek aangedui dat hulle wel van **ander biblioteke** gebruik maak, het 42,6% van die studente met die opvolgondersoek in 1995 aangedui dat hulle wel vir studiedoeleindes van **ander biblioteke** gebruik maak. In paragraaf 7.2.7 (b) is reeds aangetoon dat die meeste van die 1995-studente ál hulle inligting in die Kollegebiblioteek kry.

## 7.3 AANBEVELINGS

In paragrawe 7.2.1 tot 7.2.9 waar die bevindinge van die navorsing uiteengesit word, word die **tekortkominge** (wat uit die twee ondersoeke na vore gekom het) ook aangedui. Die meeste tekortkominge wat in die onderskeie afdelings genoem is, is gering en nie kommerwekkend nie. Daar word aanbeveel dat die Raad van Departementshoofde en bestuur van die Kollegebiblioteek van dié probleme sal kennis neem.

Soos in paragraaf 7.1 gemeld is, het die beleidsbesluit (rakende integrering van vaksillabusse met die Kollegebiblioteek) wat deur die Rektorat en die Raad van Departementshoofde in 1990 geneem is, beslis positiewe gevolge vir die biblioteekgebruik van die Kollegebiblioteek ingehou. Die resultate van die 1995-ondersoek het getoon dat die biblioteekgebruik aansienlik verbeter het. Dit is ook waarskynlik die hoofrede waarom daar nie baie ernstige tekortkominge uit die ondersoek na vore gekom het nie.

Uit die navorsing het daar een groot probleem na vore gekom wat aandag behoort te geniet naamlik, die toereikendheid van die versameling van die Kollegebiblioteek, wat blyk ontoereikend te wees om die behoeftes te bevredig. In paragraaf 7.2.7, is die hipotese naamlik, dat **“die versameling van die Kollegebiblioteek nie in alle opsigte toereikend is nie”**, as waar bewys.

Dit is duidelik uit die bevindinge van die ondersoek (kyk paragraaf 7.2.7) dat drie aspekte met betrekking tot die **versameling** onderskei kan word, naamlik

- a) die versameling is nie in alle opsigte toereikend nie,
- b) daar is leemtes in die versameling, en
- c) die versameling is nie altyd paraat beskikbaar nie.

Met die oog op enkele aanbevelings is dit egter wenslik om hierdie aspekte globaal te sien as 'n versameling wat primêr ontoereikend is om in die onderrig- en studiebehoeftes van die gebruikers te voorsien.


Die volgende aanbevelings word gevolglik gemaak om die probleem van 'n ontoereikende versameling aan te spreek:

### 7.3.1 Kollegebiblioteekkomitee

Daar word aanbeveel dat 'n Kollegebiblioteekkomitee as 'n komitee van die Kollegeraad onmiddellik ingestel word.

Om te verseker dat die Kollegebiblioteek steeds in die toekoms onontbeerlik vir onderrig en studiedoeleindes sal wees, is dit noodsaaklik dat 'n Kollegebiblioteekkomitee gestig moet word. Hierdie verantwoordelikheid berus by die Kollegeraad as die hoogste gesagsliggaam van die Onderwyskollege.

Die lede van die Kollegebiblioteekkomitee, soos uiteengesit in figuur 7.1, moet insluit 'n verteenwoordiger van die Kollegeraad, die Rektorat, die Raad van Departementshoofde, die Studente, 'n ander nabygeleë tersiêre biblioteekdiens, en die Kollegebibliotekaris (ex officio). Die Kollegeraad kan addisionele lede na goeëddunke benoem.

**FIGUUR 7.1 SAMESTELLING VAN DIE KOLLEGEBIBLIOTEEKKOMITEE**

Die probleem van 'n ontoereikende versameling in die Kollegebiblioteek, sal die dringende aandag van die Kollegebiblioteekkomitee moet geniet. Dit sou onnodig en desnoods onwenslik wees om hier in besonderhede te gaan ten opsigte van die werkwyse wat hierdie Komitee behoort te volg om die probleem op te los. Enkele gedagtes wat as riglyn vir die Komitee kan dien, word hier weergegee.

Die Komitee sal moet bepaal watter vakgebiede die ernstigste geraak word deur die ontoereikende versameling. Nadat hierdie vakgebiede geïdentifiseer is, kan subkomitees benoem word. Die subkomitee van 'n bepaalde vakgebied kan bestaan uit die departementshoof, 'n dosent en die vakbibliotekaris van daardie vakgebied, asook 'n student. Die subkomitees behoort strategieë te identifiseer en/of te ontwikkel waarvolgens te werk gegaan kan word om die probleem op te los. Hierdie strategieë kan aan die Kollegebiblioteekkomitee voorgelê word wat weer sal moet besluit op 'n bepaalde modus operandi.

Die Kollegebiblioteekkomitee moet as 'n kragtige instrument funksioneer en moet as een van die belangrikste komitees van die Kollegeraad bejeën word. Aanbevelings en voorstelle wat deur die

Kollegebiblioteekkomitee aan die Kollegeraad voorgelê word, moet dus met die grootste oms hanteer word.

### **7.3.2 Biblioteeksaamewerking**

Daar word aanbeveel dat 'n saamewerkingsooreenkoms met nabygeleë tersiêre biblioteke gesluit word. Die inisiatiewe van die Kollegebiblioteekkomitee waarna in paragraaf 7.3.1 verwys is, moet gesien word as 'n langtermynoplossing van die probleem van 'n ontoereikende versameling. Ongetwyfeld sal daar op die korttermyn verligting kom ten opsigte van sekere vakgebiede, maar om die probleem van 'n ontoereikende versameling effektief op die korttermyn aan te spreek sal daar na alternatiewe soos biblioteeksaamewerking gekyk moet word.

Biblioteeksaamewerking sover dit interbiblioteeklenings betref bestaan reeds ten opsigte van dosente. In paragraaf 7.2.3 (a) is bevind dat interbiblioteeklenings nie eerste prioriteit by die dosente geniet nie, hoewel 40,3% van die dosente daarvan gebruik maak. Die redes waarom hierdie persentasie nie hoër is nie, het nie uit die navorsing na vore gekom nie.

Tussen die Onderwyskollege Pretoria en die Universiteit van Pretoria bestaan reeds 'n saamewerkingsooreenkoms ten opsigte van die opleiding van onderwysers. Hierdie saamewerkingsooreenkoms behoort uitgebrei te word om voorsiening te maak vir biblioteeksaamewerking, dit wil sê die wedersydse gebruik van die twee biblioteke deur alle dosente en studente van hierdie twee inrigtings.

Die grootste tersiêre biblioteek, dié van die Universiteit van Suid-Afrika, is vlakby die Onderwyskollege Pretoria geleë. Dit geld ook vir die biblioteek van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde. Die Kollegeraad behoort die moontlike sluiting van 'n saamewerkingsooreenkoms met hierdie twee naburige inrigtings te ondersoek, waarvolgens die dosente en studente van die Onderwyskollege Pretoria toegang tot daardie versamelings kan verkry.

Samewerkingsooreenkomste met die biblioteke van die drie genoemde inrigtings kan daartoe bydra dat die probleem van 'n ontoereikende versameling by die Kollegebiblioteek op die korttermyn opgelos of minstens verlig kan word.

### **7.3.3 Rekenarisering**

Daar word aanbeveel dat verdere navorsing wat spesifiek fokus op die rekenarisering van die Kollegebiblioteek, asook die gebruik van elektroniese inligtingbronne ondemeem word.

Hoewel rekenarisering van die Kollegebiblioteek buite die afgebakende studieterrein van hierdie ondersoek val, het dit tydens die ondersoek duidelik geword dat die kollegebiblioteke die enigste akademiese biblioteke in Suid-Afrika is wat nog nie gerekenariseer het nie.

Die Kollegebiblioteekomitee behoort die moontlike rekenarisering van die Kollegebiblioteek te ondersoek. Dit sou daartoe kon lei dat daar toenemend van rekenaars gebruik gemaak word. Dit bied verdere moontlikhede soos die aankoop van leeskompakskywe, die inskakeling by plaaslike netwerke soos SABINET en selfs by die INTERNET.

## 7.4 SLOT

Die toekoms van onderwyskolleges in Suid-Afrika is tans onseker. Daar word voortdurend deur die nuwe ANC-Regering besin oor nuwe onderwysbeleid, -strukture en -stelsels. Gevolglik hang die swaard steeds oor die toekoms van onderwyskolleges in Suid-Afrika, soos *Beeld* (Kolleges dalk toe ... 1995:1) in 1995 berig het:

'n Beduidende vermindering in die aantal eerstejaars wat aan onderwyskolleges in Gauteng toegelaat mag word, kan lei tot *die sluit van sekere kolleges*, die afdanking van personeel op langtermyn en die wegwysing van duisende voornemende studente. ... dit is moontlik dat *sekere kolleges moet sluit*, maar dit kan steeds op ander maniere in belang van onderwys ingespan word.

Daagliks is daar nuwe voorstelle oor die toekoms van tersiêre inrigtings en veral onderwyskolleges in Suid-Afrika. Selfs by die perskonferensie van die "National Commission for Higher Education" het die voorstel dat onderwyskolleges by plaaslike universiteite ingelyf moet word aan die lig gekom:

Een van die voorstelle is om al die landbou-, verpleging- en onderwyserskolleges by bestaande universiteite en teknikons in te sluit. Oortollige onderwyserskolleges moet saam met tegniese- en gemeenskapskolleges deel word van 'n nuwe onderwysstelsel (Dié plan vir ... 1996:4).

Alles dui daarop dat die proses van rasionalisering nog lank nie verby is nie en dat verdere sluiting van kolleges verwag kan word:

Honderde poste aan onderwyserskolleges in Gauteng is in die gedrang met die beplande rasionalisering van die provinsie se tien onderwyserskolleges. Sowat sewehonderd doserende personeellede aan die tien kolleges kan dalk geraak word as van die kolleges sluit of saamsmelt (Onderwyskolleges ... 1996:2).

Daar sal gewaak moet word teen 'n langdurige afwagterende houding waartydens niks gebeur nie. Dit word daarom in belang van onderwysersopleiding in die algemeen en die Onderwyskollege Pretoria in die besonder geag dat aan die aanbevelings wat hier gemaak is, aandag gegee word.

**BYLAE A**

**BRIEF AAN DIE DOSERENDE PERSONEEL**

23 September 1988

asook op

7 Junie 1995

## **NAVORSING: Benutting van die Kollegebiblioteek**

Geagte Dosent

Die Rektor het goedgegunstig goedkeuring aan my verleen om 'n ondersoek by die Onderwyskollege Pretoria te doen, rakende die benutting van die Kollegebiblioteek. Ons versoek u vriendelik om die aangehegte vraelys te voltooi volgens u eerlike mening.

Aangesien die vraelys anoniem voltooi word en rekenaarmatig verwerk gaan word, sal alle antwoorde vertroulik gehou word.

Baie dankie vir u samewerking.

Die uwe

MEV E GROBLER

NAVORSER

**BYLAE B**

**VRAELYS AAN DIE DOSERENDE PERSONEEL**

## VRAELYS AAN DIE DOSERENDE PERSONEEL TEN OPSIGTE VAN DIE BENUTTING VAN DIE KOLLEGEbiblioteek

Vir kantoorgebruik

|  |  |  |
|--|--|--|
|  |  |  |
|--|--|--|

(1-3)

Beantwoord die vrae asseblief deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek, byvoorbeeld:  
Hou u van roomys?

Ja

Nee

|   |   |
|---|---|
| X | 1 |
|   | 2 |

### 1. DOEL VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK

1.1 Gebruik u die Kollegebiblioteek vir u onderrigssituasie?

Ja

Nee

|  |   |
|--|---|
|  | 1 |
|  | 2 |

(4)

1.2 Indien u wel die Kollegebiblioteek vir die onderrigssituasie gebruik, dui asseblief aan hoe dikwels u dit vir voorbereiding van u lesings gebruik:

| Weekliks/Twee-weekliks |   | Maandeliks |   | 1 of 2 keer per termyn |   | Sporadies |   |
|------------------------|---|------------|---|------------------------|---|-----------|---|
|                        | 1 |            | 2 |                        | 3 |           | 4 |

(5)

1.3 Wanneer u van die Kollegebiblioteek gebruik maak, om watter rede is dit?  
Merk slegs EEN moontlikheid:

Dit is onontbeerlik vir onderrigdoeleindes

Dit word van my verwag

|  |   |
|--|---|
|  | 1 |
|  | 2 |

(6)

### 2. AARD EN FREKWENSIE VAN BIBLIOTEEKGEBRUIK

2.1 Dui asseblief aan plus minus hoeveel kere u van die Kollegebiblioteek gebruik maak binne 'n semester of 14 lesingweke:

| Geen besoeke |   | 1 - 4 kere |   | 5 - 7 kere |   | 8 - 11 kere |   | 12 - 14 kere |   |
|--------------|---|------------|---|------------|---|-------------|---|--------------|---|
|              | 1 |            | 2 |            | 3 |             | 4 |              | 5 |

(7)

2.2 Hoe dikwels maak u van die volgende dienste, personeel en fasiliteite van die Kollegebiblioteek gebruik:

|                                         | Gereeld |   | Soms |   | Nooit |   |      |
|-----------------------------------------|---------|---|------|---|-------|---|------|
| Interbiblioteekdenings                  |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (8)  |
| Boekbesprekings                         |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (9)  |
| Vakbibliotekaris                        |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (10) |
| Tydskrifafdeling                        |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (11) |
| Onderwerpskatalogus                     |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (12) |
| Outeurskatalogus                        |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (13) |
| Titelkatalogus                          |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (14) |
| Geïndekseerde tydskrifartikels          |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (15) |
| Gedigtekatalogus                        |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (16) |
| Katalogus vir kinder- en kleuterlektuur |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (17) |

2.3 In watter mate maak u van die volgende media gebruik?

|                    | Gereeld |   | Soms |   | Nooit |   |      |
|--------------------|---------|---|------|---|-------|---|------|
| Boeke              |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (18) |
| Tydskrifte         |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (19) |
| Oudiovisuele media |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (20) |
| Koerante           |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (21) |
| Knipsels           |         | 1 |      | 2 |       | 3 | (22) |

2.4 Indien u *nie* van die Kollegebiblioteek gebruik maak nie, om watter rede is dit?  
Merk slegs EEN moontlikheid:

Vir my vakgebied is biblioteekgebruik onnodig

Ek het nie tyd nie

Die biblioteek beskik nie oor die nodige inligtingmedia nie

|  |   |      |
|--|---|------|
|  | 1 | (23) |
|  | 2 |      |
|  | 3 |      |

2.5 Indien u nie die verlangde inligting vir onderrigdoeleindes in Kollegebiblioteek vind nie, maak u dan van ander biblioteke gebruik?

|     |  |   |      |
|-----|--|---|------|
| Ja  |  | 1 | (24) |
| Nee |  | 2 |      |

### 3. FAKTORE WAT BIBLIOTEEKGEBRUIK KAN BEÏNVLOED

#### 3.1 Doseermetodes

3.1.1 Hoe dikwels maak u van die volgende doseermetodes gebruik:

| DOSEERMETODES                     | Gereeld |   | Soms |   | Nooit |   |
|-----------------------------------|---------|---|------|---|-------|---|
| Vakintegrering met die biblioteek |         | 1 |      | 2 |       | 3 |
| Praktiese werkopdragte            |         | 1 |      | 2 |       | 3 |

(25)

(26)

#### 3.2 Metodiek

3.2.1 Moedig u biblioteekgebruik aan wanneer u lesings gee?

|     |  |   |
|-----|--|---|
| Ja  |  | 1 |
| Nee |  | 2 |

(27)

3.2.2 Indien u wel/ biblioteekgebruik aanmoedig, dui asseblief aan in watter mate u die volgende doen:

|                                                    | Gereeld |   | Soms |   | Nooit |   |
|----------------------------------------------------|---------|---|------|---|-------|---|
| Stimulering van leesbelangstelling in u vak        |         | 1 |      | 2 |       | 3 |
| Stimulering van die gebruik van audiovisuele media |         | 1 |      | 2 |       | 3 |
| Stimulering van die gebruik van vaktyskrifte       |         | 1 |      | 2 |       | 3 |

(28)

(29)

(30)

#### 3.3 Werkopdragte

3.3.1 Wat is u houding ten opsigte van werkopdragte in u vakgebied?

| Noodsaaklik |   | Soms voordelig |   | Onnodig |   |
|-------------|---|----------------|---|---------|---|
|             | 1 |                | 2 |         | 3 |

(32)

3.3.2 Indien u werkopdragte onnodig vind, dui asseblief die vernaamste rede aan waarom u so dink. Merk slegs EEN:

Studente is nie werklik opgewasse om sulke opdragte uit te voer nie

My vak leen hom glad nie daartoe nie

My vak is te prakties van aard- ek gee wel/ praktiese werkopdragte, sonder dat die biblioteek gebruik hoef te word

Ek is van mening dat die studente niks baat vind by werkopdragte nie

|  |   |
|--|---|
|  | 1 |
|  | 2 |
|  | 3 |
|  | 4 |

(33)

**3.3.3 Dui aan in watter mate u die volgende stappe as noodsaaklik beskou voordat u 'n werkopdrag aan studente gee:**

|                                                                                                             | Noodsaaklik | Onnodig |      |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|---------|------|
| Kontrole deur uself van beskikbare bronne in die biblioteek                                                 | 1           | 2       | (34) |
| Opstel van 'n bibliografie (deur uself)                                                                     | 1           | 2       | (35) |
| Bespreek die werkopdrag vooraf met die betrokke vakbibliotekaris                                            | 1           | 2       | (36) |
| Reserveer vooraf die bronne deur middel van die vakbibliotekaris as daar te min bronne oor die onderwerp is | 1           | 2       | (37) |
| Gee vooraf hulp en leiding aan studente, byvoorbeeld 'n raamwerk                                            | 1           | 2       | (38) |

**3.4 Vaksillabus en integrering met die biblioteek**

**3.4.1 Dui asseblief aan in watter mate u die volgende doen:**

|                                                                                                        | Gereeld | Soms | Nooit |      |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------|------|-------|------|
| Sekere dele van die vaksillabus word as selfstudie in die biblioteek gedoen                            | 1       | 2    | 3     | (39) |
| Neem studente biblioteek toe vir naslaanwerk of om die verskillende media in die vakgebied te leer ken | 1       | 2    | 3     | (40) |

**4. BIBLIOTEEKDIENSTE**

**4.1 Versameling**

**4.1.1 Is u tevrede met die volledigheid van die biblioteekversameling met betrekking tot die belangrikste onderwerpe in u vaksillabus? Dui asseblief aan hoe u die versameling vind. Merk slegs EEN moontlikheid:**

| Heeltemal voldoende | Het leemtes | Heeltemal onvolledig |      |
|---------------------|-------------|----------------------|------|
| 1                   | 2           | 3                    | (41) |

**4.1.2 Indien die versameling na u mening leemtes toon, of onvolledig is, dui asseblief die belangrikste rede hiervoor aan. Merk slegs EEN moontlikheid:**

|                                                                                 |   |      |
|---------------------------------------------------------------------------------|---|------|
| Daar is te min titels oor sekere onderwerpe                                     | 1 |      |
| Al word die titels gereserveer, is die inligting nóg nie genoeg nie             | 2 |      |
| Daar is sekere onderwerpe waarvoor daar geen inligting in die biblioteek is nie | 3 | (42) |

## 4.2 Ontsluiting van die versameling (opspoorbaarheid daarvan)

### 4.2.1 Vind u inligting in die Kollegebiblioteek maklik?

Merk slegs EEN:

Ek vind inligting gewoonlik maklik

Ek ondervind gewoonlik probleme om inligting te vind

Ek kan gewoonlik nie die inligting vind nie

|  |   |
|--|---|
|  | 1 |
|  | 2 |
|  | 3 |

(43)

